
Die gewildste skrywer in Afrikaans

DEON MEYER

PROOI



'n Bennie Griessel-dossier


Die gewildste skrywer in Afrikaans
DEON MEYER
PROOI
'n Bennie Griessel-dossier

DEON MEYER
PROOI

Human & Rousseau

Vir Marianne
Met liefde

Now it is pleasant to hunt something that you want very much over a long period of time, being outwitted, out-maneuvered, and failing at the end of each day, but having the hunt and knowing every time you are out that, sooner or later, your luck will change and that you will get the chance that you are seeking. But it is not pleasant to have a time limit by which you must get your kudu or perhaps never get it, nor even see one. It is not the way hunting should be.

– Ernest Hemingway, *Green Hills of Africa*

Deel I

1

Augustus. Daniel Darret. Bordeaux.

Daniel Darret se vreemde verhouding met madame Lecompte begin met geweld. En dit sal só eindig ook.

In die hitte en humiditeit van Augustus is hy weer slapeloos. Sy kamervenster is wawyd oop, maar die Place Camille Pelletan is soos ’n oond, windloos en bedompig. Om halfeen in die nag jaag die demone uit sy verlede hom op. Hy trek ’n kortbroek, T-hemp en sy swart Nikes aan, neem dan die drie stelle trappe na onder. In die klein plein sit die kat op die dak van sy bure se ou, vuil Renault. Sy kyk sameswerend na hom; *ons twee rustelose nagdiere*.

Die verdomde kat. Wackett. Sonder rede so gedoop deur dié bure se driejarige, destyds.

Hy stap sy gewone roete verby La Flèche Saint-Michel. Die basiliekplein, bedags ’n mark-miernes, is nou heeltemal verlate. Oor die tremspore en die dubbelpad, tot teenaan die water, want hy is op soek na die koel bries by die rivier. Dan noord, flink op die linkeroewer se promenade. Links van hom broei die ou stad van Bordeaux in die nagstilte soos ’n sluimerende dier.

By die Colbertpark is daar ’n eensame tiener op ’n skaatsplank, heen en weer en heen en weer, die wieletjies op die betonwalle en houtplatforms ’n paar minute lank die nag se enigste geluid. Hy wonder wat hou die kind dié tyd van die nag wakker.

Hy steek die Garonne oor by die nuwe brug, die ingenieurswonderwerk van Pont Jacques Chaban-Delmas, en op die regterbank draai hy suid. Hy voel ’n luggie van die donker rivier af wat sy gelaat verkoel, net vir ’n rukkie.

Sy gedagtes is by die werksdag wat voorlê, sy klein en onbenullige verantwoordelikhede terwyl monsieur en madame Lefèvre hul somervakansie in Arcachon deurbring. Hy is aanvanklik nie eens bewus van die lang vrou in die skadu’s van Le Parc aux Angéliques, die Park van die Engele, nie.

Eers wanneer sy ’n geluid maak, verskuif sy fokus, want hy hoor die vrees in haar stem. Hy sien haar én die skimme tussen die bome, en hy swenk instinktief in daardie rigting.

Daar is vyf van hulle – hulle jaag haar, jag haar. Hulle is rats en lenig en

sterk, een dra ’n bofbalkolf. Hy hoor hul hoonlag, die opgewonde uitroepe soos die blaf van ’n trop wildehonde. Twee is amper by haar. Hulle is só op haar ingestel dat hulle nie van Daniel bewus is nie.

Die een roep: “Girafe!” Daniel snap hoekom, want die lang vrou se galop is onelegant soos ’n kameelperd. Hy hoor hoe die ander skater. Die voorste man versnel en buig omlaag, klap haar enkel sodat sy ongrasieus en geluidloos in die gras neerslaan.

Dan gryp die man haar aan die hare.

“Non!” roep Daniel onwillekeurig uit. Dit is ’n refleks en op daardie oomblik voorsien hy die onmiddellike toekoms, besef hy die kousaliteit van wat nou gaan gebeur. En hy weet dit hou vir hom groot risiko in. Nou én agterna.

Hulle kyk om, sien hom. Die een haal ’n mes uit; die lem blink ’n oomblik lank in ’n ligkol van die Quai des Queyries se straatlampe. Die een met die bofbalkolf het breë skouers en gespierde arms vol swart slang-tatoeëermerke. Die wapens bewys hulle is nie toevallig hier nie. Hy onthou die sensasie in die media en frustrasie onder polisie oor die oewer-struikrowers wat lê en wag vir die laatnag se besope partytjiegangers.

Hulle vorm ’n halfmaan; jong manne, skaars twintig, vol selfvertroue. Hy weet op dié ouderdom dryf ego en groepsdruk hulle aan, hulle gaan nou almal gelyk op hom afstorm. Hy voel die las van sy ouderdom, sy lyf se geheueverlies vir die geweld wat kom.

Een van hulle bulk ’n strydkreet. Dit is ’n primitiewe klank wat hulle tot aksie aanspoor.

Hy voel die adrenalien. Hy slaan die grootste een, die een met die slangarms, eerste. Sy tydsberekening is swak en dit tref sonder krag of impak. Die mesdraer steek na hom, blitsig; Daniel is te laat om weg te ruk en die lem sny hom oor sy ribbekas. ’n Vuishou tref hom teen die keel, nog een teen sy wangbeen – harde slae wat hom laat sidder, wankel.

Vannag gaan hy hier vrek.

Slangarms lig die bofbalkolf hoog en ’n oomblik lank maak die ander ruimte vir die hou. Daniel tree desperaat vorentoe, slaan hom met sy vuis teen die slaap, hard en solied. Die hou maak ’n siek, hol geluid soos ’n waatlemoen wat val. Slangarms syg neer. ’n Ander een tel die bofbalkolf op. Daniel tol op die bal van sy voet, gryp met sy regterhand na die mesdraer, maar hy’s te stadig en die lem sny diep in sy palm in. Hy gryp weer, kry die man se pols met sy linkerhand beet, pluk hom met geweld nader, slaan hom met die regterpalm vol op die neus, sy momentum opwaarts en vorentoe. Die mesdraer steier tot op sy sitvlak, sanikend van pyn. Daniel voel die warmte van die bloed soos dit uit sy palm stroom en ook uit die ribwond teen sy sy afsyfer.

Twee van hulle is gelyk op sy rug. Hy storm agteruit sodat hy een met sy

volle gewig teen ’n boom se stam vasstamp. Hy hoor die man se ribbes breek, voel die arm om sy nek verslap. Maar die ander een slaan Daniel van agter af met ’n vuis teen sy oor. Nog ’n hou tref hom teen die nek. Die vyfde man, sy bebaarde gesig vertrek van haat en drif, storm met die bofbalkolf nader.

Daniel draai, om die een wat aan sy nek hang as skild te gebruik. Dit werk nie. Die kolf tref Daniel op die dik vleis van sy regterskouer voor dit wegskram en pynlik teen sy oor klap. Nou stroom sy bloed ook teen sy nek af. Dit maak ’n woede in hom los wat die roes en skanse en jare wegstroop. Hy gryp die kolf stewig vas, draai dit uit die man se hande; hy sien die oë van sy aanvaller, nou wild en bang vir die krag en die snelheid. Daniel slaan hom met die kolf teen die kop. Die man syg neer. Hy stamp die kolf se steel agtertoe, tref die laaste een wat op sy rug is teen die keel, sodat die wurgende arm om sy nek loskom. Daniel draai om. Die man probeer keer met sy voorarm, maar Daniel swaai die kolf, breek die radius en ulna. ’n Skerp, hoë gil in die nag.

Voeteval agter hom. Hy sien net betyds die mesdraer, sy gesig vol bloed, die wit van sy oë wild en groot; die lem kom van onder af op. In een beweging spring Daniel terug en slaan. Die punt van die kolf tref die meshand, die wapen vlieg hoog, val in die gras. Hy tree vorentoe, stamp die kolf in die man se maag in, swaai om. Maar niemand wil meer baklei nie.

Hy moet wegkom, want hier gaan gevolge wees. ’n Paar van hulle is ernstig beseer.

Hy loop na die vrou toe. Sy sit en staar. Hy besef sy is ouer as wat hy gedink het. Haar gesig is vreemd van vorm én uitdrukking. Vrees en fassinasie is oor haar eienaardige gelaatstrekke versteen.

“Kom,” sê hy vir haar, bied sy regterhand aan om haar op te help, besef die bloed drup vryelik daaruit. Hy verplaas die bofbalkolf, gee haar sy linkerhand. Hy weet nie of sy dit sal neem nie, want hy is ’n groot swart man met bloed aan sy hande en kop en klere, in die nag in die donker park.

Sy neem sy hand en hy trek haar op. Sy staan verdwaas.

“Ons moet wegkom,” sê hy met dringendheid.

Sy knik. Hy lei haar aan die arm weg. Hulle loop deur die skadu’s tot by die Rue de Sem se ligte.

Hy kyk terug. Niemand kom agterna nie.

Hy slinger die bofbalkolf tot in die middelstroom van die breë rivier.

By die Pont de Pierre sê hy vir haar: “Hou net aan met stap.” Hy stoot haar met sy hand agter haar rug. Sy knik, loop verder. Hy wil oor die tralies spring en die trappies na benede neem, sodat hy die bloed minstens van sy gesig kan was voor hy huis toe gaan. Maar hy sien sy steek vas en draai terug.

“Merci,” sê sy sag.

2

Augustus. Bennie Griessel. Bellville.

Die professionele lewe van ’n poliesman of -vrou wentel om ’n drieflaplêer wat opvou tot net twee sentimeter breër en langer as ’n A4-bladsy.

Die legendariese “docket”.

Dit is esteties nie ’n mooi dokument nie.

Die docket is van dun, goedkoop karton vervaardig, in ’n ligbruin kleur wat dikwels neerhalend vergelyk word met ’n onwelriekende neweproduk van babas.

Op die voorkant, heel bo, is die wapen van die SAPD gedruk. En net onder dit, in die vetste, grootste letters in die ganse dokument, staan *CASE DOCKET*/*SAAKDOSSIER,* die amptelike, volledige titel. Tog verwys speurders, staatsaanklaers en regters byna altyd bloot na die “docket”, ongeag watter een van die land se elf amptelike tale hulle by die huis praat.

Dit het drie flappe en ses bladsye, elkeen van hoek tot kant in swart ink gevul (’n laaste staatsdiens-bastion vir tweetaligheid in Engels en Afrikaans) met woorde en sinne en afkortings, blokkies en stippellyne wat vir die onervare of onkundige oog intimiderend en chaoties kan lyk. Maar vir dié wat dit daagliks gebruik, is die docket ’n meesterwerk van doeltreffendheid. Dit het oor dekades heen evolusionêr ontwikkel tot die perfekte gids vir en reisgenoot van ’n saak – van daardie eerste besoek aan die misdaadtoneel tot by die finale skuldigbevinding. Die ses kartonbladsye bevat op sigself kardinale inligting, maar dit dien ook as ’n uitstekende, verrassend duursame omhulsel vir die dikwels tientalle, soms honderde, dokumente wat die saak in sy leeftyd gaan versamel. Die docket is terselfdertyd ’n pakhuis en ensiklopedie, bronnelys, Speurbybel en spanningsroman.

Mits jy weet hoe om dit te lees, en dit natuurlik deur ’n nougesette, kundige poliesman geskep en in stand gehou is.

Wanneer luitenant-kolonel Mbali Kaleni aan die einde van die Dinsdag se oggendparade, net voor agtuur, vir kaptein Bennie Griessel ’n docket aangee, weet hy en sy kollega kaptein Vaughn Cupido met die eerste oogopslag twee belangrike dinge:

1. Dit is nie hul eie docket wat terugkom nadat Kaleni dit met haar pynlike deeglikheid nagesien het nie. Want die heel eerste blokkie bo links dui Beaufort-Wes aan as die stasie van oorsprong, en die naam van die eerste ondersoeker is “Sers. A. Verwey”.

2. Dit is ’n warm patat. Want hulle het dadelik geloer na die middel van die voorblad, onder *Misdaad kode* (sic). Op dié spesifieke dossier staan die syfers wat elke speurder in Suid-Afrika se hart ’n bietjie vinniger laat klop:

31984.

Die ganse regstelsel se administratiewe kode vir moord.

“I want you and captain Cupido to focus on this case exclusively,” sê kolonel Kaleni, met nadruk op die laaste woord. Sy is bevelvoerder van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke – beter bekend as die Valke – se Eenheid vir Ernstige en Geweldsmisdade. Haar voornaam beteken “blom” in Zoeloe, haar moedertaal.

Griessel en Cupido weet op dié oomblik hul professionele lewens gaan vir die afsienbare toekoms om hierdie spesifieke docket wentel. En hulle is nie baie ingenome daarmee nie. Onder meer omdat dit ’n saak is wat hulle geërf het. Wat beteken dit gaan waarskynlik gepaard met gebreke en verskeie soorte bagasie, onder meer interdepartementele politiek en professionele afguns.

Boonop is die ondersoek minstens agt dae oud, volgens die saaknommer (ingevul in die heel boonste, middelste blokkie van die voorblad). En die *Datum en tyd van die misdryf voorval* (tweede groot blok op die voorblad, links) is byna drie weke gelede. Die eerste twee-en-sewentig uur, daardie kardinale periode waartydens ’n moordsaakondersoek gemaak of gebreek word, is lank reeds verby.

Daarom kreun Vaughn Cupido en sê: “Why do we always get the cold case dregs, colonel? The runts of the litter?”

“Because you are the best of the best, captain,” sê Mbali Kaleni. Sy is tydsaam en frustrerend regulasie-gehoorsaam, en dryf daarom dikwels die meer vrygeestige Cupido tot raserny. Maar sy weet hoe om die beste uit haar mense te kry: “And that is what the case needs. Because it involves international tourism, there seems to be jurisdictional grey areas, and local law enforcement has not been impressive. So the provincial commissioner asked us to step in, and he specifically requested you and Bennie. He says if anybody can solve this, *you* can.”

“Damn straight, colonel,” sê Cupido ingenome, onbewus van haar vaardige manipulasie.

“Furthermore, the victim is a former member of the Service,” sê Kaleni. “It’s the Johnson Johnson docket.”

Sy wag dat die lig vir hulle moet opgaan, maar soos die meeste lede van die

Geweldsmisdaadspan het dié twee speurders die afgelope maand dag en nag gewerk om die reeks moorde onder nagklubuitsmyters in die stad op te los. Hulle staar net na haar.

"The guy who disappeared from the fancy train," sê sy asof hulle darem dít behoort te weet. "There have been stories in the media."

"Johnson Johnson? That's his name? For real?" vra Cupido.

"Yes."

Griessel skud sy kop. "Sorry, colonel, we haven't heard about it."

"Okay. It's all in the docket," sê sy.

* * *

Maar alles is nié in die docket nie.

In Griessel se kantoor pak hulle die inhoud daarvan oor die uitgestrektheid van sy staatsdienslessenaar uit, begin dit dan bestudeer.

Soos met alle SAPD-dossiere, bestaan die binnegoed uit drie afdelings: A, B en C.

Deel A bevat die onderhoude, verslae, verklarings en die fotoalbum. In die Johnson docket is dié inligting maar yl. Daar is 'n bladsy met aantekeninge, in 'n slordige handskrif, oor 'n telefoniese onderhoud met 'n mevrou Robyn Johnson, 'n voorlopige verslag deur 'n forensiese ondersoeker van die SAPD op George en 'n paar swak foto's van 'n man in 'n swart pak en wit hemp wat langs 'n treinspoor lê. Die foto's toon 'n lyk wat reeds begin ontbind het. 'n Ernstige kopwond het sy gelaatstrekke vervorm. Die stewels van SAPD-lede in uniform wat rondom die liggaam staan, is ook op die foto's sigbaar.

"Jissis," sê Bennie Griessel en wys met sy vinger. Want dit beteken swak bestuur van die misdaadtoneel en eindelose moeilikheid vir die staatsaanklaer, sou die saak hof toe gaan.

"Ja. Country bumpkins. What do you expect?" vra Vaughn Cupido retories.

In die dossier se deel B word die korrespondensie bewaar wat met ander SAPD-afdelings of buite-instansies soos banke of werkgewers gevoer is. Dié afdeling bevat slegs 'n afskrif van 'n artikel 205-subpoena wat die speurder van Beaufort-Wes gebruik het om inligting oor 'n selfoon by Vodacom te kry.

Deel C is die ondersoek-dagboek op die SAPS5-vorm. Ook dít is afskeepwerk. Die laaste inskrywing sê die lyk is eers twee dae gelede van Beaufort-Wes na die staatslykshuis in Soutrivier vervoer. Nog geen post mortem is gedoen nie. Die liggaam is nog nie amptelik uitgeken as dié van Johnson Johnson nie.

Griessel sug.

Cupido staan op. “Benna, kom ons try sense maak van dié ding,” sê hy en vee die witbord teen die muur skoon.

Griessel werk van voor af deur elke docket-inskrywing, terwyl Cupido met ’n blou merker ’n tydlyn met kursoriese besonderhede op die bord skep.

Teen middagete is hulle nog besig. Hulle laat wegneemkos uit Voortrekkerweg kom. Griessel bestel ’n Jalapeño Mayo-burger met skyfies van Steers, sy nuwe gunsteling. Hy eet wat hy wil, want hy ry met sy bergfiets minstens 140 kilometer per week teen die steiltes van Kloofnek uit. Hy is sewe kilogram ligter as ’n jaar gelede.

Die inhoud van Cupido se keurige klerekas sit deesdae ongemaklik styf. Want Vaughn wil die hart verower van sy nuwe liefde, die mooie Desiree Coetzee van Stellenbosch, en sy hou van kosmaak en uiteet. Maar die vetjies pla hom. Kwaai. Daarom volg hy in die geheim dieselfde dieet wat hy met soveel geesdrif bespot het toe kolonel Mbali Kaleni destyds daarmee begin het – die beroemde banting-leefstyl van professor Tim Noakes. Hy het dit net aan Griessel beken, uit skaamte vir sy uitgesprokenheid daaroor in die verlede.

Cupido bestel twee visfilette van Catch of the Day, geen skyfies nie, en ’n Coke Zero. Hulle eet en werk, tot hulle teen drie-uur min of meer verstaan hoe die saak inmekaarsteek:

Johnson Johnson (34) was volgens ’n docket-inskrywing ’n “private protection consultant”.

Sewentien dae gelede, op Saterdag 5 Augustus, het hy saam met ’n kliënt op ’n luukse trein van Rovos Rail in die Kaap geklim. Die kliënt vir wie hy as lyfwag opgetree het, was ’n Nederlandse toeris, ene mevrou Thilini Scherpenzeel. Die trein was op pad Pretoria toe.

“Thilini Scherpenzeel,” het Cupido die naam in sy mond getoets. “Daai’s ’n naam, pappie, all elegance. Ek wed jou sy’s ’n pop.”

Johnson is die laaste keer gesien toe hy dié Saterdag, nadat hy saam met mevrou Scherpenzeel aandete op die trein geniet het, haar by haar kompartement se deur afgesien het. ’n Woordvoerder van Rovos het later bevestig dat Johnson nie op die trein was toe dit die Maandag in Pretoria aangekom het nie. Sy kliënt en die trein se personeel het aanvaar dat hy die trein die Saterdagnag vrywillig verlaat het, want sy reistas was skynbaar ook weg. Dit is eers die Maandag gevind toe die trein sy Pretoria-bestemming bereik het – diep onder sy uitvoubed ingestoot.

Daardie Maandagmiddag is Johnson deur sy eksvrou, Robyn, as vermis aangegee. Sy het die verdwyning laataand gaan aanmeld by die polisiestasie in Brackenfell, die Kaapse noordelike voorstad waar sy en Johnson apart gewoon het.

Geen poging om Johnson op te spoor het vrugte afgewerp nie.

’n Week later, op Maandag 14 Augustus, is die lyk van ’n man langs die hoofspoorlyn naby Drie Susters in die Karoo gevind. Die oorsaak van dood was klaarblyklik ’n massiewe skedelfraktuur. ’n Forensiese ondersoeker van die SAPD op George het ’n dag later bloed, weefsel, beensplinters en hare gevind teen die staalpaal van ’n elektrifiseringspiloon, ’n paar meter van die liggaam af, op ’n hoogte wat aandui dat die oorledene dit getref het toe hy uit die trein gespring het of gegooi is.

In sy baadjie se binnesak was ’n stukkende selfoon. Dit is sy liggaam wat op die foto’s in die dossier verskyn.

Op Woensdag 16 Augustus het die ondersoekende speurder van Beaufort-Wes, sersant Aubrey Verwey, deur die IMEI-nommer van die stukkende selfoon na te gaan, vasgestel dat die oorledene bes moontlik die verdwene Johnson Johnson is.

Dis ongeveer die somtotaal van die inligting tot hul beskikking.

Cupido sit die blou merker neer en staan terug. “Jurisdictional nightmare,” sê hy. “Brackenfell, Pretoria, Drie Susters, Beaufort-Wes, en niemand weet waar dié dude dood is nie. We’ll have to start from ground zero.”

Wat ’n plek in die Karooveld langs ’n treinspoor anderkant Drie Susters is. Daarom bel Cupido Beaufort-Wes toe, praat met sersant Aubrey Verwey en maak ’n afspraak om die volgende dag deur te ry om na die toneel te gaan kyk waar Johnson Johnson se liggaam gevind is.

Griessel begin die verspreide foto’s en dokumente bymekaarmaak om terug te plaas in die geelbruin lêer. “Kom ons gaan praat met die eks,” sê hy.

“En ons moet by Thilini Scherpenzeel ook uitkom,” sê Cupido hoopvol, “sooner or later.”

“Is jy nie die man wat so vlerksleep by ene Desiree Coetzee van Stellenbosch nie?” vra Griessel.

“I am him,” sê Cupido. “My interest in missus Scherpenzeel is purely professional.”

“Natuurlik,” sê Griessel.

Dit is net ná drie in die middag. Hulle loop uit, en in die skemerte van die gang af, want ’n paar buisligte werk nie.

3

Augustus. Daniel Darret. Bordeaux.

Hy is ontsteld, dae lank ná die geveg by die rivier.

En dankbaar dat sy werkgewers met vakansie is, want sy gesig is verkleur en geswel, sy hand swaar verbind.

Hy is ontsteld oor die risiko. Hy bly in die multikulturele Saint-Michel-buurt; daar is ’n moskee ’n blok van sy woonstel af. Dit is algemene kennis in dié omgewing dat die Franse DGSI, die *Direction Générale de la Sécurité Intérieure*, hier woeker. Sy leefstyl en verbintenisse sou lank reeds verseker het dat hulle hom as skadeloos beskou, maar sy foto sal iewers in ’n databasis lê. En die polisie in hierdie stad is doeltreffend, met hul uitgebreide stelsel van CCTV-kameras. Dit sal nie onmoontlik wees om hom aan die geveg te koppel en dan op te spoor nie. Selfs al kan hy selfverdediging pleit, al is daar ’n getuie wat dit kan bevestig, is dit die skerper aandag en fokus wat hy nie wil hê nie. Wat hy nie kan bekostig nie.

Hy is ontsteld oor hoe baie skade vyf jong amateurs hom kon aandoen, hoe ouderdom hom verswak en stadiger gemaak het.

Hy is ontsteld omdat hy weer oor sy skouer moet kyk, omdat hy die Camille Pelletan-plein onder die woonstelvenster nou weer moet dophou, sy ore moet spits as hy ’n sirene hoor, en na binne verstyf by die aansig van ’n uniform.

Hy wil nie daardie lewe terughê nie.

Die koerante dra die storie, van die vyf wat in die park oorkant die rivier in ’n “bloedige bendeoorlog” betrokke was. Twee van hulle word gesoek vir ander misdade.

Daar is geen klop aan sy deur nie, geen polisielid wat agterdogtig na hom kyk nie.

Dit waai oor. Die swelling aan sy gesig sak.

Maar niks is presies soos dit was nie.

En dan sien madame Lecompte hom.

4

Augustus. Bennie Griessel. Brackenfell.

Hulle hou in die parkeerterrein van die Fairbridge Mall in Brackenfell stil, stap dan oor na die groot troeteldierwinkel wat agter langs die treinspoor staan.

Hulle loop langs mekaar, Bennie Griessel en Vaughn Cupido. Griessel met sy deurmekaar hare, altyd een sny agter, en sy donker, amandelvormige oë wat al as "Slawies" beskryf is. Hy is meer as tweehonderd-en-veertig dae op die waterkar, maar sy stryd met die bottel het diep spore oor sy gesig gelaat, sodat hy 'n dekade ouer lyk as sy amptelike ses-en-veertig. En die flambojante Vaughn Cupido, 'n kop langer, nege-en-dertig jaar oud, in sy elegante winterjas. Hy sê al maande lank: "The big four-oh, pappie, it's coming for me. And you know what they say, when forty hits, you have to hit back …"

Hy het nog nie gesê hoe hy beplan om terug te slaan nie.

Die troeteldierwinkel lyk soos 'n miniatuur-plaaswerf en -opstal. Op die groot naambord by die hek staan *Robyn's Ark*. Hulle moet eers by die hekkie in, en daarna deur die tuin waar hoenders en hase en eende wei, voor hulle by die winkel se deure kom. Binne ruik dit na voëlmis en hondekos en kat-urine. 'n Kakofonie van papegaaie, kanaries, vinkies en hondjies vul die plek. Een hele muur is vol vistenks, met daarin die enigste vorm van lewe in dié plek wat nie hoorbare geluide maak nie.

'n Vrou kom na hulle toe aangestap. Sy is in haar dertigs en vol van figuur. Haar grimering en haarstyl is ietwat oordadig, die oorbelle groot, haar naels lank en donker geverf.

"I'm Robyn," sê sy. "Julle is van die SAPS, right?"

"Die Hawks," sê Cupido.

"Ek ken polisiemense; ek was lank met een getroud," sê sy. "It's about time they got the Hawks involved."

Hulle stel hulself voor, vra of hulle met haar oor Johnson Johnson kan gesels.

"Of course. But it's J.J.," sê sy. "Almal het hom J.J. geroep. Kom deur, ons praat in my kantoor."

"We're very sorry for your loss," sê Cupido. "It must have been really hard."

Sy staan by die deur, wag dat hulle instap, sê dan: “Yes, it’s hard. Veral vir die kinders. Ma’ dis al drie weke, ek cope nou beter. Ek het eintlik ma’ geweet, toe J.J. nie uitkom daai aand nie, toe het ek eintlik ma’ geweet. So I’ve had time to grieve …”

En sy maak die deur agter hulle toe.

* * *

Hulle sit by haar lessenaar. Sy steek ’n dun sigaret aan. Die speurders haal notaboeke en penne uit.

Aan die muur is daar plakkate van diere – honde, katte, eende – met lagwekkende gesigsuitdrukkings en humoristiese opskrifte daarby. Die kleurvolle lêers op die rak agter die lessenaar verskaf ’n vrolikheid aan die vertrek. Op die lessenaar is ’n geraamde foto van twee dogtertjies, parmantige poniesterte wat hul mooi gesiggies omhul. Dit voel vir Griessel effens eienaardig om hier oor die dood te praat.

“Verskoon tog, mevrou, maar ons wil heel voor begin,” sê Cupido. “Cast a fresh eye on the whole investigation.”

“Ons gaan vrae moet vra wat u dalk reeds beantwoord het,” sê Griessel.

“Dis okay, shoot,” sê sy en trek diep aan die sigaret.

“Meneer Johnson was lank in die Polisiediens,” sê Griessel.

Sy knik en tik die as met ’n lang nael af. “Van agttien af, twee jaar voor ons getrou het. Toe was hy Flying Squad by die stasie op Hermanus, toe word hy speurder in die Bellville in, toe vyf jaar by die VIP Protection Unit in Pretoria voor hy freelance gedraai het. Private protection consultant.”

“Wat presies het dié konsultasiewerk behels?” vra Griessel.

“J.J… . Sy vision was om by al die five star hotels bekend te wees, laat hulle hom contract om vir die tourists te brief how to stay safe in South Africa. En dan is hy ook available as hulle vir hom wil huur as ’n bodyguard. Maar dis nie so easy om by die grand hotels in te kom nie. J.J. het gesê they’re a closed system, they don’t like money flowing to the outside. So, hy’t hier en daar by van die kleiner tour operators briefing opportunities gekry, en hy’t vir hulle partykeer shotgun gery, soos hy dit genoem het. Dan ry hy saam in die bussie met die tourists, just to give them peace of mind. Dit was maar die laaste maande wat die bodyguard jobs begin kom het. Maar nie officially van die hotels nie,” sê sy.

“Sy naam was genuine Johnson Johnson? Net só?” vra Cupido, wat ’n ding oor name het.

“Net só. Deur sy ma só gedoop. Sy het haar lewe lank gesê daai double feature gee vir hom gravitas en dignity. Bless her soul. Ma’ almal het hom J.J. geroep.”

“Hoe lank het hy vryskut gewerk?” vra Griessel.

“Amper twee jaar.”

“Alleen?”

“Ja. Hy het nogal ’n offer gehad van Body Armour, die protection agency in die Kaap, ma’ J.J. het gesê, vir wat wil hy twintig persent van sy income vir iemand anders gee, hy wil dit eers try maak op sy eis. Daai eerste tien, elf maande was maar dun vir hom, ma’ hy’t nooit ophou met marketing en networking nie. Sy business card oral gaan gee. En ek meen óral. And then it slowly started trickling in, en so hier van Januarie af, toe begin dit beter gaan. But he never missed a single payment in child support, I’ll let you know. Daai twee girls,” en sy wys na die foto op die lessenaar, “was vir hom alles.”

“Wanneer is julle geskei?”

“Toe hy in Pretoria was, drie jaar terug. Ek het hier gebly. Met die winkel, jy verstaan, I had no choice, I’m the sole proprietor … But a long distance marriage just didn’t work for us. J.J… . Let me just say, soos die meeste mans, was hy nie goed met alleen wees in die aand nie … But you know, we managed to conduct the whole divorce thing in an adult and civilised manner. Because of the kids. J.J. het ’n flat gehuur net in die straat af, so die kinders het baie keer by hom gaan slaap. And we were the best of friends …”

“Sy huisadres was hier in Springbokpark, Olympusstraat,” sê Griessel.

“That’s right.”

“En u kan vir ons die sleutels gee?”

Sy trek ’n laai oop, haal ’n bossie sleutels uit, plaas dit op die lessenaar. “Please don’t leave a mess. Ek moet daai plek vacate voor die einde van die maand.”

“Natuurlik,” sê Griessel.

“Ons wil asseblief hoor, mevrou, hoe die hele ding gebeur het. Van hy hier weg is op die trein,” sê Cupido.

“U het hom die laaste keer gesien op Saterdag, 5 Augustus?” vra Griessel.

“You can give us as much detail as you can remember.”

“Ek verstaan,” sê sy, knik en trek weer aan die sigaret asof dit haar krag gee.

* * *

Robyn Johnson sê haar voormalige man het dié Saterdagoggend sy twee

dogters net ná nege hier by die troeteldierwinkel kom aflaai, omdat hulle die nag saam met hom in sy woonstel deurgebring het, soos die meeste Vrydagaande. Hulle is onderskeidelik vier en ses jaar oud, en het onmiddellik begin neul dat hulle saam met hul pa wil gaan, want: "Daddy gaan op 'n grand trein ry, Mommy, en hoekom kan ons nie saamgaan nie?"

"Toe vra ek vir hom wat is dié besigheid met die trein? Toe sê hy net 'n Hollandse auntie het vir hom gehire, his business card distribution paid off again. Die maître d' by die Cape Grace Hotel het vir hom gerecommend. En die auntie gaan Pretoria toe op die Rovos Rail, en dis ultra luxury, and he gets his own cabin, and everything. En sy betaal vir hom nog goeie geld ook vir sy services."

"Hy't niks meer oor die kliënt gesê nie? Hoekom sy beskerm moet word?"

"Niks meer nie. Hy was kwaai oor die confidentiality of the client relationship. Ek het dit gerespect, so I didn't push it."

"Hy was cool? Niks worries nie?" vra Cupido.

"Daai dag?"

"Daai tyd, daai ball park."

"J.J. was ma' altyd cool, hy't gesê worry help nie, it just burns energy you can use to solve the problems."

"Okay," sê Cupido, "en toe?"

"Toe sê hy vir my: 'Jewel,' – hy't my 'Jewel' geroep oor my naam Robyn is, nè – 'I'm flying back one o'clock Monday, I'll be in Cape Town at three, I'll come pick up the kids at four.' Nou, daar's 'n paar dinge van J.J. wat jy moet verstaan. Number one: Hy's nooit laat nie. Nie as dit by daai twee girls van hom kom nie. Never ever. Number two: If something unforeseen happens wat kan maak dat hy laat is, dan bel hy. Altyd. Number three: Elke aand, dan bel hy sy twee girls. Depending on his schedule, somewhere between six and eight, ma' hy bel élke aand, unless hy vir my sê: 'Jewel, vanaand is ek vas, send the girls my love.' Daai man het sy foute gehad, ma' hy was 'n wonderlike pa, daai twee girls was sy lewe."

"Point taken," sê Cupido.

Griessel knik en skryf in sy notaboek.

"Right. Toe bel hy daai Saterdagaand, en ek hoor hoe vertel hy vir die girls hulle is nou op Matjiesfontein, die trein het daar gestop, en hy sê vir hulle hoe grand daai trein is, hulle het high tea gehad, I ask you, en hy stuur vir hulle photos op WhatsApp …"

"Hoe laat het hy gebel?" vra Griessel.

"Just after six."

Griessel maak 'n aantekening.

"Het jy nog die foto's?" vra Cupido.

“Ja. My foon lê daar binne …”

“Ons kan later kyk, dankie. Daar’s nie foto’s van die Hollandse auntie nie?”

“He would never do that. He was too discreet. Daar was net foto’s van sy compartment, that lovely wood panelling, en van die koek wat hulle met high tea gehad het, J.J. had a sweet tooth … En van Matjiesfontein se historic geboutjies, en van die trein se buitekant …”

“Okay.”

“Gaan gerus voort,” sê Griessel.

“So, daai Sondagaand, toe bel hy nie. Toe begin ek so klein bietjie worry, wat gaan aan? Because he always calls. Always. Maar jy sê vir jouself hy werk, maybe it just wasn’t convenient. En jy wonder, you just can’t help it, hoe oud is die Hollandse auntie, en hoe lyk die Hollandse auntie, because J.J. is J.J., if you know what I mean … Anyway, so los ek dit toe maar. Tot die Maandag. Heeldag hoor ek niks, which is fine, ma’ toe kom drie-uur en hy kom nie uit nie, en toe kom vieruur en hy kom nie uit nie, toe bel ek hom, because, as I said, he’s never late when it comes to picking up the girls. Ma’ sy foon gaan net na voicemail toe, en ek dink, okay, maybe is hy nog op die vliegtuig, maybe it was delayed, en ek los vir hom ’n voice message en ek sê: ‘Bel my, J.J., jy laat my worry.’ By sesuur, toe weet ek daar’s moeilikheid. Toe bel ek Rovos. En daai mense was baie nice, you can imagine, hulle kan nie sommer net details oor die passengers gee nie, ma’ hulle het uit hulle se pad uit gegaan om te help, ek dink hulle kon die distress in my stem hoor. Toe sê hulle daar is een passenger wat iewers Saterdagnag of Sondagoggend van die trein afgeklim het, they can’t give me details, but I should maybe go ahead and report it. Toe gaan ek hier na die poliesstasie toe, daar’s ’n warrant officer wat saam met J.J. in die Bellville in gewerk het – Neville Bandjies, hulle braai nou nog saam – en ons maak die missing person report. Maar toe weet ek al, daai aand, toe weet ek al something very bad has happened, because Johnson Johnson loved his two girls too much.”

5

Augustus. Daniel Darret. Bordeaux.

Dit is toeval.

Daniel Darret, op daardie oomblik by die voordeur met sy sleutel in sy hand, en die vrou wat om die hoek kom.

Die Camille Pelletan-plein is klein, eintlik net die Rue Marengo wat verbreed waar dit die Rue Saint-François kruis – soos die twakbak van ’n pyp aan die punt van die steel. Dit is nie veel besiger as van die ander strate in dié deel van die Saint-Michel-woonbuurt nie. Daar is maar altyd mense wat op pad is na die basilika of die Capucinsmark. Op Saterdae meer.

Sy nuwe waaksaamheid is nutteloos, want dit is net die noodlot se moedswillige tydsberekening: sy wat om die hoek kom, hy wat daar staan. Hy kyk, want hy hoor haar hakke oor die keistene. En sy kyk na hom. ’n Oomblik van herkenning. En dan, net toe dit lyk of sy skaam wil glimlag, kyk Daniel weg, sluit die deur oop, gaan in, en maak dit haastig toe.

Hy leun teen die deur. Hy swets.

Die kat, Wackett, antwoord hom halfpad teen die trap op.

6

Augustus. Bennie Griessel. Brackenfell.

Robyn Johnson sê toe die oproep van Beaufort-Wes se sersant Aubrey Verwey ’n week-en-’n-half later kom, was die skok nie vir haar so groot nie. “Dit was ’n relief, op ’n manier. Dan wonder jy nie meer ís dit so, of is dit nié so nie. Maar dan is daar die anger: Who did this? And why? Ek meen, J.J. was net so ’n lieflike … And *how*? Hoe het J.J. daar langs daai spoor gekom? Lots of anger and hate for the faceless people who did this. These animals, these bastards. Hy was ’n goeie mens. Hy’t sy flaws gehad, don’t we all? Ma’ hier binne, hiér was hy ’n goeie man gewees …”

Sy skud haar kop ergerlik, asof sy dié negatiewe emosies wil afskud. “Julle moet vir hulle vang,” sê sy sagter. “Asseblief, julle moet vir hulle vang.”

Sy druk die sigaret met ’n bewende hand dood, haar oë vogtig.

“Ons is die Hawks,” sê Cupido. “Daai is wat ons doen.”

Griessel gee haar ’n oomblik, dan vra hy: “Mevrou, hoe was meneer Johnson se … gesondheid?”

“Sy gesondheid? Hy was in peak health, hoekom vra jy oor sy gesondheid?”

“Sy gemoed. Was hy opgewek?”

“Ek het mos gesê J.J. was nie een vir worry nie …”

“Mevrou, ons verstaan dié soort vrae is nie vir jou lekker nie,” sê Cupido. “But we have to look at this from every possible angle. So, fact is, daar’s nie eintlik ’n kans dat mister Johnson per ongeluk van daai trein afgeval het nie. Two things could have happened. He either jumped or he was pushed. As my colleague vra oor jou eks se gesondheid, dan wil ons weet of hy maybe van depressie gesuffer het. It’s another way of asking the awkward question: Did he jump?”

“Okay. Sorry. Ek verstaan. Nee. Never. Nie J.J. nie. Hy … Daar was tye dat ek gedink het miskien is hy te happy-go-lucky. As jy hom gesien het met sy twee girls …”

“Mevrou, die ander moontlikheid …” sê Griessel. “Die groot vraag wat ons gewoonlik met só ’n ondersoek vra, is of daar enigiemand was wat hom sou wou leed aandoen.”

Sy dink eers na, skud dan haar kop. “J.J. was nice. Daai was sy probleem. Hy was net so *nice*.”

“Maar hy was ’n poliesman. ’n Speurder. Het hy ooit gepraat van iemand wat hom gedreig het, iemand vir wie hy gearresteer het?”

Sy dink, en dan skud sy haar kop. “Hy was twee jaar lank nie meer ’n poliesman nie.”

“Ons verstaan, maar steeds, het hy nooit iets gesê nie?”

“Nie wat ek van weet nie.”

“No gang affiliations?” vra Cupido.

“J.J. kom van Ashton af. Daar’s nie gangs nie.”

Daar ís bendes op Ashton, maar hulle kan sien sy wil nou hê die ondervraging moet klaarkry.

“Okay. Hy het nie in die lean times iewers ’n geldjie gaan leen nie?” vra Cupido.

“Jy meen by ’n loan shark?”

“That’s right.”

“Nee. Hy’t geweet hy kan vir my kom vra. As a matter of fact, hy’t by my geld kom leen, nou, begin van die jaar. En by June het hy alles weer terugbetaal. En hy was besig, die laaste vier maande of so. He was making good money.”

“Hoe het hy sy administrasie gehanteer? Het hy iemand wat sy rekeninge uitgestuur het? Sy boeke gedoen het?”

“Nee, hy’t alles self gemanage.”

“Wat was sy system?” vra Cupido.

“Hoe meen jy ‘sy system’?”

“Het hy files gehou op sy clients en sy payments?” Cupido wys na die rak agter haar met die veelkleurige leggers.

“Nee, hy’t alles so op sy laptoppie gedoen.”

“Waar is die laptop nou?”

“Ek … Dis gewoonlik in sy flat, toegesluit in die sideboard. Of hy vat dit saam in sy tas. I didn’t think to look …”

“Moenie worry nie, ons sal kyk,” sê Cupido.

Griessel bêre sy pen en notaboek in sy baadjiesak. Hulle staan op.

“Mevrou Johnson, wat dink jy het op daardie trein gebeur?” vra Griessel.

“If you had to speculate,” sê Cupido.

Sy kyk op na die plafon. Sy tik-tik met die lang naels op die lessenaar. Sy staan stadig op. Van binne die winkel, asof hy weet dis goeie tydsberekening, sê ’n papegaai hoog en helder: “Fok jou, Fanus.”

Dit breek die vae spanning in die kantoor.

“Daai voël,” sê sy. “How am I ever going to sell it with a mouth like that?”

Hulle glimlag.

“Julle moet verstaan, I loved J.J. with all my heart,” sê Robyn Johnson.

“So noted.”

“Eers het ek gedink dit was ’n robbery, want almal steel mos nou in dié land. Van die President af all the way down. Ek wou hê dit moet so iets wees. Random. Bad luck.”

Hulle sê niks.

“Maar toe dink ek, op daai trein vol grand, ryk mense, why would they rob J.J.? En dan moet jy maar kom by die punt waar jy dit admit, he *did* have a roving eye.”

Hulle knik met begrip.

“My best guess is, J.J. het met ’n ander man se vrou gelol op daai trein. ’n Man wat dit nie gevat het nie.”

* * *

In die parkeerterrein kyk Cupido na sy horlosie en sê hulle gaan die volgende dag al sesuur Beaufort-Wes toe. En hy het vanaand ’n ete by Desiree, en dit moenie te laat wees nie, want dis ’n weeksaand en skoolkwartaal, en sy is streng met haar laaitie, Donovan.

Daarom ry hulle terug na die Valke se kantore in Markstraat, Bellville, en kom ooreen vir die volgende oggend se vertrek. “Dis jou beurt om die road music te bring, Benna,” sê Cupido. Sy jaspante wapper in die gang af, op pad Stellenbosch toe.

Griessel gaan maak aantekeninge in die docket se C-afdeling en dan groet hy deur oop kantoordeure in die loop na sy kar toe.

Wanneer hy in sy baadjiesak reik na sy sleutels, kry hy die bossie van Johnson Johnson se woonstel. Hy besluit om dit nou te gaan deursoek. Alexa Barnard, die vrou in sy lewe, is in Johannesburg vir vergaderings met van haar platemaatskappy se musiekmense. Hy is nie lus om alleen by die huis te sit en kyk na snert op TV nie.

Hy ry Brackenfell toe.

* * *

Johnson se “woonstel” is ’n meenthuis in ’n kompleks, net ’n blok van die Sorgvry-polisiewoonstelle waar kolonel Mbali Kaleni tot ’n paar jaar gelede

nog gewoon het.

Griessel parkeer op nommer 5 se plek, neem sy moordtas en loop tot by die voordeur met dieselfde nommer. Hy maak die tas oop, haal die forensiese handskoene en die klein Canon Powershot uit, sluit die veiligheidshek en deur oop, vat weer die tas en stap in.

Maak die deur toe. Staan ’n oomblik.

Hy sal nooit gewoond raak aan die deursoeking van ’n moordslagoffer se huis nie. Daar is die verskriklike stilte, asof dié ruimte weet die eienaar kom nie weer terug nie, die ongemaklike gevoel dat jy steeds privaatheid skend, pal die spanning dat jy iets gaan miskyk, ’n bewysstuk kan bederf omdat jy nie weet waarvoor jy soek nie.

Hy begin met die sitkamer-eetkamer-kombuis, ’n oopplan-ontwerp met ’n bank, twee stoele, ’n koffietafel met ’n klompie DVD-houers van kinderflieks daarop. En ’n TV en Blu-ray-speler op ’n staander.

Geen skilderye nie, geen eetkamertafel nie, net die lang buffet teen die muur, en die ontbythoekie met drie kroegstoele by die kombuis. Hy neem foto’s van alles voor hy met die deursoeking begin.

Hy kry die sleutel vir die buffet se twee deure aan die bossie in sy sak.

Aan die linkerkant, borde en glase en koffiebekers en ’n paar kosbakke. En drank. ’n Kwartbottel Klipdrift, ’n halfbottel Three Ships, ’n paar klein bottels vonkelwyn en twee bottels rooiwyn, nog verseël.

’n Oomblik van sy demone in die oë kyk. Griessel sluit dit weer toe.

Aan die regterkant, ’n warboel van kabels en herlaaiers, ’n ou ADSL-modem, die boksie vir ’n LG-foon en oopgeskeurde koeverte met munisipale en selfoonrekeninge, kwitansies en ’n geheuestokkie.

Geen skootrekenaar nie.

Hy plaas die geheuestokkie in ’n plastiek-bewyssakkie, gaan soek dan deur die kombuiskaste en die yskas, daarna die twee slaapkamers. Die een was die kinders s’n. Daar is niks van belang in die kaste of bedlaaitjies nie.

In Johnson se kamer is die bed opgemaak, die ingeboude klerekaste redelik netjies. ’n Ou, mooi laaikas voor die bed. In die boonste laai is persoonlike dokumente – onder meer ’n ID-dokument, ’n rybewys wat die vorige jaar verval het, die egskeidingsbevel. Foto’s van die kinders. En ’n foto van die gesin toe dit nog heel was. Hulle sit op ’n rusbank – nie die een hier voor in die sitgedeelte nie. Johnson is in die middel, omring deur Robyn en die kinders.

Hy was ’n lenige man. Fiks. Aantreklik. Met ’n glimlag vol selfvertroue, ’n uitdrukking wat sê: Kyk, dís die lieflike goed wat die lewe vir my gegee het.

Terwyl hy alles stelselmatig deursoek en op die Canon vaslê, dink Griessel aan foto’s.

Sommiges lieg.

Dié een van die Johnson-gesin is omtrent drie jaar oud. Destyds dalk uitgestal op Robyn se lessenaar. Of teen J.J. se muur waar hy in Pretoria gebly het. Dit spreek van geluk en harmonie, dit profeteer ’n sprokiesverhaal.

En kyk waar is hulle nou.

Hy dink nie hy het sulke foto’s nie. Toe hy en Anna, sy eks, só oud was, het hy dag en nag gewerk by die ou Moord-en-Roof. Gewerk en gesuip. Sy lewe was ’n waas van geweldsmisdaad en drank. Die enkele foto’s wat bestaan, het hy geneem met ’n mik-en-druk wanneer hulle in April gaan vakansie hou het. Tien dae van soberheid by Langebaan of Hermanus se see, sy kop by die werk, sy hart by die brandewyn. Net Anna en sy dogter, Carla, en sy seun, Fritz, is op die foto’s. Die kinders uitbundig, gelukkig. En in Anna se oë – dalk verbeel hy hom dit in retrospek – ’n bietjie bang vir die monster in haar man, die posttraumatiese stres wat niemand destyds mooi verstaan het nie.

Dit was foto’s wat hul toekoms veel beter voorspel het. Want hy was afwesig.

Carla is nou twee-en-twintig. Sy het begin werk as ’n skakelbeampte op ’n wynlandgoed. Sy het drama geswot, maar sy kon nie werk in die vermaaklikheidsbedryf kry nie. Fritz is negentien en ’n tweedejaar by AFDA, die Kaapse filmskool wat Griessel nie kan bekostig nie. En Anna is getroud met ’n prokureur. Wanneer hy en Anna mekaar nou en dan sien, lyk dit altyd vir hom of sy verlig is dat sy verlos is van hom. En of sy haar ’n bietjie skaam vir sy styllose klere en sy apologetiese houding.

En hy verstaan dit.

Want hy is steeds net ’n poliesman, ’n rehabiliterende alkoholis, skaars agt maande droog, en sy grootste begeerte is om die ander rehabiliterende alkoholis in sy lewe te vra om met hom te trou. Die ring vir Alexa Barnard is gekoop, toegesluit in sy boonste laai by die werk.

Hy hou aan vir homself sê hy het haar nog nie gevra nie, want hy wil dit spesiaal maak. ’n Storie wat sy met trots en smaak sal kan oorvertel.

Maar die waarheid is: Hy is bang.

Bennie Griessel sug. Hy maak klaar, sluit en ry.

Hy het niks gekry nie.

7

Augustus. Daniel Darret. Bordeaux.

Daniel se lewe was doelbewus eenvoudig, vóór madame Lecompte en die geweld in die nag.

Hy werk as handlanger vir die meubelrestoureerder Henry Lefèvre. Die ou man met sy dik, silwerwit hare en snor is ’n geniale houttowenaar wat kosbare stukke uit die sewentiende en agttiende eeue só perfek kan regmaak dat Europa se grootste kenners van antieke meubels nie die herstelwerk kan raaksien nie.

Maar Levèfre het Asperger-sindroom. Sy brein lê op die sosiaal-problematiese deel van die outismespektrum. Hy maak geen oogkontak nie en het geen sin van of empatie met ander se gevoelens en bedoelings nie. Daarom is dit baie moeilik om saam met hom te werk. Kollegas voel gou dat hy hulle beledig, verneder of ignoreer, al is dit nie sy bedoeling nie. “Hy het net nie ’n filter nie, en hy dink dit is hoe almal is,” het sy vrou, madame Sandrine Lefèvre, vir Daniel gesê toe sy hom aangestel het. “Die handlangers hou net ’n week of twee, monsieur Darret, al betaal ons meer as die gewone salaris. As jy fyngevoelig is, moet jy maar vir my sê. Dan moet jy liewer ’n ander betrekking gaan soek.”

Sy bedryf ’n aangrensende oudhedewinkel in die Chartrons-buurt – *Madame Lefèvre, Antiquités-Brocante* – wat onder meer haar man se handewerk verkoop. Sy is ’n baie slim vrou.

Daniel het destyds vir haar gesê hy dink hy sal die Aspergers kan hanteer. En toe gee sy hom die betrekking – hoofsaaklik omdat hy groot en sterk is, en die salaris sonder kibbeling aanvaar het. En omdat sy net so desperaat was soos hy.

Dit het hom maande geneem om vrede te maak met die ou man se vreemde gedrag. Eindelik het daar ’n band tussen hulle ontwikkel, onuitgesproke, amorf en vreemd. Dit bestaan net in die stiltes van die werkswinkel, in die ritme wanneer net hulle twee saamwerk, en in die seldsame, vlietende flitse in Lefèvre se oë wat ’n sagter, meer akkommoderende taal praat.

En hy raak verlief op die Lefèvre-proses, om stukkende goed heel te maak.

* * *

Daniel staan elke weeksdag om ses op, drink sterk koffie, eet sy hawermout, gee die kat kos, maak die eenslaapkamer-woonstel skoon, was en skeer, en stap dan om sewe-uur na La Boulangerie op die Rue des Faures. Hy groet die bakkers op die naam, en hulle vir hom. Hy koop twee croissants en twee chocolatines. Laasgenoemde eet hy so in die loop op pad werk toe, want dit is nog warm uit die oond. Die croissants sit hy in die klein rugsak, want dit is vir tienuur saam met sy tee.

Hy is altyd eerste by die werkswinkel. Dan sluit hy oop en adem die reuke in van meubelpolitoer en vernis, lym en houtskaafsels en -saagsels, die stapels planke en die vreemde, misterieuse muskus van die ou, afgeleefde stukke. Elke oggend is die aroma se versnit effens anders, bepaal deur wat *le génie* laas nag gebeitel of gesaag of geskaaf of blinkgevryf het.

Sy gewone dagtaak, wanneer die Lefèvres daar is: Hy stof af en vee skoon, pak en hang gereedskap presies soos Lefèvre daarvan hou, en hy herstapel planke en meubels, bekyk voorraad, vul aan en maak ’n lys van bestellings. Om nege-uur kom Madame, dan beraadslaag hulle, hy merk die verkoopte goed en dra dit na die diensingang waar die afleweringsvragmotor dit net voor tien sal kom haal. Dan eet hy sy croissants saam met tee, en wanneer *le génie* aankom, werk hulle volgens Lefèvre se bevele tot Madame middagete na agter bring. Wat hulle in afsondering eet, elkeen op sy eie houtkrat aan weerskante van die werkswinkel.

En hy steel met sy oë, alles wat Henry Lefèvre met die hout en die meubels doen.

Iewers ná drie kom wink Madame hom stil-stil weg en hy skuif vir haar goed in die winkel rond, doen kleiner aflewerings of help met die aanry van stukke met die paneelwa. Hy werk soms aan sy eie projek, wanneer die skedule dit toelaat. Ná vyf gaan hy huis toe, sonder om vir Monsieur te groet, want teen daardie tyd is die meubelmaker reeds diep in sy eie wêreld verlore.

Dit is ’n lang dag se werk, fisiek uitdagend, want hy is feitlik heeltyd op sy voete, en hy moet swaar items optel en aandra, skuif en aflewer, meestal alleen. Juis daarom dat hy daarvan hou. Dit hou hom fiks en maak hom moeg, sodat hy soms saans nie die energie het om te verlang of te treur of te onthou nie.

* * *

Saans ná werk kyk hy televisie. Sokker. Ou flieks. Nuus. Of hy lees op sy

tweedehandse tablet oor die gebeure in sy geboorteland.

Saterdae maak hy die woonstel van hoek tot kant skoon. Dan gaan hy mark toe vir sy weeklikse aankope van kaas en ham, skywe terrien of patee, saucisson en vrugte, asook Wackett se vis, en vir ’n glas wyn en gesels met Mamadou Ali, die man wat vir die bloemiste werk en algemeen bekendstaan as *Ali du Mali*. Ali van Mali.

Hy het nie werklik ander vriende nie, mense weet nie veel van hom nie.

Sondae sal hy sy motorfiets gaan was in die klein motorhuis wat hy huur in die Rue Permentade, en dan gaan ry hy met die BMW, alleen. Saint-Émilion toe vir middagete. Of Arcachon, of Bayonne, of nou en dan so ver as San Sebastián oorkant die Spaanse grens, of die kronkelpaaie en landskapsvreugdes van die Périgord. Hy kom voor sononder terug, bêre die motorfiets, gaan huis toe. Want Maandagoggend werk hy weer.

Dit was min of meer sy lewe, voor die vrou en die geweld in die nag.

* * *

Meer as ’n week nadat sy hom by sy voordeur gesien het, op die Dinsdagmiddag, staan sy vir hom dáár en wag. Die *girafe*-vrou. Langs die groot boompot voor die ingang van sy ou drieverdieping-woonstelgebou.

8

Augustus. Bennie Griessel. Drie Susters.

“Net hier,” sê speurder-sersant Aubrey Verwey en wys met sy vinger na ’n droë donga tussen ’n klos Karoobossies links van die spoor. “Net hier het hulle hom gekry. Met die breins so buitekant, én toe lê hy al agt dae lank. You can imagine. Not a pretty sight.”

“Jy bedoel die railway worker?” vra Cupido met ongeduld wat deurslaan. Want hy is al van vroegoggend af beneuk, toe hulle sesuur uit Bellville weg is.

Griessel het op pad Beaufort-Wes toe – om vir Verwey op te laai – vir Cupido vertel van sy deursoeking van die Johnson-meenthuis. Maar hy kon sien sy kollega se kop is elders. Aanvanklik het hy gedink dit was dalk net die vroeë uur.

Nou staan hulle langs die treinspoor in die wydheid van die Groot Karoo, nege kilometer anderkant die Drie Susters-vulstasie. Hulle moes van die gekettingde hek by die N1 af twintig minute lank met die stowwerige dienspad langs stap, want die man van Transnet het nie opgedaag met die hekslot se sleutel nie. En ondanks die bloue hemel is die Augustus-windjie bitter koud. Nie Cupido of Griessel het warm klere saamgebring nie. “Dis ’n semi-desert, for crying out loud, jy expect a bietjie hitte,” het Cupido verontwaardig vir Griessel gesê toe hulle uit die kar klim.

“Ja, die Transnet-trajekbestuurder,” sê Verwey nou. Hy is jonk. Sy moderne haarstyl is ingewikkeld, vol kepe en kerwe en vlakke.

“Dieselfde een wat die sleutel vir ons moes bring?” vra Griessel.

“That’s correct.” Asof hy onder kruisondervraging in ’n hof is.

Cupido skud sy kop stadig, sug hardop en sê: “Okay, let’s take it from the top.”

“Kaptein?”

“Vertel vir ons die hele storie, sergeant. How did this all unfold for the SAPS in Beaufort West?”

“Daai is alles in die docket …”

“Ek weet dis in die docket, ma’ die docket is nie exactly ’n masterpiece of detail and eloquence nie, to put it mildly.”

“My docket is professional,” sê Verwey gekwets. “Strictly by the book.”

Griessel tree tussen hulle in voor Cupido kan reageer. Die dossier is inderdaad nie ’n toonbeeld van omvattende doeltreffendheid nie, maar hy kan sien dit is nie nou die regte tyd om dit op te haal nie. “Jy weet hoe dit is,” sê hy aan Verwey. “’n Docket is ’n opsomming. Ons soek die groter prentjie.”

Verwey vermoed dat hy gepaai word. Hy trek sy skouers effens terug, gee Cupido ’n verontwaardigde kyk en sê: “My docket is professional.”

Griessel knik. Cupido bly genadiglik stil.

Verwey staar oor die vlaktes: “Die Transnet-ou … Chungu, dis sy naam, hy het hom hier kom kry.”

Griessel knik weer, ter aanmoediging.

“Chungu inspect die train tracks tussen Beaufort en Hutchinson, dis sy territory. Toe ry hy hier met die dienspad langs, en toe ruik hy, ma’ iets ruik vrot, en hy sê, dis nou nie só uncommon nie, want party kere slaan die treine ’n koedoe of ’n ding, even ’n dronkie from time to time. So, toe kyk hy uit en hy sien niks, want Johnson lê toe so half in die sloot. Toe stop Chungu waar dit die meeste stink, en toe klim hy uit sy railway-bakkie en hy gaan tot omtrent daarso, toe sien hy vir Johnson lê. Hy’t die wit van die hemp gesien, eintlik, eerste. En toe die vlieë en die maggots en die gebryseling, en die stink is toe baie kwaai, en hy kan dit nie hou nie. Toe klim hy in en hy ry so ’n entjie aan, en toe bel hy vir Beaufort-stasie.”

“Gebryseling?” vra Cupido.

“That’s correct. Dit meen kwaai stukkend. Johnson Johnson se kop. Heeltemal gebrysel.”

“I see,” sê Cupido. “Dié Chungu, het hy ’n routine met sy inspections?”

“Hoe meen jy?”

“Hy’t die body gekry op ’n Maandag, right?”

“Right.”

“Nou, doen hy elke Maandag dié stuk spoor hier?”

“O. Okay, I see what you mean …”

“Well?”

“Ek sal hom moet vra.”

“Toe bel hy die Beaufort-Wes-stasie en toe stuur hulle die twee konstabels,” moedig Griessel hom aan.

“Daai is standard practice,” sê sersant Verwey.

“Vir twee konstabels om op die crime scene te kom kots?” vra Cupido. “Vir die hele Karoo se blougatte om alles te kom vertrap?”

“Die crime scene was op die trein. Hulle het net vir Johnson hier uitgegooi,” sê Verwey. “This is not rocky science.”

“Rocky science?” vra Cupido.

“That’s correct. Rocky science. Daai meen dis nie só complicated nie.”

“I can see clearly now,” sê Cupido en Bennie is nou seker daar is iets groots wat sy kollega pla. Want in normale omstandighede sou daar nou ’n geamuseerde toon aan Vaughn se stem gewees het. Hy sou onderlangs na Griessel gekyk het, hulle sou ’n lag onderdruk het wat hulle later, met die terugry, sou deel. Maar vandag is nie normale omstandighede nie. Iets het Cupido kwaad gemaak, dalk gisteraand, dalk baie vroeg vanoggend, ’n broeiende, groeiende woede, ingehou soos stoom in ’n pot. Bennie ken vir Vaughn, hy weet dit help nie om te vra voor Cupido nie reg is om te sê nie. En hy weet dit kan dalk uitbars voor hy vra, daarom wil hy net keer dat dit nou hiér gebeur.

“En toe?” por Griessel vinnig aan.

Speurder-sersant Aubrey Verwey van Beaufort-Wes se SAPD is heeltemal onbewus van die onderstrominge. Hy trek homself regop vir dié oomblik in die kollig, en hy vertel. Van die twee uniforms in die polisiebakkie wat eindelik hul naarheid genoeg onder beheer gekry het om die lyk langs die treinspoor van nader te bekyk. En toe, na aanleiding van die gehalte van die swart pak klere en die wit hemp, die afleiding gemaak het dat dit “nie sommer ’n local joker is nie”.

“Local joker,” herhaal Cupido stroef.

“That’s correct,” sê Verwey. “En toe radio hulle in vir ’n speurder.”

Die stasiebevelvoerder van Beaufort-Wes het vir sersant Aubrey Verwey uitgestuur. Toe hy op die toneel kom, was daar ook polisievoertuie van die klein SAPD-stasie op Hutchinson, en twee van Victoria-Wes, want in die Karoo werk die lang arm van die gereg se bostelegraaf baie doeltreffend. Maar niemand het vermoed dat dit Johnson Johnson se lyk is wat daar lê nie, want nie een van hulle het die beriggies die vorige week in die media raakgesien nie.

Verwey sê met nadruk hy het op die nuuskierige vertrappers van die misdaadtoneel geskel, hy het vir die manne van Victoria-Wes gesê hy “voel fokkol” vir hul argumente dat hierdie net anderkant die Noord-Kaapse grens en dus eintlik hul jurisdiksie is. Detective sergeant Aubrey Verwey is uitgeroep, en daarom is dit detective sergeant Aubrey Verwey se saak. En soos wat hy dit vir die twee Valke vertel, sit hy groot klem op die woord “detective”.

En toe bind Verwey ’n sakdoek voor sy neus vas, maar dit help niks. En hy trek sy plastiekhandskoene aan, span die geel misdaadband en hy sê vir almal hulle bly nou agter daai band. En hy neem foto’s met sy Samsung-selfoon, want die polisiefotograaf op Beaufort-Wes se hele kamerasak is vyf maande gelede gesteel. Uit die polisiekantoor uit. En dis nog nie vervang nie, so die selfoon was al wat hy kon doen. En toe gaan voel hy in die sakke van die slagoffer se baadjie, en hy kry die selfoon, heeltemal flenters, daai foon moes

gebreek het toe Johnson Johnson die staalpaal langs die spoor tref, of dit het dalk ’n klip op die grond getref, so met die uitval uit die trein uit. “Beyond reasonable doubt. Heeltemal beyond reasonable doubt.”

Dit was al wat in die sakke van Johnson Johnson was. Die selfoon. ’n LG G5.

“So I tagged it and I bagged it,” sê Verwey.

“En toe kry ek myself die bloed en harsings aan die ’lectric pylon, net da’, kyk, da’ kan julle dit nog sien. Die CSI-ou van George het eers die volgende dag hier aangesukkel gekom, toe sê ek hy moet daai analyse. Toe bel ek my SB, en hy rapporteer dit hoër op, en die police spokesperson in die Kaap gee dit vir die media, lat daar ’n John Doe langs die railway line ge- … ’n John Doe is wat jy ’n ou noem wat dood is, ma’ hy’s nog nie ge-ID nie …”

“We live and learn,” sê Vaughn Cupido en slaan sy oë op na die ’lectric pylon.

Griessel haal net diep asem.

“En toe bel hierdie reporter my van *Die Burger* af en sy vra, ma’ is dit nie Johnson Johnson nie? Toe hoor ek die eerste keer van dié ou. Maar toe sê ek, no comment, want die victim was nog nie ge-ID nie. Eers toe ek die LG-foon se simkaart process, toe is dit beyond reasonable doubt lat dit Johnson Johnson is. Heeltemal beyond reasonable doubt.”

* * *

Hulle ry terug Beaufort-Wes toe. Cupido bestuur, Aubrey Verwey sit agter. Verwey praat baie, meestal oor die sake wat hy met vernuftige speurwerk opgelos het: tikhandelaars, huisbrake, veediewe en twee plaaslike huishoudelike moorde.

Hulle het ’n vermoede hy het ’n agenda. Toe hulle Beaufort-Wes binnery, sê hy: “Okay, so hoe moet ek maak om ’n Hawk te word?”

Vaughn Cupido maak ’n geluid soos ’n hond wat geskop word, sag genoeg dat net Bennie dit hoor.

Griessel sê: “Hou net aan doen wat jy doen.”

“Maar julle sal vir my ’n woord insit, nè?”

“Ons gaan probeer.” Dit is die naaste aan die waarheid wat hy kan kom.

Hulle laai hom by die polisiestasie in Birdstraat af. “Hang net ’n minuut aan, Vodacom se call list het gekom, ek kry dit gou,” sê Verwey en hardloop na die gebou.

Cupido laat sy voorkop sak, stamp dit ’n paar keer teen die stuurwiel.

Griessel grinnik.

Verwey kom terug met die koevert. “Dis Johnson Johnson se cell phone records, dit het gekom ná ek al die docket vir julle gestuur het.”

Hulle groet, en toe hulle ry, roep Verwey: “Sit daar ’n woord in!” Hy staan op die sypaadjie en waai tot hulle om die hoek verdwyn.

Griessel kry hom ’n bietjie jammer. Om op dié plek vasgekeer te wees …

Hulle gooi petrol in by ’n vulstasie. Griessel gaan koop vleispasteie en koeldrank, dan vat hulle in doodse stilte die N1 terug Kaap toe.

Verby die Groot Karoo Nasionale Park se ingang. Net meer as ’n kilometer verder, by die stilhouplek met sy opgeskote bome en betontafeltjies en -stoele, trek Vaughn sonder waarskuwing af. Hy hou stil en klim uit, los die deur net só oop. Hy loop ’n entjie weg. Daar is geen ander motors of mense nie. Hy gaan staan, draai om.

“Jissis, Benna,” sê hy. Dit is woede en wanhoop, alles ineen.

9

Hier kom dit nou, weet Griessel, en dis goed so.

"Daai," sê Vaughn Cupido en wys in die rigting van Beaufort-Wes. "Daai is die future van die SAPS."

Dis asof die volle impak van dié stelling vir hom te veel is, want sy lyf sidder. "Daai is die future van die Hawks, daai is die future van hierdie land. Daai 'rocky science'. Daai 'gebrysel'. I ask you. Ge-fokken-brysel."

Hy kom weer aangeloop na die Ford toe. "For fuck's sake, Benna, hulle kan nie eens ordentlik práát nie; hoe wil hulle skryf? No wonder daai docket lyk soos die hond se gat. Hoe wil hulle 'n murder investigation doen? 'Die crime scene was nie hie' nie, dit was op die trein', so al die blougatte kan kom kots net wa' hulle wil. Nee, o jirre, Benna, hie' kom anarchy, ons is in ons moere in."

Hy maak 'n gebaar met sy hande wat sê hy is moedeloos.

"Het jy daai hairstyle gesien? Da's meer tyd in daai hairstyle ingesit as in hierdie case. En dan wil hy vir my en vir jou kom vertel wat is 'n John Doe. Jissis …"

Cupido kyk oor die wye vlaktes heen.

"Wat het gebeur, Vaughn?" Want Griessel weet speurder-sersant Aubrey Verwey was net die sneller. Iets anders het sy kollega se humeur-geweer gelaai. En dit moes erg gewees het, want vir Vaughn Cupido om vierhonderd-vier-en-veertig kilometer lank van Bellville af Beaufort-Wes toe te broei, is feitlik ongeëwenaard.

Cupido haal diep asem. Nog 'n magtelose swaai van die hande, dan kom staan hy hier in die deur: "Gisteraand, toe is ek daar by Desiree …" begin hy.

Hy sug lank en diep.

"En haar laaitie is daar. Donovan. En hy't hierdie nuwe pellie, Brantley. Watse naam is Brantley, Benna? Brantley. I ask you. What were they thinking? No wonder the kid turned out to be this facetious little wise-ass. Anyway, Brantley is so vreeslik kontant met die bekkie, hy vra my: 'Uncle, is uncle in die Hawks?' En ek sê: 'Yebo, yes, ek is 'n captain in die Hawks, pappie.' En hy tune my: 'My daddy sê julle is captured.' En ek sê: 'Wat meen jy, captured?' En hy sê: 'Nee, daai Indian crooks wat die President so gecapture

het … My daddy sê die Hawks is ook gecapture, ammal is nou gecapture, daai Indians own vir julle, julle word ryk van envelopes under the table, en die mense word arm van al die capture.' Jissis, Benna, jy weet hoe ek voel oor die Hawks. Dis my lewe. Dis my pride. Ma' daai is niks. Nou staan en karring daai Brantley met my voor Donovan. Daai laaitie wie se trust ek nou al maande lank try wen, daai laaitie met wie ek try connect, want ek is serious oor Desiree, en ek weet the road to a real relationship runs through the kid … Nou gaan staan en gooi Brantley daai capture-ding rond, en ek sien Donovan kyk my só of hy gewéét het this guy wasn't going to turn out well."

"Ai," sê Griessel.

"Nou sit ek daar en ek dink; ek kan sê, nee, ons is nie gecapture nie, ons Kaapse Hawks, ons Serious and Violent Crimes Unit, óns is nog skoon, al het die shit die fan gehit in die Durban in, and nobody knows what the hell is going on in Jo'burg, ma' ons, Benna … Óns werk ons gatte af, ons was honderd-twee-en-veertig brave souls, vyf jaar terug, nou's ons skaars dertig, ma' die fok weet, ons is skoon en ons werk. Dag en nag. En ek sit daar en ek dink, ek kan nie eens vir Donovan werk toe vat om te gaan wys ons is skoon nie, want die Department of Public Works is te fokken sleg om ons toilets en ons lifts en ons ligte en ons tiles te kom fix. So hoe maak ek, Benna? Hoe maak ek? En dan kom jy hie' en detective sergeant Aubrey Verwey is hierdie klein windgat-domgat, the future of the SAPS, met sy 'okay, so hoe moet ek maak om 'n Hawk te word?' Al daai ambition, ma' hulle wil nie werk daarvoor nie. En dan scheme ek everything is going to hell, en dan wil ek iemand bliksem tot hy luister, Benna. Please fix the dykes, somebody must fix the dykes, 'cause why ek voel soos daai outjie met al sy vingers in die gate van die dyke, but it's springing another leak, and another, en ek het nie meer vingers oor nie. Ek gaan vir Donovan verloor, en ek gaan vir Desiree verloor, en ek gaan my pride verloor. En dan? Wat het ek dán oor, Benna?"

Cupido skud sy kop, loop weer veld se kant toe. Hy gaan staan langs die draad, hande op die heupe, starend na niks.

Eindelik kom hy terug, klim in.

"Ek kan vir jou sê jy't vir mý oor. Maar die Department of Personal Works het my ook maar 'n bietjie afgeskeep. My lift is lankal moer toe," sê Griessel.

"Ha!" Net 'n skeut humor in die geluid wat Cupido maak, maar dit bring 'n mate van verligting.

"Die een ding wat ek van hierdie land geleer het, Vaughn …" sê Griessel. "Dit gaan nooit so sleg as wat jy dink dit sal gaan nie. En dit gaan nooit so goed soos wat jy wil hê dit moet nie. Daar was 'n tyd toe ek ook amper moed opgegee het. Toe dit gelyk het of alles … Die wiel draai. Dinge sal regkom, Vaughn. Die een of ander tyd. Nie só reg dat ons in die strate dans nie. Maar dit

sal beter gaan."

Dit is die beste wat hy nou kan doen.

Cupido draai die sleutel. Die Everest se enjin vat.

"I hope you're right."

Twintig kilometer later sê hy: "Gee my daai meat pie. Waar's daai music wat jy gebring het?"

Griessel gee vir hom sy vleispastei en 'n koeldrank aan, haal dan die ou David Kramer-album *Jis Jis Jis* uit en druk die skyf in die speler.

Voor Leeu-Gamka sing hulle al twee saam. Naby Laingsburg lag Vaughn vir die eerste keer dié dag, vir "Tjoepstil" se lirieke.

Net buite die dorp sê hy: "Daai was 'n goeie een, Benna. 'Department of Personal Works'," en hy lag sag.

Anderkant Touwsrivier bel Griessel Rovos Rail se Kaapse kantoor om die telefoonnommer van mevrou Thilini Scherpenzeel te probeer kry.

* * *

Hulle skakel hom deur na mevrou Brenda Strydom, die treinmaatskappy se hoof van kommunikasie. Sy sê hulle het in die media gelees dat die saak nou na die Valke toe is. As daar enigiets is wat hulle kan doen …

"Ons wil graag môre met julle kom praat …"

"Natuurlik. U moet asseblief verstaan dat ons treinpersoneel nie almal môre hier sal kan wees nie."

"Ek verstaan …" sê Griessel.

"Maar ons het 'n lys saamgestel met kontakbesonderhede van almal wat op die rit van 5 tot 7 Augustus was. U kan hulle enige tyd kontak. Ons sal die gasvryheidsbestuurder van daardie trein ook dadelik Kaap toe laat vlieg as julle persoonlik met hom wil praat. Hy is op gereedheidsgrondslag geplaas."

"Baie dankie. Ons kan nog nie sê of dit nodig gaan wees nie. Maar ons sal graag so gou moontlik vir mevrou Scherpenzeel wil ondervra."

"Sy het reeds ingestem dat ons haar kontakbesonderhede aan u beskikbaar kan stel. Hier is haar nommer …"

"Hou aan," sê hy terwyl hy die foon in sy nek vasknyp en 'n notaboek en pen uithaal.

Wanneer sy dit vir hom lees, sê hy: "Dis 'n oorsese nommer."

"Ja. Sy is lankal terug Nederland toe. Ons het die speurder laat weet …"

"Sersant Verwey?"

"Nee, dit was 'n … net 'n oomblik … Hier is dit, 'n adjudant-offisier

Bandjies."

"Van Brackenfell." Die een wat vir Robyn Johnson gehelp het toe sy vir J.J. as vermis gaan aanmeld het.

"Dis reg. Hy het ons gekontak ná die verdwyning. Ons het hom laat weet dat mevrou Scherpenzeel weer terug is. Hy't gesê dit is nie 'n probleem nie."

Dit was voor Johnson Johnson se lyk gevind is, so Griessel kan nie fout vind met Bandjies se besluit nie. "Dankie," sê hy.

"Mevrou Scherpenzeel het net gevra dat u in die oggend tussen nege en twaalf sal skakel. Sy rus gewoonlik in die middag."

Dit laat hom wonder hoe oud sy is. Hy vra.

"Een-en-negentig," sê Strydom.

Cupido sit en luister na die gesprek terwyl hy bestuur. "Hoe oud, Benna? Twenty-nine, right?" fluister hy.

"Ek sien," sê Griessel vir Strydom.

"En nog so aktief," sê sy. "Baie aan die gang en op en wakker. Ongelooflike vrou. U weet sy is die weduwee van Joop Scherpenzeel?"

"Wie?"

"Die biljoenêr. Die man wat die Sonnenborgh-brouery begin het. In Utrecht."

"Nee, ek het nie geweet nie."

"Sonderlinge vrou," sê Brenda Strydom. "Werklik 'n sonderlinge vrou."

* * *

Toe hy die oproep beëindig, wil Cupido weet hoe oud Scherpenzeel is.

Griessel sê vir hom.

"It's just not my day, Benna. It's just not my day."

"Maar sy is nog so aktief, Vaughn. Baie aan die gang en op en wakker. Weduwee van 'n biljoenêr."

"You are just a ray of sunshine."

10

Augustus. Daniel Darret. Bordeaux.

Hy herken haar nie dadelik nie. Hy is aanvanklik net bewus van die vreemdheid van dié figuur, hier: Sy is elegant en met sorg aangetrek, gegrimeer onder ’n swierige sonhoed. Maar sy staan ongemaklik, arms gevou, asof sy weet hoe duidelik dit is dat sy nie hoort in die growwer tekstuur van die Saint-Michel-buurt nie.

Dan snap hy wie dit is: die *girafe*-vrou. Hy kyk instinktief na links en regs, want dit maak nie sin dat sy alleen is nie – sy is hier en sy het moeilikheid saam met haar gebring.

Daar is egter niemand anders nie, net Wackett op die drumpel, en sy onmiddellike gedagte is: Wat wil sy hê?

“Verskoon my,” sê sy. Hy besef sy kan die frons op sy gelaat sien, sy ontevrede lyftaal.

Sy kom na hom aangestap met daardie vreemde, lang tred, baie selfbewus, en sy hou iets na hom toe uit. ’n Papierkoevert, opgevou. “Ek is geen bedreiging vir jou nie,” sê sy, haar stem vol, soos wat jy van ’n lang vrou sou verwag, een wat amper so lank is soos hy.

Sy wag dat hy die briefie moet neem. Hy wil nie. Hy wil haar nie hier hê nie, wou nie weer met haar kontak gehad het nie. Sy is ’n risiko, want sy weet iets van hom wat hy weggesteek hou.

“Asseblief,” sê sy.

As sy ’n mooi vrou was, of sensueel, of uitgeslape en vol selfvertroue, het hy dalk net omgedraai en geloop. Maar dit is juis omdat sy so *maladroit* is – lomp en ongemaklik en *ordinaire* en lank en hoekig – dat hy die ruimhartigheid vind om die koevert te neem.

Sy sê net “merci”, draai dan om en begin wegloop, haar hakke klik-klakkend oor die keistene wat eeue gelede die ballas vir Britse skepe was. En hy staan daar, hy nou die ongemaklike een, met ’n skuldige gewete omdat hy soos Lefèvre teenoor haar opgetree het. Om die een of ander rede kyk hy op en sien hoe Wackett van die deur af wegloop met ’n verwytende uitdrukking op haar gesig.

* * *

Hy maak die brief eers oop toe hy in sy klein kombuis staan. Dit is duursame papier. Haar handskrif is beeldskoon, kunstige krulle en draaie soos iets uit die Middeleeue. Daar is ’n adres. Rue Montesquieu. Hy ken die straat. Dit is in die sogenaamde Goue Driehoek, waar die duur winkels en groot *appartements* van die rykes is.

Daar is ’n dag en datum en tyd aan die onderkant: Donderdagaand, sewe-uur. En die vae reuk van parfuum.

Hy vloek, eers in Frans en dan in die taal van sy herkoms. Want hy weet hy sal moet gaan.

Heel onder staan daar: *Élodie Lecompte*. Dit is ’n elegante naam.

Hy druk die brief terug in die koevert, en gooi dit vies in die groen kleibakkie wat op die skoorsteenmantel van sy klein, ongebruikte kaggel staan.

* * *

Die agttiende-eeuse gebou is van silwerskoon gerestoureerde kalksteen, statig en mooi. Daar is net drie voordeurklokkies by die groot deur na die straat toe. Wat beteken haar woonstel beslaan ’n hele verdieping.

Hy lui die boonste een. Dit is sestien minute ná sewe, want hy wil dit duidelik maak dat hy onder protes hier is, gedwing deur die omstandighede. Nie lus vir moeilikheid nie, nie geïntimideer deur haar rykdom of klaarblyklike sosiale stand nie. Sy kleredrag sê dit ook: wit T-hemp, skoon denim, swart Nikes.

Die deur brom elektronies oop. Hy loop op met die breë kalksteentrappe, drie verdiepings. Hy lig sy hand om aan die mooi houtdeur te klop, maar dan gaan dit oop. Sy is kaalvoet, in ’n swart langbroek en wit bloes, weer selfbewus. Hy groet haar, en sy groet terug. Sy wys hy moet inkom en maak die deur agter hom toe.

“Dankie dat jy hier is,” sê sy en lei hom deur die ingangsportaal waar ’n groot skildery van ’n lang, elegante karikatuur van ’n vrou hang, haar kopdoek rooibruin, haar tabberd vol feë en vlinders, die kuns vol speelsheid.

Hy staar daarna.

“Sniege,” sê sy.

“Pardon?”

“Sniege Navickaite. Die skilder. Sy’s van Bordeaux.”

“O,” sê hy. En hy voel ’n deernis, want die skildery is op ’n manier ’n ander

weergawe van Élodie Lecompte, tong-in-die-kies, ’n mooier, leniger interpretasie, vol selfvertroue en styl. Hy wonder of sy daarvan bewus was toe sy dit gekoop het. ’n Soort selfparodie.

Die plafon is hoog, die sitkamer groot, die mure vol kuns. Hy weet min daarvan, maar kan sien hier is verskillende style uit verskeie eras. Hy ken antieke, duur, goeie meubels egter baie goed en dié sien hy hier. Diep, ryk kleure in die sagte laatmiddaglig wat deur die lang, groot venster kom.

Sy nooi hom om te sit, kyk skaars na hom terwyl sy vra of hy iets wil drink. Dalk wyn? Rooi? Wit?

“Rooiwyn, asseblief.”

Sy knik asof dié keuse haar goedkeuring wegdra. Sy stap na ’n lieflike drankkabinet waar bottels en glase op die blad gereed staan. Hy kies ’n stoel oorkant haar, in vergulde okkerneuthout-en-katoen; hy dink dit is die werk van Jean-Baptiste-Claude Sené uit die laat sewentien-honderds. Hy wonder of Lefèvre ooit daaraan gewerk het, want dit lyk perfek. Hy wonder wat sy wil hê, hierdie eienaardige vrou wat ’n Sené kan bekostig. Wil sy vir hom dankie sê, hom vergoed? Of is dit ’n behoefte aan iets meer sensueel; die ervaring van die groot swart man? Dit is ál logiese gevolgtrekkings waartoe hy kon kom sedert sy die briefie kom aflewer het.

Sy trek ’n kurk en skink; hy staan op om die glas te neem.

“Wat is jou naam?” vra sy en gaan sit oorkant hom.

“Daniel.”

“Daniel, ek het Spaanse ham en spanspek. En ’n baguette en kaas. Dis so warm, ek het nie gedink … Ek is nie ’n kok nie …” Sy is plegtig en formeel. Skaam. “Net as jy wil eet,” sê sy. “Ek … As jy nie hier wil wees nie, kan jy opstaan en loop. Jy sal nooit weer van my hoor nie. Jy het niks om te vrees nie.”

“Waarom sal ek iets hê om te vrees?”

“Die manier … Daardie nag … Jy was baie haastig om … Ek dink jy is … vergewe my, maar ek dink jy is ’n onwettige immigrant. Of miskien, die polisie … Ek … Dit maak nie vir my saak nie. Ek wil jou nie afpers nie.”

“Ek het al my dokumente. ’n Paspoort …” ’n Interpretasie van die waarheid.

Sy knik apologeties.

“En ’n skoon rekord.”

“Bien sûr.”

Hy kyk na haar. Sy sit gespanne vooroor op die punt van die stoel, in afwagting op sy antwoord.

“Is dit wat jy van my wil hê? Om saam met jou te eet?”

“Nee.”

Sy neem ’n slukkie van die glas. Hy proe syne. Dit is goeie wyn.

Hy wag.

Sy staan op. Dit is ’n proses, soos ’n ingewikkelde speelding wat oopvou. Sy loop na een van die groot deure toe. “Kom kyk …”

Hy huiwer, maar daar is steeds ’n onskuld aan haar, kinderlik.

Hy sit sy glas neer, staan op en volg haar. Sy loop tot in die volgende vertrek en gaan staan, kyk na hom.

Die laatmiddaglig kom deur die groot vensters. In die middel is ’n esel en ’n groot skilderdoek, wit en kaal. Teen die mure is skilderye van mense. Fotorealisties.

“Ek wil jou skilder,” sê sy. Byna onhoorbaar, asof sy vreesbevange is vir sy antwoord.

Hy kyk weer na die mense teen die mure. Wit en swart en bruin, mans en vroue, hier en daar ’n kind. In moderne, gewone klere. Mooi mense. Sommige sit in ’n stoel of staan langs een. Ander staan net.

“Dit is jou werk?” vra hy.

“Ja.”

“Dit is verstommend.” Hy soek na die regte woord. “Magique. Sublime.”

“Dankie.”

Sy wag op ’n antwoord.

“Hoe lank neem dit? Hoe lank moet ek kom … sit?”

“O, nee, as ek net ’n paar foto’s kan neem voor dit donker word. Dan kan jy net nou en dan kom kyk, as jy wil.”

Verligting.

“D’accord,” sê hy.

11

Augustus. Bennie Griessel. Worcester.

Verby De Doorns bekyk Griessel die inligting wat Vodacom verskaf het oor Johnson Johnson se selnommer. Dit is die gewone twee registers van oproepe, gemaak vir die laaste drie maande voor sy dood, die een ingedeel volgens datum, die ander volgens nommers.

"Anything?" vra Cupido terwyl hulle agter 'n swaar vragmotor teen 'n bult uit kruip.

Bennie haal sy notaboek uit en maak seker wat Robyn Johnson se selnommer is voordat hy antwoord: "Sy eks … Die oproepe waarvan sy gepraat het, toe hy die kinders gebel het daardie Saterdagaand op die trein, 5 Augustus …"

"Yes?"

"Hulle is almal hier. Maar hy het iemand anders gebel, later daardie aand. 21:07 …"

"Wie se nommer?"

"Ek weet nie …"

Griessel haal sy selfoon uit, tik die nommer in en bel. Dit lui twee keer, dan antwoord 'n man. "Yes?"

"Hello," sê Griessel, "who's speaking?"

"Who do you want to speak to?" Geïrriteerd.

"My name is Bennie Griessel. I am a captain in the South African Police Service, investigating the death of mister Johnson Johnson …"

Die oproep eindig. Griessel kyk na sy foonskerm. "Die sein is weg," sê hy en beduie na die berge wat weerskante van die pad toring.

"Wie was dit?"

"Weet nog nie … 'n Man. Ek sal nou weer bel." Hy hou die seinstafies op sy foonskerm dop.

"So, Benna, when are you going to pop the question?"

Cupido weet Griessel wil vir Alexa Barnard vra om te trou. Hulle het al dikwels gepraat oor sy worsteling met die plek, die tyd en die toespraak.

"Ek het gedink Sondag …"

“Nou Sondag?”

“Ja.” Hy voel ’n hol kol op sy maag, en dis nie van die vulstasie-vleispastei nie.

“Brave, Benna. Brave. En waar, if I may be so bold?”

“Okay. Ek het gedink, Alexa hou van goeie kos …”

“Check.”

“En sy hou van atmosfeer …”

“Check.”

“En sy hou van mooi plekke …”

“Check.”

“Toe kyk ek na die beste restaurante, die top-tien-lys …”

“Cool.”

“En toe reken ek, Overture-restaurant. Dis nommer ses op die lys, dis daar naby Stellenbosch. Ek het op die website gekyk. Die uitsig is fantasties, dit lyk romanties …”

“Ek het gewonder wanneer jy ‘romantic’ gaan mention.”

“En ek sal dit min of meer kan bekostig.”

“Check. Ma’ jy weet dis op ’n wine farm, nè? With both of you being alkies … Ek sê maar net.”

Griessel sug. “Ja, ek het gesien. Die ding is, dit maak nie saak waarheen ek haar vat nie, daar gaan altyd alkohol naby wees.”

“Except, sê nou maar, sunset on the beach at Cape Point. Little picnic basket, blanket on the sand, sea breeze in her hair … Chicks love daai tipe ding. Dis wat ek gescheme het, wanneer die dag kom dat ek vir Desiree moet vra, as sy en die laaitie nog daai tyd ’n captured Hawk wil hê.”

“Ek het gedink aan ’n strand. Kampsbaai, Clifton … Maar jy weet hoe die weer in die Kaap is … Daai sea breeze waai vir jou en die kombersie tot by Robbeneiland. En ek dink die hele tyd hoe die ring uit my vingers glip en in die sand val, en die fok weet, ek het nie geld vir nog een nie. Ek moet nog veertien maande lank aan dié een afbetaal.”

“Good point.”

“Jy dink Overture kan werk?” vra Griessel.

“Sounds great. Wil jy hê ek moet by Desiree check? Sy ken al die larney gate in die Stellenbosch in.”

“Asseblief.”

Hulle kom uit die pas uit, die Breederivier-vallei maak oop. Griessel kyk weer na sy foon se skerm. Die sellulêre sein is terug.

Hy bel.

“The subscriber you have dialled is not available at present. Please try again later.”

Hy probeer nog sewe keer voor hulle terug is in Bellville. Die nommer bly beset.

* * *

Hulle is ná sewe-uur terug op kantoor. Hulle bring die dossier op datum.

Cupido bel Stellenbosch toe, en rapporteer dan aan Griessel: “Desiree scheme die Overture is pure class, jy kan maar laat waai. En sy sê: ‘Good choice’.”

“Dankie, Vaughn.”

“Gaan jy haar sê? Vanaand? Van Overture.”

Hy huiwer, dan sê hy: “Ja.”

Hy en Cupido hoor die toon in sy stem. Vaughn kom vat aan sy skouer. “Good luck, Benna.”

Cupido groet en ry; Griessel bly agter.

Hy sluit die laai oop waar hy die ring bêre, heel agter, in die mooi swart dosie. Hy haal dit uit. Maak dit oop. Dit sit daar, sprankelend en mooi.

Jissis.

Hy bêre dit weer sorgvuldig. Sluit die laai. Hy soek die nommer van die Overture-restaurant. Kry dit. Staar daarna.

Dis ’n groot stap dié.

Hulle is nou al amper vyf jaar lank “bymekaar”; hy weet nie altyd wat dié woord beteken nie. Hulle bly al drie jaar saam, in haar huis in Tamboerskloof.

Hy het haar destyds ontmoet toe hy die moord op haar man ondersoek het. Sy was ’n verdagte, ’n wrak. Sy was ’n verskiete ster, die voormalig beroemde sangeres Xandra, eens die nasie se liefling. Hulle speel nog dikwels haar eertydse treffer “Soetwater” oor die radio:

’n Glasie vol sonlig, ’n soet kelkie klein.
Skink Soetwater.
’n Mondjie vol liefde, ’n slukkie vol pyn.
Drink Soetwater.

Met daardie sensuele stem van haar, en daardie smeulende verhoogpersoonlikheid, en al die wonderlike moontlikhede, alles weggedrink weens verhoogvrees en selftwyfel en ’n man wat voortdurend met ander vroue gelol het. Tot daar niks van haar loopbaan of haarself oor was nie. En toe skiet

hulle haar eggenoot en sy erf die platemaatskappy en sy moet ’n nuwe begin maak. Griessel het op haar verlief geraak omdat sy aards en eerlik en stukkend en dapper was, oor haar naïwiteit en vrygewigheid, haar deernis, haar humor, haar vermoë om vir haarself te lag. Hy het vir haar lief geword oor haar eenvoud en die eenvoudige manier waarop sy vir hom lief is. Net sommer só. En sy bewonder hom en respekteer hom. Vir hom. Bennie Griessel, die voormalige dronkgat, wat op ses-en-veertig nog net tot kaptein in die polisie gevorder het, weens die drank. Sy verhef hom, maak ’n ophef van hom, haar “baasspeurder”, haar “Koningvalk”, haar held.

Hy speel so ’n bietjie baskitaar, in ’n vierstuk-orkes met die naam Roes wat nou en dan by danse en troues optree. Soms sal hy saans sit en oefen saam met ’n CD in die hoëtrou. Dan kom staan sy en sing saam en sê: “Jy’s so ’n talentvolle man, Bennie.” En hy weet baie goed hy is maar bra gemiddeld op die kitaar.

Hy kan dit nie ontken nie, hy het haar ook lief vir die sensualiteit wat steeds daar agter die littekens van haar lewe lê.

Maar fok, dis ’n groot stap dié.

Want hy het ’n gemors van sy eerste huwelik gemaak. Want sy borg by Alkoholiste Anoniem, Dok Barkhuizen, het al vir hom gesê twee alkoholiste bymekaar is ’n resep vir moeilikheid. Want Alexa is skatryk, en hy het nie eens die twintigduisend gehad wat die ring hom gekos het nie. Hy moes dit by die bank gaan leen, want hy is finansieel geknak weens ’n polisiesalaris en ’n seun op filmskool en die jare van te veel geld op alkohol vermors en te veel onderhoud aan sy eks betaal.

Hy kyk na die nommer van die Overture-restaurant. Dis ’n groot stap dié.

Hy kan vir haar so min gee. Maar hy kan vir haar ’n vra-om-te-trou-aand gee wat onthoubaar en oorvertelbaar is. ’n Aand wat haar waardig is.

Hy haal diep asem.

Hy bel.

* * *

Hulle bly saam in haar huis in Brownlowstraat 47, teen die flank van Seinheuwel. Dit is ’n mooi ou Victoriaanse dubbelverdieping. Daar is ’n balkon bo, van waar jy oor die stad kan uitkyk.

Griessel parkeer in die motorhuis, loop by die kombuisdeur in. Alexa staan voor die stoof met haar voorskoot waarop daar staan: *Jy roer my!* Hy het dit self uitgedink en vir haar laat maak. Hy het dit op Valentynsdag vir haar gegee,

verlede jaar. Sy het daarvan gehou.

Kosmaak is nie een van haar talente nie. Sy is ’n uitstekende sakevrou. En wanneer sy nog nou en dan sing, word sy dikwels staande toegejuig. Haar klavierspel is steeds goed. Maar sy het geen aanvoeling vir kook nie, al is dit ’n selfverklaarde “passie”. Haar aandag in die kombuis raak maklik afgelei as ’n SMS of ’n oproep deurkom, sodat sy nie kan onthou watter van die resep se bestanddele reeds in die pot is nie. En haar smaaksintuig is onbetroubaar. Sy sal met toe oë en groot noukeurigheid proe aan ’n gereg, dit dan met opgewondenheid as “perfek” verklaar. Maar wanneer sy dit opdien en begin eet, sal sy fronsend sê: “Nou is iets nie reg nie. Proe jý dit ook?”

Dan lieg hy en sê: “Nee, wat, dis lekker.” Want hy glo as dít die grootste offer is wat hy in hul verhouding moet bring, dan doen hy dit.

Nou moet hy weer lieg. Oor volgende Sondag, want die restaurant was vol bespreek vir die komende naweek. Hy sal vir haar by Overture moet kry sonder dat sy weet van sy planne.

Dit is koud buite, maar die kombuis is knus. Haar gesig verhelder wanneer sy hom sien. “Bennie,” sê sy met opregte vreugde, “jy is seker doodmoeg.”

Hy soen haar, hou haar vas. “Darem nie te erg nie.”

“Hoe was die Karoo?”

“Vaughn sê die fokkol groei nogal mooi, maar ek hou van die … ooptes.”

Sy lag, sê dan: “Ek maak tamatiebredie.”

“Dit ruik lekker.” Darem vaagweg die waarheid.

“En jy moet dit proe! Ons kan eet wanneer jy reg is.”

“Ek gaan was gou my hande.” Hy gaan staan in die deur, draai om. Hy moet haar vra. Nóú.

Sy kyk na hom, haar oë so sag.

Hy draai om en loop kamer toe om te gaan stort, vir net vier minute, want die Kaap het ernstige waterbeperkings, dit is die grootste droogte in menseheugenis. Hulle praat van Dag Zero, wanneer die damme leeg gaan wees. Water-Armageddon.

Maar dit is nie waaroor hy hom bekommer nie.

Dis oor sy ete-afspraak met Alexa.

Dis ’n groot stap dié.

12

Augustus. Daniel Darret. Bordeaux.

Ses dae ná die ete en fotosessie by Élodie Lecompte gaan hy terug, gedryf deur nuuskierigheid. Oor “sy” skildery, en oor haar. Sewe-uur in die aand lui hy haar klokkie met ’n gevoel van effense ongemak. Is hy hier omdat hy ydel is? Of soek hy net na homself?

Hy hoor die venster daar bo op die derde verdieping oopgaan. Hy kyk op. Sy wou eers sien wie dit is, sy leun uit en lig haar hand. Glimlag. Die venster gaan toe. Sy gons hom binne.

Bo by die deur sien hy sy is meer informeel aangetrek, ’n denim en ’n olyfgroen T-hemp. Weer kaalvoet.

“Ek is bly jy het gekom,” sê sy, en bied hom wyn aan.

Hy sê nee, dankie, hy wou net gou na die skildery kom kyk. Daar is teleurstelling in haar oë, maar sy knik en sê: “Bien sûr.” Natuurlik. En hy wonder weer oor haar, wie sy is, watter storie agter haar lê. En die aura van eensaamheid om haar. Daardie eerste aand het sy so min van haarself vertel, sy was net besig met die kamera en die foto’s.

Hy volg haar na haar ateljee.

Die skildery van hom staan op die esel, groot, twee meter hoog. Die buitelyn van sy liggaam is getrek, sy gesig is reeds voltooi. Dit is vir hom vreemd om dit te sien, hoe sy hom vasgevang het. Daar is lewe daarin. Sý lewe. En sy verlange. Hy verwonder hom aan haar vaardigheid.

“Ça vous plaît?” vra sy. Hou jy daarvan?

“Oui,” sê hy sag.

“Vraiment?” Regtig?

Hoe kan sy twyfel?

“C’est … formidable.”

Sy glimlag op ’n manier wat hy nog nie gesien het nie, met opregte vreugde.

“Dan moet jy ’n glas saam met my drink. Sjampanje.”

Hy kan nie weier nie.

Hulle gaan sit in die salon. “Wanneer het jy begin skilder?” vra hy vir haar.

“Ná my man se dood,” sê sy. “Ek het hom geskilder, oor en oor, tot ek hom

teruggehad het."

"Wat het jou man gedoen?"

"Hy was 'n professor in paleontologie. Hy was 'n wonderlike man. Ek mis hom nog elke dag."

Sy staan meteens op. "Een oomblik, asseblief," sê sy en loop haastig uit, die val van haar kaal voete geluidloos. Sy kom oomblikke later terug met die foto in 'n raam, hou dit na hom toe uit.

Hy was nie 'n mooi man nie, haar oorlede eggenoot. Lank en pynlik skraal, met dik brillense en 'n snor wat nie 'n gedeeltelik herstelde haaslip heeltemal kan wegsteek nie. Maar daar is iets sag en deernisvol in sy glimlag.

Hy wonder 'n oomblik lank, vra dan: "Het jý die foto geneem?"

"Ja," sê sy.

"Hy was baie lief vir jou," sê Daniel Darret.

Haar gesig is op dié oomblik intens. "En ek vir hom."

* * *

Die kuns van meubels maak en restoureer het Daniel bekoor vandat hy die eerste dag saam met Lefèvre begin werk het. Dit was 'n wêreld wat hy glad nie geken het nie: Die liefderike aandag, die sorgsame werk, die stelselmatige proses om iets afgeleef en stukkend te omskep in iets manjifiek en waardevol. Hy het stadigaan die begeerte ontwikkel om dit ook te kan doen. Hy het Lefèvre dopgehou, onopvallend en geduldig, deur elke fase.

Byna twee jaar gelede het hy by die Saint-Michel-vlooimark stadigaan sy eie gereedskap begin aankoop, uitgesoek met die hand, vir merk en meet en saag en skaaf en beitel en hamer en skuur. Hy het die stukke een vir een aangedra na sy hoekie van die werkswinkel. Lefèvre het dit gesien. Niks gesê nie.

Twee maande gelede het Lefèvre opgekyk toe hy die eikehoutplanke ook daar in sy hoek gaan neersit het. Die ou man het opgestaan en sy vingers oor die grein laat gaan, gebuk en daaraan gesnuif. Elke plank opgetel en met die oog gemeet. Weer neergesit. Niks gesê nie. Dít was sy manier om dit goed te keur.

Daniel het die tafel tydsaam begin maak. Hy het daaraan gewerk wanneer daar 'n ledige halfuur was, soms het hy ná ure gebly, nou en dan oor 'n naweek ingekom. Tydsaam. Bewus dat hy baie het om te leer, bereid om sy skoolgeld te betaal.

Lefèvre het nou en dan na hom en die projek gekyk. Uitdrukkingloos.

Dit is 'n *table de ferme*, 'n plaashuistafel. Hy het dié ontwerp – geskoei op 'n

pragtige voorbeeld wat Madame in die voorwinkel verkoop het – doelbewus gekies omdat dit eenvoudig is. Net meer as twee meter lank, agt-en-tagtig sentimeter breed, vyf-en-sewentig sentimeter hoog, ’n blad, vier dunloop-pote, ’n fries aan al vier die kante. En twee basiese laaie voor.

’n Paar dae voor die Augustus-vakansie het hy een oggend by die werk aangekom, en gesien Lefèvre het sy regterlaai uitmekaar gehaal. Hy het geweet waarom. Die voeë was nie goeie handewerk nie. Hy het net vir *le génie* geknik toe hy inkom, en dit later oorgedoen.

Nou is hy amper klaar. Hy is besig om dit finaal te skuur, met ongemak, want die verband aan sy hand is lastig. Maar hy hou daarvan, die ritme, die reuk, die meganiese herhaling.

En hy dink hy wil ses stoele daarby maak, sy volgende projek. Hy het genoeg hout.

Teen vieruur dryf die Augustus-middag se hitte hom om klaar te maak. Hy vee die fyn skuursels op, maak die gereedskap skoon en bêre alles noukeurig, asof Lefèvre oor sy skouer loer. Hy sluit en hy loop.

Die Rue Notre Dame is stil. Eers by die Monument aux Girondins is daar aktiwiteit, toeriste wat foto’s neem, twee kinders wat in die water van die fontein lafenis teen die hitte soek. Dit neem hom tussen twintig en dertig minute om huis toe te stap. Sy roete is nooit presies dieselfde nie, maar sigsag altyd verby van sy gunstelingplekke. Hy ken die meeste van die geboue en plazas en strate se geskiedenis. Hy loop feitlik elke dag doelbewus verby die Grand Théâtre, adem die plein se atmosfeer in.

Vandag stap hy in die wandelhal van Rue Sainte-Catherine af, want Bordeaux se mense is meestal see toe, dis nie die gewone drukgang nie.

Vyfhonderd meter voor die Cours Victor Hugo sien hy vir Lonnie May.

Hy sal later wonder: Was dit sy verskerpte bewussyn sedert Élodie Lecompte en die geweld in die nag wat hom Lonnie laat oplet het?

Maar eers dink hy dit is sy verbeelding. Hy het Lonnie meer as ’n dekade laas gesien, dalk is dit net iemand wat hom aan Lonnie herinner. Die bekende figuur is twintig meter voor hom, soekend, hy kyk kort-kort na sy foon. Daniel loop agter hom aan, hou sy afstand. Dit kan nie wees nie. Herinneringe wat terugvloei, hy skud sy kop, ai, die ou lewe darem. Maar die vermoede dat dit Lonnie is, neem toe. Die wakker manier van stap, die bonkige figuur, die vorm van die kop, die blinkende bles.

En iets wat hom pla, nog vaag.

Hy kyk stip na die man, sien dit is sweerlik Lonnie, maar ouer. Here, ons word almal oud. Hy wil vinniger stap, uitroep na sy ou kameraad.

Hy doen dit nie, ’n ongemak in hom, ongedefinieerd. Iets is nie pluis nie.

Dan weet hy wat dit is.

Daar is iemand, feitlik hier langs Daniel, wie se aandag ook op Lonnie is. Daniel ken die tekens, byna vergete opleiding wat hy nou onthou.

Die man is besig om Lonnie te agtervolg.

13

Die agtervolger is lank en lenig, geklee in ’n blou denim, blou kraaghemp en grys baadjie. Donker hare, kort geskeer. En hy is goed.

Daniel loop in by Giovanni Gelateria, sodat die afstand tussen hulle kan vergroot.

Lonnie May? Hier? Bejaard, alleen, in Augustus in Bordeaux?

Daniel kyk ’n oomblik lank na roomysgeure en macarons, asof hy besluiteloos is. ’n Tinteling in hom, hy wil afleidings en konneksies maak. Wat het Lonnie se verskyning met die Élodie Lecompte-voorval te doen? Hoe het die ratte van die gereg gemaal om sy verlede – en vir Lonnie – te betrek? Wie is Grys Baadjie? Franse Nasionale Polisie?

Maar hier, nou? Dis nie toeval nie. Nie drie blokke van sy woonstel af nie.

Lonnie was besig met sy foon, soos iemand wat Google Maps gebruik om ’n plek te kry. Daniel se adres?

Darret mompel “pardon” vir die man agter die toonbank, draai om en loop uit. Hy kyk na regs. Hy sien Grys Baadjie talm net voor die Burger King. Lonnie staan seker by die groot oorgang van die Cours Victor Hugo.

Versigtig, want Grys Baadjie is nie ’n amateur nie. Darret ken die ingesteldheid van agtervolging; jy bespied jou hele omgewing, dit word by jou ingehamer. Die man sal op alles bedag wees. Dalk nie alleen nie. Daniel sal nie net hier kan bly staan nie.

Hy neem ’n besluit, loop doelgerig agter Grys Baadjie aan, maar dan draai hy haastig links in die Rue de Guienne, en dadelik weer regs. Hy sal vir Lonnie en sy agtervolger uit ’n nuwe, onverwagte hoek in die hoofpad kan benader. Hy sal op die uitkyk wees vir nog mense wat agter Lonnie aan is.

Hy is net betyds om Grys Baadjie in die Cours op die sypaadjie langs die nuusagent te sien. Die man se kop draai links, regs, sy oë soekend. Daniel loop in sy rigting. Hy sal ’n koerant gaan koop.

Lonnie is skoonveld.

Die agtervolger kyk nie na Daniel nie, hy gee vier treë na links, draai om. Hy mik om oor die Cours te kom, maar die verkeerslig is rooi vir voetgangers en daar is ’n stroom motors.

Die agtervolger het sy prooi verloor. Dis duidelik.

Lonnie May. Steeds uitgeslape. Hy moes besef het hy word agtervolg.

* * *

Al wat Daniel kan doen, is om met ’n ompad na sy woonstel te loop, want hy wil nie Grys Baadjie se aandag op hom vestig deur hóm te agtervolg nie.

Dit neem hom amper twintig minute. Hy kom van die basilika se kant af sodat hy ’n breër uitsig op die klein plein voor sy gebou kan hê, maar hy sien niemand nie. Hy sluit oop, gaan in, draf die trappe uit, hy sweet vryelik van die hitte en die opwinding. Hy stroop sy klere af, trek ’n kortbroek aan, maak die hortjies voor die venster oop en gaan haal ’n kombuisstoel. Hy sit net diep genoeg in die slaapkamer dat hy die plein daar onder kan dophou sonder dat hy maklik gesien kan word.

Meer as ’n uur-en-’n-half later kom Lonnie May in Rue Marengo aangestap. Haastig, die bleskop draai soos wat die ou man waarneem.

Lonnie, Lonnie, hoe grys is die bietjie hare wat jy oorhet. Maar jou stap is nog jonk. Daniel se herinneringe word ’n vloed.

Lonnie se oë kry die adres waarna hy soek. Hy huiwer nie, loop na die deur toe.

Daniel wag vir die klokkie om te lui. Dit gebeur nie.

Daar loop Lonnie weer.

14

Daniel sit ’n halfminuut lank voor hy besef wat gebeur het. Hy spring op, gaan uit, draf met die trappe af. Die bruin koevert lê daar op die vloer, deur die voordeur se posgleuf gedruk.

Vir Daniel Darret. In swart ink.

Hy tel dit op, maar hy weet reeds: Lonnie ken sy nuwe naam. Dit beteken ’n duisend dinge. Lonnie het hom opgespoor en dit moes ’n moeilike, dalk lang, dalk duur proses gewees het, want Daniel het sy spore baie goed uitgevee. Dit beteken Lonnie het besef hy kan daardeur Daniel se nuwe identiteit ontbloot. Immer lojale Lonnie moes dus gedink het die doel heilig die middele. Lonnie is nie hier om te kom gesels oor die ou dae nie.

Dit beteken Lonnie is in die moeilikheid.

Dit weet hy voor hy die koevert oopmaak.

Hy haas hom terug na sy woonstel, kry ’n mes uit die laai, skeur die koevert versigtig oop.

Umzingeli
Saint Andrew. Under the organ. 10:15.
Lonnie

Dit is die eerste woord, die aanspreeknaam, wat hom laat sidder, wat al die sluise van sy geheue oopmaak.

15

Augustus. Bennie Griessel. Kaapstad.

Die oggend ontmoet hy vir Cupido oorkant die Kaapstad-stasie, voor die ontvangssaal van Rovos Rail.

"En toe, partner?" vra Vaughn dadelik. "All systems go?"

Griessel weet waarna sy kollega verwys.

"Ek het die bespreking gemaak. Vir volgende Sondagaand."

"En?"

"Ek sal haar vanaand vra."

"Okay." Met simpatie, want Cupido worstel self soms met wat hy sy "confirmed bachelor's commitment issues" noem. Hulle stap in stilte oor die straat.

* * *

Mevrou Brenda Strydom, die treinmaatskappy se hoof van kommunikasie, is in haar vyftigs, aantreklik en keurig versorg. Sy het 'n lêer in haar hande. Sy nooi hulle om te sit in 'n hoek van die groot Rovos-vertreksitkamer, 'n mooi lokaal met 'n ouwêreldse atmosfeer. 'n Enkele kelner staan diskreet in 'n hoek. Sy vra wat hulle wil drink, plaas die bestelling, kom sit dan oorkant hulle. Sy skuif die lêer oor die koffietafel.

"Dankie dat julle hier is," sê sy.

"Dis ons jop," sê Cupido met net 'n skimp van sarkasme. Hy is van nature agterdogtig en aggressief wanneer dit by groot geld en luukse kom.

Griessel ken dié reaksie. Dit is deel van hul spandinamiek – hulle het deur die jare geleer om dit vir hulle te laat werk. Wanneer Vaughn Cupido hardekwas raak, speel Griessel die meer toeganklike rol.

Strydom is nie van stryk gebring nie. Sy knik. "Ek weet. Maar die dood van meneer Johnson is vir ons 'n baie ernstige saak, soos julle seker kan verstaan. Ons bedryf die luuksste trein in die wêreld. Die meeste van ons kliënte kom uit

die buiteland. Ons reputasie as ’n veilige manier van reis is vir ons alles. Daarom is dit vir ons van kardinale belang om dié saak spoedig en doeltreffend op te los, en ek is hier om te help op enige manier wat julle nodig ag.”

“Dankie, mevrou,” sê Bennie.

“Noem my Brenda. Ek het vir julle …”

“Is dit genuine the most luxurious train in the world?” val Cupido haar in die rede.

Strydom knik asof dit nie die eerste keer is dat iemand dit vra nie. “Dit is.”

“Okay?” Steeds skepties.

Sy tel die redes op een hand af: “Om mee te begin, ons het ’n private treinstasie van drie-en-twintig hektaar in Pretoria. Met ’n museum en ’n werkswinkel waar ons self die trokke restoureer. Daar is selfs ’n paar wildsbokke. Dit is absoluut uniek. Ons slaapkompartemente is die grootste van enige trein op Aarde. Elkeen het sy eie badkamer, wat vyf-en-twintig persent groter is as die mededingers s’n. Die koninklike suites, byvoorbeeld, het elkeen ’n bad én stort. Daar is elf ton trein per passasier, wat ook vyf-en-twintig persent meer is as enige ander trein. Al ons gaste eet gelyktydig – daar is nie eetskofte nie. Ek kan aangaan …”

“Dis okay,” sê Cupido. En dan, met ’n mate van trots. “Cool. Who would have thunk? In our little corner of the dark continent …”

Sy glimlag en wys na die lêer. “Ek het vir julle al die moontlike inligting voorberei. Daar is die volledige trajekregister, wat deur die bestuurder bygehou word. Dit sê hoe laat die trein van 5 Augustus by elke stilhouplek aangekom het, wanneer en hoe lank dit stilgestaan het, ensovoorts. Daar is die kontakbesonderhede van al ons personeel wat met die trein gewerk het – hier, op die trein self en op ons stasie in Pretoria. Hulle weet almal van die ondersoek en sal hulle volle samewerking gee. Ons gebruik volgens regulasie drywers van Transnet. Hul besonderhede is ook in die lêer, maar ons het nie beheer oor hul samewerking nie.”

“Dankie,” sê Griessel.

“Hier is ook ’n lys van al ons passasiers en hul besprekingsvorms. Die vorms het hul kontak- en paspoortbesonderhede. Die meeste het ook hul reisreëlings ná die treinrit ingevul. Baie van hulle is oorsese toeriste en het dalk al weer die land verlaat.”

“Hoeveel passasiers was daar?” vra Griessel.

“Op dié spesifieke trein, vyf-en-sestig. Net sewe was Suid-Afrikaanse burgers.”

Griessel en Cupido kyk vir mekaar. Hulle weet dit gaan ’n lang en moeilike proses wees om elkeen te kontak en inligting te kry.

Strydom sien die blik. “Elke treinwa het ’n gasheer of gasvrou, wat na die

mense in daardie wa se kompartemente omsien. Hulle ontmoet hul passasiers hier in dié sitkamer voor die trein vertrek. Hulle versorg die bagasie en sien om na ons gaste se behoeftes. Mevrou Scherpenzeel het in ’n koninklike suite gebly. Haar gasvrou se naam is Cathy Bing. Meneer Johnson het in ’n Pullman-suite gebly. Sy gasvrou was Sam … Samantha Albertyn. Hulle sal die meeste inligting oor mevrou Scherpenzeel en meneer Johnson hê. Ek het hulle duidelik gemerk op die lyste.”

“Dit sal baie help,” sê Griessel.

“Dit is ons plesier,” sê sy. “Maar gesels gerus eerste met Sam. Sy het ’n paar stukkies interessante inligting.”

“O?”

Strydom huiwer. “Ek wil nie namens haar praat nie, want ek kan dalk van die detail verkeerd hê. Sy weet julle gaan haar skakel … Daar is een ander ding wat ek dink dalk vir julle interessant sal wees: Mevrou Scherpenzeel het haar plek op die trein reeds in Januarie bespreek. Op 3 Augustus het sy ons weer gekontak met die versoek dat ons ’n metgesel ook moet akkommodeer …”

“Johnson?”

“Dis reg. Sy was baie gelukkig, want ons het ’n kansellasie gehad, ’n man en vrou van Australië wie se dogter geboorte geskenk het, drie weke te vroeg. Ons kon hulle kompartement vir meneer Johnson beskikbaar stel.”

Hulle maak notas.

“Okay,” sê Cupido. “Let’s start at the very beginning. Van waar die mense ’n booking doen.”

* * *

Brenda Strydom verduidelik aan hulle dat Rovos se besprekings uit verskeie oorde kom – van internasionale en plaaslike reisagente tot mense wat dit self doen oor die internet of telefonies.

Dit is ’n eenvoudige proses: Jy bespreek, jy betaal, jy ry op die trein. Daar is ’n enkele besprekingsvorm wat ingevul moet word, waarop passasiers hul naam, adres, kontakbesonderhede en paspoortnommers moet invul. Dit is daardie vorm wat in die lêer voor hulle ingesluit is.

Op die dag wat die trein vertrek, word hulle in dié vertreksitkamer ontvang en na die trein begelei. Dié spesifieke trein stop amptelik op Matjiesfontein vir ’n kort toer saam met ’n plaaslike gids, en dan weer op Kimberley die Sondagoggend. Daar onderneem die gaste ’n toer na die Groot Gat. Hulle word met bussies vanaf die stasie vervoer, en terug.

Gewoonlik hou die trein ook die twee nagte naby of op Beaufort-Wes en Klerksdorp stil om die passasiers ’n aangename nagrus te bied en die skedule te laat klop. Die tye en tydsduur waarop dit daar stilhou, word bepaal deur vertragings op die spoor. En dié is daar altyd.

“The big question,” sê Cupido, “is hoe moeilik is dit om op die trein te kom as jy nie ’n passenger is nie?”

Strydom het die vraag verwag. “Kaptein, niks is onmoontlik nie. Maar dit sal baie, baie moeilik wees. Daar is uitstekende sekuriteit hier op die stasie, op Matjiesfontein en in Kimberley. Maar as jy baie gelukkig is en op die trein kan kom, is daar nêrens waar jy kan wegkruip nie.”

“Behalwe as jy ’n contact op die trein het.”

“Dit gaan jou ook nie veel help nie, want die kompartemente word skoongemaak wanneer die passasiers eet. Daar word geskenkies neergesit. Jy het regtig nêrens om weg te kruip nie …”

“Ma’ hoe gaan daai staff van julle weet as iemand nie op die trein belong nie?”

“Hulle ontmoet hul gaste hier in die sitkamer. Hulle word met die hand gegroet.”

“I see.”

“Julle personeel … Hoeveel weet julle van hulle agtergrond?” vra Griessel.

“Voor hulle by ons begin werk het?”

“Ja.”

“Ons het ’n personeelagentskap wat baie goeie werk doen met agtergrondnavorsing …”

“Kyk hulle of daar kriminele rekords is?”

“Sover ek weet. Hoekom vra jy?”

“Johnson was in die polisie,” sê Griessel. “Ons sal ook moet kyk na arrestasies wat hy gemaak het. Miskien het hy iemand op die trein herken, iemand wat nie herken wóú word nie.”

Sy oordink dit vir ’n oomblik. “Dit is baie onwaarskynlik …”

“Hoe maklik is dit om die vensters oop te kry?” vra Cupido.

“Van buite af, onmoontlik. Van binne af, baie maklik. Al die vensters kan oop. Dit is deel van die ervaring. Deel van die uniekheid.”

“So dis maklik om in te klim ook?”

Sy huiwer, sê dan: “Nee … Die vensters is te hoog. Jy sal ’n leer moet gebruik. Of iets … Die trein kom weer Saterdagoggend aan uit Pretoria. Hoekom kom kyk julle nie?”

“Brenda,” sê Cupido, “hy’s uitgegooi aan die linkerkant van die spoor. Is dit uit ’n cabin uit, of uit ’n gang uit?”

“Die linkerkant sal uit ’n kompartement wees.”

* * *

Hulle loop na hul motors toe.

“Jy gooi nie ’n ou van ’n trein af as jy nie baie kwaad oor iets is nie,” sê Cupido. “En jy kan nie baie kwaad vir ’n ou wees as jy hom nie ken nie.”

“Die foto’s van Johnson in sy woonstel … Hy was fiks. Sterk. Jy gaan nie net baie kwaad moet wees nie, jy gaan baie sterk ook moet wees,” sê Griessel.

“Of jy sal meer as een moet wees.”

“Dit was iemand wat reeds op die trein was, Vaughn.”

“Hoe scheme jy?”

“Sê nou maar dis iemand wat vir hom kwaad was. Daai iemand sal moet weet hy gaan met die trein ry. Daai iemand sal moet weet hoe die trein werk, waar dit stilhou, hoe om in te kom. En dan nog vir Johnson kry en hom oorval. Dit is baie kennis, baie beplanning. Scherpenzeel het twee dae voor die trein sou vertrek vir Johnson plek gekry.”

“I read you, Benna.”

Hulle staan en staar na die stasie.

“Voetwerk,” sê Griessel.

“Amen,” sê Cupido.

“Ek sien jou by die kantoor. Ek moet eers shrink toe,” sê Griessel.

“Wanneer gaan dit op daai auntie dawn lat jy bat shit crazy is beyond redemption?”

16

Augustus. Daniel Darret. Bordeaux.

Hy slaap byna niks. Dit is nie die hitte wat hom wakker hou nie, dit is die herinneringe.

Hy rol rond in sy bed, steeds onwillig om in die nag uit te gaan en sy gewone slaaplose roete te gaan stap, want die gereg is dalk steeds op die uitkyk vir hom, ondanks die mediaberigte.

Om kwart oor vyf kom die son op en kan hy nie langer lê nie. Hy was en trek aan. Donker klere, want dit is onopvallend in die geroesemoes van die straat. Só kom die opleiding van ’n leeftyd gelede stelselmatig terug.

Hy loop onnadenkend oor die Pont de Pierre. In die middel van die brug gaan staan hy en maak seker daar is niemand wat hom agtervolg nie. Dan loop hy op met Avenue Thiers. Hy stry teen die skimme in sy kop, probeer fokus op Lonnie May. Wat wil hy hê? Waarom is hy hier? En hy hou nie van een van die antwoorde wat by hom opkom nie.

Lonnie het die katedraal van Saint-André gekies. Goeie keuse vir iemand wat nie die stad ken nie. Daar is beter plekke. Hy kan aan ’n paar dink. Mollat se boekwinkel, byvoorbeeld, altyd bedrywig. Of die tamaai Village Notre Dame, mevrou Lefèvre se grootste antiekwinkel-mededinger. Stil hoekies, maklik om die ingange te sien.

Wat wil Lonnie hê?

Waarom is daar iemand agter Lonnie aan?

Twintig minute later gaan staan hy. Hy kyk na die Werkloosheidskantoor se onaantreklike, moderne gebou voor hom. Hy besef hy het nie toevallig vanoggend hierdie rigting gekies nie. Dit was hier in La Bastide dat hy vir die eerste keer sy nuwe identiteit aan amptelike oë blootgestel het, laat toets het. Dit is hier waar sy nuwe lewe begin het toe hulle hom vertel het van die betrekking by die Lefèvres.

Wil hy regtig vir Lonnie ontmoet?

Hy wil nie hierdie bestaan van hom prysgee nie.

Lonnie sal vir hom sê: “Tiny, hierdie plek is jou balsem.”

“Tiny” was sy bynaam, in die ou dae.

Lonnie sal vir hom sê: “Tiny, hierdie land en hierdie stad is jou verdowingsmiddel. Jy sal jouself en jou geskiedenis en jou bestaan moet konfronteer. Jy sal heling moet vind, jou demone moet tem.” Lonnie was altyd die stem van redelikheid, die verantwoordelike mentor, die gewete. Eerbare Lonnie. Pligsgetroue Lonnie.

Hy wil niks tem nie. Hy wil sy plaastafel klaarmaak, en dan die stoele, een vir een, en aanhou leer om met die meubels te werk. Eendag, dalk vier of ses of tien jaar van nou af, wanneer Henry Lefèvre te oud is om te werk, wil hy hom opvolg, tot hy self te oud is, en dan wil hy iemand anders leer en sy pensioentjie trek en hier doodgaan. Gebalsem, verdoof. Vry van herinneringe.

Hy staan ’n halfuur lank en kyk hoe die trems heen en weer beweeg, heen en weer, met hul slanke, moderne vorms soos sneltreine.

En dan draai hy om en loop terug na sy woonstel om te gaan probeer ontbyt eet voor hy vir Lonnie ontmoet.

* * *

’n Pous het byna ’n duisend jaar gelede dié kerk heilig verklaar, die katedraal van Saint-André waarna die inwoners bloot verwys as die Bordeaux-katedraal. Daniel was al hier in, maar dit is te groot na sy sin. Wanneer hy soms die behoefte het om te gaan sit en krag te vra vir die vergeet, verkies hy die eenvoud en verval van die Saint-Michel-basilika of die intimiteit van die Église Sainte-Croix.

Hy weet waarom Lonnie Saint-André gekies het. Die manjifieke, massiewe binneruim maak dit makliker om mense uit te ken, selfs al is daar baie. Die drukgang is nooit té erg nie. Net een in- en uitgang om dop te hou, op die groot Pey Berland-plein waar jy ’n agtervolger met groter gemak kan sien. Die plein het vier moontlike ontsnaproetes en een van die besigste tremstasies in die stad.

Daniel kies die Rue du Maréchal Joffre omdat dit stiller is. Hy maak seker daar’s niemand agter hom aan nie. Hy talm, sodat hy nie te vroeg is nie, want die katedraal se deure maak eers om 10:00 oop.

Hy stap in saam met ’n paar toeriste, kameras om hul nekke. Hy gee voor om oorweldig te word deur die praal van die binnekant, sodat hulle koers kan kies, sodat hy kan sien of hulle enigsins in hom belangstel.

10:12.

Hy draai om, loop haastig weer uit, net om doodseker te maak.

Niemand reageer nie.

Hy gaan weer in, draai regs, loop af tussen die honderde stoele wat in

netjiese rye staan, na die holte onder die skouspelagtige orrel. Hy sien Lonnie nêrens.

Op met die tien trappe tot reg onder die orrel-balkon, en dan weet hy Lonnie is hier regs in die versteekte hoekie, met sy boepmagie, sy dik wenkbroue en sy bril en sy kaal kop, en hy loop na sy ou kameraad toe en hulle omhels mekaar en Daniel Darret, eens Tobela Mpayipheli, huil geluidloos. Die eerste mens uit sy ou lewe – Lonnie May, liewe Lonnie May. Dit is die verlange na sy geboorteland en al sy verlore geliefdes wat hom oorweldig.

Lonnie, soveel korter, sy kop hier teen Daniel se bors, die bril skeef gedruk in die omhelsing, sê: "An agnostic. And the Xhosa son of a Protestant preacher. Furtively embracing behind a corner in a Roman Catholic church. You can't make this stuff up, Tiny."

Maar Lonnie moet ook skelm-skelm oor sy oë vee.

En dan lag hulle so tussen die trane deur.

* * *

Hulle staan só dat Lonnie kan uitkyk oor die die kerk se binnekant. "Two of the buggers have been on my tail, all the way from London. Lean and hungry look, thought I was too old to spot them. Must be running all over Bordeaux now, trying to find me," sê hy in sy bekende staccato styl, en hy lag sy Lonnie-lag, geheimsinnig en sag. Maar daar is spanning in hom.

"Who are they?" Daniel staan in die hoek, leun met sy rug teen die muur.

"Russians, I think."

"Russians?"

"It's a long story."

"I'm sure."

Lonnie kyk na hom. "You're looking great."

"Not getting any younger."

"Don't talk to me about age … Jesus, Tiny, it was a job finding you."

"You seem to have managed pretty well."

Die stemme van toeriste wat naderkom. "I … We need a better place to talk. This isn't going to work for very long."

Daniel het so vermoed. Hy het gedink aan 'n goeie plek. Hy sê: "Au Bistrot. It's a restaurant on the Place des Capucins, across from the market. There's a cellar, only one stairway, one entrance. I know the owner, François."

"Good food?"

"The best."

“Twelve-thirty?”

“Yes.”

“It’s good to see you.”

“I’ll reserve judgement until I know why you’re here …”

Hy sien aan Lonnie se gesig dat die nuus wat hy gebring het nie goed is nie. Maar Lonnie knik net, en dan loop hy.

Daniel Darret wag tien minute voor hy ook uitgaan.

17

Lonnie het ’n sak by hom, ’n klein rugsak wat hy langs die tafel sit.

Hulle praat Afrikaans, hier in Au Bistrot se kelder. Omdat Lonnie sê hulle kan nie té versigtig wees nie. Al is hulle alleen hier onder.

Daniel sê: “Die kelnerin is Nederlands.”

“Dan bly ons stil as sy afkom.” Lonnie leun oor die tafeltjie en sy stem is sag en dringend en gespanne. “Tobela, ek weet my skielik verskyn het jou ontstel. Ek gaan jou nie in suspense hou nie. Ek gaan jou sê hoekom ek hier is.”

Hy staal homself. “Sê my, Lonnie.”

“Ons kan nie meer ons President bekostig nie. Die skade is te groot.”

Daniel hoef nie te vra watter president nie. Hy lees daagliks die slegte nuus uit sy geboorteland.

“Wat het dit met my te doen?”

“Ons wil hê jy moet hom …” Lonnie se huistaal is Engels en hy soek tevergeefs na die Afrikaanse woorde. Hy kyk eers na die trap se kant toe, sê dan baie sag: “You have to take him out, Tiny.”

Die brutaliteit daarvan, die bevestiging van wie hy was, laat sy lyf ruk. Hy skud sy kop stadig om die skok te probeer wegsteek. “Nee,” sê hy.

“Ek verstaan, Tiny, maar …”

“Nee, Lonnie. Julle moet iemand anders soek.”

“Daar ís nie iemand anders nie.”

“Nee.”

Lonnie sug. “Ek het geweet jy gaan só reageer. I’ll let it sink in a little. I’ll give you my full sales pitch. You don’t have a choice.” Hy tel die spyskaart op. “Jy sal vir my moet vertaal, want ek het nie ’n clue wat hier staan nie.”

Deel II

18

Augustus. Bennie Griessel. Stellenridge.

Alexa verwys na Donderdae as hul heelword-dae.

Griessel hou nie van dié term nie. Dit is te … vroulik is seker die mooiste ding wat hy daaroor kan sê. Te New Age, te aansitterig, te sag, te shame-ek-is-stukkend. En hy dink dit is onrealisties, want hy dink nie hý persoonlik is daartoe in staat om volkome heel te word nie. Nie met sý verlede nie, nie in hierdie jop nie.

Die werklikheid is veel meer soos Vaughn soms vir hom sê: "Gaan sort jou kak uit." Maar darem meestal met die versagtende voorbehoud: "I need you, Benna. The Service needs you." En partykeer, as Cupido meegevoer raak: "The universe needs you."

Cupido, wat so maklik die stressors van speurder wees hanteer. Wanneer dit by sy persoonlike lewe of politieke sienings kom, is dit 'n ander saak, maar selfs dan is sy meganismes om dit te hanteer soveel meer doeltreffend as Griessel se gesuip. Om die ergste stoom af te blaas, sal Cupido ontplof, raas en skree. En daarna ekstra laf wees, van alles 'n grap maak, 'n soort tong-uitsteek vir die wêreld; "julle sal mý nie onderkry nie".

Griessel vermoed dit is die resultaat van Vaughn Cupido se grootwordjare in Mitchells Plain, teenaanvalle om die swaarkry mee baas te raak.

Vir Griessel is Donderdae die sien-die-sielkundige-dag, en Alkoholiste Anoniem-aand. Laasgenoemde saam met Alexa, wanneer hulle kan gaan. Hul heelword-dae, die afgelope agt maande, vandat hy weer die bottel gelos het.

En dit help. Hy kan dit nie ontken nie – die shrink het 'n groot verskil gemaak. En die AA-aande herinner hom aan sy magteloosheid teen die drank, aan die feit dat hy van dag tot dag sy stryd moet stry. Dat hy nie alleen is nie.

Die shrink is 'n aantreklike vrou. Griessel se ouderdom, laat veertigs. Daar is 'n teddiebeer in haar kantoor. 'n Groot, bruin, opgestopte ding wat met daai glasoë na hom staar. Verwytend. Hy haat die ding. Hy wens sy wil dit verwyder, maar het nog nooit die moed gehad om iets daaroor te sê nie. Want sy is die grootste enkele rede waarom hy in Johnson Johnson se leë woonstel kon staan en die buffet kon oopmaak, die drankbottels daar sien en koel en

kalm daarna kyk. En dit weer toemaak en aangaan. Sy lus vir drank was dekades laas so min.

Die shrink behandel meestal SAPD-mense. Sy het hom geleer dat hy ’n vrees het vir skade aan ander. Sy sê dit is algemeen onder polisiemense en soldate, in vennootskap met posttraumatiese stres. En Bennie Griessel het ’n klap van al vier die vlerke van dié vrees-windmeul weg – oorlewingskuld, skeidingskuld, omnipotente verantwoordelikheidskuld en selfhaat.

Basies kom dit daarop neer dat hy weens sy werk blootgestel word aan al die bose dinge wat mense mekaar kan aandoen. En omdat hy inherent weet hy kan nie sy geliefdes daarteen beskerm nie, laat vrees en sy oordrewe pligsbesef hom suip.

Hy en die shrink werk daaraan om al die traumatiese gebeure in sy professionele lewe – al die moord en doodslag, die grusame misdaadtonele, die koelbloedige dade – saam te analiseer. Sodat hy verstaan dat hy nie verantwoordelik was vir die skade wat gely is nie, dat hy niks kon gedoen het om dit verhoed nie. Al is hy ’n poliesman wat veronderstel is om dit te doen.

En sy moedig hom aan om sy werk en omstandighede met sy geliefdes te bespreek.

Soos wat hy gisteraand, ná sy kort stort, teenoor Alexa gedoen het. Hy het haar van Johnson Johnson vertel, van die greinerige selfoonfoto’s van die lyk langs die treinspoor, en hoe dit hom laat voel het. En Alexa het meelewende geluide gemaak, vir hulle tamatiebredie ingeskep en gesê: “Kom eet nou lekker, jy gaan die krag nodig hê.”

En die bredie was – dank die Vader – nogal nie sleg nie.

Hy hou voor die huis in Stellenridge stil. Die sielkundige se kantoor is aangebou, met ’n aparte ingang. Vir die opgefoktes.

Hy sien hy is ’n paar minute vroeg. Hy bel weer die laaste nommer wat Johnson Johnson voor sy dood geskakel het. Daar is steeds geen antwoord nie, geen stempos nie.

Hy haal diep asem en gaan in by die hekkie. Hy wonder of hy die shrink moet vra waarom hy so bang is om Alexa te vra om te trou.

* * *

Hy staar na die teddiebeer, en die teddiebeer staar na hom. Hy vertel die shrink van die Johnson Johnson-saak en sê vir haar hy het sy aangeleerde tegnieke goed gebruik toe hy na die foto’s gekyk het. Hy noem van die drank in die buffet, sy klein oorwinning.

Sy prys hom, maar versigtig, want sy is ’n slim vrou en sy weet die heuningkwas maak hom ongemaklik. Sy noem dit Griessel se “selfhaat-kwessie”.

Dan praat hulle oor sy kinders. Oor sy goeie verhouding met sy dogter, Carla, en sy swak verhouding met sy seun, Fritz, wat nog nie wil glo dat sy pa hierdie keer regtig opgehou drink het nie.

Hy praat nie met haar oor Alexa en die Groot Vraag nie.

Dan ry hy terug Bellville toe. Soos altyd voel hy leeg en moeg en ’n klein bietjie beter.

* * *

By die kantoor loop hy reguit na die Valke se Inligtingsbestuursentrum, meestal bekend as die IMC, oftewel Information Management Centre. Dit is die ondersteuningseenheid by die DPMO wat tegnologie wyd inspan ter ondersteuning van ondersoeke.

Hy gee die selnommer vir die sentrum se bevelvoerder, kaptein Philip van Wyk, en vra of hulle die eienaar daarvan kan identifiseer. Hy handig die geheuestokkie in wat hy in Johnson se buffet gekry het, vir analise. Dan gaan haal hy vir Cupido en hulle loop na kolonel Mbali Kaleni se kantoor.

“Hoe’t dit gegaan, Benna?” wil Vaughn weet.

“Sy sê dis nie ék nie, dis die weird ouens saam met wie ek werk.”

“Shrinks,” sê Cupido. “They’re the craziest mofos of them all.”

* * *

Hulle gaan sê vir kolonel Kaleni dit gaan ’n lang en komplekse ondersoek wees, en hulle verduidelik aan haar die probleem van vyf-en-sestig passasiers, bykans dertig treinpersoneellede en ’n analise van Johnson Johnson se arrestasierekords.

Hulle hoop sy sal nóg lede van die Ernstige en Geweldsmisdaadspan aan die docket toeken.

Hulle vra vir haar of sy dalk haar invloed kan gebruik sodat die patoloë die post mortem van Johnson kan versnel.

“I’ll see what I can do. Captain Cloete is in here every five minutes.” Sy verwys na kaptein John Cloete, die Valke se mediaskakeloffisier, wie se van sy as “Cluetee” uitspreek. “The media is driving him nuts. A reporter from

Rapport has put in a formal request for an interview with you two. But I told him it is not possible."

Moord op die wêreld se luuksste trein, dink Griessel, natúúrlik sal die mediasirkus in volle swang wees.

"We can make the time for an interview, colonel," sê Cupido.

"Hayi," sê sy in haar moedertaal en beduie met haar hand hulle moet gaan werk.

Hulle stap in die gang af. Toe hulle ver genoeg weg is, na-aap Cupido kolonel Kaleni se Zoeloe-Engelse aksent: "Maybe I should call captain Cluetee myself."

"Jy spot nou met 'n vrou wat maerder is as jy," sê Griessel.

Vaughn kyk seergemaak na hom. "Die mes is in Benna, jy kan hom nou maar twist ook."

Griessel grinnik net.

"Ek's ernstig, Benna. 'n Lekker article in *Rapport* wat sê the man on the case is die legendary captain Vaughn Cupido of the Hawks, daai kan baie help om vir dié Donovan-laaitie te wys ek is nie so bad nie."

"Ek dink hy weet dit al klaar."

"Jy scheme?"

"Dis soos Eddie Mack sing, Vaughn, 'everybody loves a fat man'."

"Wie?"

"Eddie Mack, die blues-sanger." Dis Griessel se gunstelingmusiek, die klassieke blues.

"Never heard of him. Ma' fok jou en fok vir Eddie Mack, ek is nie só dik nie. Kom ons gaan bel daai auntie wat Johnson Johnson se hostess was."

"… and oh, how a fat man can love," sing Bennie Griessel die res van die Mack-koortjie.

By Cupido se kantoor sê hy: "Benna, every time you come back from that shrink, you seem to be a little lighter."

En Griessel weet dis waar.

* * *

In Cupido se kantoor bel hulle vir Samantha Albertyn, Johnson Johnson se gasvrou op die Rovos-trein. Hulle maak die oproep met die luidspreker aan.

Hulle kan aan haar stem hoor sy is senuagtig. Op die agtergrond is die klik-klak-geluide van 'n trein op spore. "Ek weet nie hoe lank die sein gaan hou nie, ons is net anderkant Mafikeng …"

“Mafikeng?” vra Cupido. “Why Mafikeng?”

“Dit is ons Victoria Falls-trein.”

“Okay,” sê Cupido. “Cool. Ons sal terugbel as die sein drop. Kan ons praat oor Johnson Johnson?”

“Dis so tragies,” sê sy. “Dis … Al ons gaste is so nice. Dit het nog nooit gebeur nie. Dis net tragies …”

“Dit is, Sam, en ons wil die ou vang wat dit gedoen het …”

“Is dit ’n ou?” Met ’n stem wat vol ontsag is vir hul vaardigheid.

“Ons weet nog nie, Sam, dis ma’ my way om te praat.”

“O.” Teleurstelling. “Okay. Ek het eintlik net die een ding wat ek van seker is,” sê sy.

“Ja?”

“Sy bed. Hy … Wanneer ons gaste aandete eet, gaan versorg ons die kompartemente. So sewe-uur se kant. Ek het sy bed … Meneer Johnson het in ’n Pullman-suite gebly. Dit beteken daar is ’n sofa, wat ons in die aand uitvou, dan word dit ’n dubbelbed …”

“Okay,” sê Cupido.

“Nou moet ek probeer verduidelik … Ons het ’n spesifieke manier om die bed op te maak, want die agterkant is teen die muur … Om die deken en die lakens mooi te vou … Ons het ’n manier.”

“Check,” sê Cupido.

“Toe ek die volgende oggend … As hulle ontbyt eet, dan diens ons weer die kompartement. En toe sien ek die bed is weer opgemaak. Maar nie soos óns dit doen nie. Dis … Ek wil nie … Dis maar net wat ek dink …”

“Dis okay, Sam,” sê Cupido. “Just give it your best shot.”

“Dit het gelyk of hy … of iemand probeer het om die bed weer op te maak soos dit was. Maar ek kon sien dit was nie óns manier nie.”

“Okay.”

“Ek kon ook sien … Ek dink … Ek dink nie hy het in die bed geslaap nie. Die kussings … Mens kan sien aan die kussings …”

19

“Daai is great, Sam. Daai is baie belangrik,” sê Cupido aan Samantha Albertyn. “Daai was die eerste aand, nè? The Saturday night?”

“Dis reg.”

Griessel praat die eerste keer, identifiseer homself en vra: “Jy het hom daardie oggend in die sitkamer by Kaapstad-stasie ontmoet?”

“Dis reg.”

“Het jy hom weer op die trein gesien?”

“Ja. Ek het sy compartment briefing gedoen. Dan wys ons vir hulle hoe alles werk …”

“Was dit die laaste keer?”

“Nee, ek het hom in die gang gesien, en by high tea, en toe hulle op pad was na aandete toe … Mens loop mekaar maar raak op die trein, dit is nie só groot nie. En almal gebruik dieselfde gang …”

“Ons weet dis moeilik om alles te onthou, maar kon jy sien of sy gedrag … sy bui, of dit dalk verander het? Of hy dalk … Of iets hom ontstel het?”

’n Oomblik van stilte, sodat net die geluide van die trein hoorbaar is. “Nee. Hy was net baie nice, elke keer wat ek hom gesien het. Dis hoekom dit so tragies is.”

“Sam, mevrou Strydom het gesê jy het ’n paar goed wat interessant is. Was dit net die kooi?” vra Cupido.

“Die kooi? O, jy bedoel die bed?”

“Ja.”

“Dis al wat ek van seker is.”

“Is daar iets waarvan jy nié seker is nie?” vra Griessel.

“Ek weet nie of ek dit moet sê nie. Netnou maak ek ’n fout …”

“We’ll keep that in mind, ma’ jy moet vir ons álles sê.”

“Asseblief,” sê Griessel.

Sy bly só lank stil dat hulle dink die verbinding is verbreek. Dan hoor hulle hoe sy diep asemhaal. “Toe ek sy bed gaan uitvou het … Ek het gedink daar was ’n laptop op die … Die Pullman … Daar is so ’n klein tafeltjie, as jy op die sofa sit en werk. As jy die bed opmaak, dan knip jy die tafeltjie af, en bêre dit in die kas … En ek dink daar was ’n laptop, want ek het nog gedink, moet nou

nie die laptop afstamp nie. Ek het een keer ’n gas se iPad afgestamp van só ’n tafeltjie, toe kraak die skerm …”

“Daai is goed, Sam. Sy vrou sê hy het ’n laptoppie gehad, en ons kry dit nie in sy huis nie.”

“O! Okay. Ek … Dan het ek my nie verbeel nie.”

“Wat van die laptop, Sam?” vra Griessel.

“Ek het sy tassie gekry, die Maandag, dit was diep onder sy bed ingestoot, en dit was nie toe nie. Ek … Ek het dit oopgemaak … Toe het ons nog gedink hy het … iewers afgeklim …”

“Ja?”

“En toe is die laptop weg.”

Hulle praat met haar tot die sein wegraak, maar hulle raak nie veel meer wys nie.

* * *

Griessel bel dadelik vir Brenda Strydom. “Ons wil net hoor wat van meneer Johnson se bagasie geword het.”

“Dis by julle,” sê sy.

“By óns?”

“Ja. Julle het dit kom haal,” sê sy. “Die polisie in Pretoria.”

“Weet u van watter stasie? Of wie die lid was?”

“Ek sal dadelik uitvind. Hulle moes daarvoor teken.”

Hy bedank haar en lui af. Hy vertel vir Cupido wat sy gesê het.

“Seker die village idiot van Beaufort West wat dit laat haal het. Aubrey Verwyt.”

Griessel lag. Cupido en name.

Daar is ’n klop aan die kantoordeur se kosyn. Philip van Wyk van IMC stap in met ’n ingevulde navraagvorm. “Die telefoonnommer, Bennie,” sê hy en gee die vorm vir hom. “Dit behoort aan sersant Kagiso Dimba van die VIP-Beskermingseenheid.”

“Óns beskermingseenheid?”

“Jip. SAPS, Pretoria.”

“Dis die outjie vir wie Johnson die laaste gebel het?” vra Cupido. “Die een wie se foon nou so dood soos ’n drol is?”

“Dis hy,” sê Griessel.

“This case is a mess,” sê Cupido.

“En daardie memory stick,” sê Van Wyk, “daar was drie porno-video’s op.”

“Homemade?” vra Cupido.

“Nee. Professionele goed, seker van die internet afgelaai.”

* * *

Cupido stel eers vas hoe laat dit in Nederland is, dan bel hulle.

’n Man antwoord. “Goedemorgen.”

Die foon se luidspreker is aangeskakel.

“Goedemorgen,” sê Cupido in sy beste Nederlandse aksent. “Kan ek asseblief met mevrou Thilini Scherpenzeel praat.”

“Het spijt me. Mevrouw Scherpenzeel is niet beschikbaar.”

“Dit is kaptein Vaughn Cupido van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in Kaapstad. Wanneer sal sy beskikbaar wees?”

“Slechts een moment, alsjeblieft, kapitein.”

Die geluid van die gehoorbuis wat neergesit word.

“Slechts een moment, alsjeblieft, kapitein,” eggo Cupido met ’n sleeptong-fluisterstem. “Dis soos Afrikaans vir dronk mense. In jou suipdae sou jy maklik Hollands kon praat, Benna.”

Griessel lag hardop.

Amper dertig sekondes later: “Bedankt voor het houden, kapitein. Ik verbind je door.”

Weer wag hulle.

“Kapitein,” sê Cupido. “Nice ring to it. Kapitein Vaughn Cupido. Van der Valke.”

“‘Van dér Valke’ klink meer soos dronk Duits,” sê Griessel.

“Julle gewone mense het ook geen appreciation vir ons linguists nie.”

“Yes?” sê ’n streng vrouestem oor die klein luidspreker.

“Mevrou Scherpenzeel?”

“Yes.”

“Goedemorgen. Dit is kapitein Vaughn Cupido. Van die Valke in Kaapstad. Hoe is die weer in Holland vanoggend?”

Stilte.

“Mevrou Scherpenzeel?”

“I have found that it is better to speak English with Afrikaans people, because of the risk of misunderstanding, especially when a call is as important as this one. I also find it highly irritating when people refer to the Netherlands as ‘Holland’. There is no Holland. There are the two provinces, North Holland and South Holland. I am in neither. I am in the city of Utrecht, which is in the

province of Utrecht. Now, shall we talk about the very, very tragic death of mister Johnson Johnson?" Alles in aksentlose Engels.

"Yes, ma'am," sê Cupido gedwee.

"Good. If you furnish me with an email address, I will send you my prepared statement. It has been notarised and approved by my lawyer, and it should contain all the information you need. However, if it is in any way inadequate, I will be happy to take your call at your leisure."

"Between nine and twelve?" vra Cupido.

"No, I will take your call any time after nine in the a.m. and before nine in the p.m. This is very personal and very important to me."

* * *

In die stilte ná die oproep lui Griessel se foon. Hy ken die nommer. Hy antwoord: "Prof?"

"Hoe gaan dit, Nikita?" vra professor Phil Pagel, die hoofstaatspatoloog. Hy noem Griessel al vyftien jaar lank "Nikita", want hy het destyds met hul eerste ontmoeting Griessel se gesig een kyk gegee en gesê: "Ek is seker dis hoe 'n jong Chroesjtsjof gelyk het." Griessel moes gaan seker maak wie Chroesjtsjof was.

"Goed, en met jou, prof?"

"Wanneer julle kolonel Mbali Kaleni bel en sê ons moet ons riete roer, dan besef jy daar was al beter dae, Nikita. Maar ek kan nie kla nie. En, sal julle bly wees om te hoor, ons gaan dan onmiddellik ons kollektiewe riete roer met die ongelukkige meneer Johnson Johnson. Daar is net een klein probleempie: Ek mag, soos jy weet, nie wetlik my dissekteermes aan meneer Johnson slaan voor die liggaam nie amptelik en offisieel uitgeken is nie. Kan julle help?"

"Natuurlik, prof."

"Nikita, net 'n waarskuwing: Die kadawer is in 'n gevorderde staat. Sou julle dit in gedagte wou hou tydens die keuse van wie hom kom uitken."

20

Geen speurder hou daarvan om die staatslykshuis in Durhamstraat, Soutrivier, te besoek nie.

Dit is om mee te begin ’n onaansienlike plek, van die verbeeldinglose staatsdiensargitektuur van plat bruinbaksteen-en-rooidakgeboue agter ’n verweerde heining van betonpaaltjies, tot by die spartaanse en neerdrukkende binnekant: die nou gange, die kaal, koue teëlvloere, die reuk van formalien en fenol en ontsmetting en ontbinding. Om by te wees wanneer ’n patoloog sy post mortem-disseksies doen, bly ’n ontstellende ervaring, ongeag hoeveel keer jy dit al meegemaak het. Maar dit is die groot ongemak wanneer ’n lyk uitgeken moet word, die hartverskeurende emosies en diepe rou van die naasbestaandes, wat speurders die diepste ontstel.

Daarom haal Vaughn Cupido ’n vyfrandstuk uit sy swart leerbeursie en vra vir Griessel om te kies.

“Kop,” sê Griessel. Hy weet hy gaan verloor. Hy verloor altyd as Vaughn ’n muntstuk opskiet, al verskaf Bennie self die geld.

Cupido lanseer dit behendig, vang dit, klap dit op die agterkant van sy linkerhand neer. “Sorry, Benna. Tails.”

“Laat ek sien.” Want sy kollega haat die uitkenning nog meer as hy.

“Oh, ye of little faith,” sê Cupido en wys dan die muntstuk vir Griessel.

Stert.

“Fok.”

“Wat kan ek sê? The universe loves me.”

Ná ’n oomblik se nadink sê Griessel: “Ek gaan vir Robyn bel en hoor of sy beswaar sal hê as die A.O. by Brackenfell die liggaam gaan uitken.” Want hy weet watter blywende skade dit aan die vrou kan doen om haar eksman só te sien. En hy wil homself die trauma van haar smart ook spaar.

“Good thinking,” sê Cupido. “Ek wag vir die kwaai Hollandse auntie se email.”

“Nederlandse auntie, Vaughn. Nederlands.”

* * *

17 Soestdijker Road
Den Dolder
Utrecht 3734
Netherlands

To Whom It May Concern

I am Mrs Thilini Scherpenzeel, a Dutch citizen permanently residing at the above address. I am 91 years of age, of sound mind and body. I confirm that the contents of this statement are true to the best of my knowledge and belief and that I make this report voluntarily, knowing that, if it is tendered in evidence, I would be liable to prosecution if I have wilfully stated anything which I know to be false or that I do not believe to be true.

I have no conflict of interest of any kind in this matter.

Herewith, my statement: I undertook a holiday to South Africa from 19 July (the date of my flight from Schiphol to Johannesburg) to 8 August (the date of my return flight from Johannesburg to Schiphol).

During that time, I spent seven (7) days in the Royal Malewane safari lodge in the Greater Kruger National Park (20 July to 27 July), and nine (9) days in Cape Town as a guest of the Cape Grace Hotel (28 July to 5 August).

From 5 to 7 August, I travelled with the Rovos Rail train from Cape Town to Pretoria.

I found South Africa to be a beautiful, friendly, hospitable country, and I am deeply saddened by the events that transpired during my visit. I wish to extend my most heartfelt condolences to the family and friends of Mr Johnson Johnson, and would like to request the investigating officer to forward me the telephone number or email address of his family. I would like to offer my sympathy personally.

During my stay in Cape Town, I had daily contact with the daytime concierge of the hotel, a lovely man by the charming name of Vinnie Adonis. I do apologise for not knowing his full and proper name. Mr Adonis was very helpful in organising the various day trips I undertook during my stay, inter alia to Cape Point, Stellenbosch, Franschhoek and up Table Mountain. He constantly urged me to be careful while exploring the city and peninsula, as men often do when confronted by a woman of my age, I presume. He also mentioned, on several occasions, the services of a personal security expert he could recommend.

I would like to hereby clearly state that Mr Adonis never overstepped or intruded in any way, and was always at his most courteous and professional in all his dealings with me.

However, being a well-travelled and world-wise nonagenarian, I surmised that this personal security expert was a friend of Mr Adonis, and that Mr Adonis was extending a helping hand in procuring employment for his friend.

I am the widow of a well-known businessman and entrepreneur, the late Joop Scherpenzeel, who founded the Sonnenborgh Breweries in the Netherlands. Therefore, I am acutely aware of the necessity for private and personal enterprise. Furthermore, I am of the opinion that job creation is the cornerstone of a sound and prosperous economy. Thus, my sole reason for contemplating the employment of this private security expert, was to make a small contribution to the wonderful people and the struggling economy of this marvellous country, as I had the means and opportunity. I did not require any personal protection or security. I am perfectly able to take care of myself.

I met Mr Johnson Johnson in the lounge of the Cape Grace Hotel on the morning of 3 August, at my request. I enquired as to his background, his current profession, and his hopes and dreams. He impressed me as a thoroughly courteous, kind and ambitious individual. He showed me photographs of his beautiful daughters. During the meeting I took the decision to ask him to accompany me on the Rovos Rail journey to Pretoria, in his professional capacity. It is a decision I have deeply regretted since hearing of the tragic fate of this family man, since I feel some responsibility for placing him on the train, in harm's way, and triggering whatever circumstances that transpired to engineer his very dreadful demise.

Nonetheless, I contacted Rovos Rail, and was fortunate enough to procure a booking for Mr Johnson. I proceeded to call Mr Johnson, assisted by Mr Adonis, reserved his services, and met him in the Rovos Rail departure lounge on the morning of 5 August.

Soon after departure, Mr Johnson joined me on the viewing deck in the very last carriage of the train. He indicated various landmarks as we travelled out of the city, showed me the proximity of his home as we passed through the suburbs, and lamented the sad state of public train transport in the peninsula.

He then escorted me to the lounge after I complained of the wind chill, and we spent most of the afternoon there, enjoying high tea and the magnificent views of the Breede River and Hex River valleys, meeting other passengers, and engaged in conversation with them. It was, to say the least, most agreeable.

In the late afternoon – I did not make any pertinent effort to check the exact time – the train stopped at the delightful historic village of Matjiesfontein, where Mr Johnson accompanied me on the guided tour. In the hotel pub, a man was playing the piano, and Mr Johnson impressed me with a fine singing voice as he indulged in Afrikaans traditional folk songs.

He then accompanied me back to the train, and we both retired to our compartments to freshen up for dinner.

At around seven-thirty, Mr Johnson collected me from my compartment, and we proceeded to the dining car for what turned out to be a five star meal. We were invited to share a four seat table with a charming couple from Taunton in the United Kingdom, whom we had met at high tea. I am a former pupil of Queen's College in Somerset, and so had much to catch up on and discuss with them. Regretfully, Mr Johnson must have felt a little excluded by this conversation. Although he was quiet, he seemed at ease and relaxed.

This brings me to the one thing of note that happened, during the latter part of dinner. I can only recount it as I remember it, but I must admit to being distracted by the most interesting conversation at the table. Thus, the following is based on an impression, rather than certainty: Mr Johnson seemed to recognise someone in the dining car. I distinctly remember him raising his hand as if to greet that person, but it was an uncertain gesture, as if he wasn't exactly sure that he knew him or her. As we were sitting next to each other, we shared the same view. I recall following his gaze, but as there were several people leaving dinner at the same time, I cannot identify the specific person his gesture was aimed at, man or woman.

The moment passed, and I never inquired as to whom he apparently recognised, for which I am now very sorry.

We retired to our respective compartments soon after, at about ten minutes to nine, as I wanted to call home from my compartment at nine o'clock. Mr Johnson gentlemanly escorted me to my door, and wished me a pleasant night's sleep.

That was the last time I saw him.

21

“Okay,” sê Vaughn Cupido hardop vir sy leë kantoor toe hy die Scherpenzeel-verklaring klaar gelees het. “Okay.” Want as Johnson Johnson iemand op die trein herken het, beteken dit die ondersoek kan eers net op die Suid-Afrikaanse treinpassasiers fokus.

“Not a good sign, as ’n man eers met homself begin praat,” sê ’n stem van die deur af. Kaptein Frank Fillander, die gryskop-veteraan van die Ernstige en Geweldsmisdaadeenheid, kom in. Agter hom is nog lede van die span, kaptein Vusumuzi “Vusi” Ndabeni en kaptein Willem Liebenberg.

“Met wie anders gaan ek ’n intelligent conversation in dié plek hê, uncle Frankie?”

“Fear not, the cavalry has arrived,” sê Fillander en maak hom tuis in ’n stoel oorkant Cupido.

“Die kolonel het ons gestuur,” sê Liebenberg. “Sy sê jy en Bennie is te useless om dié docket alleen te doen.”

“That’s not entirely true,” sê Ndabeni, altyd bekommerd dat sy kollegas se humor kwetsend kan wees. “We’re here to help.”

“New suit, Vusi,” sê Cupido. “Very stylish.”

“Thank you, Vaughn.” Die kleine Ndabeni is die speurder met die beste kleresmaak in die eenheid, ondanks Cupido se beste pogings.

“So, gaan ons chit-chat of gaan ons die Great Train Robbery oplos?” vra Fillander.

“Murder on the Rovos Express,” sê Vusi. “Classic.”

* * *

Johnson Johnson se voormalige kollega, adjudant-offisier Neville Bandjies van die SAPD se kantoor in Brackenfell, staan langs Griessel in die Soutrivier-lykshuis se uitkenningskamer. Die vertrek is klein en kaal met ’n sitbankie teen die muur en verbleikte blou gordyn voor die besigtigingsvenster. En die emmertjie, langs die bankie.

Bandjies is plomp; die blou uniform span styf om sy middellyf. “Ek is reg,”

sê hy en haal diep asem, trek sy skouers terug. Hy het vir Bennie gesê dit is darem nie die eerste keer dat hy ’n lyk moet uitken nie.

Griessel klop aan die venster. Die patologie-assistent trek die gordyn weg. Die liggaam lê op ’n trollie, bedek met ’n groen laken, net die nek en kop is sigbaar.

“Jirre,” sê Bandjies.

Griessel verstaan. Die skade is grusaam.

Bandjies buk skielik af, gryp die emmertjie, braak daarin.

Na ’n rukkie kyk hy op, en sê: “Sorry, kaptein. Ma’ om te dink, dis miskien jou goeie pellie …”

“Jy hoef nie jammer te wees nie. Dis ’n kwaai een dié.”

“Dit lyk na hom,” sê Bandjies en kom regop. Sy asem jaag.

“Jy is nie seker nie?”

Bandjies wend hom weer teësinnig na die venster, maak ’n geluid agter in sy keel en roep vir die assistent: “Kan jy sy arm oopmaak? Die regterarm?”

Die assistent skuif aan die laken.

“Draai die arm so ’n bietjie.”

Die assistent maak so.

Griessel sien die tatoeëermerk. Een woord, swart ink, sierletters: *Robyn*.

“Dis J.J.,” sê Bandjies. En dan braak hy weer.

* * *

Cupido vertel vir hulle alles wat hy weet oor die dossier. Hy verdeel die werk tussen die speurders. Vir Frank Fillander en Mooiwillem Liebenberg – die man wat as gevolg van sy aantreklikheid vir vroue bekendstaan as die Valke se *weapon of mass seduction* – vra hy om die buitelandse passasiers te probeer kontak. “Daar was vyf-en-sestig passengers op die trein. Johnson se Hollandse employer is klaar gecover, en ek en Benna sal die sewe locals doen. That leaves you with fifty-seven. Email of foon, as you see fit. Ons wil weet of hulle vir Johnson gesien het, of geken het. Ons wil weet of hulle enigiets genotice het, ordinary of extraordinary. Basically your good old fishing expedition.”

Dan vra hy vir Vusi Ndabeni om by sersant Aubrey Verwey van Beaufort-Wes te hoor waar Johnson se stukkende selfoon op die oomblik is, sodat hulle vir IMC kan vra om dit aan die gang te probeer kry en te analiseer vir enigiets. Dalk ’n foto, dalk WhatsApp-boodskappe. Enigiets.

En dan begin hy kyk na die Suid-Afrikaanse passasiers.

* * *

Professor Phil Pagel laat vir Griessel weet hy behoort oor drie uur klaar te wees met die voorlopige nadoodse ondersoek, en Bennie hoef liefs nie by te wees nie, want “dit is ’n ongemaklike een”.

Pagel weet van Griessel se posttraumatiese stres omdat hy die professor se mening kom vra het toe die sielkundige dit destyds by hom gediagnoseer het. Dis hoekom Pagel hom nou die blootstelling aan die verminkte liggaam spaar.

Griessel wil nie by die lykshuis wag nie. Hy stap uit by die Durhamstraat-hek en loop af na Albertstraat toe. Hy hou van dié deel van Soutrivier en Woodstock, want dit laat hom dink aan die roesemoes van Parow in sy jeug – die energie, die hutspot van kulture, die uiteenlopendheid van ou en nuwe sakeondernemings wat skouer aan skouer staan, armoede en ontwikkeling langs mekaar. Hier, dink hy, is daar nog so ’n bietjie van die ou Kaap wat voortleef, maar nie meer vir baie lank nie. Woodstock verander nou vinnig, die huisies opgekoop en reggemaak deur jong mense wat in die stad werk en nie meer die nagmerrie-verkeer van die voorstede af wil trotseer nie.

Alles verander. Sonder ophou.

Hy besef dit is al amper twaalfuur. Hy loop in by die Old Biscuit Mill. Al die eetplekke lyk duur. Hy gaan sit by Redemption Burgers en bestel The Straight Ace en ’n Coke Zero. Hy haal sy notaboek uit en kyk deur sy aantekeninge. Hy moet Pretoria toe bel, maar sy kop wil nie nou fokus nie. Die ding van Alexa om haar hand vra, spook by hom: Vir wat het hy nie gisteraand vir haar gesê van die Overture-ete nie?

Omdat hy nie weet hoe om haar te vra om met hom te trou nie, dís die probleem.

Want as hy haar vra en hulle ry en hulle kom daar aan en hulle eet hulle top-tien-in-die-land-kos en hulle drink hulle top-tien-in-die-land-vonkelwater en hulle gesels … Wanneer vra hy vir haar – aan die begin, middel of einde van die ete?

En hoe? Want dit moet romanties wees. Oorvertelbaar. Dis die storie wat hulle sal volg as ’n paartjie. Dis die een wat sy vir haar vriendinne sal vertel, of as *Huisgenoot* weer ’n onderhoud met haar voer.

Hoe gee hy die ring vir haar?

Daar’s die een wat jy altyd in flieks sien, die ring in die glas sjampanje. Maar hulle is alkoholiste. Hy kan nie die ring só laat aandra nie. En hy het boonop al gehoor van ’n vrou wat die sjampanje – ring en al – gedrink het. En toe moes hulle twee dae wag voor hulle, met die kennis van die ring se baie onromantiese reis, verloof kon raak.

En jy sit tog nie ’n ring in ’n glas vonkelwater nie, maak nie saak hoe top-tien-in-die-land die vloeistof is nie.

Hy sal die ring eenvoudig in sy sak hou. Hy sal dit ná die voorgereg uit sy baadjiesak haal en die boksie oopmaak sodat die diamant in die lig kan flonker. Nie dat daar vreeslik baie flonker gaan wees nie, want die diamant is nie groot nie.

Hy sal dit op die tafel voor haar sit, en haar dan vra. Of dalk eers vir haar vra, en dán die ring uithaal? En as sy nie ’n voorgereg wil bestel nie?

Miskien weet Vaughn van sulke goed. Maar dit beteken hy moet asseblief tog nie vergeet om die ring saam te vat nie. Dit beteken hy sal moet nadink oor sy toesprakie, want jy kan nie net “Alexa, hier’s ’n ring, trou met my” sê nie.

Hy’s nie een vir toesprake nie.

Dis ’n groot stap dié. En ingewikkeld.

* * *

Hy eet met genot, want die burger is lekker. Hy betaal en loop uit, en toe hy buite kom, soek hy die nommer op van die BBP-Beskermingseenheid in Pretoria. Hy bel, vra of hy met sersant Kagiso Dimba kan praat, die man wat die laaste oproep van Johnson Johnson ontvang het.

’n Vrouekonstabel sê vir hom Dimba is aan diens, onbeskikbaar, en sy sal vir hom ’n boodskap laat.

Hy loop terug lykshuis toe, gaan sit in die wagkamer.

Eindelik kom haal ’n assistent hom en lei hom na die teater waar Phil Pagel besig is om met ’n klein elektriese sagie onnoembare dinge aan Johnson Johnson se skedel te doen, die geluid daarvan hoog en irriterend soos ’n reuse-insek.

Pagel is die slimste ou wat Griessel ken, buite die teater altyd flambojant aangetrek, sonbruin en fiks vir sy meer as sestig jaar, met sy lang, aristokratiese gesig. Maar nou staan Pagel in wit patologie-gewaad, ’n groot plastiek-beskermingsbril voor sy gesig, handskoene aan die hande, alles bespikkel met donker bloed- en weefselsaagsels, gebukkend oor die vlekvryestaal-tafel waarop die liggaam van Johnson Johnson lê.

Dit is die reuk wat Griessel altyd die meeste pla.

Pagel lê die instrument neer en dit is skielik stil.

“Nikita, jy lyk goed.”

“Môre, prof. Dankie, prof.”

“Gewig verloor?”

“So bietjie, prof. Ek ry fiets.”

“Uitstekend. En ek hoor die waterkar loop nog op al sy silinders,” sê Pagel terwyl hy ’n knyptangetjie optel en agter Johnson se kop daarmee woel.

“Ek hou, prof, ek hou.” Die wetstoepassingsgemeenskap is klein. Stories loop.

“Merkwaardig, Nikita. Respek.”

En dan, met ’n laaste, teatrale pluk van die tang en ’n kort, nat geluid, trek Pagel iets uit die skedel, hou dit teen die lig, en kyk daarna: “Hier is jou oorsaak van dood, Nikita.”

Dit is blink metaal, in die vorm van ’n afgebreekte lem, sowat ses sentimeter lank. “Okapi,” lees Pagel die inskripsie daarop. “Made in South Africa.”

Griessel staan nader. Hy kyk nie na die kadawer nie, fokus eerder op die lem. “Saturday Night Special,” sê hy, want dis hoe die Okapi bekendstaan.

“Inderdaad,” sê Pagel. “Net onder die oksipitale been ingestamp. Dring deur die serebellum tot in die breinstam. Onmiddellike dood. Nikita, ek sal baie verbaas wees as daar noemenswaardige bloeding op die toneel was. Die hoek van die steekaksie is van agter en onder. Met groot momentum, want dis nie maklik om ’n lem hier in te kry nie. Veral nie jou Okapi nie; hy’s gemaak vir sny, nie vir steek nie. As ek ’n rand gehad het vir elke Okapi-lem wat afgebreek het, jy kry hom nie maklik uit nie … Die aansienlike frontale skedelskade is na alle waarskynlikheid dan post mortem.”

“Hy het ’n staalpaal getref toe hulle hom uit die trein uit gegooi het, prof.”

“Hy was toe al dood, Nikita.”

“Verdedigingswonde, prof?”

“Nie wat ek kon sien nie, maar ek gaan nou deegliker kyk. Ons probleem is dat die liggaam post mortem blootgestel was aan die Karoo. Voëls, insekte en, vermoed ek, ’n jakkals of twee. Ek spaar jou die detail vir die amptelike verslag …” Pagel plaas die Okapi-lem in ’n plastiek-bewyssakkie, oorhandig dit aan Griessel.

Bennie kyk daarna en sug.

“Nie wat jy verwag het nie?”

“Dis moeilikheid, prof.” Want die Okapi is township-bendes en georganiseerde misdaad op die Kaapse Vlakte se versteekte wapen van voorkeur. Onnaspeurbaar, anoniem en algemeen.

Dit bring ’n nuwe dimensie na die saak, een wat glad nie pas nie.

22

Terwyl die professor sy ondersoek voortsit, vul Griessel die bewyskettingvorms vir die Okapi-lem in sodat Phil Pagel dit kan teken.

Op die ingewing van die oomblik, en omdat die patoloog ’n wyse man is met wie hy al so baie persoonlike dinge gedeel het, sê hy: “Prof, ek het jou raad nodig …”

“Natuurlik, Nikita.”

“Prof, sê nou maar jy wil die vrou in jou lewe vra om te trou …”

“Hipoteties, natuurlik,” sê Pagel en glimlag.

“Ja, prof. En sê nou maar jy vat haar na ’n grand restaurant toe, een Sondagaand. In watter stadium van daardie aand vra jy haar, prof? Die ding is, daar’s ’n kans dat sy nee kan sê, prof. Daar’s altyd daardie kans, en as jy te vroeg vra, is die hele aand in sy moer in, en as jy haar te laat vra, is dit dalk nie meer so kwaai romanties nie …”

Pagel knik terwyl sy hande met die verbryselde kop werk. “Interessante teoretiese dilemma, Nikita. Baie interessant …”

Hy kyk vir Bennie en sê: “Hier’s my teorie, vir wat dit werd is. En nou moet jy ook verstaan, ek het dit nog net een keer in my lewe gedoen. Daarom moet ek dit op ’n breër filosofiese beginsel skoei. Vra haar tydens die minuet.”

“Prof?”

“’n Ete, soos baie dinge in die lewe, Nikita, is soos ’n simfonie. Jy wil nie iets groots doen in die allegro nie, dis te vroeg. Die tweede beweging, die adagio, is te ernstig. Die laaste deel, die rondo, is te laat. Daarom vra jy haar in die minuet. Dis lig, dis lekker, dis vrolik.”

“Prof, ek het geen idee wat dit beteken nie.”

Pagel sug. “Vergewe my, Nikita, ek raak soms meegevoer. Laat ek probeer om dit in praktiese verband te bring – ek sou sê die regte tyd om haar te vra is hier net ná die hoofgereg.”

* * *

Griessel ry Plattekloof toe, na die SAPD se forensiese wetenskaplaboratorium.

Dit reën ’n bietjie. Dis al hoe dit deesdae in die Kaap reën. ’n Bietjie. Hy kan onthou, die winters toe hy op skool was, kouefronte wat twee weke lank oor die Skiereiland beweeg het, aanhoudende reën en stormwinde tot jy siek en sat was vir die grys en die nat en die koue. Maar nie meer nie.

Alles verander.

Hy ook. Stadig maar seker.

Veronderstel om in die minuet van sy lewe te wees, maar hy fok nog rond in die adagio.

Sy foon lui toe hy in Plattekloofweg is. Hy sien dis Mbali Kaleni. Hy trek af, want sy is baie streng oor selfone en bestuur. Sy vra altyd dadelik: “Are you using hands-free?”

“Colonel?”

“Bennie, I just had a call from the CO of the VIP Protection Unit in Pretoria,” sê sy. “The general implied that you are harassing one of his team. I said I don’t believe that could be true.”

Hy verduidelik vir haar wat gebeur het.

Sy klik haar tong in irritasie, soos wat sy dikwels doen. “Those people think they are gods because they drive over the speed limit with the ministers in blue light convoys. Leave it with me.”

Sy lui af.

Eienaardig, dink hy. Baie eienaardig. Dit is ’n moordsaak. Die slagoffer is ’n oudlid van die BBP-eenheid. Jy sou verwag dat hulle simpatiek en behulpsaam sal wees. En nou dít.

Maar dit is ’n ander wêreld daardie, hy het al gehoor dié eenheid is deesdae ’n koninkrykie op sy eie. Hy sal maar moet wag en sien wat Kaleni kan uitrig.

* * *

Vaughn Cupido se selfoon lui net voor drie, en dit is Brenda Strydom van Rovos.

“Kaptein, ek is verskriklik jammer,” sê sy, “maar die polisieman wat vir meneer Johnson se bagasie geteken het, se handtekening is onontsyferbaar. Ek vra opreg om verskoning. Ons personeel in Pretoria sê die man was in uniform, hy het sterre of iets op sy skouers gehad en hy het vir haar sy identifikasiekaart gewys. Hy het gesê hy is van Pretoria-Sentraal se polisiestasie. Ek sit nou met ’n skandering van die vorm hier by my, en ons dink dit is Sikhakha of Siknakna of Sukhahha of Sikhakhane, maar ons kan glad nie met sekerheid sê nie.”

“Spel daai name, asseblief.”

Sy doen dit. Cupido maak notas, sê dan: “No problem, mevrou. Is daar ’n datum waarop dit gecollect is?”

“Woensdag, 16 Augustus. Dit was hier teen vieruur gewees.”

“Okay. Cool bananas. Dankie, mevrou.”

Hy soek die nommer en bel Pretoria-Sentraal se polisiekantoor. Hy vra om met die stasiebevelvoerder te praat. Hy vra dan die kolonel of hy kennis dra van enige van sy mense wat Johnson Johnson se bagasie by Rovos gaan haal het.

“Who?”

Cupido verduidelik.

“Never heard of the man, captain.”

“Do you have an officer by the name of Sikhakha, or Siknakna, or Sukhahha, or Sikhakhane. Or something like that?”

Die kolonel dink, en hy sê: “No, none of the above.”

Cupido bedank hom, en dan bel hy teësinnig vir sersant Aubrey Verwey van Beaufort-Wes.

“Speurder-sersant Verwey.”

“Aubrey, dis Vaughn Cupido van die Valke. Ek wil net hoor, met wie het jy gereël om Johnson se luggage by die treinstasie in Pretoria te laat haal?”

Die stilte wat volg, gee al klaar vir Cupido sy antwoord.

Verwey sê: “Ek het nie geweet van sy luggage nie.”

“Dankie,” sê Cupido en beëindig die gesprek. Useless maaifoedie, dink hy.

Dan kyk hy na sy notas, en hy kyk na die witbord teen die muur, en hy sien die bagasie is afgehaal enkele ure nadat dit bekendgemaak is dat Johnson Johnson se lyk langs die spoorlyn anderkant Drie Susters gevind is.

* * *

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se forensiese wetenskapslaboratorium in die Kaap is in Silwerboomlaan, Plattekloof. Dit is ’n groot en indrukwekkende gebou, in die vorm van ’n massiewe hoofletter C, vier verdiepings hoog. Daaruit loop vyf bonkige arms wat onderskeidelik die afdelings Ballistiek, DNS-analise, Wetenskaplike Analise, Dokumentanalise en Chemiese Analise huisves.

Griessel gaan soek twee spesifieke lede van die PCSI, die elite Provinsiale Misdaadtoneel-ondersoekeenheid, met wie die Valke gewoonlik saamwerk.

Hulle sien hom aankom. Arnold, die kort dikke, en Jimmy, die lang skraal een. Saam staan hulle bekend as Dik en Dun, in die holruggeryde grappie wat hulle dikwels self vertel: Die PCSI staan deur Dik en Dun by jou. Hulle ag

hulself skreeusnaaks. Die Valke verdra dit gewoonlik, want Dik en Dun is baie goed in hul werk.

"Hei, Bennie," sê Jimmy.

"Jy's nou so maer, jy sal moet koffie drink om 'n skaduwee te gooi," sê dik Arnold.

"Dis waar die spreekwoord vandaan kom," sê Jimmy. "Skree soos 'n maer Valk."

"Goeie een," sê Jimmy, en hy "hê-hê-hê".

"Ja, ja," sê Griessel.

"Praat van voëls … What kind of bird can carry the most weight?" vra Jimmy.

"Ek weet nie."

"The crane."

"Goeie een, goeie een," sê Arnold. "Bennie, watter voël kan enige dag julle Valke se gatte skop?"

"Ek weet nie."

"Steven Seagull."

Jimmy skater.

"Wie?"

Arnold is afgehaal omdat sy grap platgeval het: "Jy weet nie wie Steven Seagal is nie?"

"Nee."

"Dis die probleem met die Valke. Geen kultuur nie. Niks."

"Dis hoekom hulle praat van 'culture *vultures*'," sê Jimmy.

Hulle lag weer. Griessel grinnik.

"Is julle klaar?"

"Ons hoor jy wil trou, Bennie," sê Arnold.

Stories loop, en met dié twee loop dit vinniger. Hy reageer nie.

"Hier's 'n goeie een: Het jy die een gehoor van die masochis en die sadis wat getrou het?"

"Nee."

"Hierdie girl is 'n sadis. Sy ontmoet 'n ou in 'n kroeg. Hy's 'n masochis. En hulle chat so lekker, en vind uit van mekaar se dinge. En hulle raak verlief, en hulle dink hulle is die perfekte couple. Ek meen, hoe anders? Maar hulle besluit, niks hanky-panky voor die troue nie. Hulle gaan hulle spaar vir die hectic honeymoon, okay?"

"Okay," sê Griessel. Wat anders kan hy doen?

"So, daai eerste aand, toe kom die ou kaal uit die badkamer uit, en die girl sit so in 'n stoel in haar sexy undies, en hy dink, hier's dit nou, boeta. En hy gooi homself so oor die bed, en hy sê: 'Maak my seer, maak my seer.' En sy smile

net en sy sê: ‘Ek sal nie, ek sal nie.’ ”

Jimmy en Arnold lag asof dit die eerste keer is dat hulle die grap hoor. Griessel lag saam.

En dan vra Arnold: “What can we do you for?”

Griessel gee vir hulle die Okapi-lem. Hy verduidelik die herkoms, en sê hulle moet dit vir alles toets, maar hy hoop veral op vingerafdrukke.

Hulle maak die gewone geluide van hoe moeilik dit is om ’n oppervlak te ondersoek wat aan dié situasie onderwerp was.

“Wat van julle nuwe masjiene?” vra hy. Want hulle het wyd gespog toe die elektrochromiese en fluoressensie-tegnologie geïnstalleer is. Dit kan vir-die-oog-onsigbare vingerafdrukke op metaaloppervlakke opspoor en fotografeer.

“Ons wil niks belowe nie,” sê Arnold.

“Ons doen net wonderwerke op Vrydae,” sê Jimmy.

“As dit reën,” sê Arnold.

“Wat nie meer baie gebeur nie …”

Griessel weet hoe hulle werk. Hulle temper verwagtinge, sodat hulle behoorlik kan spog as hulle ’n deurbraak maak. Hy laat hulle die nodige vorms onderteken om seker te maak die bewysstuk se oorhandigingsdokumentasie is gedoen, en dan loop hy voor hulle mesgrappe kan begin vertel.

23

Hy kry vir Cupido in sy kantoor, voor sy rekenaar. Griessel gaan sit oorkant sy kollega en sê: “Johnson Johnson is met ’n Okapi agter in sy nek gesteek voor hy uit die trein uit gegooi is. Dis die oorsaak van dood.”

“Saturday Night Special?” In ongeloof.

“Dis hy.”

“Shit, Benna.”

“Dis wat ek ook gedink het.”

Cupido kyk op. “Hierdie ding is weird, pappie. Very weird. To start with, ’n SAPS-lid het Johnson se bagasie by Rovos in Pretoria gaan haal, net ’n paar uur nadat die system gehoor het hy’s dood. En nou’s daai lid missing in action. As if he never existed.”

“Ek het self ’n …”

“But wait, there’s more: Die Blom het vir ons die cavalry gestuur. Uncle Frankie, Vusi en Mooiwillem. Hulle try nou al die foreigners contact, so toe begin ek met die local passengers. And here’s the thing: Eerste ding wat ek doen, ek gooi hulle deur die database om te kyk of hulle criminal records het. And lo and behold, vyf van hulle is skoon. En die ander twee, wait for it, is ghosts, pappie. False identities. Phantoms, missing in action, as if they never existed.”

“Hoe weet jy?”

Cupido trek die lêer nader wat Brenda Strydom vir hulle gegee het, haal twee registrasievorms daaruit. “Okay, check hierdie uit. We have a mister Terrence Faku, and a mister Oliver Green. Elkeen in sy eie Pullman compartment. Al twee hier van die Kaap, Faku in Kensington, Green in Newlands. Aged seventy-two and seventy-one respectively, home language Xhosa and English, respectively, right?”

Griessel kyk na die twee vorms. “Right,” sê hy.

“Okay,” sê Cupido. “Nou, hier’s ons probleempie, Benna. Geen van daai paspoortnommers bestaan nie. Dis nie false nie, dis net non-existent. Dit lyk reg, want hulle het die regte number of digits. Maar die system sê ‘not found’. Da’ is nie sulke nommers nie. So, toe scheme ek, die system is die system, never perfect, laat ek die adresse check. No such addresses. Daai strate bestaan

nie, Benna. Ghosts, missing in action, never existed. Twee stokou ballies, seventy plus. Faku en Green. Fake. Nou hoekom, Benna, sal jy ’n fake ID en fake adres vir ’n Rovos-trein-trip gooi? Hoekom?”

Griessel skud net sy kop. Dan sê hy: “Die sersant by die VIP-eenheid, die een vir wie Johnson die laaste gebel het … Hy het nou nog nie teruggebel nie, maar sy bevelvoerder het vir Kaleni gebel en gesê ons moet hom nie teister nie.”

“Nie teister nie?”

“Dis wat sy sê.”

“Jissis,” sê Vaughn Cupido.

* * *

Hulle bespreek die eienaardigheid van ’n Okapi-mes op ’n Rovos-trein toe kolonel Mbali Kaleni instap en met ’n sterk toon van afkeer in haar stem sê: “I came to tell you that I spoke to sergeant Kagiso Dimba’s commanding officer at the VIP Unit. And this time he promised to have the man call you. They are a bunch of self-important idiots.”

“Thank you, colonel,” sê Griessel. Dan lui sy selfoon, en hy herken die nommer.

Hy antwoord.

“This is Dimba from the VIP Unit in Pretoria. Why are you looking for me?” Sy stemtoon is geïrriteerd en sonder respek.

Griessel vererg hom. “Because you were the last person called by sergeant Johnson Johnson. And he was murdered, and I am investigating the case. Do you think that’s a good enough reason to be looking for you?”

Hy hoor hoe Kaleni haar tong in ergernis klap.

Dimba is ’n oomblik lank stil. “Yes.”

“Thank you,” sê Griessel. “According to our records, he called you at 21:07 on Saturday night, the fifth of August.”

“Yes.”

“And the duration of the call was one minute and twenty-three seconds.”

“I don’t know.”

“Why did he call you?”

“We worked together, back in the day. He called to say hi.”

“For only one minute and twenty-three seconds?”

“Are you saying I’m lying?” vra Dimba aggressief.

“I’m not saying, I’m asking. He just called to say hi for eighty-three

seconds?”

“I was busy, I could not talk to him.”

“What were you doing?”

“I said I was busy.”

“I heard that you were busy. What were you busy with?”

’n Sug. “I was with people. We were talking. There was noise. I said I will call him back.”

“Did you?”

“Yes. But he did not answer.”

“Could you tell me exactly what he said?”

Nog ’n sug, langer, dieper, meer geïrriteerd. “He said hello, and how are you. He said he missed the unit, and he asked about our other friends.”

“That’s it?”

“Yes. I said I can’t really talk, I’ll call him back.”

“He did not say that he was on a train?”

“No.”

“He did not say that he saw anyone familiar on the train?”

“I told you what he said.”

“How often did he call you?”

“That night?”

“No, in general. Did he call once a week? Once a month?”

Weer ’n huiwering. “Maybe once a month.” En dan voeg hy vinnig by: “Maybe less.”

“To say hi?”

“Yes.”

“Did you call him? From time to time?”

“Not really …”

“Thank you, sergeant Dimba. That’s all for now.”

Dimba beëindig die oproep sonder om ’n woord verder te sê.

Griessel kyk na Cupido, dan na Mbali. “That was strange,” sê hy. “He’s lying. Through his teeth.”

“Colonel,” sê Vaughn Cupido, “this docket is weirder than a warthog on a merry-go-round, I’m telling you.”

* * *

Die hoofkwartier van die Valke in Markstraat, Bellville, is ’n groot gebou. Dit was oorspronklik ontwerp en opgerig vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens,

maar die beplanning was swak: SARS het dit vinnig ontgroei en twee blokke noord, in Teddingtonstraat, ’n nuwe, groter tuiste gevind. Toe trek die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke in. Die DPMO kon die gebou nooit heeltemal vul nie. En in die laaste paar jaar het die personeelgetalle stadigaan gekrimp, en het die gebou met sy breë gange en talle kantore ’n spookagtige atmosfeer ontwikkel, aangehelp deur die Departement van Openbare Werke se klaaglike onvermoë om dit in stand te hou.

Ná vyfuur, wanneer die ander eenhede van die Valke stadigaan begin huis toe gaan, is dit soms onheilspellend stil. Daarom dat kolonel Mbali Kaleni se stem so gemaklik deur die gang dra en weerklink toe sy vir Frankie Fillander-hulle roep om te kom vergader.

Fillander, Liebenberg en Ndabeni se voetstappe eggo op die teëlvloer, en hulle kom staan in Cupido se kantoor. Griessel en Kaleni sit oorkant Cupido.

“Tell them what we know, please,” sê Kaleni.

Griessel en Cupido bring hulle om die beurt op die hoogte van die jongste verwikkelinge.

“There are two important matters here,” sê Mbali Kaleni. “The first is: Why did Johnson Johnson call a former colleague at the VIP Protection Unit? Of all the people in the world, at that moment, just after nine on a Saturday night, from a train. And why is Dimba lying? And why did he protest about being harassed when we’re calling concerning a murder investigation?”

“Because they’re a bunch of …” en Cupido keer homself, want kolonel Kaleni duld nie vuil taal nie, “… idiots.”

“Yes,” sê Mbali Kaleni. “But they’ve always been a different type of idiot. This is new.”

Hulle kan nie daarmee stry nie.

“And then,” gaan sy voort, “there’s the matter of the Okapi. We know it’s a township gang weapon. How does that tie in with Johnson? Or Dimba and the VIP Unit?”

“He recognised someone that night, colonel,” sê Griessel. “Someone that Dimba also knew. Maybe a waiter or a cook or something. We will have to look closely at all the train personnel. Rovos might have missed a criminal record somewhere …”

“Maybe Johnson and Dimba were dealing a little, some coke or dagga on the side for the VIP politicians they were protecting. Maybe they were being supplied by a township gang. Lots of them up there in Gauteng,” sê Cupido.

“We’ll have to get Johnson’s bank records, going back …” sê Frankie Fillander.

“We’ll have to get Dimba’s cell phone records,” sê Vusi Ndabeni.

“We’ll have to try and identify the two old ballies,” sê Cupido.

“That’s the strangest thing in all of this. Two old men. They just don’t fit,” sê Kaleni.

“Maybe they were just getting away from their wives,” sê Fillander. “Maybe they’re not connected at all.”

“They’re connected,” sê Cupido. “I feel it in my bones.”

“But they’re ghosts,” sê Kaleni.

“Photos,” sê Mooiwillem Liebenberg en almal kyk na hom.

“What do you do when you’re a tourist on the most luxurious train in the world?” vra hy. “You want to show all your friends you were there. So you take photos. We have to call all those passengers and ask them to send us their photos. The ghosts must be on one of them, even if only in the background.”

“That is a brilliant idea,” sê Mbali Kaleni.

“Of course only those showing other passengers,” sê Liebenberg. “Just to narrow it down a little.”

“Ja. He isn’t just a pretty face,” sê Frankie Fillander.

24

Voetwerk.

In die ou dae, voor die ganse wêreldbevolking digitale spore begin laat het met selfone, GPS en die internet, het dié term beteken ’n speurder is te voet wanneer hy ’n saak moet ondersoek. Huis tot huis. Straatop en straataf. Op soek na getuies en leidrade en ontwykende stukkies van ’n docket se legkaart. Dit was altyd sleurwerk, frustrerend, uitmergelend en tydrowend, maar dit was wat jy gedoen het as jy na naalde in hooimiedens soek.

Daarom praat die lede van die Valke se Eenheid vir Ernstige en Geweldsmisdade steeds só, al is die voetwerk deesdae nie meer so letterlik nie.

Van net ná sewe-uur in die aand sit Griessel en Cupido voor hul rekenaars in ’n poging om ID-nommers aan kriminele rekords te verbind. Voetwerk van die vingers, moeisaam en meganies. Elke individu se besonderhede moet afsonderlik ingesleutel word, dan moet jy wag vir die stelsel om te reageer, en dan voer jy die volgende een in. Die snelheid van die stelsel is afhanklik van die DPMO se lynspoed en die druk op die sentrale bedieners. En die akkuraatheid van die ondersoekers se tikwerk, iets wat stelselmatig afneem namate die aand vorder.

Hulle het die treinpersoneel se besonderhede tussen hulle verdeel. Kwart oor elf kry hulle klaar. Daar is nie ’n enkele positiewe resultaat nie. Rovos se mense is so skoon soos ’n baba se gewete.

Moeisame voetwerk wat niks opgelewer het nie.

Dan ry hulle huis toe, moedeloos en moeg.

* * *

In die stad, by die kruising van Strandstraat en Buitengracht, hou Griessel by die verkeerslig stil. Dan val iets hom by en hy draai links, kies koers na die Kaapstad-stasie. Hy hou voor die Rovos-ontvangssaal stil. Hy klim uit, stap eers na die parkeerterrein agter die stasie, en dan na Adderleystraat se kant toe, op soek na die stad se CCTV-kameras.

Dalk is daar beeldmateriaal van die twee sewentigjariges toe hulle by die

stasie aangekom het. Die stad se metropolisie, so ondoeltreffend soos wat hulle is, hou minstens dié data vir negentig dae. As die kameras almal werk.

Hy talm langs die breë hoofstraat. Dis amper middernag. Hy onthou sy dae as jong konstabel by Caledonplein, toe hy nagdiens gedoen het, toe hy in die verlate ure in dié strate gestap en met ’n ou Datsun-vangwa gery het.

Destyds het hy dikwels in dié omgewing die atmosfeer geadem; die bries van die hawe se kant af vol see en vis, die berg soos ’n bonkige sentinel daar agter. En die stilte, asof die Kaap snags asemskep, tot verhaal kom voor die volgende dag se gewoel.

En die wete dat hy op ’n manier medeverantwoordelik is vir die orde daarvan.

Here, sy lewe was daardie tyd ongekompliseerd en maklik.

Hy steek ’n sigaret aan, staan en kyk na die uitgestrekte verkeersirkel waar die spuitfontein voor die Groot Droogte sy pluime gemaak het. Nou is dit leeg en stil. Feitlik geen verkeer nie. Net elke paar minute ’n minibus-taxi wat aandwerkers huis toe neem.

Hy sien geen kameras hier nie.

Hy sug. Alexa slaap seker al. Laat hy huis toe gaan.

* * *

Alexa is nog wakker. Sy sit in die kombuis voor haar MacBook, besig met sigblad-syfers en ’n beker warm Horlicks. Sy kloek dan om hom, sê hy is seker gedaan. Sy wil weet of hy ook iets warms wil drink, of wil hy kos hê? Sy het sop gemaak, en vars brood by Knead-bakkery in Kloofstraat gekry. Hy sê nee, dankie, hulle het op kantoor iets gehad.

Hy weifel, hy wil haar nou vra. Sy hart klop vinniger. Hy moet dit regkry, hy moet nou fyn lieg, sy lyftaal beheer. Moenie by haar gaan sit nie, dit sal te amptelik wees, te hier-kom-’n-groot-ding.

Sy moenie snuf in die neus kry nie.

Hy sê: “Hierdie trein-docket maak vir ons klaar …”

“Ai,” sê sy en vat aan sy hand. “Ek kan net dink.”

“Maar ons sal darem seker volgende week klaarmaak. En dan … Vaughn het gepraat van ’n restaurant buite Stellenbosch wat jy baie van sal hou. Toe wonder ek …”

“Bennie! Dit sal heerlik wees.”

“Hy’t hulle sommer gebel. Daar’s plek, volgende Sondagaand.” Hy hou sy stem lig en sommerso, en hy hou asem op. Gaan sy besef daar’s ’n slang in die

gras? Want gewoonlik is sy die een wat uiteet bedink en bespreek. “Net om so ’n bietjie uit te kom …” las hy vir effek by.

Alexa kyk na hom. Daar is ’n oomblik waarin hy dink sy wéét, maar dan verhelder haar gesig. “Ai, dié Vaughn,” sê sy, “hy’s dierbaar.”

“Hy is …”

Hy gaan sit, so half teleurgesteld dat Cupido die eer kry, so half verlig dat hy met die leuen weggekom het. En effens geamuseerd oor wat sy kollega van ’n “dierbaar”-etiket sal sê.

“Dankie, my baasspeurder,” sê Alexa, “dat jy aan so iets moois dink tussen al jou werk deur. Kom, vertel my van jou dag.” Sy maak die rekenaar toe.

* * *

Hy lê met sy arms om haar. Sy slaap altyd so maklik. Hy luister na haar asemhaling, verwonder hom aan hoe sy die dag net só kan agterlaat.

Dis omdat hul wêrelde so vreeslik verskil. Hare is gevul met musiek en syfers; syne met moord.

En op die rand van slaap weet hy waarom hy eintlik so bang is om haar te vra om te trou.

* * *

Om vyfuur die oggend gaan ry hy met sy fiets, die ou swart-en-wit Giant wat hy by Mohammed “Love Lips” Faizal se pandjieswinkel in Goodwood gekoop het.

Dit is donker en koud. In die winter trap hy met ’n sweetpakbroek en ’n langmou-T-hemp, ’n verbleikte windjekker en fietshandskoene. Hy hou nie van die stywe, duur, pretensieuse kleertjies wat sportwinkels aan jou wil verkwansel nie.

Hy sweet gou, want hy ry teen Kloofnek se stywe opdraand uit. Dan draai hy links, na Tafelberg se kabelkarstasie, en hy volg die kontoerpad al onder die berg se flank langs, tot by die uitkykpunt waar hy Parow en Bellville se liggies kan sien, en die Rhodes-monument hier onder.

Heelpad dink hy aan die kennis van gisteraand. Hy wéét waar die enjin van sy huweliksvrees lê: Hy is bang Alexa sê nee.

Want ondanks haar oorweldigende liefde … Sê nou maar sy is banger as hy? Sy het soveel skade in haar eerste huwelik gehad. Sal sy kans sien vir ’n tweede

keer, met die – vae, maar nie ignoreerbare nie – risiko dat dit weer kan gebeur? Dalk is hierdie meer informele ooreenkoms waarmee hulle nou leef vir haar meer aanvaarbaar? *If it ain't broke, don't fix it*, soos Cupido al gesê het.

Sy weet ook maar te goed van 'n huwelik tussen twee alkoholiste se gevare. En dan is daar die kloof van geld tussen hulle. Alexa se rykdom is nie die soort wat 'n Lamborghini in die motorhuis en 'n kasteel op Hermanus verskaf nie, maar in vergelyking met 'n armgat-poliesman is sy baie welgesteld. En sy's 'n vaardige sakevrou. Sy moes sekerlik al iewers op 'n dag 'n oomblik lank nagedink het oor die implikasies van trou, hoe dit haar bates sal beïnvloed. Hoe laat hy haar verstaan hy wil nie haar geld hê nie, nie eens 'n deel daarvan nie? Jy kan tog kwalik die ring uitpluk en sê: "Alexa, trou met my, maar moenie worry nie, ons kan 'n huwelikskontrak opstel, want ek is nie agter jou geld aan nie."

Hy weet sy sal nie net nee sê nie. Sy sal na die ring kyk, en na hom, en dan sal haar gesig stadigaan smelt, die trane sal oor haar wange rol, sy sal sy hand vat en met verterende deernis sê: "Ai, Bennie, ek is so jammer, maar ek kan nie …"

Sy sal hom nie verneder nie.

Dis darem iets om voor dankbaar te wees.

Maar steeds, sal hy dit soos 'n man kan vat as sy nee sê?

Terwyl hy so sukkel om die ring af te betaal?

En wat doen jy dan, anderkant die "nee"?

* * *

Hy ry werk toe met sy fokus op die docket en ervaar 'n ligte ongemak, 'n ding in sy agterkop, die wete dat hulle iets gemis het.

Hy deurdink alles weer van voor af, sodat hy nie die gewone frustrasie voel oor die snelweg-bouwerk en drukgang op die N1 anderkant Panorama nie.

Is dit Robyn Johnson, eksvrou van die slagoffer, wat hom pla?

Nee. Ondanks misdaadstatistieke wat sê hulle behoort haar as 'n verdagte te beskou.

Die leuenagtige sersant Dimba?

Dis nie wat hom ontwyk nie. Hy weet Dimba lieg; hulle sal uitvind waarom.

Die verlore rekenaar? Die vermiste bagasie? Die Okapi-lem?

Hy gee moed op toe hy onder in die DPMO-gebou parkeer. Hy weet dit sal onverwags uitspring, hy moet net aanhou karring.

25

Die gang word ’n galery.

IMC druk die foto’s uit wat die treinpassasiers aanstuur, in swart-en-wit om koste te bespaar. Kaptein Frank Fillander plak elkeen teen die linkermuur, soos jy afstap van Mbali Kaleni se kantoor af. Eers op ooghoogte, maar soos die dag aanstap en die foto’s aanhou kom, word die hele muur tussen speurders se deure ’n kroniek van ’n reis tussen Kaapstad en Johannesburg – ontspanne mense wat gemoedelik glimlag en gesels en eet en drink en uitkyk oor die beeldskone berge en dale en vlaktes.

Fillander, Mooiwillem Liebenberg en Vusi Ndabeni probeer elke reisiger op die foto’s identifiseer deur mense se name in dik swart ink langs die gesigte te skryf. Dit is ’n stadige, moeisame proses, want hulle moet seker maak van wie die e-pos gekom het, die beskrywings daarin deeglik bestudeer, en soms is die inligting nie baie duidelik nie. Die gesigte is nog vreemd, die hoeke waaruit foto’s geneem is, is dikwels skuins, die kleredrag wisselend na gelang van die dag waarop dit afgeneem is. Boonop is die passasiers feitlik almal wit en ouer as sestig. “En,” sê Vaughn Cupido toe die drietal hul lot kom bekla, “seventy is the new sixty, so dit help nie jy soek vir twee geriatrics nie. They might look sprightly. Just keep going, kollegas. Just keep going.”

* * *

Griessel en Cupido doen voetwerk van hul eie: Ná oggendparade ry hulle hof toe om artikel 205-subpoenas te kry vir Johnson se bankrekening, en die selfoonrekords van sersant Kagiso Dimba en Robyn Johnson.

“So, het jy haar gevra vir die fancy ete, Benna?” wil Cupido weet.

“Ek het,” sê Griessel.

“En?”

“Sy gaan saam. En sy ruik nie lont nie. Dink ek.”

“I’m proud of you, partner.”

Die vraag lê swaar op Griessel se hart: “Wat gaan ek doen as sy nee sê?”

Cupido is ’n oomblik lank sprakeloos.

“Daar’s altyd die moontlikheid, Vaughn.”

“Jissis, Benna, jy moenie eers daai dink nie. Don’t jinx it from the start.”

“Mens móét daaraan dink.”

“Of course sal sy ja sê. That woman loves you big time. Ek het dit met my eie oë gesien.”

“Ek weet …”

“So moenie hier in my ore kom kak praat nie.”

“Okay.”

Griessel dink na en sê dan: “Ek weet ook nie hoe om haar te vra nie. Ek meen, hoe sê ’n ou dit …?”

“That’s more like it. Ek kan jou help met daai een. Jy weet ek het the gift of the gab.”

* * *

Teen halfelf oorhandig hulle die ondertekende subpoenas aan IMC, en met die uitgaan, wanneer hy een van kaptein Philip van Wyk se mense iets oor die Johnson-bankstate hoor sê, weet Griessel wat hom nog heeloggend pla.

“Volg die geld,” sê hy vir Cupido.

“Hoe meen jy?”

“Die twee skimme. Faku en Green. Hulle moes tog vir die trein betaal het.”

“Check.” En dan verhelder Cupido se gesig. “How did we miss that one? Ons is nie op ons game nie, Benna.”

En Griessel dink dis omdat sy kop vol trou-muisneste is, en Cupido hom bekommer oor Desiree Coetzee se seun. Maar hy sê dit nie. Hy bel Brenda Strydom van Rovos vir die twee geheimsinnige passasiers se betaalbesonderhede. Sy vra tien minute om dit te kry. En dan skakel sy terug en sy sê Faku en Green het kontant in Rovos se rekening inbetaal, en gee hom die detail. Griessel steek sy teleurstelling weg, vra vir die kontakbesonderhede van Faku en Green se gasvrou op die trein.

“Hulle het kontant betaal,” sê hy vir Cupido.

“Wanneer?”

“19 Mei. By ’n teller van First National Bank se tak in Table View.”

“Damn.”

Teleurstelling, want alle banktakke het CCTV-kameras wat kliënte in beeld vaslê wanneer hulle inkom en uitgaan, en transaksies by tellers doen. Maar die beeldmateriaal word gewoonlik net vir dertig of veertig dae gehou. Soms, by enkele bankgroepe, tot sestig dae. 19 Mei lê te ver in die verlede.

Hulle gaan sit by die telefoon om die skimme se trein-gasvrou te bel, maar Joanie Delport se nommer lui lank voor dit na stempos oorgaan. Hulle laat ’n boodskap, en dan loop hulle teleurgesteld uit in die gang om te kyk hoe Fillander sy fotogalery uitbrei.

* * *

Die enigste deurbraak dié dag kom toe Philip van Wyk skuins ná drie vir Cupido en Griessel kom roep.

Van Wyk lei hulle na IMC se groot kantoor, waar hulle die verwerking van sersant Kagiso Dimba van die BBP-Beskermingseenheid se selfoonrekords met ’n videoprojektor teen ’n groot skerm projekteer.

“Die eerste ding waarna ons gekyk het, was daardie aand van 5 Augustus, die aand van die moord,” sê Van Wyk. “Die oproep van Johnson Johnson na Dimba was om 21:07. Die tydsduur was drie-en-tagtig sekondes. Die oproep is dus beëindig om 21:08 en kleingeld. Soos julle daar kan sien, het Dimba feitlik onmiddellik vir Johnson teruggebel, om 21:09. En toe nog ses keer, die oproepe tussen dertig en vyf-en-veertig sekondes uitmekaar. Johnson het geen oproep beantwoord nie.”

“Interessant,” sê Griessel.

“Hoekom?” vra Cupido.

“Dimba het gesê hy het teruggebel. Hy het geweet ons sal dit op sy foonrekords kan sien, maar hy het baie hard probeer om die indruk te skep dat hy nie haastig of gretig was met die terugbel nie.”

“Maar hy wás.”

“Dis nie al nie,” sê Van Wyk. “Dimba het ’n sewende oproep gemaak. Direk ná sy laaste probeerslag om vir Johnson terug te bel. Om 21:15, na daardie nommer.” Van Wyk wys met ’n laser op die skerm. “Dit behoort aan die bevelvoerder van die BBP-Beskermingseenheid, kolonel Lucas Gwala. Dié oproep het nege minute en sestien sekondes geduur.”

“Aitsa,” sê Cupido.

“Ons het ook gekyk na die ligging van Dimba se selfoon daardie aand. Toe Johnson hom bel, was hy gekonnekteer aan selfoontoring 357801 in Sunnyside, Pretoria. Dis naby die Sunnyside-polisiestasie, maar dit beteken nie hy was by die stasie nie. Hy het net daarna begin beweeg. Om 21:21 het toring 355301 in Parkstraat hom opgetel, en om 21:29 het hy gekonnekteer met toring 354941 by die Uniegebou.”

“Dis waar die VIP Unit is,” sê Cupido.

“Hy was vir amper ’n uur-en-’n-half staties, by die Uniegebou,” sê Van Wyk.

“Okay,” sê Griessel terwyl hy notas maak. “So, Dimba het met Johnson gepraat, en toe bel hy dadelik ses keer terug. En toe hy nie antwoord kry nie, bel hy sy baas, en toe ry hy baie haastig na sy eenheid toe by die Uniegebou, en hy bly daar vir langer as ’n uur.”

“Dis reg.”

“I smell a rat,” sê Cupido.

“Die stank is erger as wat jy dink,” sê Van Wyk. “Hier’s nog ’n paar interessante dinge wat die databasis vir ons vertel het. Nommer een: Ons het ses maande se foonrekords van Johnson én Dimba. In dié tydperk het hulle nie ’n enkele keer met mekaar gepraat nie. Ek dink ons kan aanvaar hulle was nie boesemvriende nie.”

“Johnson het nie gebel net om ‘haai’ te sê nie,” sê Griessel.

“Damn straight,” sê Cupido.

“Die ander gogga in die drinkwater,” sê kaptein Philip van Wyk, “is dat die speurder van Beaufort-Wes nie die eerste was om Johnson Johnson se selfoonrekords aan te vra nie.”

“Hoe nou?”

“Ons gebruik gewoonlik dieselfde paar mense by Vodacom as ons ’n 205-subpoena uitoefen. Jy weet hoe dit is, jy leer hulle ken en jy gesels, jy bou verhoudings … Toe my sersant vanoggend met hulle praat, sê die ou dis die eerste keer dat hy sien ’n saak word uit drie plekke gelyk ondersoek, dis seker ’n baie belangrike ding. Toe vra sarge hoe bedoel hy, drie plekke? En die ou sê: Pretoria, Beaufort-Wes en ons. En sarge vra toe wie is die ondersoeker in Pretoria, want ons weet nie van hom nie. En hier is die interessante ding: Op Sondag, 6 Augustus het kolonel Lucas Gwala, bevelvoerder van die VIP-Beskermingseenheid, ’n 205 bekom om Johnson se rekords te kry. Nog vóór die lyk in die Karoo gekry is. Nog voor enigiemand geweet het Johnson is vermoor. Een dag nadat hy van die trein gegooi is.”

“Hit me with your laser stick,” sê Vaughn Cupido.

“Dis dieselfde ou wat vir Mbali gebel het en gesê het ons moet nie vir Dimba teister nie,” sê Griessel.

“Hoe ruik daai rot nou?” vra Philip van Wyk.

“Ek kry die pungent fragrance van shenanigans,” sê Cupido. “Shitty shenanigans.”

Dit is tóé dat Joanie Delport terugbel.

26

Daar is onverbloemde ongeloof en ’n tikkie verontwaardiging in Joanie Delport se stem tydens die hele telefoniese ondervraging. Sy is ongeïntimideerd deur die speurders, met so ’n bietjie van ’n houding. Asof hulle nie die skerpste polisie-potlode in die blikkie is nie.

“Die twee omies?” vra sy. “Die twee ómies? Regtig?”

“Dis reg,” sê Bennie Griessel. “Terrence Faku en Oliver Green. Ons wil …”

“Maar hulle was … twee omies. Regte omies. Dierbare, onskadelike oupatjies. Hoekom sou hulle …? Nee, dit kan nie wees nie.”

Griessel wil haar nie te veel inligting gee nie, want hulle weet hoe maklik dit op sosiale media beland. “Juffrou, ons sê nie hulle het vir Johnson … Ons kyk na almal. Elkeen op die trein.”

“O. Okay. Maar … Julle hoef nie oor hulle te worry nie.”

Hy vra haar om van die begin af te vertel, toe sy hulle ontmoet het. Vir ’n oomblik wankel haar selfvertroue. “Daar’s baie passasiers, elke week twee treine, ek kan nie álles onthou nie.”

“Ek verstaan. Vertel net wat jy onthou.”

Sy sê sy onthou hul aankoms in die vertreksaal by Kaapstad-stasie, want hulle was so ’n bietjie laat, en so ’n bietjie skaam daaroor. Hulle het tydens die einde van die verwelkoming in die deur kom staan, elkeen met ’n tassie wat hy agter hom aangesleep het. Daar was net genoeg tyd om hulle te ontmoet, toe moet hulle trein toe stap. Sy dik die positiewe van die twee mans aan, asof sy die advokaat vir die verdediging is. Hulle was “dierbaar”, hulle het om verskoning gevra omdat hulle laat was en gesê die verkeer was kwaai. “Jy kry allerhande soorte mense op die trein. Nice mense en nie so nice mense nie, en té nice mense. Ons noem die twee omies ‘Goldilocks guests’ – not too warm, not too cold, just right.”

Terrence Faku het haar “my dear”’ genoem; Oliver Green het gevra of hy maar “Joanie” mag sê.

Sy het hulle na hul kompartemente geneem, elkeen in ’n Pullman, langs mekaar.

“Het hulle gevra om langs mekaar te wees?”

“Julle sal dit by Bookings moet uitvind.”

Griessel vra of sy baie kontak met hulle gehad het op die trein.

"Nie baie nie. Hulle was nogals op hulle eie. Ek het hulle in die oggend en die aand gesien. Ek dink … Hulle het twee of drie keer in die wit omie se kompartement gesit en gesels, so met 'n drankie. Hulle het baie gesels …"

"Die wit omie is Green."

"Obviously."

"Waaroor het hulle gesels?"

"Ek is nie 'n agie nie, kaptein," antwoord sy skerp. En dan in sagter trant: "Ek het net … Ek onthou ek het in die Green-omie se kompartement ingekom, dan sit hulle so en gesels. Maar ek luister nie gaste se gesprekke af nie."

"Het jy hulle in die lounge gesien?" vra Cupido. "Of die viewing car?"

Sy dink eers na. "Ek kan nie onthou nie, ek kan nie spesifiek onthou dat … Ons is nie die hele tyd daar nie, jy moet verstaan, ons het werk om te doen. Ek weet ek het hulle in die eetkamer gesien …"

"Sal jy hulle op 'n foto herken?"

"Natuurlik!"

"Wanneer is jy weer in die Kaap?"

"Ek is nou op die trein op pad Kaap toe. Ons kom môreoggend vroeg daar aan."

Griessel besef dis vandag Vrydag. Die week het gevlieg. "Kan ons 'n rekenaar bring met foto's? Môreoggend?" vra hy.

"Sure."

"Joanie," sê Cupido, "ons probleem is, ons kry nie die grandpas in die hande nie. Ons wil net hoor of hulle iets gesien het, maybe. Ons het gebel, ons het hulle adresse gesoek, maar ons kry hulle nêrens. Which is kind of strange, ons wil net seker maak hulle is okay."

"Ek sien," sê sy.

"So, het hulle iets vir jou gesê van waar hulle bly of wat hulle doen of so? Anything that can help us find them?"

Sy is lank stil. "Hulle het gesê hulle is pensioenarisse. Van die Kaap af, dink ek …"

"That's it?"

"Dit was … Ek kan nie onthou presies hoe dit gekom het nie, maar ek het miskien gevra … Die meeste van ons gaste is van oorsee. So, as daar Suid-Afrikaners is, dan vra mens so bietjie, wat doen hulle, waar kom hulle vandaan. Ek dink dit was wat … Ek onthou ek het die prentjie in my kop gehad van die twee omies wat so op die ouetehuis se stoep sit en gesels, in die Kaap, twee ou vriende …"

"Het hulle gesê hulle bly in 'n ouetehuis?" vra Griessel.

"Ek kan regtig nie … Die ding is, ek probeer van elke gas so 'n prentjie

maak in my kop, van wie hulle is, en waar hulle vandaan kom. Sodat ek darem so bietjie kan gesels … So ek vra ’n paar vrae, mens moet ook nie te persoonlik raak nie, baie van die mense is privaat. Ek … Die prentjie wat ek in my kop het van hulle is van die ouetehuis, maar ek kan nie sweer dis wat hulle gesê het nie.”

“Anything else in daai prentjie?” vra Cupido.

“Ek sal dink. Dan sê ek julle môre.”

* * *

Die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke in die Kaap, soos hul broeders en susters in ander groot sentra, is ’n dier met vele tentakels. Die onderskeie eenhede sluit onder meer in CATS (Crimes Against The State), Die Georganiseerde Misdaadeenheid, die Statutêre Misdaadgroep wat ook handelsmisdaad ondersoek, Philip van Wyk se IMC en Mbali Kaleni se Ernstige en Geweldsmisdaadgroep.

Aan die hoof van alles staan brigadier Musad Manie, die “head honcho van die Cape Town Hawks”, soos Cupido soms met ’n mate van trots na sy bruin broer verwys. Musad, het een van die Valke-speurders by ’n Moslem-vriend uitgevind, beteken “losgelate kameel” in Arabies. En lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens hou daarvan om hul kollegas byname te gee. Veral vir senior offisiere. Daarom praat die meeste lede van die DPMO van “Die Kameel” as hulle na hom verwys.

Vir “hase” (die term wat polisielede oor die algemeen gebruik wanneer hulle na die algemene publiek verwys, omdat mense wat die polisie nodig het gewoonlik soos verskrikte hase in kopligte lyk) sou dit vreemd opval. Want Musad Manie lyk nie na ’n kameel nie. Hy is ’n forse man, breed van bors en skouer, met ’n granietgesig van sterk lyne en ’n vasberade kakebeen. Asof Hollywood die perfekte rolverdeling gedoen het.

Wanneer Die Kameel jou in die gang buite IMC se lokaal onderskep en vra dat jy moet kom inloer, draai jy flink om en jy stap saam. Terwyl jy met groot fokus en spoed probeer om jou onlangse sondes te herroep, omdat die moontlikheid baie goed is dat jy geroskam gaan word. Oor iets ernstigs.

Dis wat Griessel en Cupido doen op dié Vrydagmiddag om 16:17. Die Kameel nooi hulle na sy kantoor. Hulle stap agter Manie aan terwyl hulle mekaar in solidariteit ’n enkele benoude kyk gee.

* * *

Kolonel Mbali Kaleni sit al in die brigadier se kantoor, by die ronde konferensietafel. Sy lyk eerder bekommerd as vies.

Manie vra die twee speurders om by haar aan te sluit. Dan gaan sit hy ook, maak ’n tent met sy groot hande, stoot sy stewige kennebak vorentoe. Ter wille van Mbali praat hy Engels. In sy welluidende stem sê hy: “Gentlemen, I had a call from the National Commissioner.”

Hulle sê niks. Hulle weet hy verwys na die Nasionale Kommissaris van die SAPD, nie die nasionale hoof van die Valke nie. Hulle weet dit beteken veel groter moeilikheid.

“It was an interesting call, to say the least.” Manie se trant is gemoedelik en sonder ironie, asof hy ’n sonderlinge ervaring oorvertel.

“The Commissioner says that he spoke to the National Director of Public Prosecutions, and he then spoke to our honourable Minister of Police, before giving me the call. And both these esteemed gentlemen asked him to convey to me their full support in the matter. Now, lieutenant colonel Kaleni has briefed me on the details of the case concerning the late Johnson Johnson and I am, to say the least, a little puzzled. But let me not speculate. Here’s what the Commissioner told me: It seems that Johnson called a sergeant Kagiso Dimba on the night of 5 August – Dimba being a former colleague of Johnson at the VIP Protection Unit. And during that call Johnson told Dimba that he was going to commit suicide.”

Cupido is die een wat ’n geluid maak asof iets in sy keel vasgesteek het. Manie hou sy hand in die lug vir orde.

“And he also gave sergeant Dimba the reason for his planned suicide. He said he was going to kill himself because he just could not contemplate a future without his beloved wife.” Steeds geen sweem van sarkasme nie. “Dimba was, of course, deeply upset, and tried to talk Johnson out of it. But Johnson just said goodbye, and even though Dimba called back several times, Johnson did not answer. So, Dimba called his commanding officer, colonel Lucas Gwala, to ask what he should do. The good colonel told Dimba to come and see him, which he did. They realised there was nothing they could do, because Johnson never divulged information during his call to Dimba as to his whereabouts. Nothing, except to get an article 205 subpoena, and try to find out where Johnson was. Which they did the next day. Our National Commissioner also told me that sergeant Dimba has been wracked with guilt, because he did not provide Bennie here with full and complete details about the call. But, says the Commissioner, it was because he wanted to protect a former colleague and dear friend’s reputation, and the good name of the VIP Unit.”

Mbali Kaleni sê “Hayi” en klik haar tong.

Die Kameel hou weer ’n tamaai hand in die lug. “Sergeant Dimba and

colonel Gwala now wish to extend their deepest apologies to me, and to lieutenant colonel Kaleni, and to Bennie. They realise their loyalty was somewhat misplaced, but they hope we will understand that it was all done in the spirit of protecting the Great Police Brotherhood."

"They don't know about the Okapi blade in the back of Johnson's head," sê Bennie Griessel.

"Obviously," sê Mbali Kaleni.

"And so the Commissioner asked me, in the light of this information, that we do not persevere with an investigation that was evidently a suicide, and put the matter to rest."

27

“Is that what you want us to do, brigadier?” vra Cupido.

“That is all, colleagues. Thank you very much,” sê Musad Manie.

“Thank you, sir,” sê Kaleni en staan op.

Die twee speurders volg haar voorbeeld, groet vir Manie en loop agter Mbali by die deur uit.

In die gang sê Cupido: “But colonel, this is crazy. The man was stabbed. He was murdered.”

Kaleni hou aan met stap, haar hakke klik-klak in die gang af.

“Colonel, please,” sê Cupido met desperaatheid wat in sy stem deurslaan.

Mbali gaan staan. Die kort Zoeloevrou kyk op na hom. “Captain, did your mother ever read Dr. Seuss to you?” vra sy.

“Colonel?”

“Dr. Seuss. Did your mother ever read his books to you?”

“No, I … uh …” sê Vaughn Cupido, “we were a very healthy family.”

“Dr. Seuss wrote children’s books, captain.”

“Oh, right.”

“You know what my favourite quote from Dr. Seuss is?”

“No, colonel.”

“‘The more that you read, the more things you will know. The more that you learn, the more places you’ll go.’ My mother made me recite that one, over and over again.”

“It’s a good one,” sê Griessel, wat ook nie van Dr. Seuss gehoor het nie, maar hy weet sy het ’n verskuilde boodskap en hy probeer vasstel wat dit is.

“So, we will walk to the library. To learn, and to go places,” sê Mbali Kaleni.

En so stap hulle woordeloos agter haar aan, by die Valke-gebou uit, links, en dadelik regs in Carl van Aswegenstraat, na die Bellville-biblioteeksentrum.

* * *

Net meer as twee jaar gelede was kolonel Kaleni ’n baie gesette vrou. Vaughn

Cupido het destyds kapsie gemaak teen dié soort eufemisme. “Die Blom is dik,” het hy gesê. “Dit help nie jy gooi politically correct terminology soos ‘rotund’ of ‘plus size’ of ‘overweight’ nie. Sy’s dik. Kwaai dik. Finish en klaar.” Dit was in die dae toe sy verhouding met haar nog troebel was, weens die groot persoonlikheidsverskille en sy jaloesie oor haar bevordering.

Intussen het Mbali – tot almal se verstomming – groot gewigsverlies ondergaan deur die banting-leefstyl te volg, en die verhouding tussen haar en Vaughn het in die smeltkroes van ernstige en geweldsmisdaadbestryding aanvanklik gevorder tot ’n skietstilstand, en eindelik tot versigtige wedersydse respek.

Wanneer sy ’n tree of twee voor hulle by die biblioteek instap, dink Cupido dis eienaardig, want sy is nou net ’n slanke skaduwee van haar ou self, maar sy loop nog soos ’n dik vrou. Daai ou waggel wat gesê het “ek’s vet en ek vat nie moeilikheid nie” is steeds daar. Veral wanneer sy op die oorlogspad is. Soos nou.

Sy lei hulle na ’n stil hoek van die biblioteek en wys hulle moet by die tafel gaan sit.

Hulle neem plaas. Sy ook.

Sy kyk rond voor sy sameswerend vooroor leun en fluister. “You know I love this country.”

“Yes, colonel,” sê hulle sag.

“You know I am an honest person.” Haar gesig is dodelik ernstig.

“Yes, colonel,” sê Griessel.

“Painfully honest,” sê Cupido. “Sometimes.”

Sy steur haar nie aan die opmerking nie. “You know I like to do things by the book. Even when it is difficult.”

“Yes, colonel,” sê hulle al twee.

“Now, I must tell you I can no longer be honest *and* do things by the book,” sê sy.

Hulle wag dat sy moet verduidelik. Sy kyk by die biblioteeksentrum se venster uit, draai dan haar kop terug na hulle, haal baie diep asem en sê: “I don’t have to tell you about the state capture mess.”

Griessel kyk na Cupido, wat sê: “No, colonel. We know.”

“We are in very deep trouble. The whole Crime Intelligence Division of the SAPS is corrupt and captured. There is no doubt that the National Director of Public Prosecutions is a corrupt and captured man. And that our Minister of Police is a corrupt and captured man, and so is the President of the nation. Captured and corrupted by three Indian criminals who masquerade as businessmen. I’m not sure about the National Commissioner of Police, but he takes his orders from the corrupt Minister, so he has no credibility any more.”

“But *we* are not captured, colonel,” sê Cupido met gevoel.

“That is right, captain. We are not captured. And that is exactly why I cannot be honest now and do things by the book at the same time. Because the book says to follow the Commissioner’s orders. And we are not going to do that. Because these are the darkest days in our nation’s history since apartheid. These are desperate times. My mother and my father were activists in the struggle. There were times when I was very worried about the risks they were taking, the things they were planning and doing. Then they always said: ‘Desperate times call for desperate measures.’ So now *I* am saying that. I believe the VIP Protection Unit in Pretoria is corrupt and captured. They are trying to hide something, and I think that something is very serious. And I think that something can be very detrimental to those three Indian criminals and their state capture. I think Johnson Johnson heard or saw something on that train that is making all the corrupt people very nervous, and that is why the Minister and the Director of Public Prosecutions put so much pressure on the Commissioner. That is why they concocted this nonsense about a suicide. And why the Commissioner called brigadier Manie. But the brigadier did not order us to stop the investigation. Like Dr. Seuss said, the more that you read, the more things you will know. So I read between the lines of the brigadier’s instructions. And between the lines he indicated to us that we should continue with the investigation. And that we should be very, very careful. And that is exactly what we are going to be doing. Very carefully, and very low-key, and very crafty.”

“What do you mean?” wil Cupido weet.

“You remember the Cobra?” vra sy vir hulle.

Hulle knik, want hulle onthou die saak goed – ’n paar jaar gelede toe ’n Britse wiskundige naby Franschhoek ontvoer is en die Valke die nes van huurmoordenaars moes skoonmaak. Griessel is geskiet; hy het by die dood omgedraai. En in die proses moes hulle Suid-Afrika se Nasionale Intelligensie-agentskap ook nog systap.

“It will be like that again. Under the radar. Only, we will have to be even more careful. This time we don’t know who we can trust. Even in our own midst.”

“Are you saying there are Cape Town Hawks who are … captured?” Dis asof Cupido sukkel om al dié woorde in een sin te gebruik.

“I’m saying we can only trust each other.”

“Jesus,” sê Cupido. “The kid was right.”

“Hayi,” sê Mbali. “Don’t use the Lord’s name in vain. What kid are you talking about?”

* * *

Cupido verduidelik van sy meisie se seun en dié se vriend.

Mbali skud haar kop. “This is not what we struggled for,” sê sy. “Even the children know …”

En dan, terwyl die laatmiddag-lesersverkeer in die biblioteek stelselmatig toeneem en sy al hoe verder oor die tafel moet leun om haar gefluisterde woorde hoorbaar te maak, sê sy hulle gaan voortaan nie enige van die SAPD-stelsels gebruik tydens hul ondersoek nie. Want die korruptes en gekaaptes het oral oë. Hulle gaan die stelsels monitor. Daarom sal hulle nie verder na die Johnson docket verwys tydens die oggendparades nie. En met niemand anders oor die saak praat nie.

“But what about uncle Frankie and Vusi and Willem?” wil Griessel weet.

“You will have to make them read between the lines,” sê Mbali. “And I will have to allocate other dockets to them as well.”

“We can trust them, right?” sê Cupido.

“Of course.”

Cupido blaas verlig asem uit.

“This case is going nowhere, colonel,” sê Griessel. “We have nothing. Except for the knowledge that Dimba is lying and that the VIP Unit is trying to mislead us, we have zero.”

“Zilch,” sê Cupido.

“Have you exhausted all avenues of inquiry?”

“No, colonel.”

Sy gee hulle daardie bekende Mbali-kyk, ergerlik en intens.

* * *

Op die SAPD se nasionale rekenaarstelsel sluit hulle die Johnson Johnson docket af en dui aan dat die oorsaak van dood selfmoord was. Dan maak Griessel afskrifte van alles in die fisieke lêer voor hy die oorspronklike by Mbali gaan aflewer om dit te onderteken.

In die gang begin Cupido die foto’s wat Frank Fillander met soveel sorg opgeplak het, een vir een afhaal. Hy bêre dit in sy kantoor.

Hulle gaan sê vir Fillander, Ndabeni en Liebenberg die dossier is gesluit. En fluister dan in elkeen se oor dat hulle asseblief oor ’n halfuur, teen kwart oor ses op die Vrydagmiddag, by wyle Johnson Johnson se woonstel in Olympusstraat, Springbokpark, moet byeenkom.

Fillander bel sy vrou en sê hy gaan laat wees. Al weer.

En dan ry hulle. Om die foto's in die woonstel van die slagoffer te gaan opplak, in die oopplan-leefvertrek, en in die gang, en in die twee slaapkamers en in die een-en-'n-half badkamers.

Hulle werk tot amper middernag om al die inligting oor die mense op die foto's aan te bring en kruisverwysings te maak.

Hulle kry nie vir Faku óf Green nie.

28

Bennie Griessel droom.

Hy sit oorkant Alexa Barnard in ’n duur restaurant en hy voel-voel deur sy sakke, maar die ring is soek. Dan besef hy dit staan reeds op die tafel, langs die kers. Die kers brand met ’n dieprooi vlam, sodat Alexa se gesig onnatuurlik rosig lyk.

“Wil jy my iets vra, Bennie?” Asof sy ongeduldig is.

Hy vat die boksie met die ring. Sy vingers bewe en hy sukkel om dit oop te maak. Die diamant lyk klein. Hy kry skaam, wens die Aarde kan hom insluk. Sy stem is dun, senuweeagtig en vol smeking: “Alexa, trou met my. Asseblief.”

Hy kyk stip na haar. Hy sien hoe haar gesig stadigaan smelt en die trane oor haar wange rol. Sy reik na sy hand, neem dit met ontsaglike deernis. Sy sê: “Ai, Bennie, ek is so jammer, maar ek kan nie …”

Hy ruk wakker.

Saterdagoggend.

* * *

Die Rovos-trein is mooi.

Dit staan in die skemer van ’n perron op die Kaapstad-stasie, elegante kanongrys en silwerwit, in skrille kontras met Transnet se vuil, verwaarloosde trokke en die graffitibesmeerde Metrorail-waens. Soos ’n besoeker vol swier en styl uit ’n vergange era, met beloftes van eksotiese bestemmings.

Joanie Delport ontmoet hulle op die perron. Sy gee vir hulle ’n dokument in ’n mooi Rovos-omslag. “Dis ’n fotostaat van die trein se log,” sê sy. “Mevrou Strydom sê sy is jammer dat dit nou eers by julle uitkom, maar dis net in hard copy beskikbaar.”

“Die log?” vra Cupido.

“Ja. Die hospitality manager van die trein hou dit. Hy skryf neer wanneer die trein stop, of ry. Hoe laat, en waar.”

Hulle bedank haar.

Sy nooi vir Griessel en Cupido om in te klim.

In die lang gang van die wa gloei die oker van die hout in die lig van stylvolle lampe. Daar is mooi, oorspronklike skilderye teen die panele en die tapyt onder hul voete is dik en weelderig.

Selfs Cupido is stil.

Sy gaan wys vir hulle die kompartemente. Hulle kyk na die name van riviere bo elke deur. Na die groot vensters, die beddens en banke, die vernuftig ontwerpte badkamers. Personeel is besig met stofsuig en skoonvee, nuwe linne aandra, beddens opmaak. Sy lei hulle deur die eetkamer met sy spierwit tafeldoeke en kristal- en silwerware, en eindelik na die sitkamer aan die agterkant, waar hulle op diep rusbanke gaan sit om die honderde foto's van die passasiers op 'n skootrekenaar vir haar te wys.

Aanvanklik sê sy "nee" vir elke foto, want sy sien nie vir Terrence Faku óf Oliver Green nie. Later skud sy net haar kop. Foto ná foto, sonder sukses, terwyl Griessel en Cupido se hoop vervaag en hul moed sak.

En dan, wanneer foto nommer tweehonderd-ses-en-tagtig op die skerm verskyn, sê sy skielik: "Wag, gaan een terug."

Cupido druk die regte sleutel op die rekenaar. Die vorige foto verskyn weer. Dis in die eetsaal geneem tydens middagete, want die lig stroom by die vensters in, 'n Karoo-landskap buite.

Delport leun in na die skerm. Sy kyk lank, lig dan haar vinger en sê: "Daar. Dis … Ek dink dis Green."

Die foto is met 'n selfoon geneem. Die vensters is helder, die mense in die eetsaal onderbelig. En die man na wie sy wys is vier tafels weg van die kamera sodat net sy agterkop en 'n geringe deel van sy profiel sigbaar is, sy kop twintig grade na regs gedraai, asof hy beplan om na die uitsig te kyk. Sy regterarm is effens gelig en hy hou iets in sy hand vas. Dalk eetgerei. En oorkant hom, net 'n glimp van 'n gespreksgenoot, die bokant van 'n gryskopman se haarlyn. Dalk swart.

Hulle sug nie, hulle kreun nie. Griessel vra net: "Is jy seker?"

"Ek … Amper seker … Ja, ja, dis hy, dit moet hy wees."

Cupido merk die foto, en dan gaan hy aan na die volgende een.

Eindelik is dit die enigste een waarop sy enige van die twee skimme kan uitwys.

* * *

Joanie Delport bied vir hulle koffie aan, maar hulle sê nee, dankie, en vra of hulle kan stap na waar Scherpenzeel geslaap het, en dan na Faku, Green en

Johnson se kompartemente.

Sy moet eers uitvind presies waar Scherpenzeel gebly het, en lei hulle van die restaurantwa na haar koninklike suite. Dan stap hulle in die rigting van die lokomotief, na Green se kompartement en, twee waens verder, na waar Johnson sou geslaap het. Sy skuif die deur oop en hulle staan in die Pullman-suite waar Johnson met ’n Okapi-lem aan die agterkant van sy kop gesteek is.

Griessel kyk na die skuifslot op die deur na die gang. Klein en netjies en doeltreffend.

“Daar’s van die passasiers wat soms vergeet om die deur snags van binne te sluit,” sê sy. “Omdat dit nie ’n sleutel het om te draai nie.”

Griessel sê vir haar dat, soos hy dit verstaan, Johnson se bank reeds in ’n bed omskep was toe hy van die eetsaal af teruggekom het.

Sy beaam dit.

Hy probeer dit sien: die bank uitgevou tot ’n dubbelbed, die tafeltjie uit die pad uit. ’n Strook vloeroppervlak tussen die deur en die venster, waar Johnson sou staan en op sy selfoon met Dimba praat. Sy rug na die deur toe?

Cupido wag geduldig, want hy weet wat sy kollega doen. Dit is Bennie se gawe om homself ín daardie oomblik te verbeel. Maar Vaughn weet ook Griessel betaal ’n prys daarvoor.

Bennie skuif die deur oop en toe. Dit is relatief stil. Wanneer die trein beweeg, sal daar die klanke van wind en wiele op die spoor wees. Die klik-klak oor spoorlasse. Johnson se fokus is by die oproep; hy luister na wat Dimba sê, sy stem dalk hard en driftig. Hy hoor nie die deur wat oopgaan nie. Die wond is diep en reguit, ’n vinnige, kragtige steekaksie, reg van agter.

Griessel kyk na die houtblindings wat bo die vensters hang. “Word die blindings toegemaak in die aand?” vra hy vir Delport.

“Ja, maar baie gaste maak dit weer oop as ons ry.”

“Hoe gereeld word die vensters en blindings skoongemaak?”

“Na elke reis.”

Te laat vir vingerafdrukke.

Hy loop na die venster. Dit skuif maklik, maak groot oop. Twee mense wat ’n liggaam optel en uitswaai. Johnson se gewig is dalk negentig kilo’s. Dit sal inspanning verg. Adrenalien van vrees en dringendheid en moorddrif.

Twee mans van iets in die sewentig wat nog hups en fiks is.

Moeilik. Maar moontlik.

“Dankie,” sê hy en draai om.

* * *

Buite by die motors sê Cupido hy sal die foto vir Lithpel Davids gee. Dalk kan hy iets daarmee doen.

Sersant Reginald "Lithpel" Davids werk by Philip van Wyk se IMC. Almal dink hy is 'n tegnologiese wonderwerker.

Griessel sê Davids probeer nog om Johnson se selfoon aan die gang te kry.

"Ons het niks, Benna," sê Cupido.

"Daar's nog foto's op pad."

"If we haven't got lucky *yet*, wat's die kanse?"

"Ek weet." Want hy deel die voorgevoel dat hulle nie met dié een die deurbraak gaan kry nie.

"Ons kan weer met die eks gaan praat. Maybe onthou sy iets van corrupt politicians toe J.J. nog by die VIP Unit was. Maybe ken sy die Green-ou op die foto."

"Miskien het hy iets vir A.O. Neville Bandjies gesê, sy ou vriend van Brackenfell-stasie."

"Ma' kan ons hulle trust?"

"Ek weet nie. Robyn … Dis die VIP Unit wat haar 'n huwelik gekos het. Ek dink ons kan haar vertrou …"

"Maybe you're right. Sien jou by die kantoor."

* * *

Van die Valke se kantoor af ry hulle saam na Robyn's Ark in Brackenfell, die verkeer dik en stadig.

Cupido haal sy foon uit terwyl Griessel bestuur en hy kry waarna hy soek: "Okay, Benna, so, gisteraand toe doen ek 'n bietjie research. En ek kry hierdie website, Wedding Bells dot com. Everything you ever wanted to know about getting hitched, but were too bashful to ask. En da's 'n article oor hoe om die question te pop, dié dude wat reken: 'The secret to asking your beloved's hand in marriage, is to keep it simple. The moment can be tense and overwhelming for both of you, and women have a sixth sense about these things anyway. So, a James Joyce stream of consciousness speech just won't do.' "

"James wie?"

"Joyce. I cannot lie to you, ek moes hom google. Dis 'n Irish novelist wat hierdie moerse novel geskryf het. Landmark, roep hulle dit. *Ulysses*. Oor 'n ou in Dublin, die hele boek is net wat hierdie ou dink. Die hele tyd. Dink, dink, dink. Crock of shit, klink dit vir my. Anyway, the general idea is, keep it simple. En toe …"

“Wat beteken ‘keep it simple’? Jy vra net reguit?”

“Nee, brother, daai meen jy moenie embroider nie. Moenie ’n lang speech maak nie, moenie die bobbejaan agter die bult gaan haal nie.”

“Maar wat sê mens dan?”

“Well, dis nou wat ek jou mee gaan help. I gave it extensive thought, en ek reken jy tune haar, wait for it, this is good stuff … Jy tune haar: ‘Alexa, you are the love of my life. I want to spend the rest of my life with you. Ek sal diep gehonor wees as jy my hand in marriage sal vat.’ Daai is al wat jy sê. Translated into whitey speak, of course.”

Griessel bly ’n ruk lank stil, sê dan: “Dis nie sleg nie, Vaughn …”

“Nie sleg nie? Of course is dit nie sleg nie. It’s perfect.”

“Dankie,” sê Bennie Griessel. Met gevoel.

Dan dink hy aan sy droom en hy sidder so ’n bietjie.

29

Die troeteldierwinkel is ’n miernes. Buite in die tuin speel kinders met die hasies en gee hoenders en eende en ganse kos; binne is daar kopers by die hondjies, die voëlhokke, die vistenks en die dierekosafdeling.

Hulle soek na Robyn Johnson; sy sien hulle eerste. “Uit! Uit my winkel uit,” sê sy terwyl sy aangestap kom.

“Ekskuus?” sê Vaughn Cupido.

“Uit. Laat julle voete raas.” Haar stem is kalm, asof sy nie die klante wil ontstel nie.

“Wat makeer dan nou?”

Sy kom staan met ingehoue woede hier reg teen hulle. “Suicide? You’ve got to be kidding me. Julle’s useless. Get out of my shop. Nóú.”

“Waar hoor jy dit?” vra Griessel.

“In die koerante. Dis waar ek dit moet hoor, want julle is te sleg om dit self te kom sê. Now get out.” Sy wys met haar vinger na die deur toe.

Hulle draai om en loop, gaan staan buite.

“Fok,” sê Cupido.

Griessel bel die Valke se skakeloffisier.

“Bennie?” antwoord John Cloete.

“Wanneer het ons vir die media gesê die Johnson Johnson-saak is ’n selfmoord, John?”

“Dit was nie ons nie. Ek hoor dit kom van Pretoria af. Kommissaris se kantoor.”

“Gister?”

“Ja. Gisteraand. Te laat vir TV, maar vroeg genoeg vir die oggendkoerante.”

“Dankie, John.” Hy lui af en dra die boodskap oor aan Cupido.

“Hulle’s haastig, Benna, die Commissioner se kantoor. As if there’s pressure there.”

“Ja.”

“Wat maak ons nou? Gaan praat ons met Neville Bandjies?”

“Ek weet nie, Vaughn, ek het net ’n gevoel oor hom …”

“Lat hy corrupt is?”

“Nee. Dat hy vir sy loopbaan sal sorg as hulle vir hom moeilike keuses gee.”

“Okay.”

“Ons sal moet wag tot die winkel stiller is en weer met Robyn probeer. Wil jy nie ’n paar hoendertjies kosgee nie?”

“Story of my life. I’m a swooping Hawk, and now I have to feed the chickens.”

* * *

Hulle wag buite in die flou winterson en koue windjie. Hulle sien hoe Robyn Johnson nou en dan na hulle gluur, maar sy kom jaag hulle nie weg nie.

Hulle praat oor die Johnson docket. Hulle gaan deur alles wat hulle weet, evalueer die kennis, bou teorieë, breek dit weer af.

Om elf minute oor elf bel Arnold, die kort dikke van PCSI, vir Griessel.

“Selfmoord? Julle reken dis selfmoord? Ek ry op die fancy trein, ek vat ’n Okapi, steek myself in die agterkop, breek die lem af, en dan gooi ek myself by die venster uit. Want ek is Superman en ek is moeg vir die lewe. Briljante speurwerk, Bennie. Julle het ons nie meer nodig nie. Julle het nie meer die SAPS nodig nie. Julle kan nou comic books skryf en sakke vol geld maak. Is julle seker Johnson het nie ook kryptonite geëet nie? Ons wil net vra: Moenie ons tyd mors nie. Ons het ander sake ook, hope en hope. Ons het ’n backlog van weke. Maande. Maar toe julle vra, toe los ons alles. En nou is dit selfmoord. Hierdie honeymoon is nou verby. Net sodat jy weet.”

“Is jy klaar?”

“Ja. Met die Valke is ek heeltemal klaar.”

“Het julle iets gekry? Op die lem?”

“Jy sal dit nie glo nie, maar ons het Batman se vingerafdrukke gekry. Ons kan nou met sekerheid sê hy’s eintlik Bruce Wayne. Nou is die groot vraag: Hoekom het Batman sy Batgloves uitgetrek? As julle dít kan uitwerk, sal julle dadelik weet wie die selfmoord gepleeg het. O, wag, dit was Johnson. Superman Johnson. Case closed.”

“Het julle iets gekry, Arnold?”

“Koljander.”

“Koljander?”

“Dis reg. Koljander. Johnson Johnson het eers biltong gekerf voor hy homself agter in die nek gesteek het. Die Laaste Maal. Biltong. Patriot tot die einde toe.”

“Jy’s nou ernstig?”

“Wat gaan aan, Bennie? Wat de fok gaan aan?”

“Die Nasionale Kommissaris se kantoor het vir die media gesê dit was selfmoord. En vir ons gesê die saak is afgesluit.”

Dit laat Arnold lank stilbly, tot hy sê: “Ek sien.” En dan: “Wat maak ons met die lem? En die verslag?”

“Stuur dit vir Mbali. Is jy ernstig oor die koljander?”

“Ja. Koljander en rooiwynasyn. Mikroskopiese reste. Genoeg om te kan spekuleer dat die mes gebruik is vir biltong kerf.”

“Geen afdrukke nie?”

“Niks waarmee ons kon werk nie.”

“Dankie, Arnold.”

“Wat word van ons, Bennie?” kom die retoriese vraag.

En dan lui Arnold af voor Griessel kan sê hy weet ook nie.

* * *

Hy bel vir Joanie Delport. Sy sê sy kan nie eintlik praat nie, want sy is by gaste in die ontvangssaal.

“Het jy ooit vir Faku of Green sien biltong eet?”

Hy hoor stemme op die agtergrond, mense wat lag en gesels. Sy sê: “Ek bel jou terug.”

Ná sewentien minute van kyk hoe kinders diere troetel en voer, en hoe klante kom en gaan, kom die oproep.

“Faku. Ek het hom nie gesien biltong eet nie, maar die tafeltjie in sy kompartement … Daar was … Jy weet mos, as jy biltong kerf, die klein stukkies biltong wat jy mors, en daai kruie se doppies …?”

“Die koljander?”

“Ja. Ek het sy tafel elke aand skoongevee, want hy het biltong daar gekerf.”

* * *

Ná twaalf raak dit stiller. Robyn Johnson kom uit en sê stroef dat hulle moet deurgaan na haar kantoor.

Sy laat hulle vir langer as ’n kwartier daar wag. Dan kom sy in en maak die deur toe, en begin huil. “J.J. het nie selfmoord gepleeg nie,” sê sy tussen die trane deur.

“Robyn …” sê Cupido paaiend.

“Wat sê ek vir die girls? Wat sê ek vir hulle? Daddy wou julle nie meer

gehad het nie, he committed suicide. Dis onmoontlik? Julle is useless, that is not what happened."

"Ons weet," sê Cupido.

Sy spring op. "Julle wéét?" skree sy. "Julle wéét my kinders se daddy het nie selfmoord gepleeg nie, maar julle gaan sê dit vir die koerante? What sort of people are you? What sort of cruel, heartless animals are you? Dink julle nie aan die kinders nie? Dink julle nie aan die familie en die vriende en die legacy van 'n good man nie? Daai twee girls van my, this is going to haunt them for the rest of their lives. Mense wat agter die hande fluister, hulle daddy het suicide gepleeg. Het julle daaraan gedink?"

Terwyl Cupido sy hand in die lug hou om haar te probeer paai, en sy haar nie daaraan steur nie.

Eindelik gaan sit sy weer. Haar skouers ruk. Trane op die lessenaar.

"Ons is baie jammer …" probeer Griessel.

"Shut the fuck up," sê sy.

"Dit was nie ons wat dit vir die koerante gesê het nie," sê Cupido.

"Is julle nie die SAPS nie?"

"Dit was Pretoria. Hulle wil iets toesmeer. Ons is onder orders om die saak te laat staan."

Sy kyk op, haar oë rooi.

"Jirre," sê sy.

* * *

Hulle sê vir haar hulle gaan die ondersoek voortsit, maar sy mag dit vir niemand sê nie. Hoe moeilik dit ook al is. Sy worstel daarmee, met die onreg en die skade, maar nadat hulle haar in breë trekke vertel het wat hulle weet, knik sy eindelik.

"Daai nes," sê sy. "Daai VIP Unit. J.J. het vir my gesê dis 'n nes. Politicians wat die kat in die donker knyp. Jong meisies. Prostitutes en hangers-on. Drank. Baie drank. The high life. En die bodyguards moet dit reël, en die bodyguards moet dit toesmeer. En van die bodyguards vat die spoils, die leftovers, daai is hulle compensation. J.J. was discreet, ma' so met die tyd het hy goed laat val. Never details. Never named names. Hulle is almal te loyal, die hele lot van hulle. Ma' ek sê nou hier vandag vir julle, daai Unit, dís wat my my huwelik gekos het …"

"Het hy van korrupsie gepraat? Van die Indiërs? Die staatskapers?" vra Griessel.

Sy vee haar trane af. “Een keer … Hy het … Toe hy al uit die Unit was, nou ses maande terug … Toe is die state capture so in die nuus, die emails wat gelek het. Toe gaan haal ek die girls een aand by sy flat, en hulle slaap al, en hy sê: ‘Kom sit.’ En hy maak ’n bottel wyn oop, en ons gesels soos in die ou dae. En toe kom hy uit met die dinge. Nie baie nie, hy’t sulke draaie geloop. Ek kon hoor, he’s torn between his disgust and his loyalty. Toe sê hy, die state capture-goed, hy het dit al daai tyd sien kom. Aapstreke. Midnight meetings, sakke met geld, die Indians wat dit aandra. Dan vloei die Johnnie Walker Blue Label, en die geld word so op die tafels gepak, soos drug dealers. Hy sê hy sal nooit vergeet nie, hulle het sulke sly smiles gehad, daai Indian magnates. Soos in: ‘We own you, you dumb natives’ … Dan gooi hulle ’n dop vir die bodyguards ook, maak of hulle jou grootste pêl is, hand om die blaas. But always with those sly smiles …”

“Dis al?”

“Dis al wat hy gesê het. But I could sense there was more …”

“Vir wie het hy daardie tyd opgepas? When the Blue Label was flowing?”

“Dumisa. The Minister of State Security.”

30

Hulle stap in by sersant Reginald “Lithpel” Davids se hok agter IMC se lokaal.

Davids het ’n ontwerper-geskeurde denim, ’n T-hemp en sandale aan. Op die hemp staan: *The universe is made up of protons, neutrons, electrons and morons.*

Daar was ’n poging om hom die nuwe bynaam “Lollipop” te gee, oor sy lang, dun lyf en die massiewe Afro-haarstyl, maar die ou een het gebly – hy het jare lank kwaai gelispel voordat dit chirurgies reggestel is.

“Kry jou voete nie koud in daai sandals nie, Lithpel?” vra Cupido.

Davids kyk nie van die rekenaarskerm op nie. “As ek buite kon rondhang like a normal person on a Saturday morning, dan sou hulle koud gewees het. Ma’ nou moet ek hier sit en pics van geriatrics try enhance vir twee cappies wat ’n dead-as-a-doornail docket chase. So, no, my feet are fine, ma’ my hart is koud. Vir julle.”

“Jy weet jy’s net ’n sersant, nè?”

“So everybody keeps reminding me. Temporary situation, though.”

“Kan ons kyk?” Cupido wys na die skerm.

“Be my guest.”

Hulle loop om die lessenaar en gaan staan agter hom.

Die man wat moontlik Oliver Green is se gesig is effens duideliker, beter belig, maar die grein van die foto is erg. Griessel is teleurgesteld. “Is dit die beste wat ons kan doen?” wil hy weet.

Lithpel skud sy kop in afgryse. “Now let me get this straight. Julle stuur vir my ’n badly exposed pic wat deur ’n five year old iPhone Six Plus geneem is. A mighty eight megapixels, praise the Lord. En toe het die een of ander idiot dit nog gaan staan en compress ook. En nou vra jy my, cappie, of dit die beste is wat ons kan doen?”

Griessel besef hy het op tone getrap. “Ekskuus, ek weet jy doen jou bes, Lithpel. Ek vra maar net …”

“Cappie, what you see here is nothing short of a miracle, thanks to me and the best off-the-shelf software the SAPS can afford. Unless you want to send it to the FBI or spend a gazillion bucks on a private lab, daai is die beste wat dit ooit sal wees.”

“En wat as ons vir jou die original, uncompressed foto gee?” vra Cupido.

“Jy gaan ’n bietjie minder noise kry, but not all that much. Ek kan vir julle ’n version gee wat minder gecrop is, waar dié man ’n bietjie kleiner is. Dit sal minder grain hê.”

“Gee vir ons ’n paar opsies. Enigiets.”

“Okay.” Hy manipuleer sy muis. “Printing the first one now …”

“Johnson se selfoon?”

“Ek het hom up and running. No good news. ’n Paar SMS’e, ’n paar WhatsApps, mostly to the ex, and a few tourism contacts. Hy was op Instagram en Facebook, ma’ hy het nie juis baie gepost nie, hy was meer van ’n lurker. En hy het nogal sy puzzle games gelike. There’s no smoking gun there.” Hy wys na die foon wat tussen sy gereedskap op die werksbank lê. “Feel free to fiddle. O, en my cappie het gesê die Johnson dude se bankstate is daar op sy lessenaar, it came in late.”

* * *

Hulle bestudeer Johnson Johnson se bankstate. Dit is die heroïese verhaal van ’n man wat gespartel het om kop bo water te hou, en dit eindelik net-net reggekry het. Daar is geen opspraakwekkende inbetalings nie, geen eienaardige transaksies nie. Net ’n poliesman en later oudpoliesman wat moes raap en skraap, met ’n stelselmatige verbetering in die laaste maande van sy lewe, soos sy eks aangedui het.

Hulle ry terug na die troeteldierwinkel om Robyn Johnson die drie foto’s te gaan wys wat Davids uitgedruk het.

Sy skud haar kop. Sy ken nie vir Oliver Green nie.

Sy vra: “Was dit hý wat vir J.J… . ?”

Hulle sê hulle weet nie.

“Verbeel ek my of lyk hy bietjie lank in die tand?”

Hulle kyk net na haar.

“Dis al wat julle het? Dié ou man?” vra sy met afgryse.

Hulle het niks om ter verdediging aan te bied nie.

Terwyl hulle by haar is, lui Griessel se selfoon. Dit is professor Phil Pagel. Griessel laat dit na stempos oorgaan.

Hy luister eers na die boodskap toe hulle motor toe loop. “Nikita, ek het die koerant gesien. Ek neem aan julle het julle redes.”

Die skaamte brand deur Griessel.

Dis weer soos in die apartheidsdae, dié gelieg en bedrieg.

* * *

Hulle bel vooruit, ry dan na Oakglen, in Bellville, waar kolonel Mbali Kaleni in ’n meenthuis bly.

Hulle kan van die voordeur af die gebak ruik. Kaleni maak oop. Sy het ’n wit voorskoot aan. “You are just in time for fresh zucchini bread. No carbs,” sê sy en Cupido kan sweer sy gee hom ’n kyk.

Hulle gaan sit by die ontbythoek. Sy vra of hulle koffie wil hê. Hulle sê ja, dankie. Sy sit die ketel aan, gaan haal ’n blok beleë cheddar uit die yskas en begin dit rasper.

Griessel maak die dossier oop en haal die drie foto’s uit wat Lithpel Davids verskaf het. Hy plaas dit op die toonbank, sodat sy kan sien. Hy sê: “This is the only photo we have of one of the suspects.”

Sy kyk daarna terwyl sy rasper. “Perhaps there is just enough for someone to recognise him, if we had the freedom to call in the media’s help.”

“We want to give you our theory,” sê Griessel terwyl hy sy notaboekie uithaal. “A lot of it is just speculation, but it is the best we have.”

“Go ahead.” Sy sit die rasper in die opwasbak, begin dan koffie maak.

“Our two suspects, mister Terrence Faku and mister Oliver Green, booked the Rovos train between Cape Town and Pretoria, using those false identities,” sê Griessel. “Three months in advance. They booked adjacent compartments. They must have had their reasons for using false names and passport numbers, and for wanting to be close to each other, but we have no idea what they are. What we *do* know, is that the fake ID’s were not created to perpetrate this crime. Because when they booked their trip, Johnson Johnson did not even know he was going to be on it. We think this is significant. I’ll get back to this in a moment …”

“Okay,” sê Kaleni. Sy plaas die bekers met koffie op die toonbank, langs die kunsmatige versoeter en melk. “Help yourself.” Dan loop sy yskas toe en haal konfyt uit. “Sugarless jam,” sê sy en kyk weer na Cupido.

Vaughn wonder of sy iewers gehoor het dat hy ook op die banting-dieet is. Wie sou vir haar gesê het? Jy kan niemand vertrou nie.

Kaleni haal die murgpampoenbrood uit die oond. Dit ruik baie lekker. Sy plaas dit op ’n rakkie. “Sorry, Bennie, please proceed.”

“So, on 5 August the two phantoms board the train, and they mostly keep to themselves. There are no photos showing them in the lounge or in the viewing car. Only one, in the dining car. If we add that to the fake ID’s, we can say that maybe they did not want to be seen, and seen together, too much. They wanted to be incognito. But they did eat together. So, they could not have been *too*

worried about the risk. Which is a little strange. Why then go to the trouble of using false ID's?"

"Well, maybe because it was easy," sê Cupido. "Rovos doesn't ask people to actually present their passports before they board."

"So," sê Bennie Griessel, "we've made a timeline for the night of 5 August."

"Everybody is having dinner, from seven o'clock onwards," sê Cupido.

"Johnson is sitting with missus Scherpenzeel, and we assume Faku and Green are sitting together," sê Griessel.

"Then, somewhere close to nine, people start getting up and leaving, and Johnson recognises one of the two phantoms. Maybe for the first time. But he does not get up, he does not say anything."

"At ten to nine, Scherpenzeel tells Johnson she wants to call home, they get up and he walks her back to her compartment," sê Griessel. "And at eight minutes and twenty-three seconds past nine, we believe Johnson was killed. Those are our two markers."

"Bennie and I walked through the train this morning," sê Cupido. "We think leaving the dining car, walking an old lady to her door and seeing her off might have taken five minutes, max."

"So, Johnson says goodnight to Scherpenzeel, and now he's walking to his own compartment, towards the front of the train," sê Griessel. "This will take him past the doors of Faku and Green."

"Johnson made the call to Kagiso Dimba at seven minutes past nine."

"So we have twelve minutes in which something happened that connected Faku, Green and Johnson."

"A connection," sê Cupido, "that had two consequences."

"The first was something that made Johnson call Dimba, a man he had not spoken to in many months, a man he used to work with."

"The second was that Green and Faku needed to kill Johnson Johnson."

"We think they had to do it together, because Johnson was young and fit," sê Griessel.

"Our team contacted just about all the passengers on that train. Nobody heard anything like an argument or a scuffle. So, Johnson walked past the compartments of Faku and Green, and maybe stopped by to say a few words. Or he saw something. Or the two phantoms recognised him as a danger or some such …"

"It took us just over four minutes to walk from Scherpenzeel's compartment past Faku's to where Johnson would have slept. But let's say, with other passengers in the passage, let's stretch that to more than five minutes …"

"And," sê Cupido, "let's say we add another minute for Johnson to finally enter his own compartment, take out his phone, find the number and make the

call, we still have about four minutes unaccounted for."

"Maybe Johnson just stood in the passage, looking out of the window …"

"Or in his compartment, opening the window. Or taking a leak. But he did not take off his jacket. Or lock his door. Which makes us think, maybe he just called the moment he entered his compartment."

"So, he's talking to Dimba," sê Griessel. "The sliding door is very quiet, and he's on the phone, and the train is making a noise on the tracks, so he does not hear them …"

"They must have followed him, or how else would they have known where his compartment is? Something must have happened, some reason why they followed him. Something more than just saying a few words …"

"And they come in, and they stab him with great force in the back of the head."

"Great force. So something must have made them very angry," sê Cupido, "to use an Okapi biltong knife in such a way. Or very desperate."

"We have this one little piece of evidence," sê Griessel, "that ties Faku to the Okapi. Forensics found traces of coriander and red wine vinegar on the blade, and Faku's hostess confirmed that he did carve biltong in his compartment."

"If you take the fake ID's, and behaviour, and the biltong, it is likely they were the perpetrators."

31

“Now, here’s another interesting thing,” sê Griessel terwyl hy in sy notaboek blaai. “We got hold of the train’s log book. It records when the train stopped, where it stopped, and for how long. At the time the murder was committed, the train was moving, about seventy kilometres south of Beaufort West. But then, at nine thirty-four, it stopped at Beaufort West station, until five minutes past four the next morning …”

“So these two guys, these two phantoms, knew they had a dead body in a compartment and they were scheming how to get rid of it, for six hours,” sê Cupido.

“Because they knew an investigation would tie them to Johnson. Somehow. Or at least their false ID’s would make them suspect. But the fact that they sat there with that body for six hours and *then* decided to dump it out the window, along with the cell phone. And maybe take his laptop. It does say something …”

Mbali het aandagtig geluister. Nou knik sy, haal drie borde uit en dek vir hulle op die toonbank.

“Johnson’s ex-wife says he did mention a few things about the Indian businessmen who are now suspected of corruption and state capture activities,” sê Cupido. “That he witnessed some late night shenanigans with politicians. Johnson was the bodyguard of the Minister of State Security then. Mister Dumisa.”

Mbali Kaleni klik haar tong. “He’s a Zulu, that one. He should be ashamed of himself.” Sy plaas ’n vadoek oor die broodjie, neem ’n broodmes en begin versigtig en vaardig sny.

“We know that the VIP Unit tried very hard to find out where Johnson was. That tells us that the call to Dimba was interrupted, probably by the murder,” sê Griessel. “Because I’m sure if he had the time, Johnson would have told Dimba exactly where he was. And if he had done so, someone would have been waiting at the Rovos train station in Pretoria when the train arrived. They – and we think it was the VIP Unit – went to fetch Johnson’s luggage at the station only after he was reported missing and ID’ed. They were in a great hurry to do that, so they must have been worried about something that would incriminate a

politician. Or the Unit. Or something like that. Maybe Johnson's laptop, which disappeared from the train. Perhaps there were photos on the laptop …"

"… of the corruption shenanigans," sê Cupido. "Photos or other evidence."

"Okay," sê Mbali. Sy plaas snye vars brood op 'n bord en skuif dit nader aan hulle.

"Johnson recognised either Faku or Green …" sê Griessel.

"Or both of them," sê Cupido.

"… because he knew them from his days at the VIP Unit. How do we know this? Because he called Dimba. Of all people. Which could mean that Faku and Green worked for the State, or maybe they worked for one of these anti-corruption organisations."

"And we were thinking," sê Cupido, "the reason why he called could have been because he saw these two old guys together. Maybe it was the combination of the two of them that rang the alarm bells."

"Strange bedfellows," sê Kaleni.

"Yes," sê Griessel. "Maybe he recognised only one of them in the dining car, then saw them together, and made some sort of connection. As I said earlier, the two phantoms did not know that Johnson would be on the train, because they made their booking months before Johnson even knew he was going to be Scherpenzeel's bodyguard. So it must have been a coincidence, one way or another. Bad luck …"

"Come, eat," sê sy en gaan sit oorkant hulle.

Hulle bedank haar.

"Why did they have to kill him?" sê Bennie. "That's the big question. It does not make sense. They used false ID's, but they arrived at the station together, they dined together. They must have known that there would be a risk that someone would recognise them."

"Maybe," sê Cupido, "they thought there would only be foreigners on the train. But that's a little stupid, and I don't think they're stupid. If we look at the way they made the payment for the trip, the passport numbers … I don't think they're stupid."

"Something happened when Johnson walked back to his compartment," sê Griessel.

"And only three people know what that was," kom dit van Cupido.

"If we can't question Dimba, we have nothing," sê Griessel.

"If we can't use this photo to identify Green, we have nothing," sê Cupido.

"There are just too many maybes," sê Griessel.

"We really have nothing," erken Cupido.

"Yes," sê kolonel Mbali Kaleni. "That is true. But the bones must be thrown in three different places."

Hulle kyk na haar.

“It is an old Zulu proverb. ‘The bones must be thrown in three different places before you can accept the message.’ It means you have to look at a question many times before you can draw conclusions.”

“We are not allowed to look anywhere else,” sê Cupido.

“Not now,” sê Mbali Kaleni, en smeer vars botter op die brood. Dit smelt weg daarin. “Not now. But we will wait. And we will keep looking …”

Deel III

32

Augustus. Daniel Darret. Bordeaux.

In die nag, in die werkswinkel. Hy het sy hemp uitgetrek, sy bolyf blink van die sweet terwyl hy die tafel met die hand skuur, heen en weer, heen en weer. Hy ruik nie die fyn skuurstof nie, sien nie hoe dit walm en sif nie, want sy kop is by Lonnie May en die gesprek wat tot tienuur die aand geduur het.

En toe loop hulle op met die trappe van Au Bistrot, uit die spanning en afsondering en intensiteit uit, en bo was die restaurant vol en gemoedelik en besig, asof hulle van een heelal na ’n ander beweeg het.

Lonnie gaan sê vir François dit was ’n manjifieke ete, hy wens hy kan eendag terugkom. Toe loop hulle uit, en Lonnie omhels hom daar buite. En Lonnie huil, op sy manier, selfbewus en ongeduldig, trane ergerlik met sy mou afgevee, asof dit ’n klein skande is.

“Hoekom huil jy, Lonnie?”

“Ek sal jou nie weer sien nie.”

“Natuurlik gaan jy my weer sien.”

“Hulle gaan my kry, Tiny. Tensy ek hier iewers in Europa wegraak. En dit kan ek nie doen nie. Ek het daardie fokken land te lief.”

Hy vermoed Lonnie manipuleer hom so ’n bietjie. “Die regstelsel, die howe, Lonnie. Nie álles is gekaap nie …”

“Óns regstelsel. Óns howe. Jy is steeds ’n Suid-Afrikaner. Dis die Russe, Tiny. Die Rússe. Jy ken hulle. Hulle speel nie speletjies nie. Nie as hulle soveel kan verloor nie.”

Hy het nie geweet wat om te sê nie.

Toe druk Lonnie die klein rugsak in sy hande en sê: “Dink daaroor. Dink mooi. Jy is al hoop wat ons het. Jy is ons laaste hoop.”

En toe loop Lonnie weg, in die rigting van die basilika; die toring, La Flèche, wat dramaties voor hom uittroon soos ’n teregwysende vinger ten hemele.

Daniel het alleen bly staan. Toe dink hy aan Die Afrikaan, op dié oomblik. Sy broer uit ’n vergange era. Net daar waar Lonnie nou stap, het hulle in die agttiende eeu die begraafplaas langs Bordeaux se Saint-Michelkerk opgegrawe, ter wille van vooruitgang en ontwikkeling. En die liggame gekry. Meer as

sewentig dooies, ná eeue onder die kluite verbasend goed bewaar as mummies, danksy ’n vreemde sameswering van grondgehalte en klimaat. Die naakte gestorwenes is toe uitgestal, amper tweehonderd jaar lank, in die kelder van die kerk. Regop langs mekaar, ’n makabere toeriste-attraksie. Hulle is name gegee en beskryf: “Die gesin vergiftig deur sampioene.” “Lewend begrawe.” “Die generaal, dood in ’n tweegeveg.”

En “Die Afrikaan”.

’n Enkele swart man, hier begrawe. Tienduisende slawe is in dié hawe verkoop en per skip weggevoer, maar net een swart man uit daardie tydperk is hier te ruste gelê. Toe Daniel hierdie storie vir die eerste keer hoor, het hy ’n band gevoel, ’n verwantskap, ’n broederskap.

Hy het gewonder wat Die Afrikaan se storie was. Hy kon nie ’n slaaf gewees het nie. Nie as hy hier begrawe is nie. Het hy ook gevlug uit sy moederland? Voor die gereg? In die sestiende eeu, die sewentiende? Niemand weet presies wanneer hy dood is nie. Het hy ook op hierdie keisteenstrate gestap en soms die fisieke pyn van verlange gevoel na die vlaktes en berge en dale van sy heimat, die reuke en kleure, die stemme en klanke?

Daniel het Lonnie agternagekyk tot hy om die hoek langs die kerkplein verdwyn het, en gedink dit is omdat hy nou so intens eensaam voel dat hy Die Afrikaan onthou.

Lonnie het meer as net die versoek van sluipmoord gebring. Die res het hy nou weer saam met hom geneem.

Toe loop Daniel huis toe. Vol verterende frustrasie. En woede. Vir Lonnie, wat hom kom belas het. Wat hierdie geliefde plek van hom kom besoedel het met die stories van verval uit sy geboorteland. Wat hom voor ’n keuse kom stel het.

Hy het gedoen wat hy kon, soveel jare lank. Hy het geveg vir reg en geregtigheid, die grootste deel van sy lewe vir die saak en vir sy land gegee, en hy het niks teruggekry nie. Net verlies. Massiewe, hartverskeurende verlies.

Hulle kan hulle eie probleme oplos.

In sy voorkamer het hy op en af gestap met dié ding in hom.

Hy het die klein rugsak oopgemaak.

Twee-honderd-en-vyftigduisend euro.

En ’n brief. Hy het dit nie gelees nie.

Toe loop hy Chartrons toe om die tafel te kom skuur, want hy het geweet hy sal nie vannag slaap nie.

* * *

Skuur. Op en af, heen en weer.

Die gesprek met Lonnie ry hom.

Die detail oor die verraad. Hoe die President stelselmatig goeie, getroue, eerlike struggle-veterane, kamerade, vriende, broeders in die rug gesteek het. Uit belangrike poste gedwing en sy eie lakeie aangestel het. ’n Beplande, bloedlose staatsgreep met net een doel voor oë – om te steel. In samewerking met die drie Indiërs. En om weg te kom daarmee, want hy het die Nasionale Vervolgingsgesag en die Polisie en die Inkomstediens en die Staatsekerheidsagentskap en genoeg lede van sy Party besmet met geld, gesteelde geld, en die beloftes van meer. Sodat hy beskerm kan wees, selfs teen die aanslag van die demokrasie.

“Hy het my uitgewerk, Tiny. Hy het my eers beswadder. Hy het my reputasie verwoes. Heeltemal. En toe werk hy my uit. Vir my, wat alles vir Die Saak gegee het. Uit naakte gierigheid. En nou weet ek jy dink Lonnie is gekwets, Lonnie wil persoonlik wraak neem. Maar dis nie waar nie. Ek kom daarby.”

Lonnie vertel hom hoe die President en sy gespuis gesteel het. Biljoene en biljoene. Duisende biljoene. Staatsinstellings gestroop. Landuit gewas. Met die hulp of vrywillige blindheid of omkoop van bekende, gerespekteerde, internasionale ouditeursfirmas en programmatuurverskaffers en beeldpoetsers en banke. Britse en Duitse en Amerikaanse instellings. Net so gierig. Geld waarmee die voorheen verdruktes opgehef kon word, geld waarmee werk geskep en maatskaplike strukture opgerig kon word, die ekonomie reggeruk kon word. Geld wat die lot van die armstes sou verlig het. Afrika weer eens gestroop, verkrag.

Lonnie probeer hom manipuleer, dink hy, en sê: “Die President se termyn is nog net ’n jaar of wat, is dit nie?”

Lonnie gooi sy hande in die lug, sy gelaat verkleur, sy stem styg. “Dink jy dít gaan ons red? Dink jy regtig as hy loop, dan gaan alles net regkom? Dink jy hy het nie voorsorg getref nie? Planne gemaak nie? Hulle sal destabiliseer, hulle sal in KwaZulu weer burgeroorlog veroorsaak. Hulle sal … Hulle is ’n kanker, Tiny. Sny jy hier, dan kom dit weer daar uit. ’n Hidra, jy kan die slang se koppe nooit almal afsny nie. Hulle is ’n masjien met ’n duisend ratte. Dis endemies, onuitwisbaar, jy kan nie konvensioneel oorlog voer nie.”

* * *

Lonnie het goed voorberei vir die gesprek.

“Wat sal dit dan help om hom uit te haal?” vra Daniel.

“Ons maak ’n kragdadige stelling: In hierdie land sal jy nie steel nie, jy sal nie bedrieg nie, jy sal nie jou kamerade in die rug steek nie. Dis al wat ons het, dis al wat hulle sal afskrik. Dood. ’n Voorbeeld, Tiny. Ons maak ’n voorbeeld van hom. Ons planne is agtermekaar. Ons sal ’n mediaverklaring uitreik wat sê hy is die eerste. Daar kom nog.”

“Wie is die ‘ons’?”

“MK43,” fluister Lonnie in Engels.

“Julle is drie-en-veertig oudlede van Umkhonto?” raai hy, want dit is voor die hand liggend. Lonnie was deel van die destydse militêre vleuel van die ANC, Umkhonto we Sizwe, die Spies van die Nasie. Ook bekend as MK.

Lonnie knik.

“Dis terreur. Om die President te skiet is ’n daad van terreur. Hoogverraad.”

Lonnie kyk na hom. Teleurgesteld, asof hy van beter moet weet. “Dis ’n vryheidstryd, Tiny. Dis ’n voortsetting van die struggle. Hy is ’n tiran, ’n kleptokratiese tiran. Ons is nie vry nie. Nie voor hulle in hul spore gestuit word nie.”

“Hulle? Julle wil hê ek moet die ander ook uithaal?”

“Nee. Net vir hom. Ons het ander mense ook, wat ons later kan gebruik.”

“Hoekom gebruik julle nie nou van dié ander mense om hom uit te haal nie?”

“Ons het dit oorweeg. Ons het alles oorweeg. Álles. Maar die President en sy kliek … Hulle is nie dom nie. En hulle is paranoïes. Hulle beskerm hom. Hulle het ’n net gespan, dis ondeurdringbaar, by die huis. Jy kan nie naby hom kom nie. Maar hy kom Parys toe. Oor net meer as ’n week. 1 September.”

“Oor ’n week? Hy kom oor ’n week en julle wil nóú begin met voorbereidings?”

“Ons sou … Die aanvanklike datum was eers oor drie weke, maar toe vervroeg hulle dit. En ons het … Daar was komplikasies. Aan ons kant. Ernstige komplikasies. In elk geval, as hy hier is … Hulle kan hom nie hier so omvattend beskerm nie. Daar is protokol – hulle moet die sekuriteit aan die Franse oorlaat. So, dit bied ’n geleentheid. En jy is hier. Jy ken Frankryk, jy ken Parys, jy praat die taal, jy … Jy was die beste. Jy was die heel beste. Hulle sê jy was destyds die beste in die wêreld.”

“Vleitaal help jou niks, Lonnie. Ek gaan dit nie doen nie.”

* * *

“Hoekom is die Russe agter jou aan?”

Lonnie lag sonder humor. “Jy weet van die President se …” hy soek die regte Afrikaanse woord, maar kry dit nie, “… proclivities.”

Daniel het die gerugte gehoor. Van die man se voorliefde vir jong vroue. Hy knik net.

“Hulle het gesien, die President en sy Indiër-vriende, hoe maklik dit is om van die staatsinstellings te steel. Hulle het Eskom gekaap, en Eskom se steenkoolvoorsiening gekaap, hulle het die nuwe kragsentrales se oprigting gemelk, maar dit was net nooit genoeg nie. En dit was nie ’n onuitputlike bron nie. Toe maak hulle ’n plan. Bou nog ’n kernkragsentrale. Meer as ’n triljoen rand op die tafel, jy kon die kwyl sien drup. En die hele wêreld vry na hulle om die kontrak te kry – die Chinese, die Franse, die Russe. Maar Poetin is nie ’n pampoen nie. Twee jaar gelede, toe gaan ons President Moskou toe. En Poetin weet van die ou man se proclivities, en hy stuur vier spierwit, beeldskone blonde vroue na sy hotelkamer in Moskou se Ritz-Carlton. En die versteekte kameras neem alles op. Dis nie die feit dat hy gevang is met vier wit vroue nie, Tobela. Dis wat hy met hulle gedoen het. Skandelike goed. So ’n bietjie siek. Nou vra ek jou, wat dink jy gaan dit aan sy reputasie doen? Wie dink jy gaan die kernkontrak kry?”

“Kompromat,” sê Daniel Darret. Destyds al ’n streek wat die ou KGB uitgehaal het.

“Presies. En Poetin en sy trawante gaan net so lekker skep uit die transaksie. En die land kan dit nie bekostig nie, Tiny. Dit gaan die laaste strooi wees.”

“En as julle die President uithaal, is die kompromat nutteloos.”

“Presies.”

“Hoe weet die Russe van julle?”

“Ek kom daarby.”

* * *

Hy kyk hoe Lonnie eet. Eers die oesters. “Jeez, this is good.”

Dan die “Cul-de-poule”. Lonnie wou weet wat dit beteken, toe Daniel dit aanbeveel.

“Letterlik die hoender se agterent,” sê hy.

“Hoenderpoephol?” Met sy laggie.

“Cul-de-poule is eintlik ’n mengbak wat jy in die kombuis gebruik. Maar hier is dit ’n woordspeling, dis hoenderslaai. François wil sy kliënte net laat glimlag.”

“I get it,” het Lonnie gesê.

En toe hy proe: “Jeez, this is fantastic.”

“Jy moet in die winter kom, as hy varkwang maak.”

En toe die skaduwee oor Lonnie se gesig. “Ek wens ek kon.”

Hy eet met dieselfde geesdrif en toewyding as dekades gelede, toe Daniel hom by ’n pot pap langs die vuur in ’n Angolese opleidingskamp ontmoet het. En met dieselfde genoegdoening.

33

Lonnie in Angola. Bedrywige, toegewyde Lonnie. ’n Leeftyd gelede.

Die MK-opleidingskamp was die Wilde Weste. ’n Miernes, georganiseerde chaos, konstante beweging. Adrenalien, van vrees en van dringendheid. En testosteroon, ’n duisend jong manne wat saamleef in die Afrika-bos, met karige geriewe. ’n See van swart gesigte, ’n dreuning van Afrikatale. En dan was daar Lonnie. Wit en Engels, ’n prokureur uit Parkhurst in Johannesburg, volgens oorlewering nie ’n baie suksesvolle een nie.

Sy bynaam was Ubu. Na *ububhibhi*. Die Meerkat.

Lonnie het nooit stilgesit nie. Hy was die rasieleier, die verpleër, die eet-jy-genoeg-jy’s-te-skraal moederfiguur, al was hy maar self nog in sy middel dertigs. Hy’t gepraat, gesels, met almal. Oral gehelp, in die kombuis, die siekeboeg, met die induksie en prosessering van nuwe mense. Van die enkele ander wittes het ’n gatkruip-houding gehad, ’n onderdanige, white guilt-ingesteldheid, maar nie Lonnie nie. Hy het die struggle met sy hele hart ondersteun. Hy het wyd en syd verkondig hy hang nie godsdiens of -isme-ideologie aan nie, hy het net een doel en begeerte – dat almal gelyk moet wees in sy moederland. Hy was nie ’n leier nie. Maar hy was ’n toegewyde, geesdriftige, lojale volgeling.

Lonnie is in die intelligensiestrukture opgeneem omdat hy slim en nugter was. En omdat hy nie aanleg gehad het vir oorlog nie. Hy het met onderskeiding gedien, al was hy nie ’n ster nie, nie die helderste lampie in die kandelaar nie. Hy was net Ubu, die besige een.

Bowenal het jy geweet jy kan vir Lonnie met jou lewe vertrou.

* * *

Meer as nege uur lank het hulle in Au Bistrot se kelder gepraat. Lonnie, steeds so breedsprakig soos altyd.

“Lonnie, jy’s wit. Hoekom is jy die boodskapper?” wou Daniel weet. Met die implikasie dat Lonnie nooit deel van die ringkoppe, die ware binnekring, was nie.

Lonnie het geweet die vraag kom, hy't geweet wat dit alles behels, want hy ken die strukture en gebruike en tradisies en ongeskrewe reëls.

"Omdat ek kon."

En dan vat hy 'n klein slukkie wyn, kyk na Daniel en sê: "Omdat ek die enigste een was wat nie so verskriklik intens dopgehou word nie. Jy het geen idee hoe dit by die huis gaan nie. Dis Stalin, Tiny, sonder die moord. It's death by a thousand lies, betrayal by a thousand spies. Hulle weet die enigste manier om die kleptokrasie te beskerm is om nóg mense te koop en om te koop. Jy kan niemand vertrou nie. Ons moet so vreeslik versigtig wees. Want hulle vermoed … Hulle verwag, hulle weet, daar is van ons wat 'n ander struggle baklei het, wat 'n ander land wil hê. Hulle weet die een of ander tyd gaan ons ophou om ons … to twiddle our thumbs. So, they keep tabs on the dangerous ones. But I was never regarded as that."

Dis Lonnie se eerlikheid wat hom raak.

34

Halfeen in die nag. Daniel sit langs die tafel, arms gevou, kop geboë, doodmoeg geworstel en gestoei en geskuur. Sy goedkoop selfoon lui – die een wat madame Lefèvre vir hom gegee het, die nommer wat net sy het, vir wanneer hy aflewerings doen. En nou het Lonnie dit ook. Hy het die nommer teësinnig vir hom gegee in die restaurant, want Lonnie het gesê: "Ek wil jou net een keer bel, môre of oormôre. Net een laaste keer, Tobela. Om te hoor of jy nie jou posisie sal verander nie."

Sy *posisie*.

Hy het stilgebly. Lonnie het dit verkeerd geïnterpreteer.

"Ek bel jou net van 'n burner af, Tiny. Untraceable, ek wil nie die hele operasie in gevaar stel nie. Trust me. You know you can trust me."

Hy gebruik die foon vir niks behalwe Madame se oproepe nie. Hy het 'n tweedehandse tablet by die huis waarmee hy nuus op die internet lees. Hy wil nie bereikbaar of opspoorbaar wees nie. Daarom dat hy teësinnig was.

Nou lui die foon, en dis nie Madame se nommer nie. Dis Lonnie, kan net hy wees.

Hy wil nie antwoord nie.

"Lonnie."

"Ek het moeilikheid, Tiny. Hulle het my gekry. Hulle is by elke uitgang."

"Waar is jy, Lonnie?"

"Die Novotel by die dam."

Dit neem hom 'n oomblik om die vertaling uit Suid-Afrikaans te doen. "Bordeaux Lac?" Die hotel by die meer, oorkant die reusagtige Expo-sentrum.

"Ja."

"Hoeveel van hulle?"

"Ses. Ek is jammer, báie jammer, maar hulle sit vir my en wag. Hulle wil my kry, Tiny …"

Hy probeer dink hoe die terrein daar is. Hy het al aflewerings in die omgewing gedoen, het al by die meer gaan stap. Die Novotel is een van 'n paar hotelle wat die Expo-sentrum bedien. 'n Goeie plek om weg te kruip wanneer daar die een of ander groot skou is. Maar nou in Augustus dalk nie die slimste nie. Dis langs die water met net 'n dienspad tussenin. Hy kan nie presies

onthou hoe dit daar lyk nie.

"Is die hotel se terrein oop?"

"Nee." Lonnie se bravade, sy breedsprakigheid is nou weg. "Daar's 'n groot staalheining, reg rondom. Agter is daar nog struike ook."

"Hoeveel ingange?"

"Daar's 'n deurrypad met 'n ingang, en 'n aparte uitgang."

"Waar is die ingang?"

"Aan die dam se kant. Wes. Die uitgang is noord."

"Dis al?"

"Ja."

"Waar is die Russe?"

"Twee in 'n kar anderkant die ingang, twee by die uitgang, oorkant die straat, en twee in die lobby."

"Watter kant front jou kamer?"

"Na die dam toe."

Hy dink só lank dat Lonnie benoud vra: "Is jy daar?"

"Die agterkant van die hotel … Dit grens aan die tremspore, as ek reg onthou."

"Ja, maar die heining, Tiny, dis struike én 'n draad. Ek het gekyk, ek het die plek gecase, vir ingeval. Ek het nie gedink hulle sal my kry nie. Ek het die eerste vier aande in die stad gebly, elke aand 'n ander plek, toe kom ek hiernatoe, want dis … Ek het gedink …" Sy verskonings raak op.

Daniel luister nie, probeer dink hoe om Lonnie daar uit te kry.

"Lonnie, luister nou mooi … Hoeveel bagasie het jy?"

"Twee tasse. Soort van medium-groot, en klein."

"Kan jy die grote los?"

"Ja."

"Ek gaan jou agter deur die heining moet kry …"

"Ek is nie meer 'n jong man nie, Tiny, ek sal nie daar kan oorklim nie …"

"Lonnie, luister net. Kan jy by die heining kom sonder dat die span by ontvangs jou sien?"

"Ja, ek kan deur die restaurant – daar's 'n deur na die tuin toe."

"Wag in jou kamer. Ek is op pad. Pak solank. Vat net die klein tas – jy gaan spoed nodig hê. Ek bel jou oor vyftien minute."

Hy druk die foon dood, swets hardop; sy stem eggo in die stil werkswinkel.

Ses van hulle. Dit is 'n groot toewysing van mannekrag. In 'n vreemde land, in hierdie internasionale politieke klimaat. Die Russe moet baie ernstig wees om Lonnie te stop. Maar daar kan nie net ses van hulle wees nie. Hulle sal nie al hul kaarte sigbaar maak nie. Hy sal eers moet gaan kyk waar die ander wegkruip.

* * *

Hy het geen wapens nie.

Hy gaan haal ’n tafeldoek in die voorwinkel, gryp ’n paar stukke gereedskap, druk kabelbinders in sy sak, maak dan die agterdeur van die werkswinkel oop. Hy vat die Peugeot, want dit is al wat hy tot sy beskikking het – die J5-paneelwa, vyf-en-twintig jaar oud met meer as driehonderdduisend kilometer op die klok. Die wit het lankal tot vuilgeel verbleik, die legende *Madame Lefèvre – Antiquités-Brocante* net vaagweg nog leesbaar op die kante.

Hy ry langs die rivier, noord met die Quai des Chartrons, dan oos met Rue Lucien Faure, die stad stil. Dit bekommer hom, want hy voel blootgestel; een van baie min voertuie wat op die polisie se kameras beweeg. As daar moeilikheid is, indien daar geskiet word, bloed vloei, sal hulle hom opspoor.

Sy kop oorweeg scenario’s, moontlikhede, maak planne, verwerp hulle weer. Hy moet sy identiteit beskerm. Sy bestaan, sy anonimiteit.

Verby Decathlon, verby die groot Bordeaux Lac-winkelsentrum, oor die E5-snelweg, dan links in die Rue du Grand Barail. Hy begin uitkyk vir die verskuildes, die span wat hulself nie aan Lonnie gewys het nie.

As hulle professioneel is, sal hulle agter die hotel wees.

Hulle is.

Hy sien die Mercedes Sprinter, twintig meter weg van die kruising, net voor die hek van die Hotel le Provençal. Twee mans voorin, die passasiersvenster oop, sigaretrook wat daar uitwalm.

Hy ry verby, kyk vlugtig na Lonnie se hotel links van hom, anderkant die tremspore. Die mans in die Sprinter het ’n perfekte uitsig oor die agterkant, waar hy vir Lonnie wil uitbring.

Hy sal hulle moet neutraliseer. Sonder om aandag te trek.

Sy oë soek na CCTV-kameras. Die hotelle sal almal hê, meestal by die ingange, maar hy sien niks van die stadspolisie nie. Dit sal help.

* * *

Hy ry om die blok, kom terug. By die Mercure-hotel skakel hy die Peugeot se ligte af. Hy hou stil voor die Hippopotamus-restaurant met sy dansende seekoei op die groot advertensiebord wat skree: *Laissez vos envies de viande s’exprimer*. Laat jou vleislus uitdrukking vind.

Hy reik na agter, neem die donkerblou tafeldoek en draai dit om sy gesig soos ’n Arabiese kopdoek, sodat net sy oë uitsteek. Hy vat die stewige

klouhamer. Hy haal diep asem, bel vir Lonnie.

"Tiny! Jy't gesê vyftien minute."

"Is jy reg, Lonnie?"

"Ja. Wat moet ek doen?"

"Gaan af na die restaurant toe, en staan by die deur. As ek bel, hardloop jy na die heining toe. Jy sal my sien. Maar jy moet wag tot ek bel. Verstaan jy?"

"Hoe lank gaan dit vat?"

"Tussen vyf en tien minute. As ek nog nie oor twintig minute gebel het nie, moet jy die polisie bel en sê jy wil begelei word. Laat hulle jou na veiligheid neem."

"Nee!" Lonnie se stem is hoog, paniekerig. "Hoekom sal dit …?"

"Lonnie …" hou Daniel sy stem kalm en paaiend, "daar is nog 'n span van hulle, twee in 'n paneelwa agter die hotel. Ek gaan hulle probeer neutraliseer, maar enigiets kan gebeur. Ek is verroes, vyf-en-vyftig jaar oud, hulle is jonk en professioneel …"

"Here, Tiny …"

"Gaan wag by die deur. En hou duim vas."

Stilte. Dan: "Okay. Sien jou nou."

* * *

Die Mercedes Sprinter staan oop en bloot. Daar is nie skuiling vir bekruip nie, nie ruimte vir truuks of slimmighede nie. Daar is net dié moontlikhede: spoed, verrassing, oorweldiging.

Hy klim uit, hamer in die hand, doek om die kop, tang en kabelbinders in die een broeksak. Hy sluit die Peugeot, druk die sleutel in sy ander sak. Haal diep asem. Die nag is stil, die luggie naby die meer is koel, die strate verlate. Bordeaux slaap.

Hy staan. Gedagtes in sy kop.

Geweld kweek geweld, en hier gaan nou geweld wees. Dit gaan dinge losmaak, domino's sal val.

Hamer in die hand, maar hy voel kaal. Sy blaaie wil die vertroostende gewig van die kort steekassegaai voel, die wapen wat hy in die ou dae agterop sy rug oorlog toe gedra het.

Dis die einde van 'n era. Dit is die einde van die lewe wat hy met soveel moeite en seer en eensaamheid hier gebou het. Hy voel die verlies soos 'n fisieke pyn. Wat doen jy, Daniel Darret? dink hy. Wat doen jy?

En hy voel die tinteling.

Hy spring weg, op volle vaart.

35

Hy hardloop na die agterkant van die Sprinter, sy sportskoene lig oor die teer. Hy bid dat dié twee nie nou in hul tru- of kantspieëltjies gaan kyk nie, dat hul aandag op die hotel gevestig sal wees, dat hulle half aan die slaap en verveeld sal wees.

Die afstand raak kleiner en kleiner, die adrenalien vloei.

Hy moet by die linkerdeur kom, by die bestuurder, die een by die sleutels, die ligte, die toeter, die een met minder beweegruimte agter die stuurwiel, bes moontlik die senior lid van dié tweemanspan.

Hy is by die Sprinter, hardloop langs die sykant af, sien die venster is toe. Hy lig die hamer, slaan die ruit stukkend. Die bestuurder koes instinktief weg en Daniel slaan weer, hard, vinnig, met die hamer se bal. Hy tref die man teen die voorkop, been wat kraak, bloed spat. Die man se kop val vorentoe.

Die ander een herstel van die skrik, reik na ’n wapen aan sy sy, onder sy arm. Daniel sien die bestuurder se pistool voor op die instrumentpaneel lê, ’n MP-443 Grach met ’n knaldemper, langs ’n klein tweerigtingradio. Hy besef dat hulle Lonnie seker wou skiet.

Hy laat die hamer uit sy hand val, gryp die wapen met sy linkerhand, kry sy regterarm om die beseerde bestuurder se nek, ruk hom nader. Hy hou die man tussen hom en die passasier, druk die veiligheidsknip af, stamp die pistool se loop hard teen die bestuurder se slaap.

“Polozhite pistolet,” sê hy in die bietjie Russies wat hy onthou. *Sit jou wapen neer*.

Die passasier kyk na hom, haal sy pistool uit, swaai dit na Daniel. Hy’s jonk, in sy vroeë twintigs, met die gesig van ’n roofdier, nog verstom deur die onverwagse geweld.

Daniel stamp die Grach nog harder teen die bestuurder se kop. “Polozhite!” Maar sy hand bewe van adrenalien, en die vrees dat hy hier alles kan verloor, dat hy oor die muur is.

Die bestuurder maak ’n kort, verdwaasde geluid, sy oë afwesig.

Die passasier se pistool beweeg nie meer nie, maar hy sit daar, die skrik wat wyk en opleiding wat inskop. Hy kyk na Daniel se hand; hy sal die bewing sien.

Daniel swaai die Grach ’n paar millimeter, vuur ’n skoot af in die paneelbord, net regs van die passasier se knie, ’n sagte plof.

Die man beweeg sy hand tussen sy bene af, stadig na die vloer, plaas die pistool daar. Hy kyk terug na Daniel.

Daniel los die bestuurder se nek, haal ’n handvol kabelbinders uit sy sak. “Tie him to the steering wheel,” sê hy in Engels. Hy gooi die binders op die passasier se skoot, vervat om weer die bestuurder se nek beet te kry.

Die passasier se oë meet hom nou, ratte wat draai, risiko’s wat oorweeg word.

“I hear the future of SVR agents with shot-up knees is not great,” sê Daniel en swaai die Grach in die rigting van die man se been.

Daar’s geen reaksie wat daarop dui dat hy vir Sluzhba Vneshney Razvedki, die Russiese Buitelandse Intelligensiediens, werk nie. Maar hy neem die kabelbinders, leun oor om sy kameraad se regterpols te vat. Langsaam, kalm, maak hy dit aan die stuurwiel vas. Die bestuurder rem weg met sy arm. Daniel versterk sy greep op die man se nek, wurg hom. Die reaksie verflou.

“Tighter.”

Die passasier trek die binder styf, neem die ander hand, maak dit ook vas. Kyk dan na Daniel.

“Now your right hand.”

Die passasier talm, kyk in die rigting van die hotel, na die radio op die instrumentpaneel, en terug na hom. Daar is intelligensie agter die waaksame oë. Daniel weet die man sal nou vir homself vra: Waarom het hy ons nie eenvoudig geskiet nie? Dis wat die SVR sou gedoen het. Hy sal die som maak; die aanvaller het ’n doek om sy kop om sy identiteit te verbloem, sodat hy nie in die toekoms herken kan word nie. Want hy is onwillig om hulle te elimineer. Dalk om die opspraak van ’n internasionale insident te vermy, en die daaropvolgende intense soektog na die skieter. Die man sal vir homself sê dit is waarom hy ’n kans het.

“Fuck you,” sê die passasier.

En dan raas die radio, ’n stem wat iets in Russies sê, vraend.

Daniel trek die sneller. Die radio spat uitmekaar met ’n klapgeluid, die passasier ruk.

“You have ten seconds to tie your right hand to the steering wheel or I will end your career.”

Later sal hy wonder of dit die ambisie en ego van ’n jong man was. Die vrees vir die klad op sy rekord so vroeg in sy loopbaan?

Die passasier reik na sy pistool.

Daniel skiet, tref hom in die elmboog van sy regterarm, die nege-millimeter-rondte se skade groot, bloed en beensplinters oor die deur. Die man skree van

pyn en skok. Daniel druk die pistool in sy lyfband, ruk die deur oop, beur sy bolyf oor die bestuurder se vasgebinde arms. Hy gryp die passasier se gesonde linkerarm, vat ’n kabelbinder van die man se skoot.

Die agent reik met sy kwalik bruikbare regterhand na die pistool op die vloer, bulkend van die inspanning.

Daniel swets in Xhosa, instinktief. Hy los die gesonde arm, kry die man se regterhand beet, want hy moet die pistool kry.

Die bestuurder se gesig is hier teen syne; die man byt hom deur die doek, in die nek. Daniel fokus op die pistool, draai dit uit die passasier se hand, slaan dan die bestuurder met sy elmboog. Hy gooi die passasier se pistool uit die Sprinter uit dat dit kletter op die teer. Hy slaan die man met al sy krag, tref hom met die vuis vol in die gesig. Hy ruk weer die gesonde arm nader, sukkel om die kabelbinder om te kry. Die man ruk en pluk. Hy slaan hom weer en weer, die passasier probeer keer met sy regter-voorarm, die bestuurder maak kermgeluide. Daniel beklem die gesonde arm, ruk dit na die stuurwiel toe, hou sy elmboog reg om weer te slaan, worstel met die pols en die kabelbinder, sy hande glad van die man se bloed. Hy trek die kabelbinder styf vas, bewus daarvan dat die radiostem ’n antwoord verwag het. Hy weet hy het nie tyd nie.

Die passasier ruk aan die kabelbinder. Daniel, halflyf by die Sprinter se stuurkajuit in, pluk die beseerde regterarm en die man skree van die pyn. Hy kry nog ’n kabelbinder wat tussen die twee mans geval het, maak die laaste arm vas.

Hy voel vinnig deur die twee mans se sakke, kry twee selfone en druk hulle in sy agtersakke.

Hy gaan haal die pistool waar dit op die teer lê.

Hy hardloop oor die tremspore terwyl hy sy eie selfoon uithaal. Hy bel vir Lonnie.

“Kom, Lonnie, hardloop.”

Druk die selfoon in sy sak, haal die tang uit.

By die heining. Hy begin knip, van bo na onder. Hy hoor Lonnie se voeteval, haastig.

“Tobela!” Lonnie se stem is naby aan paniek.

“Hier.” Hy knip, knip, druk die draad skuins, wurm deur die struikheining. Lonnie staan daar, tassie in die hand, vrees op sy gesig.

“Kom!”

Lonnie kom. Hy help hom deur die blare, en deur die gaping in die draadheining.

Lonnie kyk na sy hande en arms. “Jy bloei.”

Tobela lag. “Dis nie mý bloed nie. Kom, Lonnie.”

Hulle begin hardloop na die Peugeot wat om die hoek staan. In die

verbygaan sien Lonnie die twee daar binne die Sprinter. Hy kyk weg.

* * *

Hulle ry. Daniel rol die doek van sy kop af, kyk in die truspieël.

"Lonnie, het jy 'n Britse visum?" Hy moet sy stem verhef bo die gerammel van die Peugeot.

Lonnie is nog uitasem. "Hoekom vra jy?"

"Hulle sal Mérignac-lughawe dophou. En Bordeaux se treinstasie. Jy sal van Bergerac af moet vlieg. Dis 'n klein lughawe, die meeste vlugte is Southampton, Stansted of Amsterdam toe."

Lonnie dink. "Amsterdam," sê hy.

En dan: "Dankie, Tiny."

"Dis hulle pistole," sê hy en wys in die rigting van die vuurwapens. Lonnie het gesien hoe hy hulle in die gereedskapkis sit. "Wou hulle jou skiet?"

Lonnie se oë rek. "Ek het jou gesê hulle wil my kry."

"En hulle is nie bang vir 'n internasionale insident nie."

"Nee."

"Is dit net die geld op die kernreaktor-tafel, Lonnie?"

Hy skud sy kop stadig. "Jy moet verstaan, hier is groot magte aan die werk. Dis die opkoms van China, dis Amerika wat taan. En in die middel is 'n vakuum wat wag om gevul te word. Dis 'n nuwe wêreldorde wat kom. En Poetin … Jy kan van hom sê wat jy wil, maar hy's slim. Uitgeslape. He's playing the long game, positioning himself, and his country. Weet jy waarmee hy besig is in Sentraal-Afrika?"

"Nee."

"Kongo, 'n hele paar lande … Dis presidente sonder demokratiese mandaat, en Poetin het vir hulle tweeduisend-vyfhonderd hoogs opgeleide troepe gegee om as persoonlike lyfwagte te dien. Om hulle aan bewind te hou. Hoekom, dink jy? Omdat hy so 'n goeie siel is? Nee, Tiny, dit gaan oor invloed, oor mag, oor sy hande kry op die minerale en die diamante. China se aanslag is anders. China koop lande se skuld en besit hulle só. Kyk maar na Venezuela, die olierykste land op die planeet … Maar Poetin speel 'n ander spel. Rusland is die grootste kleptokrasie in die geskiedenis van die planeet. Hul regering is in 'n semi-amptelike vennootskap met georganiseerde misdaad. Wat goed is vir die een, is goed vir die ander. Polities is Suid-Afrika 'n vastrapplek op die kontinent. 'n Poort van toegang. Vir Poetin se ambisies om weer 'n supermoondheid te wees. Vir sy Nuwe Rusland. Ons is steeds die kroonjuweel,

die grootste, soetste, sappigste vrug in Afrika, al gaan dit sleg by ons. Hy wil ons besit voor die Chinese kan. Hy het ons president in sy sak, die beste hefboom. Hy wil dit nie verloor nie. Hy sal enigiets doen. En dan is daar die mafia wat saam met die kernkontrak kom …"

Hulle ry in stilte oor die Garonne by die Pont d'Aquitaine, dan suid op die N230.

"Hoekom het jy gelag toe ek sê jy bloei?" wil Lonnie weet.

Daniel lag weer. "Hulle het *Predator* gewys, nou so 'n paar weke gelede," sê hy.

Hy sien Lonnie verstaan nie.

"*Predator*. Die Schwarzenegger-fliek waarin hy die alien moet doodmaak in die oerwoud …"

"O. Ja …"

"Daar's 'n toneel met die een soldaat wat aan die begin saam met Schwarzenegger is – hy's groot en taai, jy dink hy's onoorwinlik. Hulle het hierdie skermutseling met rebelle, en die taai soldaat word gewond. Sy kameraad sê vir hom: 'You're bleeding.' En hy antwoord: 'I ain't got time to bleed.' Ek het vir myself gelag, want ek wou dit vir jou sê: 'I ain't got time to bleed.' Soos 'n cliché van 'n Hollywood-soldaat. Toe lag ek, want … Dis die euforie ná die adrenalien, wat mens laat glo jy's onoorwinlik. Maar ek ís nie."

Lonnie lag nie. Hy kyk net voor hom.

Eindelik sê Die Meerkat: "Hier is een chicken wat jy gered het."

36

In die lang ure in Au Bistrot, terwyl Lonnie hom probeer oorreed het om ’n huurmoordenaar te wees, het hy aanhou sê hy wil nie.

Lonnie het baie teenargumente en pleidooie gehad, oudprokureur aan die werk.

Daniel was later raadop. Toe sê hy hy wil Lonnie vertel van die kuikens.

Lonnie het afkeurend gefrons, want die gesprek én die onderwerp was ernstig.

Toe vertel Daniel: Die eerste werk wat hy in Frankryk gekry het, was op ’n groot hoenderplaas in Bretagne, naby beeldskone Morlaix. Vir bitter min besoldiging, want hy was onwettig daar, daardie tyd nog op sy Suid-Afrikaanse paspoort.

Sy verantwoordelikheid was om die laaste kuikens te red. Dit was die ongewildste taak op die plaas, daarom dat hy dit gekry het.

Die vervoerband het van die broeikaste af gekom. Ander hande het die duisende kuikens afgehaal soos hulle uitbroei, vir sortering en verplasing.

Hy was aan die eindpunt, waar die swakste, laaste kuikens uit die eiers geworstel het, die vervoerband dik van die geel van onsuksesvolle eiers, die geel soos gom. Die swak kuikens het vasgesit.

Wanneer die band begin beweeg het, kon hy byhou, want net enkele kuikens het sy stasie bereik.

Maar die pas het versnel, die getalle het altyd toegeneem. Meer en meer van die voëltjies wat spartel, hy moes hulle met die hand uit die gemors uit haal, eenkant neersit.

Hy het gewerk, so vinnig as wat hy kon. Die kuikens, so klein en tengerig en broos en mooi … Daar het elke keer ’n punt gekom waar hy eenvoudig nie meer vinnig genoeg was nie. Dan moes hy kies. Watter kuikens gaan leef en watter kuikens gaan vrek. Want dié wat verbygegaan het, is af na die rollende maalmasjien, vergruis vir beenmeel en bemesting en dierekos.

Dit het aan hom gevreet, daardie werk. Verskriklik gevreet.

Want dit het hom herinner aan sy laaste jaar in Suid-Afrika, het Daniel gesê. Sy stem het hees geword, want hy wou nie onthou nie. Hy het daar in die restaurant gekyk na die geelwit sandsteenmuur, sy oë laat gaan oor die nate van

die groot gesnyde stene, sy kop terug in die Oos-Kaap. Dit was ná hy sy stiefseun verloor het, sê hy. Pakamile, agt jaar oud, geskiet deur gespuis tydens ’n rooftog by ’n vulstasie in Cathcart. Sy tweede groot verlies. Miriam, die liefde van sy lewe, twee jaar tevore dood. En toe word hy waansinnig. Hy wou al die kinders red. Hy wou hulle beskerm. Hy wou wraak neem. Hy het mense gejag en gemoor, mense wat kinders verkrag en mishandel en leed aangedoen het. Hy wou hulle almal red.

Lonnie het ’n hand op sy arm gelê. “Ek weet.”

Toe besef Daniel sy oë is nat.

Toe ruk hy hom reg.

Die kuikens, sê hy, het hom geleer. Jy kan nie almal red nie. Maak nie saak hoe hard jy probeer en hoe suiwer jou motiewe is nie, jy kan nie álmal red nie.

Hy wil nie meer die aanklaer, die regter of veral die laksman wees nie. Hy wil nie meer die een wees wat almal probeer red nie. Hulle moet maar iemand anders kry om die President uit te haal.

37

Dit is net honderd-en-twintig kilometer van Bordeaux na Bergerac se klein lughawe, maar in die rammelkas-Peugeot, op die smal agterpaaie wat Daniel kies, is dit ’n reis van minstens twee uur.

Naby Castillon-la-Bataille soek Lonnie vir hom ’n vlug op sy foon.

Daniel vra die vraag wat by hom spook: “Hoe het hulle jou by die Novotel gekry? Jou selfoon?”

“Nee. Ek het ’n fout gemaak, Tiny. Novotel wou nie kontant vat nie. En ek kon nie onthou watter kredietkaart … Toe ek inboek, was ek te haastig. Ek wou nie lyk soos ’n … voortvlugtige nie. Dit was ’n lang dag, ek het dalk ’n glas te veel van François se wyn gedrink. Ek het dalk dieselfde kaart gebruik vir die vlug van Dublin af Bordeaux toe. Dis al wat ek kan dink. Ek is so jammer …”

Lonnie. Nooit die skerpste mes in die laai nie. Maar hy sê niks.

“Die eerste vlug Amsterdam toe is nege vyf-en-twintig,” sê Lonnie.

“Hoe laat is dit nou?” Want die flonkerende digitale horlosie van die Peugeot werk lankal nie meer nie.

“Net ná vier.”

“Hulle weet met watter identiteit jy reis?”

“Ek het vier paspoorte. Hulle weet nou van drie. Ek sal die laaste een moet gebruik.”

“Hoe het jy al die paspoorte …?” En dan weet hy, want Lonnie was destyds ’n adjunk-direkteur-generaal by die Geheime Diens, en hy het ’n senior pos by die nuwe Staatsekerheidsagentskap, die SSA, gehad voor die President hom in die rug gesteek het. “Jy het voorsorg getref?”

“Ons het almal voorsorg getref. Ons het gesien wat aan die kom is.”

“Ek neem aan jy het ander kredietkaarte?”

“Ja. En ek weet nou watter ek nog nie gebruik het nie. Ek sal nie weer dieselfde fout maak nie.”

“Lonnie, die geld in die rugsak. Waar kom dit vandaan?”

Lonnie grinnik in die donker. “Ons het vyf-en-twintigmiljoen teruggesteel. Die Direkteur-Generaal van die SSA en sy trawante het soveel slush funds gehad, soveel geld verduister, dit op soveel maniere weggesteek dat niemand meer kon boekhou nie. Die skrif was al aan die muur, ons het dit net betyds

gekanaliseer.”

“Ek gaan die geld vir jou terugstuur. Jy moet my net sê hóé.”

“Later,” sê Lonnie en maak ’n handgebaar wat sê dit is nie belangrik nie. “Ek neem aan jy het die brief in die rugsak nog nie gelees nie?”

“Nee.”

Lonnie knik asof dit is wat hy verwag het.

“Gaan jy van Amsterdam af huis toe?” vra Daniel.

Hy knik. “Ons het ’n safe house in McGregor. Ek sal daar gaan wag …” En dan kyk hy na Daniel, sê met hoop in sy stem: “… tot jy klaar is.”

Hy sug. Lonnie gee nooit moed op nie. “Lonnie, ek gaan dit nie doen nie.”

“Jy is nou … Ek is jammer dat jy so ingesleep is, vannag. En ek is baie dankbaar dat jy my gered het. Tiny, ek weet ek het jou misbruik, maar jy is nou in die ding. Jy’s deel daarvan.”

Daniel lag sag. “Nice try, Lonnie.”

“Jy ís. Dink mooi. Jy is nou deel van ons.”

“Nee. Ek was net deel daarvan om jou uit die hotel te kry, want jy is my vriend. Hulle weet nie wie ek is nie. Ek gaan aan met my lewe, Lonnie. Ek het baie hard gewerk om dié lewe te maak.” Hy voel die moegheid, wil nie weer hieroor stoei nie, want die middag en aand in Au Bistrot was uitputtend genoeg.

Lonnie sug diep. Hy werk op sy foon, soek sorgvuldig deur sy kredietkaarte. Hy kies een, bespreek dan sy vlug.

* * *

Hulle drink koffie en eet dag-oue croissants by ’n vulstasie buite Bergerac, die gesprek ongemaklik, ditjies en datjies oor ou kamerade se welstand. Die son kom op, gee kleur aan die landskap, netjiese lappies graan, en vrugte en groente.

Net voor ses laai Daniel vir Lonnie May en sy tassie by die klein lughawe af.

Lonnie omhels hom buite, langs die paneelwa, met ’n beheerste desperaatheid.

“Ek is jammer, Lonnie,” sê hy.

“Ek ook. Maar dis jou goeie reg. Ons maak ons keuses, en ons moet met die gevolge saamleef.”

Lonnie laat los. Hy kyk na Daniel met oë soos dié van ’n geskopte hond. Oë wat sê Daniel sal hom nooit weer sien nie, hy’s ’n gemerkte man.

“Stuur vir my ’n SMS as jy veilig terug is. Van ’n veilige foon af.”

“Kan ek vir jou een ding sê, Umzingeli?”

Daniel weet as Lonnie sy ou roepkode gebruik, kom die laaste pleidooi.

“Ek verstaan van die kuikens wat jy nie kon red nie,” sê Lonnie. “Dis waar. Dis onmoontlik om almal te red. Om te wil probeer, dis die pad na die afgrond daardie. Maar daar’s een ding wat jy vergeet het: al die duisende kuikens wat jy wel gered het. Wat van hulle? Tel hulle nie? Was hulle nie al die moeite werd nie?”

Lonnie draai om en begin stap na die lughawe se ingang, sy skouers teruggetrek asof hy hom manalleen moet staal vir dit wat voorlê.

* * *

Hy ry met die son agter hom terug Bordeaux toe, die krygschemie uitgewoed, moeg tot op die been. Die vorige dag en nag is nou brokstukke in sy kop, beelde en gewaarwordings, emosies en gesprekke wat kom en gaan en maal en draal. En ’n onvergenoegdheid, ’n ongemak, ’n ontevredenheid wat hy sukkel om te formuleer en ’n greep op te kry.

Hulle het vir Lonnie gestuur. Die samesweerders, die sogenaamde MK43. Die beste wat hulle kon doen, was om vir Lonnie May te stuur. Wit Lonnie, Die Meerkat.

Jy is nou in die ding. Asof die hamer-harsingskudding en ’n flenters elmboog wat hy veroorsaak het, hom nou onherroeplik bind aan dié groep en hulle komplot. Dis ’n goedkoop truuk, dis ’n belediging, dis manipulasie. Hy’s meer werd as dit. Maar dit is wat jy kry as jy vir Lonnie May stuur.

Wat is dit met die gode, die noodlot? Eers madame Lecompte in die nag, en nou dít. Net twee weke uit mekaar. Het hy nie ’n baie duur prys betaal vir hierdie lewe, hier en nou nie? Verdien hy nie die vrede nie? Ná alles. Ná Miriam en Pakamile en al die moord en doodslag en verraad en chaos.

Onvergenoegd en ongemaklik en ontevrede, want Lonnie het alles weer kom losmaak. Herinneringe. Van amper veertig jaar gelede. Toe hy weggeloop het na die struggle toe, net sewentien jaar oud. Swaziland en Mosambiek en Angola en Tanzanië. Sy jeug, sy volwasse lewe, sy beste jare gegee.

Herinneringe aan Saraktash, herinneringe aan Moskou en Oos-Berlyn en Die Muur. Aan die oorlogsjare, slagoffers in sy sluipskuttersteleskoop in München en Barcelona en Hamburg en Maastricht. Hy het die sneller met soveel ideologiese oortuiging getrek, so weinig bewus van die stadige skade aan homself. In diens van MK, in Europa ontplooi; ’n bruikhuur-ooreenkoms met die KGB en Stasi, hul kamerade in die stryd. ’n Oefening in openbare betrekkinge, sy roepkode *Umzingeli*, Die Jagter. Here, hy het destyds so baie

daarvan gehou. Dit het ’n jong man se ego gestreel.

En nou is daardie wêreldorde al amper vergete. Vandag se kinders dink daaraan asof dit antieke geskiedenis is, met ’n onvermoë om dit vir hulle voor te stel, te begryp.

Al die offers wat hy gebring het. So min om daarvoor te wys.

Bowenal is herinneringe aan Miriam en Pakamile losgemaak, sodat die fisieke pyn hier binne weer terug is, nuutgemaak ná byna ’n dekade van die daaglikse gesukkel om dit net ’n bietjie te verdoof.

Al die duisende kuikens wat jy wel gered het. Wat van hulle? Tel hulle nie? Was hulle nie al die moeite werd nie?

Nee, Lonnie, dink hy, hulle tel nie. Want hulle is in elk geval gevonnis tot lê-batterye of die abattoir, hy het geen verskil gemaak nie. Dis die storie van sy lewe. Hy het geen verskil gemaak nie. Hy het geveg vir demokrasie, en ’n kleptokrasie gekry. Hy het geveg vir kindergeregtigheid, en hy moes uit sy moederland vlug, gebrandmerk as ’n vigilante, ’n moordenaar. Hy het vir Lonnie uit ’n hotel gered, maar hy kan hom nie verder beskerm nie. Dis nie sy komplot nie, dis nie sy toedoen nie. Hy kon die Lonnie-kuiken vannag red, maar die rolmeul hou aan met maal.

Nie weer nie. Nooit weer nie. Dit is nie meer sý stryd nie. Hy wil in vrede leef. Mooi dinge maak. Vergeet.

* * *

Daniel Darret ry terug na die hotel by die meer.

Daar is nie polisie-afsperrings of ’n misdaadtoneel nie. Daar is geen teken van die veldslag met die Russe nie. Net die gaping in die draad, nog onontdek.

Hy dink aan die ironie. Dertig jaar gelede was die Russe sy broeders in die stryd.

Hy is waaksaam, hou die truspieël dop, parkeer eindelik die Peugeot twee blokke van sy woonstel af. Hy sien niks verdag nie.

By die voordeur staan Wackett, haar stem klaend en verwytend en diep. Sy skuur teen die kosyn en smeek vir kos asof sy ’n week laas geëet het. Hy voer haar. Sy eet, maar gee hom kort-kort ’n vuil kyk.

Hy gaan stort lank, skrop met seep om die bloed en die sweet en die herinneringe weg te skuur.

In sy sitkamer staan die rugsak met die geld. En die brief.

Hy laat dit daar. Hy sal later iets daarmee doen.

Hy stap na La Boulangerie in die Rue des Faures. Mooie Marla is by die

toonbank. Sy groet hom met haar groot glimlag voor sy sê: “Daniel! Tu as du retard ce matin.” *Jy is laat vanoggend*. Terwyl sy solank sy gewone bestelling in die bruinpapiersakkie pak.

“Oui, oui, un peu,” sê hy. *Net ’n bietjie*. Hy adem die geure van die gebak, en hy koop sy vars croissants en die chocolatines wat sy gunsteling is, en wanneer hy na die Peugeot toe stap, dink hy dít is waar hy wil wees. Op dié plek waar hulle hom, die nederige handearbeider, ken. En weet wat sy bestelling is. Waar hulle hom op sy Franse naam noem en met ’n glimlag begroet.

Hy gaan niks doen om dit in gevaar te stel nie.

38

In Au Bistrot se kelder, die ete klaar, Lonnie met ’n glas van François se rooiwyn uit Boergondië, sy wange rosig van genoegdoening.

“Hoe het julle my gekry, Lonnie?” het Daniel gevra.

Lonnie het geglimlag. “Ons is nie dom nie, jy weet.”

“Ek weet.”

“First rule of Intelligence. Follow the money …”

Hy het geknik. Hy altyd geweet dit was die een manier om hom op te spoor. As hulle regtig wou.

“Ék het jou gekry,” het Lonnie met ’n mate van trots gesê. “Jou plaas se geld.”

Die plaas langs die Catarivier in die Oos-Kaap. Cata. Dit beteken “sit ’n bietjie by”, want die rivier is die sameloop van ’n honderd klein strome wat een vir een bydra. Hy het die plek twee jaar voor Pakamile se dood gekoop. Dit was vervalle, verwaarloos, maar hulle het dit reggemaak soos wat die rivier gevorm is, bietjie vir bietjie.

Hulle het beeste gehad, en ’n melkkoei. ’n Paar hoenders. ’n Groentetuin by die agterdeur, ’n lappie lusern teen die rivierwal af. Elke oggend het hy gery om Pakamile skool toe te vat, elke middag het hy hom gaan haal. En tussen die skoolwerk deur het hulle geboer. En geswem en gestap en kleinwild gejag en kleilat gegooi en saans vir die sterre lê en kyk. Die kind het dit so intens geniet. En hy ook. Twee jaar van vrede. Twee jaar sonder verlies.

Pakamile was nie van sy bloed nie. Hy was die seun van die vrou wat hy liefgehad het, die vrou wat hulle ontval het, en so het die kind sy bloed gewórd. En later sy wettige spruit.

Toe is Pakamile dood, en hy word ’n voortvlugtige weens die mense wat hy gejag en gestraf het, en hy moes hier uit Europa die plaas van die hand sit, deur ’n prokureur in King William’s Town. Hy moes die man baie betaal vir sy stilswye en sy hantering van die boedel, want die skyn was dat Tobela Mpayipheli ook dood was.

Die prokureur het die geld by hom uitgekry. Soos die Cata, bietjie vir bietjie. Maatskappytjies en trusts, die bedrae laag genoeg om uit die land te stuur, na vyf verskillende Franse bankrekeninge. Wat hy later gekonsolideer het onder

die naam Daniel Darret.

"Dit was moeilik. Daai prokureur van jou was slim," het Lonnie gesê. "Maar hy was nie slim genoeg nie."

"Hoe het julle geweet ek leef?"

"Jy's Umzingeli."

"Hoe, Lonnie?"

"Jou liggaam is nooit gekry nie … Daar was die gerugte, Tiny, altyd die gerugte. En toe ons moes dink hoe om van die President ontslae te raak, was jou naam reg boaan die wenslys. Toe sê hulle ons moet minstens seker maak jy is nie iewers … Toe sê ek, gee dit vir my. Ek was darem 'n prokureur, ek weet watse spore mense laat. Dit was altyd my sterkpunt. En ek én jy weet dit was maar eintlik my enigste sterkpunt …"

39

Hy ry Chartrons toe, want hy moet die paneelwa by die werk gaan los, en hy weet hy sal nie kan slaap nie.

Hy vee die hele werkswinkel skoon. Sy uitgeputte lyf protesteer, maar hy doen dit doelbewus, stelselmatig en stadig. Dan maak hy seker die tafel se blad is skoon. Hy het by monsieur Lefèvre geleer jy vernis nie hout as daar enige stof of skaafsels of skuursels naby is nie.

Hy verdun die vernis van tung-olie tot hy tevrede is met die mengsel, kry die regte kwas. Verf dit stadig en noukeurig aan, eers teen die grein, altyd die eerste laag teen die grein. Hy fokus op die werk, die ritmiese heen-en-weer-beweging van die kwas, die reuke van vernis en terpentyn en hout.

Die gedagte dring deur alles: Lonnie is seker al in Amsterdam.

Hy wil dit nie erken nie. ’n Deel van sy onvergenoegdheid, ongemak en ontevredenheid is omdat hy Lonnie nou sal mis. Lonnie, Suid-Afrika en alles wat vir hom kosbaar was. Van voor af. Daar was ’n verbintenis met Lonnie. Hy het gister in daardie restaurant, ondanks die lang argumente en die manipulering, weer ’n band gesmee met ’n oudkameraad. ’n Bekende. ’n Familielid. Met sy herkoms.

En nou verlang hy. Nou smag hy daarna.

En hy wil nie.

* * *

Hy slaap tien uur lank. Hy word die oggend wakker en voel verlig, blymoedig, asof hy iets oorleef het, ’n ongeluk of groot teëspoed. Hy voer die kat, vat die rugsak met die geld en die brief, plaas dit onder in ’n kombuiskas, agter die asblik.

Hy gaan werk. Daar is heelwat om te doen, want dis die Vrydag voor die Lefèvres terugkom van Arcachon af. Maandag is dit weer hy en *le génie* en die gewone roetine waarin hy so gemaklik voel. Maandag is alles weer normaal, hierdie somer van ontwrigting en geweld verby.

Hy stof die hele voorwinkel af, al die meubelstukke. Hy stofsuig die tapyte,

poleer die silwer- en koperware, was die glas van die uitstalkaste.

Soms loop hy na sy selfoon toe. Daar is nog nie ’n boodskap van Lonnie af nie.

Hy dink aan die naweek. Môreoggend sal hy by die Capucinsmark gaan tapas eet, by madame Dupuy se La Maison du Pata Negra. Hy doen dit nie gereeld nie, bêre dit vir spesiale geleenthede. Monsieur Dupuy se foie gras-gereg is onbeskryflik, die lekkerste mond vol kos in die wêreld.

Sondag sal hy met die motorfiets gaan ry. Die Nederlanders en die Duitsers wat in die somer in die Périgord kampeer, behoort al almal huis toe te wees. Stil paaie, lieflike landskappe. Hy sal sy kop gaan skoon kry, sy gedagtes weglok van alles wat Lonnie deurmekaar kom krap het.

Vieruur is hy klaar. Hy stap na Carrefour op Cours Victor Hugo vir melk en katkos. Hy gaan huis toe. Hy stort weer, gaan sit in die kombuis met net ’n kortbroek aan, maak ’n blikkie tuna oop, eet terwyl hy die nuus op sy tablet lees.

Die berig oor Lonnie se dood is laer af op *News24* se dekblad. *Former Intelligence boss dead at airport.* Hy sien Lonnie se naam, wil eintlik nie verder lees nie, wil dit nie glo nie. Mnr. May het van Amsterdam gevlieg; dit was vermoedelik ’n hartaanval. Pogings deur omstanders en paramedici by die uitgang van Kaapstad se internasionale lughawe om hom by te bring, was onsuksesvol.

Hy lees dit weer en weer, want dit voel onwerklik, surrealisties, asof dit ’n droom is.

En dan wil hy uit. Hy trek aan en hy loop.

Daar was niks wat hy kon doen nie. Dit is nie sy skuld nie.

Hartaanval. Dit was nie. Hulle het vir Lonnie by die lughawe in Kaapstad ingewag. Hulle moes geweet het op watter vlug hy was. Hulle het oë en ore in die wêreld se rekenaarstelsels, informante oral. MK43 was net nie versigtig genoeg nie. Dalk was daar verraad.

Hy voel meteens ’n verterende woede vir die mense wat Lonnie vermoor het, hom ’n farmaseutiese of chemiese wapen toegedien het, of gif – die Russe het hul slinkse, lafhartige maniere, te papbroekig om voor jou te kom staan, jou in die oë te kyk en soos ’n man te baklei.

Hy loop in die laatmiddaglig na die Sainte-Croix-kerk. Die binneruim stil en halfdonker. Hy gaan sit op ’n stoel en rou oor Lonnie, die emosie soos ’n pyn in sy bors. Hy onthou hoe Lonnie weggeloop het by Bergerac-lughawe, met sy skouers teruggetrek. Dapper klein Lonnie. Hy voel die skuld, die gewig daarvan. Daar is niks wat hy kon gedoen het nie, dink hy, hierdie skuldgevoel is sinneloos. *Ons maak ons keuses, en ons moet met die gevolge saamleef.* Lonnie het geweet waarmee hy besig was, hy’t die risiko’s verstaan. Hy wat

Daniel is, het vir Lonnie gered, gehelp, hy kon hom tog nie hier gehou het nie. Of saam met hom gegaan het nie. Hulle moes Lonnie beskerm het. Húlle.

Hy sit vir langer as ’n uur met sy arms gevou en sy hoof geboë, met die seer en kwaad en die selfverwyt. Dan staan hy op, haal ’n paar muntstukke uit sy sak en plaas dit plegtig in die kerk se donasiekas.

Hy steek vir Lonnie ’n groot kers aan.

* * *

Hy gaan lui die klokkie van madame Élodie Lecompte. Dit is ’n instinktiewe besluit. Hy sal later besef dit was ’n behoefte om iets mooi en suiwer en onbesoedeld en menslik te ervaar en aan te raak.

Sy kom maak vir hom oop, kaalvoet soos altyd. Sy kyk met haar sagte oë na hom.

“Ek het nie na my skildery kom kyk nie,” sê hy. “Ek wil die ander weer sien.”

Sy voel sy onsteltenis aan. Hy sien dit in haar, aan die hand wat gelig word om hom te vertroos, en weer onseker wegsak. “Bien sûr,” sê sy met groot deernis, lei hom na die ruim vertrek. Hy gaan staan daar, kyk na die mense teen die muur. Goeie siele. Goeie, gewone siele. In elkeen het sy iets vasgevang van hul menslikheid. Asof sy met dit alles wil sê: Ons is stukkend; ons is breekbaar, maar ons is goed.

Hy besef sy het uitgegaan.

Hy staan lank alleen daar, starend, soekend na ’n verbintenis, absolusie.

Dan gaan hy uit om haar te groet, om te loop, die stad en die donkerte in.

“Laat ek vir jou tee maak,” sê sy.

Hy knik. “Oui. Merci.”

Hulle sit in haar salon, drink die tee, sonder woorde. Tot hy sê: “’n Vriend van my is dood.”

“Ek is so jammer.”

Hy weet sy verstaan. Dis meer as net ’n vriend se dood.

Sy kom ’n rukkie later orent, loop tot hier by hom. Staan net, hou sy hand vas. Hy huil dan; sy groot skouers ruk net ’n paar keer voor hy weer stil raak.

* * *

Anderkant middernag haal hy die rugsak uit die kombuiskas. Hy knip die

gespes oop, kry die brief, gaan sit op die klein rusbank van sy voorkamer. Wackett kom spring op sy skoot asof sy sy gemoed kan aanvoel.

Hy skeur die brief oop. Dit is in blou ink, ’n bewerige, dun handskrif.

Hy vou dit oop. ’n Foto glip uit; die kat kyk nuuskierig na waar dit op die rusbank val. Hy tel dit op en kyk daarna. Dit is ’n kop-en-skouers-foto van ’n jong vrou. Sy lag vir die kamera. Sy is mooi, haar vel glad en glinsterend. Daar is lewenslus in haar.

Hy draai die foto om. Agterop staan *Gugu*. Hy ken haar nie. Hy neem die brief, begin lees.

My old friend

I thought for a very long time before I wrote this letter. Because I know how difficult this will be for you. But it is my duty, and you will know I have always done my duty.

Daniel blaai na die laaste van die drie bladsye om te sien wie dit geskryf het.

Bokant die naskrif is dit geteken deur Mandla Masondo.

Hy ruk toe hy dit lees, vir dié stem uit die verlede. Omdat hy weet Mandla sal hom kan oortuig. Uit almal wat hulle kon kies, sal Mandla hom kan ompraat.

Die herinneringe vloei. Vyf-en-dertig-jaar gelede. Mandla, wat vir hom die kos en medisyne gesmokkel het, in Saraktash, daardie godverlate opleidingskamp in die suide van Rusland. Toe Daniel nog Tobela Mpayipheli was, in detensie, want hy en ’n Uzbekistani het baklei. ’n Bloedige geveg met ’n sersant in die Rooi Leër. Die man met skouers soos ’n bees en ’n nek soos ’n boomstomp wat Tobela en sy swart kamerade soos skuim behandel het. Tot Tobela dit nie meer kon vat nie, en toe takel hy die man in die onderoffisierskroeg. En toe sluit hulle Tobela toe, as straf vir sy oorwinning en vir die verskriklike skade wat hy die man in sy woede aangedoen het.

Mandla het elke nag ingesluip en vir hom kos gebring, die sop en die brood. En salf vir sy wonde, en pille vir sy pyn. Skraal Mandla, die nederige een met die groot geduld, die aardse wysheid, die stil glimlag en die kuggie, altyd die kuggie in die Russiese koue. Hy was tien jaar ouer as die ander Umkhonto-rekrute, hulle het hom “uBaba” genoem, aanvanklik tong-in-die-kies, en later opreg. Vader. Want dit was wat hy vir so baie van hulle was.

Mandla Masondo. ’n Eenvoudige man, die veewagter van Babanango, die hawewerker en vakbondaktivis van Richardsbaai. Nooit groot hoogtes bereik nie, soos Lonnie May ’n navolger eerder as leier. Hy was ná 1994 in die Nuwe

Suid-Afrika ’n offisier by ’n weermagbasis in Bloemfontein. ’n Kolonel. Wou nooit meer gehad het as *isithunzi* nie.

Mandla, wat die salf en die sop gebring het, asook die brood, daardie goedkoop Russiese weermagbrood wat soos gebakte saagsels geproe het. Dan sit hy daar buite die sel se deur en hy gesels met Tobela, net twintig jaar oud, vol vuur en woede en haat en voortvarendheid. Dan sê hy vir Mandla: As hulle jou hier vang, sluit hulle jou ook toe, uBaba. Dan gaan jy baie meer hoes, want dit is koud en nat in hierdie tronk, dan gaan jy baie siek word.

Mandla het net stil geglimlag en in sy sagte, rustige stem gesels.

“Hoekom is jy hier, uBaba, in dié vreeslike plek?” wou Tobela weet. “Hoekom is jy nie by jou beeste in KwaZulu se heuwels nie?”

“Ek soek *isithunzi*. Vir my kinders.”

Tobela het geweet Mandla bedoel “waardigheid”. Want *isithunzi* kan ook “status” in Zoeloe beteken, of “aansien”.

“Dis al, uBaba?”

“Dis al wat enigiemand nodig het, Tobela. *Isithunzi*. Die res kom vanself.”

Daniel Darret kom terug uit die verlede, herrangskik die dun bladsye van die brief, sodat hy weer kan begin.

40

My old friend

I thought for a very long time before I wrote this letter. Because I know how difficult this will be for you. But it is my duty, and you will know I have always done my duty.

I want to tell you a story. It is a story I know you will understand, because I know about your loss. I was so very sorry to hear of it.

The story is about my daughter. Her name is Gugu. She is very beautiful. She is now thirty-two years old. She was born in London, when I was in exile. She is my only child.

She was eight years old when I brought her back to South Africa for the great liberation in 1994. I was so happy, Tobela, and so proud. Because I could tell her that I was part of the struggle. In 1997 I took her with me to my office when our beloved Nelson Mandela paid a visit to 1 SA Infantry Battalion. Madiba held Gugu's hand and he told her that I, her father, was a great hero of this country. I will never forget that day and how Gugu looked at me with great pride. That was the day I got my isithunzi back, Tobela. Do you remember when we talked through the night about isithunzi?

I told Gugu so many stories about all we endured and about the people who fought with us. I told her about you and Rudewaan Moosa and our fearless leader Moses Morape and the great rugby match we played against the Russian Army. And we won! Do you remember?

That was a wonderful day. I wanted to tell that one to my grandchildren, but now I may never get the chance.

I also told Gugu about the man who is now our President. I told her how brave our President was in the struggle, how many people he helped to get out of the country, to join Umkhonto. Did I ever tell you he recruited me? Our President. He came to Babanango. He spoke to my father. He spoke to me. He escorted me to Swaziland and to Mozambique. I respected him very much. I was also very proud when he became president. I did not know everything that happened, because I was working very hard in Bloemfontein.

Gugu studied to become a teacher. She went to the University of the Free State and got her degree. I only wish her umkhulu was still alive to see that, his

granddaughter getting a degree. He had no school, my father, he could not read or write. And his granddaughter achieved a degree, with distinction! That is the moment when you realise how much we have achieved through our sacrifices.

Tobela, I find it hard to tell you this story, so I write other things that are not important. Let me say what I have to say.

Two years ago, Gugu was teaching in Brandfort when our President came for the Winnie Mandela celebrations. The choir that sang for the President was Gugu's pupils. The President came to thank her and the children after the ceremony, and then she told him that she was my daughter. She told him about all the stories she heard when she was a child. She told him he was one of her great heroes. He said he remembered me.

The President then invited her to visit him, Tobela. He got his people to take her name and number, to organise a visit to him in Mahlamba Ndlopfu, that big white house on the hill in Pretoria where he now lives in his official residence.

She was very excited when they called. They said she must come for the weekend, as the guest of our President. She told all the school children she was going to have dinner with the President and his wives, because she was the daughter of a struggle hero. But that is not what happened.

That Friday, she drove to Pretoria. They gave her a room in his house, told her the President was very busy, but he would come later to eat with her. There were no wives. Only bodyguards and servants. He came alone, after eight o'clock. He was very charming. Do you remember how charming he could be?

They gave her wine and food, and then all the servants and the bodyguards left. And then he changed. He was not charming anymore. He made advances and she did not know what to do. She tried to be respectful, to let him understand that she did not want to do such a thing. But then he forced her, Tobela. He raped my daughter.

Why did she not run away? Why did she not fight back? Why did she not scream or shout or hide in a bathroom? Those are the questions I have asked myself these past two years, so many times. When she told me about it, she said she was paralysed. She wishes, every day, she could go back to that night and change everything. But she cannot. She is different now. She is sad all the time. She is ashamed of herself. I am sending you a photograph of how Gugu was. Look at her, Tobela. That beautiful smile you see, that is gone now. She has lost her job. She has lost her self-respect. She lives with me. She does not want to go outside.

I am not asking you to take revenge for my daughter. I am not asking you to kill this man because he took away Gugu's life. I am asking you, is this isithunzi? If this man is our President, do we have isithunzi? As South Africans,

as soldiers, as fathers, as daughters? Is this what we gave the best years of our lives for?

I am asking you to join the struggle again. Please.

Your comrade, your friend, your uBaba,

Mandla Masondo

* * *

Daar is ’n naskrif onderkant Mandla se naam, instruksies wat Daniel nie nou wil lees nie.

Hy plaas die brief langs hom neer en tel weer die foto op. Hy kyk lank daarna, sit dit ook neer. Hy streel oor die kat se nek.

Later staan hy op, gaan lê dan op sy bed met sy hande agter sy kop. Hy staar na die patrone teen die ou plafon.

Die moegheid oorval hom, ’n uitputting van emosies, sodat hy slaap, al is dit met rukke en stote. Wanneer die son opkom, is hy wakker. Hy gaan was, gee die kat kos, eet ontbyt.

Voor hy uitgaan, sien hy die brief en die foto op die bank lê. Hy huiwer ’n oomblik lank, ’n vae ongemak daaroor. Hy gaan tel die dokumente op, vou dit weer op en plaas alles terug in die koevert, druk dit terug in die rugsak. Nou, ná Lonnie, ná alles, wil hy dit nie net hier los nie. Hy neem die rugsak, stap daarmee uit.

Dit herinner hom aan die pistole. Hy is meteens vies vir homself, want hoe kon hy van die pistole in die gereedskapkis vergeet het? Hy is treurig, ’n skaduwee van wat hy was.

Hy loop na die motorhuis in die Rue Permentade. Hy trek sy ryklere aan, sit die valhelm op, klim op die motorfiets. Hy ry. Eers Chartrons toe. Hy sluit die werkswinkel oop, stap na die Peugeot-paneelwa, haal die pistole uit. Hy draai hulle toe in gaasdoek, plaas dit ook in die rugsak. Sal hulle iewers gaan weggooi.

Hy vat die pad. Eers suid, met die Garonne langs, Langon en Marmande toe. By Aiguillon draai hy noordoos sonder om na te dink. Hy fokus op die beheer van die fiets op die pad; koppelaar, ratte, versneller, remme, deur die draaie, volg die afdraaiborde sonder om aan ’n bestemming te dink.

Op ’n reguit stuk pad van die D676 voor Villeréal besef hy meteens dat hy te vinnig ry, naby aan honderd-en-tagtig. Die gewaarwording dat dit gevaarlik is op dié nou pad. En dat wat hy nou doen, bekend is. Hy het dit al voorheen beleef.

Hy hou stil by die T-aansluiting waar ’n padpredikant *Envals 3.3* sê. Sy hart klop vinnig. Hy haal diep asem, probeer beheer kry, kalmte. Hy klim af, plaas die fiets op sy staander, haal die valhelm af. Hy voel benoud, ingehok. Hy onthou dit was in die Soedan, tien jaar gelede, toe hy hierdie gevoel, hierdie insig laas gehad het. Hy het dié motorfiets van Johannesburg af gery, deur Afrika. Van sonop tot sononder. Dag ná dag. Sy kop in ’n ander dimensie. Net gepraat met ander wanneer dit noodsaaklik was, vir kos, vir slaapplek, vir brandstof, vir die herstel van ’n buiteband, vir die sweis van die fiets se raam. Zimbabwe, Zambië, Tanzanië, Kenia, Ethiopië. En in die noorde van Soedan, op ’n woestyn-grondpad tussen Kartoem en Merowe, teen amper tweehonderd kilometer per uur op die reguit pad wat strek na die horison, het hy besef wat hy probeer bereik. Hy wou van al sy herinneringe en pyn en trauma wegkom, wegjaag. Hy wou dit agterlaat, die spoke wat hom volg. Hy het in die verswelgende hitte langs daardie pad stilgehou, en besef hy sal die demone die een of ander tyd moet konfronteer.

Hy het probeer. Van Alexandrië na Sisilië na Marseilles. Deur Europa. Elke dag ’n stukkie van sy geskiedenis in die oë gekyk, en ’n stukkie van homself. Tot hy ’n mate van vrede ervaar het, net genoeg om nie meer voortvlugtig te wees nie.

Hier is dit weer. Dié keer vlug hy vir die ding wat Mandla Masondo en Lonnie May voor hom kom neersit het. Van die verantwoordelikheid, die terugkeer na wie hy was en wat hy gedoen het.

* * *

In Cadouin, ’n klein Middeleeuse gehuggie, neem hy sy besluit.

Hy sit alleen buite die straatkafee, in die koelte van Le Triskel se veranda, drink koffie en staar na die kerk en die klooster, amper ’n duisend jaar gelede gevestig. Hy kyk na die dorpie om hom, die kalmte, die orde, die leefwyse, die eenvoud van bestaan, die *égalité*, die afwesigheid van armoede. Dit was al wat hy vir sy land wou hê. Hierdie waardigheid, hierdie voorspoed, hierdie trots, hierdie wete dat al die bloed wat deur die geskiedenis gevloei het, al die offers wat gebring is, dít vermag het, dít tot stand gebring het. En die vertroue dat dit goed en reg is.

Hy wil alles rasioneel benader. Hy probeer werk deur die emosie van Mandla Masondo se brief en Lonnie May se dood, stelselmatig, bietjie vir bietjie, soos die Catarivier. Hy slaag net ten dele, dit bly lê op die bodem van sy gemoed, soos lood.

Hy weeg alles teen mekaar op. Sy bestaan hier. Hy weet sy Bordeaux-lewe is ’n toevlugsoord, ’n ontsnapping, ’n balsem van al die ou wonde. Hy weet dié lewe dra nie nou by tot ’n gemeenskap nie, dit maak geen beduidende verskil aan die wêreld nie, dit het geen groot sin of betekenis nie. Maar dit is sy lewe. Dit is die bietjie geluk wat hy het, en seker die meeste wat hy ooit sal ervaar.

Hy sal dit moet prysgee. Om ’n ander land se staatshoof hier om die lewe te bring, sal hom die mees gejagte man in Europa maak. Hulle sal nie rus voor hulle hom het nie. En hulle sal uitvind wie hy is, die een of ander tyd. As hy oorleef, as hy wegkom, sal hy voortvlugtig wees. Tot die einde toe.

Dit moet hy opweeg teen die impak wat dit gaan hê om die President te elimineer. Ten beste ’n simboliese daad. Dit sê ons kan terugveg teen die korrupsie en verraad. *Hulle is ’n kanker,* was Lonnie se woorde. *Sny jy hier, dan kom dit weer daar uit. ’n Hidra, jy kan die slang se koppe nooit almal afsny nie. Hulle is ’n masjien met ’n duisend ratte.*

Kan hy glo wat Lonnie gesê het? *Ons sal ’n mediaverklaring uitreik wat sê hy is die eerste. Daar kom nog.* Kom daar regtig nog? Is die groep van 43 reg daarvoor? Het hulle ander planne?

Hy sal hulle moet vertrou, sy oudkamerade. Lonnie het sy lewe opgeoffer vir dié saak, vir dié strategie. Mandla was bereid om sy naam onderaan ’n brief te sit, ’n brief wat onderskep kon word, wat ook sý einde kon beteken.

Sy besluit is nie ’n skielike oomblik van helderheid, ’n emosionele omhelsing daarvan nie. Dit is ’n intellektuele besluit, stadig en teësinnig en met die volle kennis van die gevolge.

Hy sit net daar, langs die plein oorkant die stokou kerk, en diep sy selfoon uit sy rybaadjie se sak. Hy bel vir madame Sandrine Lefèvre.

Sy antwoord dadelik, groet hom hartlik, die eerste keer in amper ’n maand dat hulle praat.

Sy vra hom hoe dit gaan.

Hy sê goed, dankie, madame, kan ek u kom sien?

“Tu nous quittes?” Met groot teleurstelling, sekerlik omdat hy net soos sy voorgangers dit nie langer met Monsieur kon uithou nie.

“Nee,” sê hy, “ek wil nie bedank nie. Ek wil net drie weke hê om ’n persoonlike kwessie te hanteer.”

Hy weet dis net ’n halwe waarheid. Hy sal haar nooit weer sien nie.

41

“Ek het hom geken, Lonnie,” het hy in Au Bistrot gesê, een van sy baie protestasies oor waarom hy dit nie wou doen nie. “Ek het die President geken.”

“Ons het daardie tyd almal gedink ons ken hom,” het Lonnie gesê. “Maar hy was tóé al aan die scheme, I’m telling you. He was planning his coup d’état from *way* back. He’s a sly bastard.”

Daniel het sy kop geskud. “Hy was goed vir my. Hy het … Ek was nog ’n kind …”

“Jy?” het Lonnie gegrinnik. “Jy was nooit ’n kind nie. Ek onthou jou in Angola. Agttien, jy was omtrent agttien, en jy was klaar ’n man. Meer van ’n man as die meeste mense twee keer ouer as jy.”

Hy het hom nie daaraan gesteur nie. “Ek was sewentien. Toe ek deur Swaziland gesmokkel is. Daar was ’n veilige huis in Goba in Mosambiek waar ons geslaap het …”

“Ek onthou. Die tannie het sulke lekker kos gemaak …”

“Hy het die aand by my kom sit. Hy was op pad, ek weet nie waarheen nie, hy was haastig, het baie gehad om te doen. Maar hy het by my aan daardie kombuistafel kom sit, amper ’n uur lank. Hy’t vir my gesê hy was ook maar bang, die eerste keer. Want mens weet nie wat om te verwag nie, alles wat voorlê. En ’n mens verlang na jou familie, as jy so jonk is. Jou ma en jou pa. Hy’t gesê hy’t sy ma so baie gemis. Toe vra hy my wat doen my pa. Toe sê ek vir hom my pa is ’n sendeling. En my pa het nie geweet ek gaan struggle toe nie, hy het seker nou al by my oompie gehoor. My pa is ’n goeie man; ek voel baie skuldig. My pa het beter verdien. Toe sê die President my pa sal baie trots op my wees. En dat ek ’n dapper jong man is.”

“Hy het dit vir almal gesê, Tiny.”

“Hy’t sy ma gemis.”

“So what?”

“Hy het vir my gesê my pa sal trots wees. Toe ek nodig gehad het om dit te hoor. En nou wil jy hê ek moet daardie man in die oë kyk en hom doodmaak?”

42

Hy gaan haal die rugsak uit die motorfiets se dratas, sodat hy Mandla Masondo se naskrif kan lees.

Die pistole lê bo, in die gaasdoek toegedraai. Hy druk hulle tot onder in die sak. Laat hy hulle eers hou.

Hy gaan sit, bestel nog koffie en moet eers dink presies in watter streek hy is voor hy die chocolatines bestel. Want dit is net in die suidweste waar die gebak só genoem word. Die res van Frankryk praat van *pains au chocolat*.

Dan lees hy Mandla se naskrif:

You were an agent for a long time, so you will know that it would be best if you destroyed this letter once you have read it. I only fear for my own safety because I have to look after Gugu, and the risk of sending it was high enough. But I have to take it.

If you decide that this is not your struggle, of course we will understand. You have been through so much. But we need to have your answer, for obvious reasons. These instructions were given to me; I write them exactly as I received them:

Please go to an internet cafe and create an email address at protonmail.com. It is a Swiss service that provides end-to-end encryption and it is extremely secure. Do not use your own phone or computer, or your own internet connection. When you have the Proton email address, log on to Gumtree.co.za. It is a website where people can post advertisements for anything. Place a free advertisement in the Healer Services section, under the name of "Doctor Inhlanhla, Traditional Healer and Spell Caster" and make your region Pretoria/Tshwane. Only add your new Proton address. If you decide not to join the struggle, that is all you do.

We hope with all our hearts that you will accept this one last assignment. If you do, please add the words "Love potions" to the heading of the advertisement. We will then respond with a message that starts with "Love potions are never enough". The message will contain a way to contact us.

Please make sure that you are not followed to the internet cafe. If you know how to, activate the "private" setting on the internet browser when you log on

to Proton, and delete your browser history before you log off from the computer.

Good luck!

Hy grynslag stilweg vir “Doctor Inhlanhla”, want dit beteken “Dokter Geluk” in Zoeloe. Dit is ’n goeie naam vir ’n tradisionele geneser.

Hy lees die instruksies weer ’n keer, memoriseer die inhoud en verbrand dan die brief.

Daarna betaal hy vir sy koffie met die geld uit die rugsak, klim op die motorfiets, kry koers na Sarlat-la-Canéda. Dit is die naaste groot dorp, bekend vir sy baie Britse inwoners. Daar sal internetkafees wees.

* * *

Hy ry met ’n sekere vryheid op die kronkelende, nou paadjies van die Périgord Noir tot in Sarlat. Om twintig voor drie hou hy stil by die Resto Cybercafé aan die Avenue Thiers.

Hy betaal vir ’n wagwoord, kies ’n rekenaar wat heel agter staan, volg dan die brief se opdragte.

Hy skep ’n e-posadres, inhlanhla@protonmail.com, plaas die advertensie op Gumtree. Hy sluit die woorde “Love potions” in. Hy wag veertig minute lank om te sien of daar reaksie is.

Hy ontvang geen e-pos van hulle nie.

Hy ry terug Bordeaux toe, stadig, drie uur lank.

* * *

Daniel wil nie ’n internetkafee gebruik wat naby aan sy woonstel is nie. Hy weet daar is een naby die hooftreinstasie, die Gare Saint-Jean. Hy gaan kyk of daar al e-pos is. Wanneer hy die boodskap sien, versnel sy hartklop. Hy leun vooroor om die skerm te verberg, al kyk niemand in sy rigting nie.

From: vula@protonmail.com

Subject: Healer Services

To: inhlanhla@protonmail.com

Love potions are never enough.

Welcome on board!

Le Traiteur Marocain, Marché des Enfants Rouges, Paris. Monday. 12:00.

Dis al. Net dié paar sinne.

Hy lees dit weer, wis dan die boodskap uit.

Maandagmiddag in Parys. Oormôre.

Die maklikste en vinnigste manier om in die hoofstad te kom is met die nuwe sneltreindiens na die Gare Montparnasse, twee uur se reis van Bordeaux af. Daar behoort môre genoeg treine te wees. Hy sal in die laatmiddag een neem, dan iewers in ’n hotel in Parys oornag. Hy google die Marché des Enfants Rouges. Hy sien dit is die stad se oudste onderdakmark, genoem na die weeskinders in hul rooi uniforms wat langsaan gebly het. Bo in Le Marais, op die Rue de Bretagne. Le Traiteur Marocain is ’n Marokkaanse restaurant in die mark.

Hy wis die webleser se geskiedenis uit voor hy loop.

* * *

Die kortste pad na sy motorhuis is verby die nou geslote Capucinsmark. In die Rue des Douves sien hy vir Mamadou Ali op die hoek van die Place des Capucins. Ali van Mali staan by ’n groepie vriende. Hy kyk op toe hy die motorfiets hoor, swaai sy arms wild om Daniel se aandag te trek.

Hy hou stil, maak die valhelm oop.

“Ek staan en wag hier vir jou, Daniel. Is jy in die moeilikheid?” vra Ali, sy stem gedemp, sy oë wat rondkyk na die strate.

“Hoekom?”

“Hier’s ouens wat … Hulle vra oral of iemand ’n swart man ken, lank en groot, een komma nege meter of meer, wat hier rond bly of werk.”

“Watter ouens?”

“Wit ouens. Hulle was twee. Lyk na *les flics*,” gebruik hy die straattaal vir die polisie. “Maar hulle is nie. Praat Frans met ’n aksent. Die een is so ’n blok van ’n kêrel met ’n oor wat al teëspoed gesien het. En die ander een se arm is seer …”

“Hoe weet jy sy arm is seer?”

“Hy het hierdie groot verband …” sê Ali en beduie na sy regterarm. “Die ding is, Sansan Adjoumani, jy weet, daai ou grote van Ivoorkus wat by die fietswinkel op die Rue Magendie werk …”

“Ek ken hom nie.”

“Wel, daardie *crétin* het vir hulle gesê dit kan jy wees. Omdat hy bang was hulle neuk met hom, want hy’t nie papiere nie. Toe sê Sansan vir hulle hy dink jy bly op die Place Camille Pelletan. Is jy in die moeilikheid? Moet ons help?”

“Dankie, Ali. Jy ken my. Ek vermy moeilikheid soos die pes.”

“*D’accord*. As hulle jou kom vra, sê net jy weet niks. Ons moet saamstaan, hulle lyk na moeilike ouens …”

Daniel trek sy skouers op. “Ek ken nie ander groot swart ouens hier rond nie … Het hulle gesê hoekom hulle hom soek?”

“Die een of ander storie oor groot geld wat hulle hom skuld. Jy kon die *merde* op ’n myl ruik. In elk geval, ek dog net ek sê jou. Jy’s die grootste swart ou wat ek ken.”

“Dankie, Ali.”

Hy groet, ry weer. Nou waaksaam, bewus van almal op straat.

Hy ry eers verby sy motorhuis, gaan draai by Victoire, kom terug. Sien niemand nie. Hy hou stil voor die motorhuis se deur, trek sy handskoene uit, haal die rugsak uit die fiets se drasak. Hy kyk op en af in die Rue Permentade, druk sy hand in die rugsak, sukkel om ’n pistool uit die gaasdoek te kry. Hy kry die kolf van ’n pistool beet, druk die veiligheidsknip af. Maak die motorhuis se deur oop, gaan binne.

Haal sy valhelm af, trek die pistool uit die sak uit, hou dit agter sy rug terwyl hy vinnig links en regs kyk uit die motorhuis. Die straat is Saterdagmiddag-stil.

Hy druk die pistool voor in sy rybroek se gordel, loop haastig uit, stoot die motorfiets in. Maak die deur eers toe. Hy staan langs die motorfiets, probeer bestekopname doen.

Wat weet hulle?

Hulle het vir Lonnie May gevolg toe hy in die rigting van Daniel se woonstel op pad was.

Hulle sou uitgevind het die Saint-Michel-buurt het ’n hoë konsentrasie van Afrikane.

Hulle weet hy is ’n swart man, want hulle het sy hande en ’n deel van sy gesig gesien, die nag toe hy hulle geneutraliseer het.

Hulle weet hy is groot. Daarom dat hulle met dié beskrywing hier kom vrae vra.

Net ’n paar mense weet waar hy bly, baie min weet waar hy werk. Sansan sou nie weet nie.

Hy hou die rybaadjie aan om die pistool in sy gordel te versteek. Hy sluit die rugsak in die motorfiets se drakas toe, sluit die motorhuis, stap dan op met die Rue Marengo, sy oë soekend. Die dakke van die drieverdieping-geboue, die vensters, die deure, straathoeke.

’n Bromponie kom van voor af. Hy sit sy hand op die pistool se kolf. Dit ry verby, ’n student met ’n kortbroek aan daarop.

By die Camille Pelletan-plein is daar niemand nie. Hy sluit die gebou se deur oop, draf op met die trappe.

Sy woonsteldeur staan op ’n skrefie oop, die splinters van ’n breekyster net langs die slot.

Hy trek die pistool uit en loop in.

43

Alles is deurmekaar. Die rusbank se kussings is oopgeskeur, een stoel lê onderstebo. Sy tablet is op die vloer, die skerm gekraak.

Iemand het die plek deurgesoek.

Hy staan doodstil en luister.

Wackett sit op die vensterbank in ’n selfbejammerende bondel, gee Daniel ’n baie vuil kyk, asof alles sý skuld is.

Hy kan aanvoel die woonstel is leeg, hulle is weg. Maar hy hou die pistool gereed, voel die verontwaardiging, die woede, want hulle het hier in sy ruimte ingekom, sy huis en sy privaatheid en sy vrede geskend.

In die kombuis. Suiker en meel en hawermout is oor die kombuistafel uitgegooi, die leë plastiekhouers en blikkieskos lê rond, so ook skoonmaakmiddels en lappe. Sy yskas staan oop.

Sy slaapkamer is chaoties; klere, beddegoed verstrooi. Hy loop reguit na waar hy sy Daniel Darret-identiteit se bewyse bewaar, in die ruimte agter die vloerlys langs sy bed. Die blokkie hout wat hy so versigtig uit die vloerlys gesny het, is ongestoord. Hy wikkel dit los. Die dokumente lê daar, die geboortesertifikaat wat hy by die regte Daniel Darret gekoop het, die man wat hy sewe jaar gelede by ’n haarkapper in die Château d’Eau-buurt van Parys ontmoet het. Daardie Darret het dringend geld nodig gehad om na die Ivoorkus terug te keer, om onverklaarde persoonlike redes. Tobela Mpayipheli het geld gehad – ’n plaas s’n – en die behoefte om ’n ander mens te word.

Die sertifikaat sit veilig in die holte, saam met sy paspoort. Hy dra sy *Carte Nationale d’identité* in sy beursie, saam met sy rybewys. Hy het die ID-kaart en die paspoort verkry met die gekoopte geboortesertifikaat. Sy foto is daarop, sy vingerafdrukke op rekord. Amptelike bewyse van ’n nuwe lewe.

Hy laat die dokumente daar, plaas die blokkie weer versigtig terug.

Hy loop voordeur toe. Hy sal dit moet herstel, sy eerste linie van verdediging versterk. Hy plaas sy pistool op die kombuistafel, trek die rybaadjie uit, gaan haal gereedskap uit die kartonboks onder die kombuis se opwasbak, waar dit ook omgekeer en verstrooi lê.

Hy werk aan die deur; hy sal dit net ten dele kan herstel. Hy sal ’n groot grendel moet opsit, maar waar gaan hy dié tyd van ’n Saterdag so iets kan

koop? Hy wonder waarna hulle op soek was. ’n Vorm van identiteit, ’n foto? Bewyse dat Lonnie hier was, of dat Daniel die een was wat hulle aangeval het? Dokumentasie van ’n moordkomplot?

Hier was tog niks. Maar hy is nie seker nie, daar is iets aan die rand van sy begrip, ’n ding wat hom pla. ’n Bewysstuk, ’n leidraad wat hom nou ontglip.

Hy dink terwyl hy werk. Die tablet het ’n Suid-Afrikaanse nuusapplikasie op, sou hulle daarop gesoek het. Op sigself net ’n vae aanduiding, as hulle dit gesien het. Maar hy het nooit e-pos of sosiale media gebruik nie, so daar is geen persoonlike inhoud waarmee hulle hom sou kon identifiseer nie. Sy salarisstrokies bêre hy by die werk. Daar was niks in die woonstel wat met hom verbind kon word nie, so hoekom kan hy dié ongedefinieerde bekommernis nie afskud nie? Die doek wat hy om sy kop gebind het, is by die winkel; die rugsak en pistole saam met hom op die motorfiets.

Sy hemp. Die bebloede hemp wat in die wasgoedmandjie was.

Hy draf haastig na die klein badkamer. Die hemp lê bo-op die bondel wat hulle uitgekeer het. Die een met die gesig van ’n roofdier, die een wie se arm hy afgeskiet het, sou die hemp onthou het, die kleur en die patroon en die bloedvlekke.

Daniel swets hardop.

Hulle weet dit was hy. En hulle weet waar hy bly.

Hy draf terug na die voordeur, wat hy na die beste van sy vermoë sluitbaar sal moet maak. Hy sal môreoggend ’n grendel gaan koop. Twee – een buite, een binne. Nie dat dit iemand sal keer wat bereid is om te breek en lawaai te maak nie. Maar darem. Voor hy Parys toe gaan.

Hy sal vannag iewers in Bordeaux in ’n hotel moet slaap. Want hulle sál terugkom. Pak nou ’n sak, gaan soek ’n hotel, vat môre die trein. Vroeg.

Maak gou.

Hy stap met ’n nuwe dringendheid deur die sitkamer, kombuis toe, om die gereedskap te bêre. Hy dink wat hy moet saamvat. Die rugsak, die geld; hy sal die pistole moet los, want hulle skandeer by die treinstasie.

Hy sit die gereedskap weg en haal die besem uit sodat hy die suiker en meel en hawermout kan opvee. Dan val ’n ding hom by, met ’n gepaardgaande oomblik van benoudheid. Hy los die besem, loop instinktief terug sitkamer toe, kyk deur die gemors wat hulle agtergelaat het.

Die bakkie. Die klein, groen kleibakkie wat op die skoorsteenmantel staan, is leeg.

Élodie Lecompte se brief was daarin. Met haar adres. Hy probeer die paniek onderdruk, tel kussings en stoele op, kyk onder die bank, kry dit nêrens.

Dan hardloop hy.

* * *

Eers na die Cours Victor Hugo, dan oos. Die pistool skaaf agter teen sy rug. Hy is desperaat vir ’n taxi – dis Saterdagaand, so hier móét wees.

Hy sien een aankom in die verkeerde rigting, hy moet oor die dubbelpad kom, tussen dik verkeer deur, die motors wat toet. Hy is net betyds om die bestuurder se aandag te trek. Hy gee Élodie Lecompte se adres, sê: “Très vite, très vite, s’il vous plaît,” sy stem só dringend dat die man met skreeuende bande ’n u-draai maak en dan kruis en dwars oor die breë straat se bane jaag, tot luide protestasie van medemotoriste.

Dit voel te stadig, soos ’n ewigheid, terwyl die kommer aan hom vreet. En die verwyt – hy moes die brief weggegooi het die oomblik toe hy vir Lonnie gesien het. Want toe het hy al geweet dit bring moeilikheid.

Die taxi laai Daniel in die Cours Georges Clemenceau af, die naaste punt wat motorverkeer aan haar *appartement* toelaat. Hy gee die bestuurder vyftig euro en sê: “Hou die kleingeld, dankie.” Dan hardloop hy die twee blokke, sy rystewels klappend oor die keistene.

Hy kom om die hoek van Rue Montesquieu, sien die ambulans en die polisievoertuie, die skare omstanders, en hy weet hy is te laat.

Hy vleg deur die nuuskieriges tot heel voor. Daar is ’n kordon; hy wil deur, maar ’n polisieman keer hom.

“Wat het gebeur?”

Die beampte antwoord hom nie.

“’n Inbraak,” sê ’n vrou agter hom.

“Huisroof,” sê ’n man langs haar. “Seker juweeldiewe of iets. Dis ryk mense wat hier bly.”

“Is iemand beseer?” vra Daniel, steeds vir die polisieman, wat nou na hom kyk weens die dringendheid in sy stem.

En dan kom die ambulanstrollie by die voordeur van Élodie Lecompte se woonstelgebou uit, en ondanks die suurstofmasker en die paramedici wat om haar bondel, kan hy sien dit is sy. Hy kan die bloed sien wat uit haar hare oor haar slaap geloop het, nou amper droog. Hy kan haar hand sien wat onder die kombers uithang, die swartrooi bloed daaraan.

Hy roep na Bo in Xhosa, voel op dié oomblik die eerste keer woede vir die President, die man wat hy gaan doodmaak. Hy voel die eerste keer die begeerte om dit te doen, allesoorheersend en finaal.

Hy raak bewus van oë op hom, ’n oersensasie, en met die opkyk sien hy vir Roofdiergesig, die een met die stukkende arm, oorkant staan, aan die ander kant van die afsperrings. Die man staar stip en indringend na hom, sien sy

angstigheid, sy dringendheid; agterdog wat stadig oorgaan in herkenning. Langs hom is ’n massiewe beer van ’n man, die een van wie Mamadou Ali gepraat het, sy linkeroor vervorm deur dik littekenweefsel, asof ’n stuk afgebyt is.

Roofdier stamp aan die Grote, wys met sy vinger na Daniel. Roep na links. Nog twee wat daar staan, lenig en waaksaam. Wys weer met ’n vinger, roep iets na regs. Dáár is nog van hulle.

Hulle beweeg in sy rigting, minstens ses van hulle.

Daniel draai om, stamp teen die vrou wat van die inbraak gepraat het. Sy protesteer. Die polisieman roep waarskuwend na hom. Hy beur deur die mense wat nou vir hom kyk, wat ’n pad baan vir sy haastigheid. Hy kyk nie om nie, begin hardloop, swenk oos, na die ou stad se kant toe. Dit is sy beste kans, die doolhof daar, die nou straatjies. Hy ken dit goed, hy sal hulle daar moet ontglip, sy voorsprong gebruik, want hulle moet nog deur die skare kom.

* * *

In die stilte van die Impasse Fauré gaan staan hy in die inham van ’n deur op die kinkel van die lang steeg, haal die pistool uit. Sy asem jaag en sy bors brand, want hy het ’n kwartier lank gehardloop, kruis en dwars deur die straatjies. Hy kan nie teen dié tempo veel verder nie.

Hulle sal in ’n digte bondel moet wees in dié engte, hy sal wag vir hul voeteval, uit die skadu tree en skiet.

Hy probeer sy asem beheer sodat hy beter kan hoor.

Sirenes wat iewers loei.

Hy sal nou op kameras vasgevang wees, die groot swart man wat van die misdaadtoneel weggehardloop het.

Hy hoor geen voetstappe nie. Hy staan een, twee, drie minute.

Niks.

Diep asem.

Hy kan nie terug huis toe nie. Hulle weet waar hy bly.

Hy moet in Parys kom. Hulle sal nou die stasie dophou, en die lughawe. Die motorfiets is in die naam van Daniel Darret geregistreer. Hulle sal dit sekerlik die een of ander tyd kan vasstel, binne die volgende vier-en-twintig uur. Hulle sal Franse databasisse en verkeerskameras kan binnedring, hy sal baie mooi moet dink.

Hy doen bestekopname. Hy het sy beursie in sy sak. Sy rybewys en sy ID-kaart. Die rugsak met die geld is op die motorfiets. Sy valhelm is daar, maar sy

rybaadjie by die huis. ’n Hotel in Bordeaux is nie meer ’n goeie idee nie. Hy sal uit die stad moet wegkom. In ’n rigting wat nie vir hulle ’n aanduiding sal gee van sy planne nie.

Hy staan vir nog vyf minute, tot hy doodseker is hy het hulle afgeskud.

Dan loop hy rivier toe om die selfoon by die Quai Richelieu in die rivier te gaan gooi, want hulle sal die nommer ook in ’n databasis kry. Dit is in sy naam. En as hulle dit het, sal hulle sy spoor kan vat.

44

Lonnie May het daar in die restaurant vir hom gevra: “Hoekom Bordeaux?”

“Hoe bedoel jy?”

“Dis … Ek bedoel, hoekom het jy nie in Parys gaan bly nie? Dis tog … Parys. Groot. Besig. Beeldskoon. En die vrouemense, *oh là là!* Of dan minstens die sonskyn en die blou see van Nice? Of Provence, laventellanderye en sonneblomme en ou plaashuise … Daardie leefwyse … Ek sal nie omgee om daar weg te raak nie …”

Toe sê Daniel dit is nie iets wat hy maklik kan verduidelik nie.

“Oh, come on. Humour me.”

Daniel het sy vuis op sy hart gesit: “Dis hier …”

Lonnie het sy wenkbroue skepties gelig.

Daniel het gesê Parys is soos ’n minnares. Sy is beeldskoon en eksoties en opwindend en wild. Sy verruk en verlei jou, en in die oomblikke van ekstase wil jy haar met jou hele hart besit. Maar sy laat dit nie toe nie. Tensy jy ’n boorling van haar is. Hy het daar gebly, dekades gelede, toe hy op bruikhuur vir die Stasi en KGB was, jonk en onverskrokke. Tóé kon hy die flankeerdans met haar hê. Maar toe hy terugkom, tien jaar terug, het hy dit weer gaan probeer, die ou passie se vonk probeer aanblaas. En toe was dit anders. Nee, hý was anders, én dit waarna hy gesoek het. Toe skuif hy aan, ry met die motorfiets, sonder plan, van plek tot plek. Eindelik Bordeaux in. Vir die eerste keer. Sonder verwagting of voorbode. Hy het laatmiddag in ’n kettinggroep-hotel op die Rue Martignac ’n kamer gekry, afgepak en drentelend deur die oudste deel van die stad ’n plek gaan soek om te eet. Op die Place Saint-Pierre, by ’n tafeltjie onder die vrolik verligte takke van ’n reuseboom voor die ou kerk, het hy sy hart verloor. Onverklaarbaar, onverwags, soos dit ware liefde betaam. “’n Trouvrou gekry,” het hy met ’n glimlag vir Lonnie gesê, “wat my terug kon liefhê, ondanks my herkoms.”

Lonnie het gelag. “Never took you for a romantic.”

Daniel het sy kop geskud. “Nee, ek is ’n ou pragmatis. Dis jy wat dié stad se bekoring onderskat. Hier is baie inkommers. In Chartrons is daar ’n hele horde Britse ex-pats …” En dan: “Bordeaux het nogal ’n ding vir vreemdelinge. Ken jy die Stahlschmidt-storie?”

“Nee,” het Lonnie gesê.

En Daniel het hom vertel, die ware verhaal van die jong Duitse vlootsoldaat. Heinz Stahlschmidt is aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog opgelei om Britse seemyne te ontlont – ’n gevaarlike werk, want binne die eerste twee jaar het al drie die skepe waarop hy gewerk het, gesink. Hy het elke keer oorleef. Toe stuur hulle hom in 1941 Bordeaux toe, om aan wal diens te kom doen. Dalk omdat hulle gemeen het dat hy ’n veiliger pos verdien, moontlik omdat matrose nog altyd bygelowig was en Stahlschmidt duidelik nie die geluk aan sy kant gehad het nie. Hy’t drie jaar hier gebly, deur hierdie strate geloop, hierdie atmosfeer ingeasem. En Bordeaux het ook sy hart verower. Toe die Nazi’s in Augustus 1944 moes onttrek – miskien op net só ’n warm, bedompige nag soos nou – het sy bevelvoerders vir Stahlschmidt die opdrag gegee om die dokke op te blaas. Die hawe het tydens die oorlogsjare sewe kilometer lank in die rivier af gestrek, teenaan die stad. Die ontploffings sou die dood van duisende inwoners meegebring het. En sy geliefde Bordeaux grootliks verwoes het, al daardie pragtige ou geboue, die straatjies en stegies, die pleintjies, die warm hart van die geskiedkundige stad. Stahlschmidt kon dit nie doen nie, want sy liefde vir Bordeaux was te groot. Toe skiet hy die Duitsers se plofstof-opslagplek die lug in. Hulle sê die hele stad het diep geskud; jy kon die vlamme en die rook tientalle kilometers ver sien.

“Hy het hier gebly ná die oorlog. Met ’n Franse vrou getrou, en selfs sy naam laat verander. Na Henri Salmide. Hy’s in 2010 hier dood. Dis wat hierdie stad aan jou kan doen,” het Daniel Darret gesê.

En Die Meerkat het ’n oomblik lank stilgebly.

45

Hy ry met die motorfiets na Arcachon, aan die Atlantiese kus. Hy is sonder sy baadjie, die naglug aanvanklik net koel genoeg om dit ongemaklik te maak, ondanks die windbeskerming wat die BMW bied. Hy neem eers die immer besige E5, die hoofroete Spanje toe, en hou voorbeeldig by die spoedgrens. Dan die stiller A660, waar hy vir die eerste keer seker is niemand agtervolg hom nie.

Hy dink aan Élodie Lecompte. Hulle sou haar klokkie gelui en iets oor hom gesê het, ’n skoot in die donker. Dalk: “Ons het nuus van Daniel Darret, dringende nuus.” Sy sou oopgemaak het.

Hy wil nie weet wat hulle aan haar gedoen het nie, maar hy is seker dit was Roofdier en Beer, hy kon dit in hul liggaamstaal sien, in daardie oomblikke toe hulle oorkant hom gestaan het, weerskante van die weerlose, sagte, skaam vrou op die trollie.

Hy sal hulle kry. As dít alles verby is, sal hy hulle kry.

* * *

Hy weet waar Henry en Sandrine Lefèvre se Arcachon-vakansiehuis op die Avenue Sainte-Marie is, want hy moes al twee keer vir Madame klein verf- en herstelwerk daar gaan doen. En hy ken die alarmkode van die huis. Dit is dieselfde een as die winkel s’n, want *le génie* verkies dit as Madame dinge eenvoudig hou.

Die straat is boomryk en stil, die meeste inwoners terug stad toe ná die vakansie. Hy maak die hek oop, ry in, gaan parkeer die motorfiets agter, weg van die straat. Dit kan weke wees voor iemand dit hier sal sien. Of die klein ruit aan die agterdeur wat hy sal moet breek om in te kom, want hy is honger en vuil en moeg en koud. Die Atlantiese Oseaan se luggie was die laaste klompie kilometer skerp.

Hy maak weer die hek toe, neem die rugsak, breek die venster, gaan in. Hy druk die alarmkode in, skakel nie die ligte aan nie. As daar bure langsaan tuis is, sal hulle weet die Lefèvres is vandag terug Bordeaux toe.

Hy wag tot sy oë gewoond is aan die halfdonker van die kombuis, kry *galettes de maïs* en ’n inlêfles vol *confit de canard* in die koskas, maak koffie, eet. Dan was hy die skottelgoed sorgvuldig voor hy gaan stort.

Hy voel te veel soos ’n indringer om op een van die beddens te slaap en maak homself tuis op die rusbank.

Hy is moeg, maar hy weet die slaap gaan nie gou kom nie; sy gedagtes is by Élodie Lecompte. Hoe erg was haar beserings? Hoeveel skade het hulle haar aangedoen? Die vrou wat sy hand vasgehou het toe hy gehuil het oor Lonnie se dood.

Daar was ’n tyd, lank gelede, toe hy hom nie bekommer het oor kollaterale skade nie. Toe hy ’n kryger was, ’n gedrewe, gefokusde jagter. Hy kon dit regverdig as ’n prys wat die wêreld moet betaal sodat die skaal van geregtigheid kon balanseer. Die doel het alles geheilig. Nou ontwyk daardie sekerheid hom, daardie ideologie, daardie maklike onderskeid tussen reg en verkeerd, swart en wit. Sy woede wou hom die skade aan Élodie Lecompte op die President se rekening laat plaas, en dié van die Russe, maar dis nie so eenvoudig nie. Hy het ’n aandeel daaraan. Hy het gehelp om die eerste domino te laat val, toe hy na Lonnie toe is in die katedraal. Want hy het geweet Lonnie bring moeilikheid, met sy agtervolgers en sy geheime ontmoetings.

Hy sal verantwoordelikheid daarvoor neem. Hy sal verdere skade aan ander moet beperk. Hy sal net móét. Tot elke prys.

Die skade aan homself sal hy aanvaar, soos voorheen. Die verlies. Nogeens. Van ’n lewe. ’n Toekoms. ’n Tuiste. Die verlies aan Bordeaux.

Hy sou graag vir Mandla Masondo wou gesê het dié stad is die plek waar hy sy *isithunzi* teruggekry het. En nou gaan hy albei verloor.

* * *

Hy dink aan die kat. Wackett sal vir haarself moet sorg; die dier was ’n rondloper voor sy haar in sy woonstel kom tuismaak het. Sy sal gou by die bure se kinders gaan flikflooi vir kos. Of haarself gaan insinueer by iemand anders. Wackett sal oorleef.

Hy dink aan die taak wat voorlê. Hy het daar in die steeg van die Impasse Fauré gestaan en hyg. Net vyftien minute se hardloop en hy was pootuit. Van die spanning, die adrenalien, die inspanning. Hoe gaan hy hierdie ding kan doen? Op vyf-en-vyftig? Hy is te oud om ’n gehuurde laksman te wees.

Op die rand van slaap, amper twee-uur die oggend, wonder hy wie hom in Parys gaan ontmoet. ’n Oudkameraad? Watter een? Wie kon dit waag om Parys

toe te gaan as MK43 dopgehou word, as hulle geweet het van Lonnie, en nou van hom?

* * *

Net voor nege in die oggend ruk hy wakker. Die son maak lang, liniêre patrone deur die hortjies voor die vensters. Hy sit regop, luister, hoor net die voëls buite. Verbaas dat hy tot ná dagbreek geslaap het. Uitputting. Die beste medisyne teen insomnia.

En dan, asof die nag dié insig in sy kop oopgemaak het: Daar is ’n skildery van hom in Élodie Lecompte se blyplek. Fotorealisties. As hulle genoeg van hom gesien het daar buite haar woonstel om die konneksie te maak, sal hulle teruggaan en ’n foto neem. Sodat almal wat hom jag, weet hoe hy lyk.

Dit spoor hom aan, dwing hom op, sodat hy was en aantrek. Hy plak die gebreekte ruit in die agterdeur toe, sit die alarm weer aan, neem die rugsak en loop. By die hek is hy versigtig, maak seker daar is nie verkeer nie, en dan stap hy oos, na die middedorp toe. Hy ontspan eers toe die strate om hom besig raak.

Hy eet ontbyt in ’n kafee om sy aansienlike honger te stil, terwyl hy die *Sud Ouest*-koerant lees. Daar is ’n kort berig oor Élodie Lecompte op bladsy twee. Hulle noem haar “die plaaslike kunstenaar”. Sy is in die hospitaal opgeneem met ernstige beserings, maar haar toestand is stabiel. Die polisie vermoed dit was ’n huisroof wat skeefgeloop het toe sy terugbaklei het. Geen verdagtes is nog geïdentifiseer nie.

Ernstige beserings. Haar toestand is stabiel.

Watter soort mense dien ernstige beserings aan ’n weerlose vrou toe?

Maar sy leef, hy is dankbaar dat sy leef.

Hy gaan doen inkopies op die Cours Lamarque de Plaisance. Hy koop klere, duursame items: ’n goeie grys langbroek, twee blou kraaghemde, ’n netjiese vlootblou baadjie, swart skoene, kouse, onderklere. Dan ’n denim, twee T-hemde, twee polohemde, in donker kleure. En twee bofbalpette, een rooi, een blou.

Hy kry ’n reis-wassakkie, skeermes en -room, tandeborsel, tandepasta, deodorant.

’n Reistas van goeie gehalte waarin alles sal pas, ook die rugsak met geld en vuurwapens. In die Hotel La Perla se toilette pak hy dit in die tas, trek die baadjie aan, en loop uit.

* * *

Dit neem hom twintig minute om na die kleinboothawe te stap. Daar is amper eenduisend-vyfhonderd seiljagte, plesier- en hengelbote in netjiese rye teen die kaaie vasgemeer. Ryk mense se speelgoed in die warm somerson. Hier en daar is reklameborde wat bootritte in die baai en na Cap Ferrat aanbied. Dit is nie waarin hy belangstel nie.

Hy kry waarna hy soek by die laaiplek oos van die hawe, anderkant die werkswinkels en boothandelaars: die ouer, meer gehawende vaartuie by die goedkoop vasmeerplekke. Hy sien twee mans wat by die tweede kaai gebukkend oor ’n buiteboordenjin staan. Hy gaan vra of hulle weet van iemand wat hom teen die kus langs sal vat.

Hulle draai na hom, kyk hom op en af, sigarette in die mond, hande vol olie. Dalk pa en seun.

“Hoe ver teen die kus op?” vra die pa en lê ’n skroewedraaier neer.

“Gijón?” gee hy doelbewus ’n bestemming in die teenoorgestelde rigting.

Hulle lyk baie skepties.

“San Sebastián?”

“Hoekom ry jy nie met die kar nie?”

“Of die trein?” vra die seun.

Daniel sê “merci” en draai om.

“Wag,” roep die pa.

Hy kyk weer na hulle.

“Probeer vir Olivier.” Die man wys met ’n vuil vinger. “Quai cinq.” Die vyfde kaai. “Sy boot se naam is *L’Ange Fou*.”

Hy bedank hulle en loop, sy tas se wieletjies wat klik-klak oor die kaai se betonnate. Hy weet hulle staar hom agterna. Hulle sal hom onthou, maar hy twyfel of iemand sal kom vra.

L’Ange Fou is die verste boot aan kaai vyf, wit glasvesel wat verf nodig het, twee sitplekke op die dek, ’n geskeurde seil-sonskerm aan die raamwerk van vuil vlekvrye staal. Nie ’n vaartuig wat groot vertroue inboesem nie.

Daniel gaan staan by die boot en roep: “Allo!”

Hy hoor ’n kug onder uit die kajuit. Dan is dit weer stil. Hy roep weer.

“Qu’est-ce qu’il y a?” Geïrriteerd.

“Ek wil jou boot huur.”

Hy hoor die dowwe geluide van iemand wat beweeg, nog ’n kug, dan kom daar ’n kop te voorskyn. ’n Man in sy vyftigs, dik donker hare, vier dae se sout-en-peper-baard, rooi oë. Die gesig het al baie son en moeilikheid gesien.

“Huur?”

“Dis reg.”

“Ek kom saam met die boot. Ek is die skipper.”

“Ek verstaan. Ek wil hê jy moet my Gijón toe neem.”

“Gijón?” Die man kyk agterdogtig na hom. Hy beur uit die kajuit uit. Hy kom staan hier voor Daniel. “Gijón? Hoekom vat jy nie die trein nie?”

Daniel ruik die suur van ou drank. Hy reageer nie, laat die stilte rek.

“O,” sê die skipper van *L’Ange Fou* met skielike insig, nuwe lig in die oë. Hy kyk na die son, meet die weer. “Vandag?”

“Nou.”

“Dit kan gedoen word. Maar dis duur.”

“Hoeveel?”

“Seshonderd euro.”

Daniel glimlag en draai om, begin wegloop.

“Vyfhonderd,” roep die skipper.

“Tweehonderd,” sê Daniel.

“Drie-vyftig. Kontant.”

Daniel loop terug na die man. Die skipper steek sy hand uit. “Olivier Chérain,” sê hy. “En ek wil liewer nie weet wie jy is nie.”

“Ek wil nie Gijón toe nie. Hoeveel gaan dit kos om my in Brest te kry?”

46

“Jy’s lekker slinks,” sê Chérain met ’n skewe, broederlike glimlag.

“Kan jy my vandag nog in Brest kry?”

“Brest is ver. Brest is duur. Dis ’n lang vaart. Dis kwaai slytasie op die enjins. Ek sal moet brandstof kry in La Rochelle. Ek sal in Brest moet oorslaap, dis vasmeer-koste, dis hotelkoste. As die weer draai, kom ek dalk eers oor twee of drie dae terug.”

“Hoeveel?”

“’n Duisend. En ek gaan nie onderhandel nie.”

“Seshonderd.”

“Ek gaan nie in ’n driesterhotel oorslaap nie, vergeet dit. Of kry iemand anders.”

“Sewehonderd?”

“Nie onderhandelbaar nie. En jy betaal my nou, voor ons vertrek.”

Daniel sug. “Helfte nou, helfte as ons daar aankom.”

“Welkom aan boord.”

* * *

Chérain sê die vaartuig is ’n Jeanneau Leader 850, wat beteken die boot is agt komma vyf meter lank. Dit het tweehonderd-en-vyftig perdekrag dieselenjins, “en sy het dalk so ’n bietjie grimering nodig, want sy is twee-en-dertig jaar oud, maar sy lek nie, en die enjins is soos horlosies”.

Hulle vaar stadig by die mond van die hawe uit. Chérain staan agter die stuur en Daniel sit op een van die twee gemonteerde stoele agter die windskerm.

“Is dit jou werk? Skipper?” vra Daniel.

“Soort van,” sê Chérain.

“O?”

“Ek vra jou nie waarom jy op die langste, moeilikste moontlike manier Brest toe wil gaan nie.”

“Touché. Maar hoe ver vaar jy gewoonlik?”

“Ver genoeg. Spaanse kus. Tot by Santander.”

“Hoe ver is dit?”

“Tagtig seemyl.”

“En Brest?”

“So tweehonderd-en-sewentig. Min of meer.”

“Jy’t nog nooit met dié boot so ver gevaar nie?”

Chérain druk sy hand in sy broeksak, haal ’n fles van vlekvrye staal uit, skroef dit behendig oop, vat ’n sluk en sê: “Ek het nog nooit ’n duisend euro so nodig gehad nie.” Hy hou die fles na Daniel uit: “So ’n doppie om Poseidon mee te paai?”

“Nee, dankie.”

Chérain hou die fles hoog. “À votre santé!” Dan teug hy diep aan die inhoud en trek die twee brandstof-hefbome oop.

* * *

Die see is glad. Hulle vaar noord, net ’n kilometer van die wit strand wat eindeloos aan die stuurboordkant strek, met die lower van die dennewoude daaragter. Meeue krys en sirkel, die verre dreun van die branders. Chérain wys klein dorpies op land uit – Lacanua Océan (“Daar’s ’n gholfbaan. Ek het nog nooit gholf verstaan nie. Mors van tyd, agter ’n balletjie aan neuk …”), Montalivet (“Verveligste dorp in die wêreld. Een groot ouetehuis, nie eens die kaalgat nudiste kan die plek red nie …”). Daniel luister, glimlag vir die man se pessimisme. Hy voel vir die eerste keer ontspanne en weet hy het die regte besluit geneem om só te reis. Hy’s veilig, vir nou.

Net suid van die Île d’Oléron sê Chérain: “Ek hoop nie jy word seesiek nie.”

“Ek het nog nooit die geleentheid gehad om uit te vind nie.”

“Ons gaan nóú uitvind,” sê die skipper en wys met sy vinger diepsee se kant toe. “Westewind,” sê hy. “Dit gaan onstuimig raak.”

Hy’s reg. Dit neem net vyftien minute voor Daniel oor die kant van die boot hang terwyl hy braak.

“Groot ontbyt,” sê Olivier Chérain beïndruk. “Moet net nie my dek bemors nie.”

* * *

Hy lê siek in die klein kajuit, op beddegoed wat na sweet en drank ruik. Chérain staan op die dek agter die stuur. Soms hoor Daniel hom sing bo die

permanente dreuning van die enjins, in ’n welluidende, nootvaste stem. Hy wonder of die man ’n smokkelaar is. Daar is soms nuusberigte oor vlugtelinge wat met klein bote oor die Engelse Kanaal gesmokkel word, of dwelms van Spanje. Hy vermoed dit is laasgenoemde, as Santander tot dusver Chérain se verste vaart is.

Daniel bly lê tot in La Rochelle se hawe. Wanneer hulle diesel inneem, herstel hy genoeg om weer uit te kom. “Hoe ver nog?” wil hy weet.

Chérain kyk na sy horlosie. “Nog minstens ses uur.”

Nog ses uur van seesiek wees. Hy swets.

Chérain rol sy skouers op die Galliese manier om te sê dis nie sý probleem nie.

Dit is nie net die ongemak van die vaart wat Daniel pla nie. Dit beteken ook hulle maak veel stadiger vordering as waarop hy gehoop het. Brest teen nege-uur vanaand; daar behoort nog ’n trein of twee na Parys te wees, want dis Sondagaand, wanneer almal van hul strand- of plattelandse huise af terugkeer stad toe.

Chérain betaal met ’n kaart vir die diesel, vaar dan na ’n vasmeerplek.

“En nou?” vra Daniel.

“Ek gaan eers kos soek. Kan ek vir jou iets saambring?”

“Nee, dankie.”

Chérain grinnik terwyl hy die boot aan die kaai vasmaak. “Jy sal nog jou seebene kry. Bly in die kajuit, uit die son uit. Ek is nou terug.” Die skipper spring behendig kaai toe, en stap in die rigting van die hawegeboue.

As die konstante braking hom nie so leeg en lam gelaat het nie, sou hy dalk vroeër vermoed het die “nou terug” is ’n leë belofte. Dié insig kom eers ná ’n halfuur, wanneer daar nog geen teken van Chérain is nie. Ná ’n uur is Daniel bekommerd genoeg dat hy die kajuit begin deursoek, op soek na enigiets wat lig op die skipper en sy lewe kan werp.

Daar is ’n baie klein kombuis aan die stuurboordkant, basies net ’n tweeplaat-gasstofie en ’n wasbak. ’n Ingeboude kas aan die bakboordkant, en die bed heel voor, met laaie daaronder.

Die bedlaaie lewer gekreukelde klere, komberse, ’n paar ou bootskoene, twee semi-pornografiese tydskrifte en drie leë drankbottels op. Die ingeboude kas is waar Chérain sy rugsteun- en veiligheidstoerusting bêre – reddingsgordels, ligfakkels, enjin-onderdele, ’n tweerigting-radio wat lyk of dit stukkend is, ’n klompie seevaart-kaartboeke van die Franse en Spaanse kus. Laasgenoemde laat Daniel sterk vermoed dat die man dwelms van Spanje af help smokkel, tien teen een op klein skaal. Alles is net té ongeorganiseerd en informeel dat hy ’n belangrike rat in dié bedryf kan wees.

In die laai onder die wasbak, onder ’n lukrake versameling messegoed, lê ’n

bruin koevert. Hy kyk eers weer of die skipper in aantog is, dan skud hy die inhoud op die bed uit. Die boot se registrasiedokumente, Chérain se skipperslisensie, sy paspoort, sy ID-kaart. Hy bestudeer alles, bêre dit dan weer sorgvuldig.

Hy klim van die boot af om sy bene te rek, stap op en af op die kaai, te bang om sy tas met die geld en pistole onbewaak te laat.

Ná ’n uur-en-’n-half is hy redelik seker die man het meer as net kos gaan soek. Hy begin wonder of hy sy belegging van vyfhonderd euro dalk moet afskryf en van hier af ’n trein haal. Hy besluit om nog te wag. Brest het definitief strategiese voordele.

Net voor vier hou ’n taxi langs die kaai stil. Hy sien vir Chérain uitklim. Dit is ’n moeisame proses, want hy is baie dronk. Chérain betaal die bestuurder met ’n luide stem, haal twee plastieksakke uit, stoot die deur met ’n heup toe, en kom slingerend aan. Hy moet homself teen ’n paal regop hou, strompel dan weer verder. Halfpad na *L’Ange Fou* toe struikel hy, en val. ’n Bottel breek in een van die sakke.

“Merde,” sê Chérain.

Daniel sug, buk in die kajuit in, haal sy tas uit. Hy klim van die boot af en loop tot by die skipper. Hy help hom op.

“Waar gaan jy heen?” vra Chérain terwyl hy aan Daniel vashou soos ’n man in ’n storm.

“Timboektoe.”

“Maar jy’t gesê …” hy sukkel om die woorde te vorm, “jy moet vandag in Brest wees.”

* * *

Hy staan langs sy tas, halfpad tussen die hawe en die stasie, op die brug oor die Lac de la Sole. Die strate is stil op die laat Sondagmiddag. Hy kyk uit oor die meer en hy swets sag.

La Rochelle is nie ’n groot stad nie. Hy voel blootgestel, sigbaar, en het nog nie heeltemal herstel ná die seesiek nie. Die verdomde Chérain. Hy is vies vir sy eie swak oordeel – hy het gedink hy was slim om ’n boot te kommandeer, om teen die kus op te vaar, om die mense wat na hom soek heeltemal van sy spoor te kry. Brest sou veel veiliger gewees het, ’n langer, meer onvoorspelbare sprong. Na ’n groter stad. Maar toe kies hy sy skipper sleg, in sy selfvoldane wysheid oor die vervoermiddel.

Pas aan, improviseer, dít was hoe hulle hom destyds geleer het. Want dinge

sál verkeerd loop, maar jou sukses hang af van hoe jy die chaos bestuur.

Hy het nie meer lus vir chaos bestuur nie, veral nie nadat sy ontbyt die hele Atlantiese Oseaan se visbevolking gevoer het nie.

Hy moet stasie toe om te gaan kyk hoe laat die volgende trein na Parys vertrek. Daar sal kameras by die stasie wees. Hy buk, maak sy tas oop, haal die rooi bofbalpet uit. Hy trek sy baadjie uit, plaas dit in die tas. Hy trek die pet laag oor sy oë, en hy stap.

Minstens het hy nou vaste grond onder sy voete.

* * *

Hy sien die sekuriteitskameras aan die mooi sandsteengebou van die Gare de La Rochelle. Hy hou sy kop omlaag, loop in en gaan bestudeer die roosters. Daar is ’n trein na die Montparnasse-stasie in Parys, om sesuur. Tagtig minute van wag voor hy ’n kaartjie kan koop, net voor die trein vertrek.

Hy gaan weer uit, steeds ongemaklik. Dit is meestal ’n residensiële gebied rondom die stasie. Daar is eintlik net ’n enkele keuse – die 164 Espresso Bar aan die oorkant.

Hy gaan sit binne, só dat hy die straat kan dophou. Daar is geen koerante om te lees nie, maar agter die toonbank is ’n TV waarop ’n sokkerwedstryd vertoon word. Hy het nog nie lus vir koffie nie; hy koop ’n Coke en hou om die beurt die TV en die straat dop. Nie een van die twee lewer enigiets opwindends op nie.

Ná vyf het sy ingewande genoegsaam herstel dat hy ’n panini met ham en kaas bestel, en nog ’n Coke. Om twintig voor ses loop hy, gaan koop sy kaartjie, *Le Monde* en ’n paar motorfietstydskrifte by Relay.

Hy gaan staan op die perron. Net voor ses klim hy op die trein Parys toe.

* * *

Hy dink aan die werkswinkel in Bordeaux. Môreoggend sal Henry Lefèvre daar instap en sy werk ná die vakansie hervat. Hy sal na Daniel se tafel gaan kyk, en dan sal hy gebukkend by ’n meubelstuk gaan sit en met sy vaardige hande begin om dit weer heel te maak.

En Daniel se grootste smagting is om saam met *le génie* daar te wees.

47

Hy voel ’n groot verligting toe hy by die Gare Montparnasse afklim in ’n netjiese nuwe blou kraaghemp en sy baadjie. Selfs ’n groot swart man kan verdwyn in die drukgang en roesemoes van hierdie stasie en hierdie stad.

Hy kry ’n taxi buite. Hy vra of die bestuurder ’n goeie, bekostigbare hotel naby die Luxembourg-tuine kan aanbeveel. Hy wil op die linkeroewer bly vannag, ver van die Marché des Enfants Rouges waar hy môreoggend moet wees.

Die taxi laai hom af voor die Hôtel Le Sénat. Hy haal diep asem voor hy instap, want hy sal met selfvertroue moet lieg.

Hy groet die vrou by ontvangs met wat hy hoop ’n goeie kombinasie van vriendelikheid en verontwaardiging is. Hy sê hy het ’n slegte ding oorgekom op die Métro; sy selfoon en sy hele beursie is gesteel, onderweg van die Gare du Nord af. ’n Sakkeroller, hulle is so verdomp skelm. Hy het net die kontant oor wat in sy tas was, darem ’n stewige bedrag, dank Vader, anders weet hy nie wat hy sou doen nie. Maar nou voel hy so sleg, so verleë, want hy het geen vorm van identifikasie by hom nie. Hy weet hotelle vereis ’n paspoort of iets. Hy het môre ’n belangrike vergadering, hy moet rus, hy moet voorberei. Hy is bereid om vooruit te betaal, enige bedrag wat sy genoeg ag, as hy net asseblief tog ’n kamer kan kry. Hy haal ’n pakkie note uit sy binnesak wat hy met sorg op die trein saamgestel het – genoeg om te wys hy is vermoënd, maar nie so dik dat sy sal wonder of hy ’n bankrower is nie.

En heeltyd is daar die bewustheid dat hy nie baie oortuigend, baie vaardig is met die bedrog nie. Verroes. En onwillig, dink hy, traag om weer ten volle in die konstante bedrieëry van die ou lewe terug te val.

Sy lyk ongemaklik en sê: “Net ’n oomblik.” Sy verdwyn na agter. Hy weet sy gaan die nagbestuurder moet vra.

Sy kom terug saam met ’n ander vrou, ietwat ouer, wat takserend na hom en sy netjiese baadjie en sy reistas van gehalte kyk terwyl hy weer sy storie vertel, hierdie keer gladder, beter.

“Eintlik,” sê die nagbestuurder, “mag ons dit nie doen nie. Hoe lank wil u bly?”

“Maksimum van twee nagte,” sê hy. “Ek verstaan, dis ’n dilemma, maar ek

weet nie hoe anders om te maak nie."

"U sal vir al twee nagte vooruit betaal, en 'n deposito vir die kroegyskassie?"

"Natuurlik."

"Nou goed."

"Jy is 'n engel," sê hy.

Tot sy verligting glimlag sy 'n bietjie en begin die rekenaar se sleutelbord bewerk. "Wat is u naam?"

"Olivier," sê hy. "Olivier Chérain. En ek ken darem my ID-nommer uit my kop uit."

Later, onder die stort, wanneer hy sy seesiek-sweet afspoel, glimlag hy die eerste keer sedert Lonnie hom in Au Bistrot laat lag het. Hy staan en dink aan die dag, aan Chérain, die smokkelskipper met die drankprobleem. As hy op *L'Ange Fou* gebly het, was hulle dalk nou al halfpad Suid-Amerika toe.

Dalk gaan hy nog spyt wees hy het nie maar op die boot gebly nie.

Maar hy het darem 'n halwe reis en 'n tydelike naam en identiteitsnommer vir sy vyfhonderd euro gekry.

* * *

Maandag, 28 Augustus.

Hy sit die TV aan terwyl hy was en aantrek. Die sesde nuusinsetsel is oor die President van Suid-Afrika wat Donderdag aankom vir 'n kort besoek aan Frankryk. Hy sal moontlik Vrydag die nuwe, jong Franse president ontmoet.

Hy eet ontbyt, en besluit daarna om te stap. Dit is die beste manier van deur die stad beweeg as jy doodseker wil maak jy word nie agtervolg nie. Al is dit hoogs onwaarskynlik. Die Russe sou reusegeluk moes gehad het om te weet waar hy nou is. Maar die Marché des Enfants Rouges is net 'n slim openbare ontmoetingsplek as al twee partye hul verantwoordelikheid nakom om ongesiens op te daag.

Hy wil sy bene rek. En talm by van sy gunstelingplekke, probeer ontspan. Soos die Place Saint-Michel. Dit was waar Parys-die-minnares hom die heel eerste keer oorrompel het, meer as dertig jaar gelede. Sy eindelike ontplooiing ná 'n ewigheid van militêre en intelligensie-opleiding. Hy, wat toe net die heuwels van die Oos-Kaap, die afgeleë bos van Angola en Tanzanië, die vlaktes van Suid-Rusland en die grys van Oos-Berlyn geken het. Met die trein van München af, en die Métro van die Gare du Nord, nog niks van Parys gesien nie. En toe stap hy op met die trappe van die Saint-Michel-stasie, en hy kom uit

in die straat. En toe oorweldig die plein hom met ’n atmosfeer van suiwer elektrisiteit; dansers en studente en musikante en toeriste, mimiek-kunstenaars en motors en fietse, energie en klank en kleur. Dit het hom geskok, betower. Meegesleur. Hy het daar gestaan, vasgenael, vir ure, alles ingedrink. Die kind van die Katrivier. Verstom deur *La Ville Lumière*.

Nou gaan sit hy weer daar, vir ’n rukkie, en onthou. Here, hy was ’n plaasjapie. So naïef. En so onbewus daarvan.

En al wat in drie dekades by Saint-Michel verander het, is die modes van die studente en die vorms van die motors. En hy.

Hy hou die tyd dop, loop aan, oor die Seine, op na die Fontaine Stravinsky, waar hy koffie drink. Die spanning wat stadigaan in hom opbou. Hy drentel deur die Anne Frank-tuine, en eindelik deur Le Marais. Hy gebruik al sy vernuf, al die byna vergete kunsies om seker te maak daar is niemand op sy spoor nie.

’n Minuut voor twaalf gaan sit hy by ’n tafel in die Marché des Enfants Rouges, vlak by die Le Traiteur Marocain-restaurant.

Sy hart klop vinniger. Hy is bewus van alles, sy sintuie opgeskerp. Hy wonder wie hier gaan wees.

Die onderdakmark is ’n vrolike plek, vol verleidelike geure; groente-, vrugte-, blom- en kaasstalletjies, ’n bakker, kombuise wat Italiaanse, Oosterse en Marokkaanse kos verkoop. Tafels en stoele om by te eet. Baie besig dié tyd van die middag.

Meteens is ’n man langs hom, teenaan hom, en hy verstyf.

“Meneer, ek is jammer, maar hierdie tafels is gereserveer vir ons kliënte.”

Dit is een van die restaurant se mense.

“Natuurlik,” sê hy. “Hoe bestel ek?”

“Daar by die toonbank,” antwoord die man en wys na Le Traiteur Marocain.

Daniel bedank hom, staan op, val in die ry by die toonbank. Hy kyk na die foto’s van die verskillende geregte, skuifel vorentoe soos die tou vorder.

’n Sagte stem agter hom, vroulik. In Frans, met die aksent en ritmes van Suid-Afrika. “Ek kan die tajine kefta aanbeveel. Dit is heerlik.”

Hy draai stadig om en kyk na haar. “Merci,” sê hy.

Sy is jonk, dalk in haar vroeë dertigs, mooi en elegant, in ’n heldergeel skouerlose rok, ’n swart beret op haar kop. Daar is fyn sweet op haar voorkop. In haar regterhand is ’n groot inkoopsak van Galeries Lafayette. Sy glimlag vir hom, maar hy kan die spanning in haar sien.

“Kan ek vir jou ook een koop?” vra hy.

“O, baie dankie, dit sal heerlik wees.”

“Ek is Olivier,” sê hy, sy oë steeds soekend deur die mark.

“Ek het gehoop jy is dalk Doctor Inhlanhla,” sê sy in Zoeloe, haar stem dun

van die spanning. Sy is ’n amateur, dink hy. Hulle het ’n amateur gestuur. Hoe sal sy weet sy is nie dopgehou nie? Hy probeer die hele mark inneem, ’n gevoel kry of iemand in hulle belangstel.

“Ek is,” sê hy in dieselfde taal. “Maar net oor naweke.”

Sy lag en dit kom geforseerd uit. In Frans sê sy: “Dit is beter dat jy nie weet wat my naam is nie.”

“Natuurlik.”

Sy wys met haar oë dat dit hulle beurt is om te bestel. Hy draai na die toonbank, vra vir twee tajine keftas. Hy betaal. Die man wat hom opgejaag het, wink hom na ’n tafel toe.

“Sal ons saam eet?” vra hy vir die vrou in die beret.

“Asseblief,” sê sy.

Hulle loop na die aangeduide tafel, gaan sit. Sy stoot die inkopiesak onder die tafel in, die spanning in haar nou meer sigbaar. Sy slaan weer oor na Zoeloe. “Jy moet dit saamneem, wanneer jy loop. Wees asseblief baie versigtig, daar is inkriminerende artikels daarin. As jy dink dit kan in verkeerde hande beland, probeer jou bes om dit te vernietig.” Meganies, asof sy dié woorde gerepeteer het.

Hy skuif sy hand oor die tafel, neem hare, hou dit vas. Sy stem is paaiend en rustig: “Jy is Sesotho,” sê hy, want hy het haar aksent en haar Zoeloe-woordkeuses gehoor.

“Ja.”

“Jy is nie gewoond aan … dié soort van ding nie.”

“Is dit só duidelik?”

Hy druk haar hand sag. “Haal diep asem.”

Sy knik, sug stadig. Hy kan aan haar hand voel dat sy so ’n bietjie ontspan.

“Dink jy iemand het jou gevolg?” vra hy.

“Nee. Ek dink regtig nie so nie. Niemand weet van my nie!” sê sy angstig. En dan sagter: “En ek het ’n halfuur lank deur die Galeries Lafayette, die afdelingswinkel, die heel groot een …”

“Op die Boulevard Haussmann?”

“Ja … Ek was op en af, en in die aantrekkamers en weer uit en weer in … Ek is seker daar was niemand nie.”

“Dis ’n goeie plek om weg te glip. Maar dit maak nie saak nie. Wanneer ons weer hier loop, sal ek seker maak nie een van ons word dopgehou nie. Jy hoef jou nie te bekommer nie …”

Die kelner bring die twee borde kos, met klein houertjies rissiesous daarby.

“Dit ruik heerlik,” sê hy, neem die mes en vurk van plastiek.

Sy glimlag dapper. “Bon appétit,” sê sy en begin eet.

“Hoe lank is jy al hier in Frankryk?” vra hy, besef dan sy wil dalk so min

moontlik oor haarself praat. “Jy hoef nie te antwoord nie.”

“Ek dink dit sal okay wees. Sewe maande. Op ’n kultuur-uitruilprojek.”

“Is jy by die Departement Kuns en Kultuur?”

“O, nee. Ek is ’n skrywer, ’n dramaturg,” sê sy asof dit ’n verligting is om oor iets bekends te praat. Dan ’n selfverwytende frons. “Ek praat nou te veel.”

“Jy’s veilig, moenie jou bekommer nie.”

Hulle eet ’n oomblik lank in stilte. Hy vra: “Hoekom doen jy dit? Hierdie gevaarlike speletjie.”

Sy kyk na hom met skielike verbetenheid.

“Gugu. Sy is soos ’n suster vir my. Ek doen dit vir Gugu.”

48

Haar bord kos is halfpad geëet en sy is nou meer ontspanne. “Daar is inligting wat ek vir jou moet gee,” sê sy.

“Wanneer jy reg is,” antwoord Daniel.

Haar hande is op die tafel en haar oë ’n oomblik lank toe, asof sy wil seker maak sy onthou alles, kry alles reg. Haar oë gaan weer oop: “In die sak is vier selfone. Hulle is almal veilig, maar jy moet nie een van hulle langer as twee dae gebruik nie. Dan moet jy dit breek en weggooi.”

“Goed.”

“Hulle het die applikasie wat jy vir e-pos gebruik al klaar op elkeen van die fone gesit. Jy moet net met jou besonderhede registreer. Hou jou e-pos gereeld dop, want die man wat jy hier in Parys moet ontmoet se program is nog nie finaal nie. Hulle sal inligting stuur.”

“Goed.”

“Ek kan nou vir jou sê hy kom Donderdagaand in Parys aan. Op 31 Augustus. Vrydag is hy by Versailles; jy mag hom nie daar ontmoet nie.”

“Ek verstaan.” Dit is bes moontlik die ontmoeting met die Franse president, waar die sekuriteit baie streng en die moontlikheid vir ’n diplomatieke storm soveel groter is.

“Hy sal die hele Saterdag by die Suid-Afrikaanse ambassade wees vir vergaderings. Sy bewegings die Saterdagaand en die Sondag is nog onbekend. Hy vlieg weer Sondagnag of vroeg Maandagoggend terug. Jy sal meer inligting per e-pos kry sodra dit beskikbaar is.”

Hy knik.

“Ek moet jou vra: Is jou finansiële posisie nog draaglik?”

Hy glimlag. “Draaglik? Is dit die woord wat hulle vir jou voorgesê het?”

“Ja.” Sy verras hulle al twee deur te giggel. Hy dink daar is ook verligting in dié geluid, omdat sy dit alles tot hier toe vermag het.

“Ja, dankie, my finansiële posisie is steeds baie draaglik.”

“Die laaste item: Daar is vyf paspoorte in die sak, van verskillende lande. Jy kan hulle in enige volgorde gebruik, sou jy ’n paspoort nodig hê. Hulle is almal eg, die Schengen-visums ook.”

“Reg.”

“Wanneer jy vermoed ’n paspoort en identiteit is nie meer bruikbaar nie, maak asseblief seker die dokument word verbrand.”

“Goed.”

“Dis alles.” Hy kan sien sy is ligter, ’n vrag afgelaai.

“Jy het baie goed gedoen. Eet nou jou kos. Dis te lekker om te vermors.”

“Ja, Pa,” sê sy met ’n glimlag.

* * *

Toe sy op pad is, sê hy vir haar om net aan te hou loop. Moenie lyk na iemand wat bekommerd is dat sy agtervolg word nie. Hy sal seker maak sy is veilig.

Hulle staan op. Sy gee hom ’n drukkie, kyk hom in die oë. “Ek bid vir jou,” sê sy.

Hy tel die groot, wit inkopiesak van Galeries Lafayette op wat sy onder die tafel gelaat het. Hy hou sy afstand van haar. By die Place des Vosges is hy tevrede dat niemand op haar – of sy – spoor is nie.

Sy hou aan stap, in Bastille se rigting. Hy kyk haar agterna. Hy voel ’n groot deernis vir haar, en ’n swaar verantwoordelikheid om seker te maak dat sy nie deel word van kollaterale skade nie. Wanneer hy haar nie meer kan sien nie, draai hy wes. Hy wil na die Île Saint-Louis gaan en daar roomys eet, soos in die ou dae, en nog ’n oomblik lank die vreugde van sy en haar samesyn onthou, die stilte en die kalmte geniet voor die storm wat kom.

“Ja, Pa,” het sy vir hom gesê.

Hy het saam met haar geglimlag. “Jy is ’n dapper vrou. As ek jou pa was, sou ek baie trots op jou gewees het.”

“Dankie.” Toe kyk sy op ’n vreemde manier na hom en sê: “Hierdie hele ding is vir my surrealisties, om jou hier te kom ontmoet. Ek … Ek was so verskriklik op my senuwees, hulle het my so baie moets en moenies gegee, ek was so vreeslik bang om dit … om alles te laat misluk. En toe stuur hulle jou paspoorte, en ek kyk na die foto, en toe is dit asof … Toe weet ek dit gaan alles okay wees.”

“O?”

Sy het verleë gelag. “Die toneelstuk waaraan ek nou skryf, is oor Christophle le More.” Haar stem het teen die einde in toonhoogte gestyg, asof die vraag was of hy Le More ken.

Hy het sy kop geskud.

Haar gesig het geesdriftig verhelder. “Min mense weet van hom. Hy hang in die Rijksmuseum. Dit is die vroegste bekende selfstandige portret van ’n swart

man in Westerse skilderkuns. Iewers tussen 1520 en 1530, hulle dink die skilder was die Nederlander Jan Mostaert. In elk geval, toe die paspoorte kom, en ek kyk na jou foto, toe dink ek jy lyk na hom. Na Christophle le More. Sonder die baard, natuurlik; hy het ’n baard gehad. En toe dink ek dis ’n goeie teken, dis ’n voorbode. Dat alles okay gaan wees.”

“Wie was hy? Le More.”

“’n Lyfwag en boogskutter van keiser Karel die Vyfde. Hy het as stalkneg begin; hy moes ’n indrukwekkende man gewees het om so ver te kon vorder.” Daar was groot bewondering in haar stem.

“Waaroor gaan jou toneelstuk?”

“Oor Le More se pelgrimstog van Brussel na Brabant. Om die Swart Maagd te sien. Dis … Hulle dink hy was daar, want in die skildery het hy die pelgrimskenteken op sy hoed. Ek … My stuk is fiksie, ons weet niks van sy tog nie. Ek het maar net gedink hy moes sekerlik … eensaam gewees het. As swart man in wit Europa. Daar was geen ander Afrikane in Karel se diens nie, hy moes só na sy mense verlang het. Sê nou maar hy het gehoor van die Swart Maagd van Brabant en hy dink sy moet uit Afrika wees, en dan gaan hy om … te konnekteer, met iets … Die stuk is nog nie klaar nie, ek wil nie …”

“Ek hoop ek sal dit eendag kan sien. Die toneelstuk. Én die portret.”

“Ek hoop ook so.”

“En? Lyk ek in lewende lywe steeds soos hy?”

“Ja, nogal. Maar … Jy is anders as wat ek jou voorgestel het.”

“O?”

“Jy is … sagter … Ek …” Sy het ’n verleë handgebaar gemaak. “Ek weet nie of jy die een is wat dit gaan doen … Ek wil nie weet nie. Ek het maar net ’n harder man … Jy weet, iemand wat … Miskien moet ek net stilbly.”

Daniel Darret wou nie hê sy moet stilbly nie. Hy het daarvan gehou om na haar Zoeloe te luister, al was dit ’n bietjie krom. Dit was die ritmes en die musiek van sy vaderland. Hy het daarvan gehou om na haar te kyk, na haar jeug en haar skoonheid en haar dapperheid. Om te weet sy is deel van dié operasie, sy glo ook daarin. Dit het hom beter laat voel oor wat voorlê.

* * *

In sy kamer in die Hôtel le Sénat lees hy dié middag die e-pos wat hy afgelaai het op die eerste van die vier LG-slimfone wat in die inkopiesak was. Die TV is aan op die permanente nuuskanaal, die volume sag. Hy lê op die bed.

From: vula@protonmail.com
Subject: Medical apparatus
To: inhlanhla@protonmail.com

Dear Dr Inhlanhla

We are relieved and overjoyed that you have taken the package into your possession, and remain in good financial standing.

Dit beteken sy naamlose jong kontak in die geel rok het hulle laat weet dat die ontmoeting suksesvol was. Hy hoop dit was die laaste taak wat sy moes verrig. Hy vermoed hulle het haar gebruik omdat sy geen verbintenis met hulle het nie, glad nie onder verdenking sou wees nie. Hy kan dit verstaan. Maar sy is ’n amateur, sy behoort nie aan verdere risiko blootgestel te word nie.

Die ander fone lê op die klein lessenaar se blad, langs die vyf paspoorte, netjies in ’n ry uitgestal. Die reisdokumente het elkeen dieselfde foto van hom daarin, tien jaar terug s’n, die laaste een wat hy in Suid-Afrika vir sy rybewys laat neem het, voor Pakamile se dood. Daar is twee Suid-Afrikaanse paspoorte, met Xhosa-name. Die ander is onderskeidelik van Swaziland, Botswana en Namibië. Toe hy die lande van herkoms sien, het hy gedink dit is sekerlik elkeen bekom deur ’n ou struggle-kontak, goed geplaas in die onderskeie buurland-regerings. Slim.

You should now be in a great position to travel and to stay in contact.

The next step of the treatment: You will be in need of medical apparatus for the procedure that awaits.

We would like to suggest Ditmir’s Trading, 82D Oudezijds Achterburgwal in Amsterdam, an Albanian import/export company. He has a wide range of surgical instruments at reasonable prices. Please make sure you ask for Ditmir personally at this address as he is known to provide significant discount. (We haven’t had the opportunity to purchase supplies from him ourselves and a credit rating for his company is unavailable at this stage.)

We hope to have the patient’s detailed medical records soon, and will inform you the moment we receive them.

You are most welcome to share your progress with us via email.

Very best wishes,

Vula

49

Hy wonder wie die mens of mense aan die ander kant van dié boodskap is. Het hy hulle geken? Dalk oudlede van die Suid-Afrikaanse Intelligensiedienste, soos Lonnie? Die selfone, die paspoort, die Amsterdam-aanbeveling wys hulle is ingelig, hulle het nog kontakte in dié newelwêreld.

Die e-pos sê baie.

Ditmir is ’n swartmark-wapenhandelaar, die *import/export* sê hy is na alle waarskynlikheid deel van die Albanese mafia. Hulle weet nie hoe betroubaar die man is nie en beveel versigtigheid aan. Die adres sal ’n ander onderneming huisves; hy sal spesifiek vir Ditmir moet vra en waarskynlik elders geneem word om die wapens te besigtig en te koop.

Die implikasie van ’n spesialis-wapenverkoper is ook dat MK43 vermoed hy gaan ’n langafstand-skerpskutgeweer nodig hê, omdat dit onmoontlik sal wees om naby die President te kom. En dit was immers sy modus operandi toe hy in diens van die KGB en Stasi was.

Maar dit laat hom met een groot dilemma: Dit gaan ’n aansienlike uitdaging wees om enigiets groter as ’n pistool deur Europa te vervoer. Wetstoepassers van oor die hele kontinent is op ’n permanente gereedheidsgrondslag vir die risiko van terreuraanvalle deur Moslem-ekstremiste. Daar is ’n netwerk van informante, padblokkades en CCTV-kameras. Soldate en die polisie patrolleer oral in stede, by stasies, lughawens en groot toeriste-attraksies. Goeie militêregraad-skerpskutgewere is groot, meestal ’n meter of langer. Nie die soort ding wat jy in ’n tassie kan pak nie. Hy sal só ’n wapen van Amsterdam tot in Parys moet kry.

Dit beteken eindelik net een ding: Hy sal ’n voertuig moet bekom.

Hy tik ’n antwoord op die selfoon:

Dear Vula

Thank you for the info. Will have to do research before deciding on final type of medical apparatus and means of transport. Medical records would help a lot, as soon as you receive them. Will keep you posted.

Dr Inhlanhla

Hy gaan prop die foon in ’n herlaaier by die lessenaar. Hy moet beplan: die

verkenning van die ambassade, die reis na Amsterdam. Die koop van ’n voertuig sonder om dit te registreer. Hy is diep ingedagte, maar daar is iets aan sy periferie wat sy aandag trek. Hy kyk na die fone, die paspoorte, die venster. Wat is dit?

Dan dring dit tot hom deur: die nuusleser op TV praat van La Rochelle. Hy kyk na die skerm.

Dit is ’n lugskoot van die hawe, vanuit ’n helikopter. ’n Dik, donker pluim rook wat opstyg van ’n klein bootjie. Twee polisievoertuie, ’n brandweerwa en ’n ambulans op die kaai. Hy neem haastig die afstandbeheerder, stel die volume harder.

“… sodra die hawe-owerheid inligting bekendmaak.”

En dan skakel hulle terug na die nuusleser wat sê: “Personeel van Air France beplan om in September weer te staak …”

Daniel staan vasgenael en staar na die beeld. Hy het te min van die hawetoneel gesien. Te min om seker te wees dit was *L’Ange Fou* wat aan die brand was. Maar hy kon sweer dit was min of meer waar Chérain vasgemeer het.

Hy soek eers met die foon op die internet na meer inligting, maar kry niks. Hy gaan sit voor die TV, want hy weet hulle herhaal nuusitems. Hy sal moet wag.

Is dit moontlik? Dat hulle sy spoor na Arcachon en Olivier Chérain se boot gekry het? Maar hoe?

Die Russe is die meesters van tegnologie, van elektroniese spioenasie, dit weet hy. Die media is byna daagliks vol daarvan, die kubereenheid van die Kremlin se Federale Sekuriteitsburo breek digitaal in, luister, loer af, steel data, plaas vals nuus, ontwrig stesels. Net waar en wanneer hulle wil, as dit belangrik genoeg is om bandwydte en mannekrag en tyd en moeite af te staan. Dit sou moontlik wees om sy motorfiets se registrasienommer in ’n Franse databasis te kry. Kameras langs die Franse hoofweë te gebruik om vas te stel hy het die E5 na Spanje gebruik. Deur suiwer eliminasie te kon bepaal dat hy tien teen een in Arcachon se rigting afgedraai het.

En dan af te lei dat hy ter see verder sou wou reis? Dit is ’n relatief logiese afleiding. En as hulle die span van Bordeaux gestuur het om vrae te gaan vra: Die pa en seun by Arcachon se hawe sou hom onthou het, hulle sou inligting kon verskaf oor *L’Ange Fou*.

Chérain het met ’n bankkaart vir die diesel betaal in La Rochelle, nog ’n broodkrummel wat hulle kon volg.

Alles moontlik. As hulle bereid was om hulpmiddele en mense op groot skaal beskikbaar te stel.

Hoe belangrik is die Suid-Afrikaanse kernkragkontrak? Die President in die

Kremlin se sak?

Klaarblyklik net so belangrik soos wat Lonnie May gesê het. En daar lê sy fout. Hy het Ubu, Die Meerkat, onderskat. Hy het gedink dit was maar Lonnie se aandik van beskikbare feite om hom te oortuig.

Hy moet ’n uur wag voor die nuusitem weer op die TV-program verskyn. Daar is nou nuwe beeldmateriaal, van nader geneem, die vuur geblus, die rook dun, *L’Ange Fou* ’n swart wrak. En die figuur op die draagbaar wat oor die kaai gedra word, is heeltemal toe onder ’n groen kombers.

Die nuusleser se somber stem: “Die vaartuig is geregistreer in die naam van meneer Olivier Chérain, ’n kleinboot-operateur van Arcachon. Die oorledene is nog nie uitgeken nie en meneer Chérain of sy naasbestaandes word versoek om dringend met die owerhede in aanraking te kom. Die brand het volgens getuies gevolg op ’n klein ontploffing net ná twaalfuur vanmiddag. Die oorsaak daarvan is nog onbekend.”

Daniel Darret staan op, raap die selfone en paspoorte bymekaar, en pak dit in sy tas.

* * *

Hy boek haastig by die hotel uit, sê: “Ek is baie jammer, ek moet dringend Marseilles toe.” Hy wil vinnig wegkom, oorweeg dit om te sê hulle moet die geld hou wat hy as deposito en vir ’n ekstra nag betaal het, maar dit kan ook die verkeerde soort aandag trek. Daarom wag hy geduldig dat hulle die kontant in die bestuurder se kantoorkluis gaan haal, bedank hulle vir die gasvryheid, en loop.

Die Russe sou die kameras by die Gare de La Rochelle ook kon gebruik. Hulle sal weet op watter trein hy was. Dit sal tyd neem om taxirekords in Parys na te gaan, maar hulle sou hom in hierdie hotel kon opspoor.

Hy kan nie nou weer ’n taxi gebruik nie.

Hy loop met sy tas af na die Boulevard Saint-Germain. Hy is hiperbewus, voel blootgestel, asof hy dopgehou word, asof hulle oral is en alles kan sien. Hy gebruik al sy kennis en vaardigheid, loop kruis en dwars, draai skielik om, talm op stil plekke, maar daar is niemand agter hom aan nie. Hy dwing homself om nie paranoïes te raak nie, om te fokus op die volgende stap: Sy nuwe blyplek moet lukraak wees, sonder rede gekies. Hy volg ’n sinnelose roete van draaie en ompaaie, tot hy in die Rue Jacob by die Hôtel Millésime se ontvangs gaan staan en die Botswana-paspoort aanbied. Hy hoop die jong man sien nie die sweet op sy voorkop nie. Hy gebruik weer die my-beursie-is-gesteel-

verskoning om met kontant te kan betaal.

* * *

Om die Suid-Afrikaanse ambassade te verken sonder om opgemerk te word, gaan nie maklik wees nie.

Hy onthou die gebou op die Quai d'Orsay, nommer 59. Dit staan in diplomatieke kringe bekend as die lelikste struktuur in Parys, al is dit in die jare sewentig deur Franse argitekte ontwerp. Dit hurk soos 'n ondier tussen die klassieke, veel ouer room-sandsteen van die omgewing in die manjifieke, breë boulevard. Daniel het soms daar verbygeloop, drie dekades gelede, om daarna te staar, met haat, want dit het al die apatie en bourgeois smaakloosheid van die apartheidsregering vergestalt.

Soos hy onthou, is dit op 'n hoek, blootgestel aan drie strate; die Quai d'Orsay noord aan die voorkant, die Rue Henri Moissan wes aan die sykant, en die Avenue Robert Schuman agter, na die suide. Al drie fronte is ewe onaansienlik, met die betonblokke soos kaaswiggies wat die vier verdiepings se vensters verskans.

Destyds was daar nie kameras nie. Nou sal daar wees. En as die Russe en die Suid-Afrikaanse Intelligensiedienste weet van hom en sy sending, sal hulle dié kameras monitor. Veral vandag, as hulle vermoed hy is in Parys.

Hy het nie 'n keuse nie, hy sal moet gaan kyk of hy daar sal kan werk. Een keer om die plek stap, soveel inneem as wat hy kan.

Hy haal die rooi bofbalpet uit sy tas en plaas dit in die badkamer se asblik. Hy sal dit nie weer kan gebruik nie, omdat hy dit by La Rochelle-stasie aangehad het. Hy trek die rooi T-hemp aan wat hy in Arcachon gekoop het, vou die wit T-hemp op en druk dit in een broeksak. Hy druk die blou pet in die ander sak.

Hy sluit sy kamer, en gaan soek 'n wit panamahoed in die Boulevard Saint-Germain.

Hy dink aan sy destydse Stasi-instrukteur wat hom geleer het om na mense se skoene te kyk. "Klere is maklik om te ruil, veral hemde en hoede. Maar agtervolgers trek nooit ander skoene aan nie."

Dalk moet hy vir hom 'n nuwe paar sportskoene kry.

* * *

Daniel Darret stap af na die Métrostasie Saint-Michel-Notre-Dame, wit panama op sy kop. Hy neem die RER-C na die Pont de L'Alma, klim dan die trappe na die grondvlak. Hy loop al langs die Seine af, oos, hou die bome tussen hom en die ambassadegebou.

Hy draai drie keer regs sodat hy om die blok van die ambassade kan stap. Hy probeer alles inneem: die geboue oorkant, die strate, die ambassade se vier ingange, die baie kameras teen die mure. Hy durf nie talm nie; die omgewing is stil, net enkele ander mense op straat.

Hy weet hy is dalk te haastig, maar hy moet minstens 'n gevoel kry vir moontlikhede. Met die oorweldigende indruk dat die kameras hom vaslê, dat spanne mobiliseer om hom te agtervolg.

Terug op die Quai d'Orsay draai hy wes, na die Eiffel-toring toe. Sy plan is om daar tussen die menigtes en die doolhof van die Parc du Champ-de-Mars weg te raak. Hy loop vinnig, kyk nie om nie. Die sypaadjie van die boulevard raak al hoe besiger met Eiffel-toeriste. Dit is wat hy nodig het – mense om hom, baie mense.

Net voor die toring draai hy links in die park in, pluk die wit T-hemp uit sy sak, trek dit bo-oor die rooie aan, plaas die panamahoed in 'n vullismandjie, begin draf, swenk tussen die bome en struike deur.

Hy gaan staan meteens, kyk vir die eerste keer terug. Daar is niemand wat haastig agter hom aan is nie.

Hy sit die blou bofbalpet op sy kop.

* * *

Twee ure lank ry hy op die Métro, kruis en dwars oor die stad om seker te maak hy word nie dopgehou nie. Hy dink oor die ambassade, weet instinktief dié gebou is nie 'n opsie nie.

Die enigste manier om die President Saterdag te skiet is wanneer hy by die ambassade aankom, of wanneer hy vertrek. Want as hy eers in die gebou is, is hy onsigbaar.

Daar is twee ingange vir motors, en twee vir voetgangers. Sou hulle weet daar is gevaar, sal hulle die President bes moontlik inneem by die groot staal-motorhek agter, op die Avenue Robert Schuman. Die probleem daar is die hoë muur – hy sal baie hoog moet sit om 'n skoot te kry wanneer die President uit die motor klim. En die geboue om die ambassade is almal woonstelle of kantore met geslote deure en klokkies of toegangskodes. Boonop sal die ambassade se CCTV-kameras hom kan sien as hy by enige van daardie deure

probeer ingaan.

Dit gaan nie werk nie.

Vrydag by Versailles is onmoontlik; Saterdag by die ambassade is van die baan.

Sondag is al wat oorbly, maar hy weet steeds nie waar die President dan gaan wees nie.

50

Hy koop brood en kaas by die supermark op die Rue de Seine, eet dan in sy kamer terwyl hy bestekopname doen.

Hy moet in Amsterdam kom op ’n manier wat hom in staat sal stel om ’n skerpskutgeweer terug na Parys te vervoer. Hy kan nie openbare vervoer gebruik nie. ’n Gehuurde motor plaas hom in die stelsel, waar die Russe hom kan kry. Hy kan een van die vals paspoorte gebruik, maar hy het nie ’n kredietkaart nie. Kontant by Avis of Hertz sal aandag trek, ’n anomalie, en hulle sal deur die stelsels soek na sulke afwykings, vermoed hy. En hy wens hy het meer van digitale spioenasie geweet.

Dalk is hy oorversigtig, maar die dood van Olivier Chérain, en hoe vinnig hulle hom wat Daniel is in La Rochelle kon plaas, is kommerwekkend. Baie. Boonop: Ná Lonnie se dood, kan hy die paspoorte vertrou? Kan hy énigiets vertrou?

Hy gaan soek vir ’n voertuig op autoscout24.fr. Hy kyk eers na die Volvo’s, want net onskadelike mense ry Volvo’s – goeie, veiligheidsbewuste, wetsgehoorsame mense. Die tweedehandse Volvo’s is egter te duur na sy sin. Hy besluit eindelik op ’n Peugeot 3008, ’n 2010-model, vir seweduisend-vyfhonderd euro. Grys, onopvallend. ’n Middelklaskar, gesinsmotor met ’n luikrug en baie pakplek, aangebied deur ’n privaat verkoper in Montreuil. Veertig minute van sy hotel af met die moltrein. Al meer as ’n maand op die webwerf te koop. Honderd-twee-en-vyftigduisend kilometer op die klok. Die eienaar sal al gretig wees om min of meer sy prys te kry, dankbaar om die transaksie te beklink.

Hy dink mooi oor die storie wat hy sal aanbied, skakel dan die nommer van die hotel se foon af. Die eienaar is ’n man, teenoor wie Daniel sy Afrika-aksent laat deurslaan; hy gebruik die naam op die Namibiese paspoort toe hy homself voorstel. Hy vra of die motor nog beskikbaar is.

Die man bevestig dat dit is.

Daniel vra of hy die volgende dag kan kom kyk. Die eienaar sê eers die aand, want hy is nie bedags beskikbaar nie.

Dis laat en sal beteken Daniel moet nog ’n nag in Parys slaap, eers Woensdag wegkom Amsterdam toe. “Ai,” sê hy. “Dis jammer … Ek kan net

vanaand of môreoggend …”

“Kan jy nóú kom?” vra die man.

* * *

Hy trek netjies aan, neem die kontant saam.

Om halfagt klop hy aan die deur van die eenvoudige huis in die Rue du Plateau. ’n Swart seun maak oop, dalk nege jaar oud. Hy herinner vir Daniel Darret aan Pakamile; hy voel die drukking hier op sy hart.

Die kind sê hy moet inkom, lei hom na ’n kombuis-eetkamer waar die gesin sit en eet. Pa en ma en drie seuns. Daar is warmte. Gemoedelikheid. Die man staan op, stel hom trots voor aan sy gesin, nooi hom om te sit. Daniel is onwillig, voel die emosie, die verlange na só ’n lewe. Die vrou vra of sy vir hom iets kan inskep. Hy sê nee, dankie, hy het klaar geëet.

Hulle vra hom uit, sodat hy verplig is om sy storie te gebruik. Hy is van Namibië, ’n motorfiets-werktuigkundige. Hy en ’n paar vriende wil ’n maand lank deur Europa toer, daarom het hulle ’n motor nodig. Die vriende kom môre aan.

Die man sê hul voorsate is van Dahomey. Soos dit destyds genoem is. Benin, sê die seun wat vir hom die deur oopgemaak het.

Hulle wil by hom weet van Namibië, die leefwyse, die politiek. “Vertel vir die kinders hoe dit in Afrika is. Hulle was nog nooit daar nie.” Daniel praat, sy heimwee vir suidelike Afrika opreg, en dan vra hy uit oor die gesin, wat hulle doen, hoe oud die kinders is. Hy wens die ete kan klaarkry sodat hy die motor kan koop, kan wegkom. Van hierdie lieflike gesin. Van sy leuens en van wat hy moet gaan doen, en van wie hy wil wees.

* * *

Dinsdagoggend, 29 Augustus. Daar is e-pos van Vula toe hy net ná sewe sy selfoon gebruik.

From: vula@protonmail.com
Subject: Restaurant recommendation
To: inhlanhla@protonmail.com

Dear Dr Inhlanhla

Should you find yourself in Paris on Saturday night and in need of interesting conversation, I can highly recommend the Brasserie Lipp at 151, Boulevard Saint-Germain. It is a popular gathering place of diplomats and their chauffeurs, the latter group always highly informative with regards to social opportunities in that great city.

Of course we hope that you won't be in need of such social interaction at that time.

As always, you are most welcome to share your progress with us via email in the days ahead.

Good luck and very best wishes,

Vula

Hy skryf terug:

From: inhlanhla@protonmail.com

Subject: Re: Restaurant recommendation

To: vula@protonmail.com

Dear Vula

Thank you very much for the kind recommendation. I shall certainly entertain the possibility.

I'll be en route to Amsterdam today, to pursue business opportunities there tomorrow.

Yours faithfully,

Dr Inhlanhla

Terwyl hy in die hotel ontbyt eet, lees hy op die *Sud Ouest*-koerant se webwerf. Daar is 'n beriggie oor die dood van Olivier Chérain. Die owerhede het bekendgemaak dat die ontploffing op *L'Ange Fou* veroorsaak is deur 'n gasstooflekkasie. Geen misdaad word vermoed nie.

Kon dit 'n ongeluk gewees het? Chérain wat in sy dronkenskap 'n gasplaat aangelos het? Was hy verniet so vreeslik paranoïes, te optimisties oor die Russe se vermoëns?

Dis baie moontlik. En dan dink Daniel aan die klein tweeplaat-gasstofie langs die wasbak in die boot se kombuisie. Die pothouer-stafies van die plate was bespikkel met roes. Dit het gelyk of dit maande laas gebruik is. Chérain het sy etes in vloeistofvorm verkies.

Of het hy wakker geword met 'n verskriklike babelas en besluit om koffie te

maak, die gasstoof toe aangelos?

Hy eet klaar, boek dan uit en stap na waar die Peugeot staan, vier blokke weg van die hotel. Dis die enigste plek waar hy gisteraand parkering kon kry, ná ’n halfuur se soek. Die kar is in ’n goeie toestand, al ruik dit vaagweg na sigaretrook.

Hy ry met klein plaaslike paaie, noord-noordoos. Hy vermy Lille en Brussel en Antwerpen, op pad na Amsterdam. Sy oë is op die truspieël. Hy wonder of daar weer ’n dag sal kom dat hy nie agter hom hoef te kyk nie.

Deel IV

51

Dinsdag, 29 Augustus. Bennie Griessel. Woodstock.

Speurder-kaptein Bennie Griessel van die Valke in die Kaap staan op die verhoog van die MOTH-saal in Woodstock met ’n baskitaar om sy nek en hy sê: “‘Cry to Me’.”

“‘Cry to Me’?” vra Vince Fortuin, die hoofkitaarspeler, in ’n stemtoon wat sê dat Griessel nie ernstig kan wees nie. “Daai ou sad Staccatos song?”

“Ja,” sê Griessel geduldig. “Dis dieselfde song, maar ons cover die oorspronklike. Die Solomon Burke recording. Dis blues. Dis baie lekkerder.”

“Ek ken dit nie,” sê Vince, nie oortuig nie.

“Voor jou tyd,” sê Griessel. “Nineteen sixty-two.”

“Ek ken die Rolling Stones se cover,” sê Vince, volgens Griessel die een met die meeste talent in die groep. Hy het ’n voorliefde vir moulose T-hemde en daar is ’n anker-tatoeëermerk op sy seningrige skouer. Sy klein ogies trek op dun plesierskrefies as die vierstuk-orkes die slag ordentlik aan die gang kom. ’n Platjie; hy’s die een wat per geleentheid gesê het: “I suffer from syncopation; uneven movements from bar to bar …” Bedags is hy ’n loodgieter.

Hulle repeteer in die MOTH-saal, Dinsdae en Woensdae in die week voor ’n optrede. Hulle noem hulself Roes, die naam gekies omdat hulle vier middeljarige, middelklas-voorstedelike ouens is vir wie dit destyds vyf maande geneem het om hul gesamentlike, aansienlike roes af te skud. Stadigaan het hulle ’n repertoire van ou treffers begin opbou, in die hoop om by troues en partytjies op te tree.

Die komende Vrydagaand speel hulle op ’n troudagherdenkingspartytjie by D’Aria in Durbanville. Die iets-in-die-sestigs egpaar het gevra vir “al die ou classics”. Nou soek hulle na ’n paar ekstra liedjies om hul speellys mee uit te brei. Hulle het Creedence Clearwater Revival se “Bad Moon Rising” oorweeg, maar Vince het gesê jy sing nie só ’n bad omen song op ’n anniversary nie. Toe kry hulle Booker T. & The MG’s se “Time is Tight” onder die knie, en oefen “Ma Belle Amie” van Tee-Set. Die swaar besnorde ritmekitaarspeler, Jakes Jacobs, wat gewoonlik die meeste singwerk doen, se uitspraak van die snarse Franse lirieke het spitsvondige kommentaar ontlok. Jakes het ’n

sweisonderneming in Voortrekkerweg, Parow.

"Die Stones het daai song in 'n ballade verander," sê Griessel. "Net soos die Staccatos. Ek hou nie daarvan nie."

"Hoe klink die nineteen sixty-two version, oupa Ben?" vra die trommer, Japie Blom. Sy lang grys hare hang teen sy rug af in 'n netjiese dik vlegsel wat vasgemaak word wanneer hulle optree. Hy het permanent 'n sigaret tussen die lippe. Hy werk as groente-agent by die Kaapse Mark, van soggens vieruur af. Hy rook so baie om, volgens hom, bedags wakker te kan bly.

"Sixteen bar rhythm and blues, so met 'n soul groove," sê Griessel. "Die chords is one-four-five." Hy draai sy baskitaar se volume 'n bietjie harder, lê die fondament in die sleutel van E: Boem, boem, boem, en tik die volgende twee maatslae met 'n vingerpunt op die kitaar se snaarsaal, tip, tip, en dan herhaal hy dit. Boem, boem, boem; tip tip. En weer.

Japie volg hom eers op die bastrom, sit 'n bietjie keteltrom by. Jakes se ritmekitaar kom in met die tweede herhaling van die sestienmaat-blues, en hy sê: "Bennie, ek kan nie die lyrics onthou nie."

Griessel knik en staan nader aan sy eie mikrofoon, wat gewoonlik net vir sy nou-en-dan-harmonie bedoel is. Sy regtervoet hou ritme, sy linkerskouer maak klein kontrapunt-bewegings, hy sluit sy oë, wag dat die maat moet kom, en dan trek hy los, sy stem 'n bietjie hees en 'n bietjie dun:

When your baby leaves you all alone
And nobody calls you on the phone
Don't you feel like crying?
Don't you feel like crying?
Well, here I am, my honey
C'mon, cry to me

Vince Fortuin, wat staan en luister het, se frons word stelselmatig weggestryk, en aan die einde van die eerste strofe doen hy wat Japie later 'n "shit-hot turnaround" sal noem, sy vingers wat dans, die note wat dartel en vlieg ter inleiding van die koor.

En dan gebeur daar iets. Nie vir die eerste keer nie. Roes het soms hul oomblikke. Soos die dag toe Alexa Barnard 'n impromptu-weergawe van Ma Rainey se "See See Rider" saam met hulle gesing het, sommer vir die lekker. Of die aand by 'n huweliksonthaal op 'n wynplaas naby Wellington, toe Vince Fortuin die kitaarinleiding van The Hollies se "Long Cool Woman in a Black Dress" ongeoefen en uit die bloute gegooi het. Suiwer stuitigheid, en die

bruilofgangers, darem al effe gekoring, jil en skree. En Japie Blom en Griessel, geïnspireer deur dié reaksie, val perfek in. En Jakes se stem klink op ’n druppel water na die oorspronklike Allan Clarke s’n, en toe kook hulle, en die mense het nog ’n oomblik lank gestaan en juig in verwondering oor wat skielik met die middelmatige orkes gebeur het, en toe stroom die hele lot dansbaan toe, en Roes speel daardie liedjie nege minute lank. Vince gooi ’n solo en Bennie doen ’n riff en Japie spog met sy tromvaardighede, tot die sweet hulle aftap en al vier van oor tot oor glimlag.

Maar hier in die MOTH-saal met “Cry to Me” is dit nie ’n gehoor-ding nie, dis ’n musikant-ding, ’n Vince-se-shit-hot-turnaround-ding, ’n kan-jy-fokken-glo-Bennie-kan-so-bietjie-sing-ding, en ’n nostalgie-ding, wanneer alles net werk en hulle die krane oopdraai en die duiwels loslaat, en wanneer Vince se laaste noot wegsterf, en Griessel staan nog ’n oomblik lank daar in die perfekte stilte met sy toe oë en sy diepe lekkerkry, weg van al die misdaad-onheil van sy beroep, weg van homself.

Toe lui sy selfoon.

Hy is onwillig om te antwoord, wil nie dié magiese oomblik prysgee nie, hy wil nou net nóg musiek maak.

Hy haal die foon uit sy sak.

Dis Mbali Kaleni.

“Colonel?” antwoord hy terwyl die res van die orkes na hom staan en kyk. Hulle weet wat kom.

“Bennie,” sê sy, “I need you. *Now*.” Hy hoor die erns in haar stem, die dringendheid.

“Yes, colonel.”

“I’m going to text you the address. It is in Observatory. Please hurry.”

* * *

Vaughn Cupido sit by ’n tafel buite op die sypaadjie by De Vrije Burger op Stellenbosch. Saam met die lieflike Desiree Coetzee en haar seun, Donovan. Hulle eet burgers. Cupido het nie skyfies gevat nie. Hy wil nie hê Desiree moet weet hy is op ’n dieet nie, toe sê hy maar hy is nie so vreeslik honger nie. Maar sy mond water nou vir die brosgebraaide tjips wat voor die kind staan en stoom.

“Mommy moet die Audi RS 3 koop,” sê Donovan, “daai ding is wild.”

Want Desiree moet ’n nuwe motor aanskaf en sy kan nie ’n finale besluit maak nie. “Ek wil werk toe ry, lovey,” sê sy, “nie resies jaag nie.”

“Daai Audi dudes het gekroek met hulle diesel emissions,” sê Cupido. “Not ayoba.”

Die kind ignoreer hom. “Please, Mommy, net nie die Nissan nie.”

“Wat’s verkeerd met ’n Nissan?”

“Boring. Baie boring. Dan ry Mommy alleen, ek ry nie saam nie.”

“Jy worry net oor jou image as ek jou by die skool gaan drop. Ek worry oor my bank account.”

Cupido dink hoe hy aan dié gesprek kan deelneem, want hy probeer hard om ’n band met die seun te smee. Hy onthou ’n ding wat hy onlangs gelees het.

“Ken jy ’n Tesla?” vra hy vir Donovan.

“Of course,” knik Donovan met die alwetendheid van ’n twaalfjarige. “Cool kar.”

“Damn straight. Da’s meer technology in daai kar as in die meeste aeroplanes van tien jaar terug. Ek lees nou die dag, met daai kar kry jy so ’n app op jou phone, jy sit so in die restaurant en dan sê jy vir die kar: Maak die interior ’n bietjie warm, of koud, ek kom. As jy vergeet waar die kar is, dan sê daai app vir jou waar jy hom gepark het. As jy so in die restaurant sit en jy wil vir jou pellie in die Athlone in gaan kuier, dan tap jy net die address in die app, en as jy by die kar kom, dan navigate hy al. Cool, nè?”

“My juffrou sê ‘app’ is nie Afrikaans nie,” sê Donovan.

“Who cares? Da’s anyway nie ’n Afrikaanse woord vir ‘app’ nie,” sê Cupido.

“Dis nie wat daai juffrou sê nie. Sy leer ons dis ’n ‘toep’.”

“’n Toep?”

“Ja, uncle. Dis short vir ‘toepassing’.”

“Toep?”

“Ja, uncle.”

“Toep. I ask you.”

“Dis wat sý sê.”

“Daai gaan nie vat nie. Nobody in his right mind is going to call it a ‘toep’. Sê jy ma’ vir jou juffrou.”

Die kind knik ewe instemmend. “So, gaan uncle ’n Tesla koop?”

“Nee, hy’s te duur vir ’n poliesman.”

“Brantley sê uncle het baie geld.”

“Ek?”

“Ja, hy sê uncle is gecapture. Al die Hawks is gecapture, hulle het báie geld.”

“Donnie, moet nou nie sit en nonsens praat nie. Eet jou chips voor hulle koud word,” sê Desiree.

“Dissie ék wat dit sê nie, dis Brantley.”

Vaughn Cupido kners op sy tande. “Ons is niks gecapture nie,” sê hy. “Ons

is die Serious en Violent Crimes Unit. Niémand kan ons capture nie."

"Nie eens die State President nie?"

"Nie eens …"

Dan lui kaptein Cupido se selfoon op die tafel. Hy sien dis luitenant-kolonel Mbali Kaleni.

52

Halfnege die aand ry Griessel af in die engte van Nuttallstraat in Observatory. In die geel ligte van die lamppale sien hy net Kaleni se wit Valke-BMW wat voor ’n blou Toyota Yaris geparkeer is op die smal sypaadjie. Dit is vir hom vreemd, dié afwesigheid van ander polisie- of noodvoertuie. Hy hou stil voor die ou sinkplaatdakhuis met die wit muurtjie en ’n groot suurlemoenboom in die tuin.

Mbali Kaleni klim aan die passasierskant uit die Yaris, kom na hom toe aangestap. Haar gesig is strak. Sy het nog haar volledige PPE-pakkie aan, die amptelike, voorgeskrewe persoonlike beskermingstoerusting wat skoenoortreksels, oorpak, haarkappie en handskoene insluit, alles in ligblou. Net haar neusmasker is afgeskuif na haar nek toe. Daar is ’n ander vrou agter die Toyota se stuur, onherkenbaar in die donker.

“Thanks for coming, Bennie,” sê Kaleni. Haar stem is vreemd, sonder die gewone infleksie. “Please bring your murder bag.”

Hy knik, gaan haal die tas uit die kattebak van sy kar. Sy wag vir hom by die hekkie, maak dit oop, en hulle loop voordeur toe. Hy is steeds effens uit die veld geslaan oor die gebrek aan plaaslike stasiespeurders en uniforms.

“The woman in the car is Thandi Dikela,” sê Kaleni. “She has been my friend for more than fifteen years. The man inside is her father, Menzi. He was a great man, he was …”

Sy hou op met praat en Griessel kyk na haar. Hulle staan in die skadu van die suurlemoenboom wat die straatligte afkeer en dit neem hom ’n oomblik om te besef trane loop oor haar wange. Hy kan nie onthou dat hy haar al sien huil het nie. Hy weet nie wat hom te doen staan nie – hy wil sy hand uitsteek om haar te troos, maar dit is sy bevelvoerende offisier.

“I’m sorry, colonel,” sê hy.

Sy skud haar kop, asof sy van die emosie ontslae wil raak. Ná ’n oomblik sê sy: “Thandi called me. Three hours ago. She came here to check on him, because he said things that made her very worried about his safety. He’s seventy-four. She called him this afternoon and he did not answer. Five times, he did not answer.” Haar stem breek, haar skouers val, sy snik. Griessel kan dit nie hou nie, hy sit die moordtas neer en vat die kolonel om haar skouers. Sy

staan gedwee terwyl hy haar vashou.

Die snikke ruk deur haar. “I’m so sorry,” sê hy. Dit is al woorde wat hy nou het. Hy moes nog nooit ’n bevelvoerder vertroostend druk nie.

Dit neem haar ’n rukkie om te bedaar, dan staan sy terug en begin haar trane met haar hand afvee. “Thank you, Bennie,” sê sy selfbewus, trek haarself regop. “When he did not answer, she came here. The front door was closed, but not locked. When she went inside … It looks like he shot himself, Bennie.” Sy haal diep asem om beheer te kry. “She says that is all wrong. She says he told her on Saturday that if something happens to him, she should call me. Thandi was very upset, she asked him what could happen, what was going on? He said no, he wasn’t serious, he’s just an old man with bad jokes, she should not worry. But she did. She called him a few times on Sunday, and yesterday too, and he just laughed, said she should forget what he said, he was fine. And then, today … She works in Nyanga, she is a city planner with the People’s Housing Process, and she was very busy, so she only started calling in the afternoon. He did not answer … And then she came … He was a solid, happy man, Bennie, he was never depressed. She says this is all wrong. She says someone came and killed him. And they wrote that suicide note, that is not her father’s handwriting, because she knows it very well. That was someone trying to make it *look* like her father’s writing …”

Sy maak ’n klein, hulpelose gebaar, asof sy wens alles was nie só nie. Sy sê: “Vaughn is coming too. I need you both. I need you to be very, very careful with this. I need you to treat this as a crime scene. Just … be very thorough, Bennie. I can’t do it, I am too close, too subjective and too upset. I will wait with Thandi in the car. Please, don’t call anybody yet. Just be very thorough. Tell me if this was suicide, Bennie.”

Griessel knik.

“He’s in the kitchen.”

* * *

Griessel is van kop tot tone in volle PPE-uitrusting, die Canon Powershot-kamera in sy sak, die klein LED-flits in sy hand. Hy skakel die flits aan, bestudeer die voordeur. Daar is geen teken van skade aan die slot of grendel nie.

Hy maak die deur oop.

Dit is donker binne, net ’n sagte baan van lig val deur een voorvenster, tussen twee gordyne deur. Hy sien die vorms van stoele en ’n bank, ’n

koffietafel, belig elkeen met die flits.

Niks anders nie.

Hy kry die ligskakelaar teen die muur, druk dit aan. Skakel die flits af.

Langs die skakelaar is daar ’n alarmstelsel se klein beheerpaneel. Griessel sien die bewegingsensor in die hoek van die vertrek.

Die sitkamer se meubels is netjies dog nie luuks nie. Wynrooi-en-blou Oosterse tapyt op die vloer. Platskerm-TV op ’n kas teen die muur, DStv-dekodeerder daaronder. Hy loop vorentoe, tot net binne die voordeur, maak dit agter hom toe. Nou is die vertrek – die hele huis – onheilspellend stil. Hy staan ’n oomblik en oordink die situasie. Mbali Kaleni, wat nooit haar emosies wys nie, dinge altyd presies volgens die boek doen. En die boek sê jy meld dit aan by die plaaslike SAPD-stasie. Maak nie saak hoe verdag ’n selfmoord lyk nie. En veral as jy die slagoffer persoonlik ken. Dan bel jy die SB in wie se gebied dit gebeur het en jy laat sy uniforms kom om die gebied af te sper en verkeer te beheer, en sy speurders om te kom kyk, en Forensies, en ’n patoloog, en ’n ambulans vir die liggaam. Dis wat die boek sê. Dis wat Mbali altyd sê.

Maar nie ’n week gelede met die Johnson-saak nie, en ook nie vanaand nie.

Hier is iets eienaardig aan die gang. En die spookagtige atmosfeer in die huis help nie. Dis asof die onheil hier talm, asof daar ’n tragedie plaasgevind het. Of nog gaan gebeur.

Hy probeer die gevoel afskud. Hy vertrou Mbali Kaleni ten volle. As sy die boek ignoreer, dan doen hy dit ook.

Hy sukkel om die kamera uit sy sak te haal, want die PPE-oorpak maak dit moeilik. Hy neem ’n paar foto’s om die hele vertrek te dek.

The front door was closed, but not locked.

Just be very thorough. Tell me if this was suicide, Bennie.

Hy doen wat hy altyd doen – probeer dit wat gebeur het in sy geestesoog sien, probeer hom in die misdaadsituasie plaas.

As die voordeur nie gesluit was nie, as dit nie selfmoord was nie, het die moontlike moordenaar by dié deur ingekom en weer uitgegaan? Geklop, gewag dat Menzi Dikela moet oopmaak? Of ingestorm?

Geen ooglopende tekens van geweld nie.

Sy oë volg die logiese roete van hier na die gang daaragter. Daar is ’n meter se vaalgeel houtvloer sigbaar, tussen die vloerlyste en waar die tapyt lê. Hy sien ’n kol, soos ’n vae voetspoor, iets wat lyk na donker korrels sand. Dit lê net langs die soom van die mat, waar iemand wat van die voordeur af ingaan, sou getrap het. Hy sak op sy hurke, klik die flits weer aan, skyn dit daarop. ’n Sprinkeling van grysblou grondkorrels. Dit is die tekstuur en kleurkontras wat dit opvallend maak, ongewoon, en dis growwer as sand.

Hy neem ’n foto daarvan, haal sy selfoon uit sy sak, bel vir Mbali Kaleni.

Sy antwoord dadelik. “What is it, Bennie?”

“Colonel, did your friend enter the living room?”

“Yes. She went in through the front door.”

“We need to bag her shoes.”

“Okay.”

“Did she turn off the alarm?”

“She says it was off when she went in.”

“Thank you.” Hy lui af, kom orent.

Hy loop versigtig teen die linkermuur af, vermy die direkte roete na die gang daaragter. Hy skuif een van die stoele effens, sien die holtes wat die pote op die tapyt gemaak het van jare se staan op een plek. Hy skuif dit weer terug. Hy kyk na al die ander meubelstukke en die mat naby hul pote. Hy sien geen sigbare bewyse dat enige van hulle geskuif het nie. Hier is geen teken van ’n struweling nie.

In die kort gang kry hy nog ’n ligskakelaar, druk dit aan. Buk weer af, skyn die wit lig van die flits op die vloer.

Niks.

Die kombuis is deur die eerste deur links.

Hy kyk in.

Die ou man sit daar, vooroor, sy kop raak aan die kombuistafel. Die inskietwond is aan die regterslaap, klein en geswel. Die uitskietwond is gapend groot, die helfte daarvan sigbaar waar sy linkerslaap teen die tafelblad rus, in die relatief klein poel donker bloed. Voor hom, na regs, lê ’n enkele vel papier en ’n balpuntpen. Die papier lyk of dit uit ’n notablok geskeur is. Daar is twee kort reëls op geskryf.

Menzi Dikela se regterhand hang langs die stoel af, pistool steeds daarin vasgeklem. Hy sit agter die tafel en sou na die gangdeur toe gekyk het voor die skoot.

Dit is die oomblik wat Griessel haat, hierdie eerste aanskou van die slagoffer, hierdie waarneming van die dood. Sy verdomde kop wat dit wil herkonstrueer, wat hom laat verbeel dit is hý wat daardie verskriklike oomblik ervaar het. Hy wat die wapen stadig lig, sy hart wild kloppend, die loop koel teen sy slaap, die sneller stadig en doelbewus getrek. Die koeël wat deur vel en been en weefsels skeur, die knal en die oergil sleur hom die donkerte in. Sy sielkundige het hom raad gegee, tegnieke om dit te beveg, maar hy sukkel steeds daarmee. Hy wens Cupido was hier. Vaughn verstaan, Vaughn sal met hom praat, die hele tyd, sy aandag met sinnelose geselsies net duskant sy verbeelding se grafiese voorstelling hou. Maar nou is hy alleen in die stilte. Hy lig die kamera, neem meganies foto’s. Daar is ’n paar goed wat hom pla oor dié toneel. En dan lui Griessel se selfoon skril hier in sy sak, vibrerend, sodat hy

ruk van die skrik. Hy sê “Jissis,” so hard dat hy vir die dooie man by die tafel om verskoning wil vra vir sy gebrek aan ootmoed.

* * *

“Partner, ek is by die voordeur,” sê Cupido oor die foon.

Hy is baie verlig dat sy kollega hier is. “Okay. Ek is in die kombuis, by die slagoffer,” sê hy. “Mbali het my reguit ingestuur. Kan jy eers buite kyk of daar enige geforseerde deure of vensters is? Die voordeur wys niks.”

“Check.”

“Net binne die voordeur is dalk ’n voetspoor. Loop links, teen die muur af. Die kombuis is die eerste deur uit die gang uit.”

“Check. Sien jou nou.”

Griessel staan steeds net buite die kombuis. Hy bêre eers die kamera, tree versigtig na binne. Die teëlvloer was dalk eens wit, maar dis nou ’n byna kleurlose beige. Die tafel is van dennehout, die vier stoele ook. Drie van die stoele is onder die tafel ingeskuif, die oorledene sit op die vierde. Hy het ’n wit langmouhemp en ’n dik blou woltrui aan, ’n donkerblou denim, gemaklike swart skoene. Behalwe die bloed, Menzi Dikela se stukkende grys kop, die pen en die vel papier, is daar niks anders op die blad nie.

Agter die oorledene is ’n kombuisvenster – die gordyne dig – en in die hoek ’n agterdeur. Klein halfringhakies waaraan ’n klompie sleutels hang is in die deur gedraai. Onder die venster is ’n dubbelwasbak met ’n skottelgoed-droograk langsaan. Teen die ander drie mure is hout-kombuiskaste, al die deure en laaie netjies toe. Werksoppervlakke met ’n ketel, ’n broodrooster, ’n broodblik daarop. Skoon, georden.

Griessel buk af, bestudeer die vloer. Onder die tafel is ’n klein poel donker, droë bloed, langs die stoel waar Dikela sit. Dit is reg onder die kant van die tafel, waar dit van bo af uit sy kopwond gedrup het. Twintig sentimeter voor Dikela se swart skoene is iets sigbaar op die vaal vloer. Griessel skuif nader, skakel weer die flits aan, belig dit. ’n Klein groepering van grysblou grondkorrels. Dieselfde tekstuur en kleur as daar binne by die voordeur. Dit kan van Dikela se skoene af kom, hoewel daar niks by sy voete is nie. Hy sal dit moet merk, en die skoene ook in ’n bewyssak kry.

Hy loop versigtig om die tafel, maak seker daar is niks waarin of -op hy kan trap nie.

Die wasbak is leeg, die droograk ook.

Hy lees die twee sinne wat in ’n onnet, haastige handskrif op die papier

geskryf is: *I am sorry*. *I have failed my country.*

Hy meet die trajek van die skoot met die oog, kry die koeël waar dit links van die liggaam in ’n kombuiskas vasgeslaan het. Dit is erg vervorm, onmoontlik om te sê of die kaliber by die pistool in Menzi Dikela se hand pas.

Dan gaan sit hy op sy knieë om die wapen in die oorledene se hand te bestudeer, asook die fyn bloedspatsels op die vel, die mou van die hemp en trui.

Hy hoor die voordeur wat toegaan, dan Cupido se stem: “Honey, I’m home.”

53

Hulle het deur die jare al soveel selfmoordslagoffers gesien – as jong konstabels eerste op die toneel, as junior speurders wat dié neerdrukkende en onaangename roetinesake moes gaan ondersoek, omdat seniors nie die sleurwerk daarvan wou hê nie.

Cupido en Griessel weet in omtrent tagtig persent van voorvalle waar mense hulself geskiet het, is die geslag van die oorledene manlik. En is ’n handwapen gebruik. Meestal met ’n skoot in die regterslaap. Feitlik altyd binnenshuis. Die trajek van die koeël is gewoonlik effens opwaarts. En in meer as driekwart van dié gevalle is daar ’n duidelik sigbare, stervormige kontakwond.

Wanneer daar soms ’n selfmoordbrief gelaat is, is dit altyd met die hand geskryf.

Hulle sien dit alles in Menzi Dikela se kombuis. Meer as genoeg redes om te glo daar was nie misdaad betrokke nie. Boonop kon Cupido geen teken van oopgeforseerde deure of vensters kry nie.

En tog voel iets nie reg nie.

Cupido verwoord dit eerste. “Benna, something is just a little bit off,” sê hy. “Dis die way hoe hy daar sit.” Want gewoonlik val die liggaam in die rigting van die skoot. Grond toe, nie vorentoe nie.

“Die pistool wat nog só in sy hand is,” sê Griessel. “Ek het dit nog net een keer gesien. By ’n ou wat op ’n bed gelê het.”

“Die suicide note,” sê Cupido. “Even if it was his handwriting, dis nie exactly typical nie.”

Griessel knik instemmend. Die meeste selfmoordnotas is aan iemand spesifiek gerig, met verwyt geskryf. Of haat.

“Hierdie … Dit lyk vir my net so ’n klein bietjie gestage, Benna. Dit lyk soos iemand wat ’n movie oor ’n suicide scene gesien het, toe arrange hy dit nét so.”

Hulle staan albei terug van die tafel af, probeer identifiseer wat presies dit is wat hulle pla.

Cupido vryf nadenkend agter in sy nek. “Of is ons nou gebrainwash deur die dogter se insistence dat dit moord is?”

“Miskien,” sê Griessel.

“Wat mis ons?”

Hulle staan langs mekaar, bestudeer alles noukeurig, bewus van die vroue daar buite, al twee in afwagting, ontsteld, angstig. Griessel en Cupido is bewus van hul stille verantwoordelikheid om spoedig tot die regte slotsom te kom.

Hulle loop om die tafel. Doodse stilte in die huis, net die geskuifel van hul materiaal-skoenbedekkers op die teëlvloer.

Dan sê Cupido: "Wait a minute …" Hy gaan hurk eers by die koeël wat in die kasdeur vassit, volg die moontlike trajek met sy oë. Hy loop agter die liggaam verby, buk by die pistool wat halfpad tussen die tafelblad en die vloer in Dikela se hand vasgeklem is, bekyk dit van naby: "Dis 'n Z88, right?"

"Jip," sê Griessel. Dieselfde een wat hy aan sy gordel dra. Die Z88 was standaardtoerusting in die weermag en die SAPD se amptelike voorkeurhandwapen tot 2007. Heelparty van die ouer lede gebruik dit nog. Cupido het syne 'n jaar of wat gelede vir die Glock 17 verruil.

Cupido staan regop, vryf weer met sy hand agter sy nek. "Nou waar's die doppie, Benna?"

"Shit," sê Griessel. "Jy's reg."

"Hy't die gun só gehou, die doppie sou vorentoe gespring het. Diékant toe. Op die vloer, maybe op die counter top, hier by die ketel rond. Maybe, met 'n baie weird bounce, in die passage af …"

Hulle ondersoek eers weer die hele kombuis se vloer en kasoppervlakke sorgvuldig, flits in die hand, om doodseker te maak. Dan sê Griessel: "Wag, dit kan wees dat sy dit opgetel het …"

Hy bel weer vir Kaleni. "Colonel," vra hy toe sy angstig antwoord, "did you remove anything from the scene?"

"No. Absolutely not."

"Could you ask your friend if *she* did?"

"What is missing, captain?"

"The shell casing, from the pistol."

"Hold on …"

Hy hoor hoe sy in Xhosa met Thandi praat. Dan sê Mbali vir hom: "She says she did not touch anything whatsoever, except for the front door handle."

"Thank you, colonel." Hy lui af.

"Hulle weet niks van 'n doppie nie," sê hy vir Cupido.

"Maybe het hulle dit nie gesien nie, en in die gang in geskop …"

"Okay."

Die twee speurders brei die soektog uit na die gang. Hulle vind dit nie. Daarna die twee slaapkamers, die badkamer, en dan 'n vertrek wat klaarblyklik as 'n studeerkamer of kantoor gebruik is. Elke deur was immers oop, al is hulle baie skepties dat die doppie só ver kon gerol het.

Amper vyftien minute lank kyk hulle oral, onder die beddens, die lessenaar,

die badkamer se twee matjies.

Dan gaan hulle uit om vir Mbali Kaleni te sê.

* * *

Hulle sit in die kolonel se motor, want Thandi Dikela moes haar skoene uittrek sodat dit in ’n bewyssak geplaas kan word. Dis te koud dat sy op die beton van die sypaadjie in ’n paar kouse kan staan.

Thandi is nou in die passasiersitplek voor, Mbali Kaleni langs haar, Griessel en Cupido agter. Sy is ’n stewige vrou, die bos lang, dun Afrika-vlegsels is ’n kaskade in die straatlamp se lig wanneer sy kopskuddend heftig raak. Dan plaas Mbali elke keer ’n hand sag op haar knie om te troos. Sy draai na haar regterkant, sodat sy minstens vir Griessel kan sien.

“On Saturday my father was upset. I could hear he was …” Sy praat met ’n Britse aksent.

“This was when you called him on the phone?” vra Griessel.

“Yes …”

“You called him every day?”

“No, I … I called once a week, maybe … I … He was living an active life, he had many friends, he was healthy, he was busy. There was no need to call that often …”

“Why did you call on Saturday?” vra Cupido.

“Just to talk …”

“And before Saturday? When was the last time you spoke to him?”

“I think … Maybe the previous Sunday …”

“So you only called him about once a week?”

Haar stem slaan deur. “Why is that important? Why are you asking me that?”

Mbali Kaleni hou haar hand in die lug om die ondervraging te onderbreek. “Thandi,” sê sy, “they have to ask you about everything, because we have to make a very big decision here. We have to be very sure that this was a murder …”

“It *is* a murder. They killed him. I just know it …”

“I believe you. But there is very little evidence. All we have is the missing shell casing. And my detectives say it might still turn up if it was caught in his clothing somewhere, and they can’t see it without moving the body …”

“He did not write that letter.”

Mbali Kaleni se stem bly sag en geduldig. “I believe you about that as well. But you also said that it *does* look a little like his handwriting …”

“It is fake. I’m absolutely sure. And why did he say that if something were to happen to him …”

“I need you to understand what our choices are right now. The first one is, I do what is expected of me. I call the Mowbray station commander, he sends his people, and they do the investigation. They will listen to you, and they will maybe ask a handwriting expert to look at the letter, if they believe you. But you are a family member, you are deeply emotional, and you said your father was upset on Saturday. So, they will be very sceptical …”

“How could they be sceptic? I won’t lie about … He was not upset in that way …”

Mbali maak haar stil met ’n hand op die arm. “Just listen.”

“Okay.”

“If you are right about the enemies of your father, there will be very …”

“What enemies?” vra Cupido.

“Keep quiet,” sê Mbali Kaleni, “and let me finish.”

“Right,” sê Cupido. “Sorry.”

“The enemies of your father are very powerful. We know that from experience. They forced us to stop another so-called suicide investigation just a short while ago. It will be very easy for them to get the Mowbray station to declare this a suicide, and close the case. Do you understand?”

“Yes.”

“That is why we don’t want to involve them anytime soon. So, the other choice we have is to get the very best people in, right now. The rest of my team, and forensics and a videographer, and we hit the case as hard as we can, before anybody can interfere. If we can prove that you are right, if we have a very strong case, then it would be much harder for them to stop us.”

“Then that’s what we have to do.”

“Yes, we would like to do that. But there are implications. I will put my people and my boss in a very difficult situation. I will put my career, and those of my people, in jeopardy. I cannot do that if we are not sure that it is the right thing to do. That’s why you need to answer our questions as best you can.”

“I don’t want to get you into trouble. It’s just … He’s my father, he’s …” Thandi se kop sak, en sy huil.

Mbali Kaleni troos haar.

Griessel en Cupido wag. Drie, vier minute lank.

Ondanks die vreemdheid van dié situasie moet Griessel toegee dis ’n dapper vrou dié. Sy het haar pa hier aangetref, die skok en die rou en die kwaad geabsorbeer. Sy moes sekerlik lank buite gewag het vir Mbali Kaleni om te kom. En het toe ’n paar uur lank in die donker in die kar gesit, wetende van die toneel daar binne. Dit moes baie moeilik gewees het.

Eindelik skud Thandi haar kop. Die vlegsels beweeg saam.
“I’m ready,” sê sy.

54

Sy tuur die donkerte in terwyl sy praat. Soms raak haar stem weg. Dan talm sy, laat haar kop sak, versluier onder die vlegsels, tot sy weer herstel het.

"I called my father when I missed him, when I had the time to miss him, when I had the time to think about something other than my job. It's crazy busy, and I often felt guilty that I didn't call him more. Now, I feel I should have. But it is too late … Sometimes I called and he said, no, he can't talk, he's busy, working in his garden, or he is with his friends, talking, playing Umlabalaba. So I'd respect his wishes, and leave him alone. But he was happy, this past year. We spoke about once a week. Sometimes a little more, sometimes a little less. On Saturday, we spoke for the first time in a while. I asked him, how are you, uBaba, and he said he was fine. But I could hear it in his voice, he was … He sounded like he did two years ago, when he was totally fed up with politics. I knew that tone. So I asked him …"

"Thandi," sê Griessel met soveel deernis as wat hy kan. "I know it's hard, but we need you to describe the tone as closely as you can. Was he sad? Was he angry? Was he anxious?"

"He was … If I say sad, you'll think, oh, he was depressed. And then you'll think he did this to himself …"

"We won't think anything until we have all the information, and all the evidence we can find," sê Kaleni. "Just use the words that feel right."

Thandi knik. "He was sad. The kind of sad that … Disappointed, that is a better description. Like when I was a teenager and would stay out too late, he wasn't angry then, just that disappointment, that sadness that I did the wrong thing. That was what it sounded like to me. I know that tone well."

"Thank you," sê Griessel.

"So I asked him, what's wrong, Dad? He said no, nothing. And I asked him, what are you doing, and he said he's working in the vegetable garden. You'll see, behind the house, that was his pride and joy. He said spring is coming, it was time to get the beds ready. He was putting in compost. And the whole time I could hear he wasn't himself, he was trying to sound happy, but there was this undertone of disappointment … So he asked me how I was, and did I have a boyfriend yet? He was always on about that, in a teasing sort of way. And I

always answered that I don't have time for men in my life. There is too much important work to do. And he asked how was things at work, how many houses have we built for the people? He was very proud of what I do. He asked all the things he usually asked, and how was my mother? They got divorced twelve years ago, when he was never at home because of his work. And I said yes, she's fine. And right at the end, when we were saying goodbye, he said Thandi, if something happens to me, I want you to call Mbali Kaleni. I trust Mbali. So I got pretty anxious, because he sounded … scared. It was just … out of the blue. I said uBaba, don't say that! What's wrong? What's going on? I was very upset. I think he then realised that he spoke without thinking about the implications. So he started backpedalling. He laughed, he said he was just joking. And I said you weren't joking, what's wrong? And he said no, no, nothing's wrong, he was just testing me, to see if I still loved him. And he could hear I loved him very much. I scolded him, I said you make me worry, uBaba, that's not funny. He said he was sorry, it was a bad joke. So we said goodbye. I sat there, very uncomfortable, replaying our conversation in my head. And I was pretty sure he *did* sound scared, when he referred to Mbali. Just for that moment. And then it really worried me. So I called him again, about fifteen minutes later. I asked him again, what's wrong? Again he made jokes, he said there's a lot wrong, the weather was wrong, there's the drought, how was he going to get his vegetables to grow? And did I know, you can't find a rain tank in Cape Town, everybody was buying rain tanks, there were none left. So that's something else that was wrong. Maybe I could help him find a tank, so he could catch the rain one day, when God blessed us with rain again, and water his vegetables a little."

Dit is waar haar stem heeltemal wegraak, sy haar weer oorgee aan die snikke, en kolonel Kaleni eers haar eie trane moet afvee voor sy vir Thandi Dikela kan troos.

* * *

Nadat sy tot bedaring gekom het, sê Thandi sy het die Sondag vyf keer gebel, en die Maandag ook, want die kommer wou haar nie los nie. Elke keer het hy gesê sy moenie aan hom karring nie, alles is reg. Sy wou by hom kom inloer, maar hy het gesê nee, hy is baie besig.

En toe, vanmiddag, het sy gebel en nie antwoord gekry nie. En eindelik kom kyk. Die voordeur was nie gesluit nie. Sy het ingegaan, hom gesien. En die brief op die tafel. Sy het dadelik gewéét dit is vervals, want sy ken daardie

handskrif so goed. Toe is sy seker hulle het hom vermoor, hulle wil dit na selfmoord laat lyk. En toe bel sy vir Mbali. Dit was net ná sesuur.

"What time did you make the first call?"

"I … I think it was around four …"

"We need you to be very sure. Could you check on your phone, please?" vra Griessel.

"My phone is in my handbag. In the car."

Griessel sê hy gaan haal dit gou. Hulle sit in stilte tot hy terug is, gee die handsak vir haar. Sy haal die foon uit, kyk na haar oproepregister. "It was eleven minutes to four."

"That was the first time you called?"

"Yes. The first time today."

"When you arrived and went inside the house, was the alarm active?"

"No."

"Thank you. Now please tell us about the enemies," sê Cupido.

* * *

Thandi sê die vyande het twee jaar gelede verskyn, toe die Openbare Beskermer se verslag oor staatskaping aan die media gelek is. Toe die President van die land, en die helfte van die kabinet, en van die provinsiale premiers en die hoofde van staatsinstellings almal daarby geïmpliseer is, ontmasker as korrup en krimineel, en volkome beheer deur die drie Indiese biljoenêr-sakemanne. Haar pa was een van die groep van sestien oudstryders, voormalige senior mense in die struggle, wat net daarna 'n nuuskonferensie belê het. Sodat hulle in die openbaar 'n beroep op die President en sy lakeie kon doen om te bedank. Omdat hulle die nalatenskap van Mandela so totaal verwoes het. Die sestien se verklaring was skerp, dit het nie doekies omgedraai nie.

Toe begin die moeilikheid. Want toe kom die swartsmeerveldtog. Uitsprake dat Menzi Dikela en sy medeondertekenaars eintlik agente vir die ou apartheidsregering is. Verraaiers wat wit monopoliekapitaal se belange dien. Vyande van die nasionale demokratiese revolusie. Daar was vals nuusberigte op sosiale media – vinnig opgeslurp en aangedik deur die gekaapte mediahuise se TV-kanale en koerante – dat die sestien nie net die eintlike korruptes is nie, maar skuldig is aan misdadige aktiwiteite en belastingontduiking. Daar was die talle doodsdreigemente, sy telefoon wat in die middel van die nag gelui het, fluisterstemme wat sê hulle gaan hom vrekmaak. En haar pa wat gesê het die ergste van alles is dat sy oudkollegas agter alles sit, dit is hulle tegnieke, hulle

ou strategieë.

"Which former colleagues?" vra Cupido.

"My father was with the State Security Agency for more than five years before he retired, as the deputy director of Systems and Technology. And before that he had six years with the old National Intelligence Service. In the apartheid days he ran the ANC's computer systems in London. He *created* those systems. He was a pioneer, a hero of the struggle."

"That's why you have a British accent? Because you grew up in London?" vra Cupido.

Sy knik. "South London. I was born there. The first time I saw South Africa was in 1993. We came home in such euphoria. With such great expectations. And now *this*."

"Why would they want to kill your father *now*?" vra Griessel. "Two years after they made that statement."

"They never forget, those people."

"Did he still receive death threats these past months?"

"I'm sure he did …"

"You're sure? He told you?"

"No. I think maybe he did not want to upset me …"

"Was he still involved in politics, or political activities?"

"They were all political animals, they were always political, he and the last few friends he had, after they excommunicated them. I'm sure they discussed politics all the time."

"Can you think of any reason why they would have wanted to kill him now?"

"Because they never forget. Because that is their way. They destroy your reputation. They isolate you. They let you think they have forgotten, to get you to relax. And then they kill you."

* * *

Hulle staan voor die tuinhekkie van die huis in Nuttallstraat. Mbali Kaleni plaas haar hande op haar heupe, soos in die ou dae. Sy sê vir hulle in 'n besliste maar gedempte stem: "I think you should go home. I can't involve you in this."

Cupido vou sy arms voor sy bors. "I'm not going anywhere, colonel," sê hy.

"You will be endangering your career, captain. I can't expect that of you."

"Colonel, I am not captured. I'm staying. And that's final."

"Are you very sure?"

“Yes, colonel.”

“Bennie?” vra Kaleni.

“Colonel, if we can prove that this was murder before you talk to brigadier Manie, I think we will be in a very good position. I think we need to call professor Pagel personally, to come and take a look, and more importantly, draw some blood urgently. And Thick and Thin. We need to ask them to bring Gerber with them, the blood spatter expert. We need the best. And we can trust them.”

“Bennie, you don’t have to do this.”

“I know. I’m in.”

Mbali Kaleni se hande verlaat haar heupe. “I appreciate it very much. But why must Pagel draw blood?”

“Well, colonel,” sê Griessel, “there are no signs of forced entry. There’s no evidence of a struggle and I saw no marks on the deceased to indicate that he defended himself. If this was murder, then he allowed someone to enter. Which means he most probably knew the perpetrator. Or perpetrators. Or maybe they posed as law enforcement officers. But whoever they were, you don’t just sit down and let someone put a gun to your head. You fight. Which he obviously didn’t do. So they must have drugged him. You remember the Sea Point case last year, the murder of the two girls who took the guy home from the night club …”

“Of course. The date rape drugs,” sê sy. En dan verstaan sy: “You’re right. Get Pagel.” Want sy onthou die grootste probleem in die Seepunt-saak was om te bewys dat die vroue se drankies gedokter is. Die aanvanklike ondersoekers het nie betyds bloed laat trek nie. Die middel wat die verdagte gebruik het – gamma hidroksiebutiraatsuur, of GHB, soos dit algemeen bekendstaan – kan net binne ses-en-negentig uur in die urine opgespoor word.

“And why Gerber?” vra Cupido.

“I looked at the victim’s hand,” sê Griessel en beduie in die rigting van die huis agter hulle. “There is the fine spatter you typically see from a point blank shot. But the blood is only on the barrel of the pistol, on his thumb and on the sleeve of his shirt and jersey. There’s nothing on the other fingers, which is strange. I think someone’s hand was on top of his, pushing the gun to his temple. And pulling the trigger. Maybe someone who knew a little about gunshot residue, but not much about spatter patterns.”

“That’s good, Bennie. We’ll get Gerber too.”

“Colonel,” sê Cupido. “There is one thing I don’t like about this.”

“Yes?”

“The reason why they killed him.”

“You don’t believe her?”

“I think she honestly believes that was the reason. But she wants this to make sense, so she’s grasping at straws. It’s just … I’ve never heard of that. The President and his people actually having someone killed for dissent. I mean, they disgrace them, they hit them with trumped-up charges, they make them lose their jobs, like they did with some of our generals, some of our colleagues in Durban … But killing him two years after he was one of sixteen people who signed a declaration? *That* I don’t buy.”

“What are you saying?”

“I’m saying we have to look at the forensic and medical evidence to prove that this was murder. But we’d better also find a very good reason why they did it. Or they will crucify us.”

55

Kaleni sê vir Thandi Dikela om solank huis toe te gaan, te probeer slaap. Dan staan sy buite by haar motor om oproepe te maak na almal wat hulle nodig gaan hê.

Griessel en Cupido gaan haal nog toerusting uit hul motors, trek weer handskoene en skoenbeskermers aan, en gaan in. Hulle plaas klein geel genommerde merkers by elkeen van die vier moontlike bronne van leidrade waarvan hulle reeds weet – die potensiële voetspoor in die sitkamer, die grondkorrels onder die kombuistafel, die pen en die selfmoordbrief.

"Not much," sê Cupido, toe hy hul handewerk bekyk.

"Amen," sê Griessel.

Hulle staan weerskante van die lyk, hul stemme gedemp, net soos die vreemde atmosfeer in die huis. "Benna, let's take a moment here. Daai drug theory van jou. Take me through it."

"Okay. Kom ons sê Menzi Dikela is hier iewers in die huis besig, en hulle klop aan die deur …"

"Hoe laat praat ons nou van? Thandi het haar daddy elf minute voor vier gebel, right?"

"Right."

"So, ons weet dit moes voor daai tyd gebeur het." Cupido buk af, druk baie versigtig aan die oorledene se arm wat langs die stoel hang. "Ons sal hoor wat die prof sê, ma' dit voel vir my na full rigor mortis …"

"En dit was 'n koue dag."

"More or less in the region of eight hours, nè?"

Griessel knik, bekyk dan die bloed op die tafel van nader. Hulle staan al dekades lank en luister na patoloë en spatselkenners by moordtonele. Dan leer jy baie. Soos dat die tempo waarteen bloed droog word, 'n breë aanduiding van die tyd van dood is – mits jy binne die eerste tien ure ná die noodlottige voorval daaraan vat, en daarna kyk. Die riglyn daarvoor is die vyf stadia van bloedstolling: Stulping vind eerste plaas. Jelvorming volg dan, omtrent negentig minute nadat die bloed die liggaam verlaat het. Daarna kom die duidelik sigbare kleurskakerings van randverdroging, sentrumverdroging en finale verdroging, ná onderskeidelik vier uur, nege uur en nege-en-'n-half uur.

Bennie sien die poel langs Menzi Dikela se kop is nog rooibruin in die middel, maar die rand is feitlik swart, en redelik breed. “Die bloed sê ook dis omtrent agt uur.”

“Give or take an hour or two, for our non-expert opinions.” Cupido kyk na sy horlosie. “Daai meen dit was hier by one o’clock, two o’clock.”

“So min of meer.”

“During or just after lunch.”

“Jip.”

“Okay. Hulle klop aan die deur …?”

“Ja. En Menzi Dikela ken hulle, nooi hulle binne. Nou’s daar twee moontlikhede. Die een is, hulle druk ’n spuitnaald met die dwelm in hom in, of hulle sê kom, ons drink ’n dop, en hulle kry die dwelm in die glas as hy nie kyk nie. Dis die waarskynlikste moontlikhede.”

“Waar sit jy jou geld?”

“Ek weet nie, Vaughn, dis moeilik. ’n Naald gaan ’n merk los op sy vel, wat ’n patoloog gaan kry as hy weet om daarvoor te soek …”

“Fair enough. Ma’ miskien het hulle gedink hierdie dom cops in die Mowbray in gaan die suicide ding koop, so toe worry hulle nie oor die merkie nie.”

“Dis moontlik. Maar ek dink as dit Staatsekerheid se spoke was … Hulle het baie groot moeite gedoen om dit na selfmoord te laat lyk. Hulle het gekom met ’n plan. En hulle sou gedink het aan inspuitmerke. Kyk na dié plek, Vaughn. Dis net te netjies. Jy’t self gesê dit moes hier rondom middagete óf net daarna gewees het. Hier is nie ’n vuil bord of ’n glas of ’n koppie nie. My geld is op ‘kom, ons drink ’n dop’, en toe maak hulle baie goed skoon agterna.”

“Makes sense … Wat van ’n char? Het hy ’n char gehad?”

“Ons moes gevra het …” Griessel haal weer sy selfoon uit om vir Kaleni buite te bel. Dit spaar hom om nogeens skoenoortreksels uit en weer aan te trek.

“The professor and Forensics are coming,” sê sy toe sy antwoord.

Hy vra haar of daar ’n huishulp is wat by Menzi Dikela gewerk het. Sy sê sy sal vir Thandi bel en uitvind.

Cupido is besig om kombuiskaste oop te maak, optimisties op soek na glase en koppies wat dalk tekens toon dat hulle onlangs in gebruik was. Griessel gaan deur die laaie, bekyk die messegoed. Sonder veel hoop.

Mbali Kaleni bel terug. “Yes, he had a char, two mornings a week. Wednesdays and Saturdays. She will get the phone number for us.”

Bennie deel die inligting met Cupido.

“Okay,” sê Cupido. “Die char was Saterdag laas hier. En dis alles op die Dinsdag nog só spick and span. Daai is pretty amazing … So, here’s my next

question: Hoekom suicide, Benna? Hoekom nie net ’n break-in gone wrong stage nie. Jimmy ’n deur of ’n venster, skiet die oubaas, krap ’n paar kaste om, steel ’n laptop en ’n cell phone. Happens all the time. Same result, die oubaas is dood en SSA se spooks is nie suspects nie. Ma’ nee, hulle doen moer baie moeite om ’n suicide te stage. Why? Doesn’t make sense.”

Griessel dink. “Miskien iets met die brief te doene? ’n Boodskap? Aan die ander vyftien?”

“I’m not buying.”

“Die groot vraag is nog steeds die motief.”

“Dan beter ons vir een begin soek, partner. Kom,” sê Cupido en wink vir Griessel in die rigting van die slaapkamers, “let the games begin.”

* * *

Hulle deursoek elkeen ’n slaapvertrek, stadig en sorgvuldig. Alles dui daarop dat Menzi Dikela inderdaad ’n uiters georganiseerde man was. Die klerekaste, linnekas en bedkassies is alles pynlik netjies. Die beddens is hoekig opgemaak.

In die hoofslaapkamer se ingeboude kas, onder ’n stapeltjie slaapklere, kry hulle ’n seil-banksak met honderd- en vyftigrandnote daarin, altesame net oor die vyfduisend.

Cupido plaas dit in ’n bewyssakkie. “Interesting,” sê hy.

Dikela was ook klaarblyklik ’n gesonde man. In die badkamerkas is daar geen medikasie wat dui op chroniese siekte nie. Net die gewone versameling van griepmedisyne, hoofpyn- en sooibrandpille, en vitamiene-kapsules by die deodorant, tandepasta, skeerroom en skeermeslemmetjies. Alles presies gestapel en georden. Soos die paar stukkies klere in sy wasgoedmandjie.

“Lyk my hy was regtig netjies,” sê Bennie.

“Kwaai,” sê Vaughn. “Maybe is dit ma’ hoe sy kombuis gelyk het, elke dag. Very anal retentive.” Hy leun teen die badkamerdeur. “Benna, kan ek jou ’n soort van personal vraag vra?”

“Laat waai.”

“Okay. Jy en Alexa, is julle soort van ewe … Ek bedoel, jy’s nogal organised, your office, your dockets, even jou kar, everything reasonably squared away. Is sy ook só?”

Griessel lag. “Nee. Sy’s … Ek spot haar, want sy’s soos ’n amoeba. As sy iewers besig is, groei dit so om haar. In die badkamer, by haar wasbak … Daar’s so ’n kring van make-up en roompies en goed, dit word al hoe groter …”

“Hoe deal jy met daai?”

“Ek deal nie. Ek kyk anderpad. Wat kan ek doen? Dis haar huis. Dis wie sy is.”

“En dit pla jou nie?”

“Hier’s my filosofie, Vaughn. Ek werk hierdie snaakse lang ure, ek moet ’n shrink gaan sien vir al my opgefoktheid, ek snork, ek vergeet die toilet se deksel op … En dit alles pla haar nie. Dis gee en neem, dis … Hoekom vra jy?”

“Donovan,” sê Cupido. “Desiree se laaitie. Jissis, hy’s ’n klein slonsgat. PlayStation in die lounge, al die games wat rondlê. Daar’s net een badkamer, sy kleertjies op die vloer. I don’t even want to talk about his room. Dis ’n war zone. En Desiree worry nie. Sy’s die een wat agter sy gatjie optel en skoonmaak. Ek dink dis divorce guilt of iets. And if we get hitched, sal ek daarmee moet deal, want ek sê nou vir jou, dit sal my mal maak. En dan neuk hy nog steeds met my oor die Hawks wat so captured is. Ek weet nie hoe om dit te handle nie. Dis tannekners, dis ’n time bomb, die een of ander tyd I’m going to lose it …”

“Praat met haar. My shrink sê konflik is groei wat wag om te gebeur. En praat is al wat help.”

“Right. Shrinks … Like that’s going to help me. Sal ons die study tackle? Last chance motel …”

Hulle loop by die studeerkamer in. Daar is ’n lessenaar met ’n tafelrekenaar, ’n laserdrukker en ’n groot bruin sigaarboks daarop. Die rekenaar is aan, daar is ’n skermskut wat hipnotiese patrone maak. ’n iPhone 7 is by ’n USB-poort ingeprop.

“Jy weet jy gaan jouself skiet,” sê Griessel, “maar jy laai solank jou selfoon?”

“En jy los die PC aan …” Cupido wikkel die muis wat daar lê. Die skerm word geaktiveer. Net die Windows-tuisskerm sonder sigbare lêers of aktiewe applikasies. Hy druk die iPhone se tuisknoppie met sy handskoenbedekte vinger. Dit vra vir ’n wagwoord. “Why do they always have passwords?” sug hy. “Ons sal vir Lithpel ook moet laat kom.”

Die lessenaar se linkerlaai lewer bankstate en munisipale rekeninge op, ’n egskeidingsbevel, ’n paar geel balpuntpenne soortgelyk aan die een op die kombuistafel. En ’n swart hardebandboek waarop ’n logo van Spar-supermark en die woorde *A4 Counter Book* staan. Griessel haal dit uit, maak dit oop. In wat moontlik Menzi Dikela se handskrif was, staan daar in blou ink op die eerste blad: *Maintenance, loans and donations*. Daaronder is lang kolomme van bedrae en datums, en ’n ekstra kolom wat aandui watter soort betaling dit was.

“Dit lyk soos die handskrif op die brief,” sê Griessel.

“Ja … maybe …” sê Cupido. “Ma’ ek was nog altyd te stupid om forged handwriting te spot. It’s a dark art.”

Hulle plaas die boek in ’n bewyssak.

In die regterkantste lessenaarlaai kry hulle ’n ID-boek, ’n paspoort en ’n notablok wat soortgelyk is aan die papier waarop die selfmoordbrief geskryf is. Cupido haal dit uit, hou dit teen die lig om te sien of die skrif deurgeslaan het. “Too faint,” sê hy en plaas dit ook in ’n deursigtige plastieksak.

Hulle kyk na die boekrak teen die ander muur, met struggle-biografieë, tegnologie-handleidings vir databasisse en -stelsels, digbundels en romans deur Afrika-skrywers. ’n Klompie *Reader’s Digest Condensed Books*-bundels.

Die venster regs van die lessenaar se gordyne is toegetrek. Daaronder staan ’n tweedeurkas. Griessel maak dit oop. Hulle kry papier vir die drukker, opgerolde rekenaarkabels, lêers vol tipiese administratiewe dokumente – waaronder ’n motorregistrasie, bewyse van betaling vir lisensies, die akte van die huis, ’n ou huisverband en kort- en langtermynversekeringskontrakte. Heel onder in die linkerhoek van die kas is daar ’n internetmodem, met netwerkkabels gekoppel.

Griessel se selfoon lui. Hy sien dis Kaleni. Hy antwoord.

“Professor Pagel has arrived,” sê sy. “Did you find anything?”

“Not much, colonel,” sê hy. Hy kyk na sy horlosie, sien dit is al ná elf. Hy weet Lithpel Davids gaan baie ongelukkig wees met wat hy volgende gaan sê: “We’re going to need technology support too. There’s a computer and a cell phone …”

“I’ll call sergeant Davids.”

“Die prof is hier,” sê Griessel vir Cupido.

“Cool …” Vaughn stap deur toe, kyk na die sigaarboks en sê: “Was die umadala ’n roker? Het jy ashtrays gesien?”

Voor Griessel kan antwoord, lig Cupido die deksel van die boks en kyk daarin. ’n Oomblik van oorblufte stilte, dan sê hy: “Slaat my met ’n snotsnoek.”

Binne-in die boks, net so netjies soos alles in die huis, lê ’n klein snyblok heel onder, en bo-op is twee stukke biltong. Besprinkel met koljanderkorrels.

En ’n Okapi-mes.

Die mes is toegevou; die hef van donker kersiehout lyk nuut, die vouslot en swierige hefinlegsel van vlekvrye staal nog blink.

“What are the odds, Benna? What are the odds?” vra Cupido.

“Dis toeval,” sê Griessel. “Daar’s duisende mense wat Okapi’s het en biltong eet.”

“Maybe, baby,” sê Cupido, “en maybe het die universe gescheme The Big V and his intrepid partner, Benna the Bass, deserve a big fat break.”

Hy trek weer die regterlaai oop, haal die paspoort uit wat hulle daar gesien het. Hy maak dit oop. Dit is in Menzi Dikela se naam. “Okay, so the universe is still pissing on our parade. Ma’ ’n man kan hoop …”

Hy maak weer die sigaarboks toe. Dan loop hulle voordeur toe om vir professor Phil Pagel te gaan oopmaak.

56

Tot Griessel se verligting verhelder die patoloog die gedempte atmosfeer in die huis met sy joviale persoonlikheid.

“Ek verstaan alles is hoogs konfidensieel en geheim, Nikita?” vra hy in sy welluidende stem terwyl hy vaardig en sekuur bloed by die lyk trek.

“Dis reg, prof,” sê Griessel.

“En ’n Leporello van ons berugte Staatsekerheidsagentskap is ons hoofverdagte hier?”

“’n Leporello, prof?”

“Opera, Nikita. Mozart. ’n Karakter uit *Don Giovanni*. Leporello was die armsalige een wat al sy bose meester se vuilwerk moes doen. Aangespoor deur beloftes van groot geld, afgedreig deur die swaard. Voel vir my of daar deesdae baie Leporellos aan die stuur van sake in dié land is, of hoe, menere?”

“Ma’ nie by die Violent Crimes Unit van die Hawks nie, prof,” sê Cupido. “Let’s just get that straight.”

“Ah, the lady doth protest too much, methinks …” sê Pagel met ’n glimlag.

“Prof, dis nie vir jou snaaks dat hy nog so mooi by die tafel sit nie?” vra Griessel. “Sou hy nie geval het nie?”

“Ek het hulle al in elke moontlike posisie onder die son gesien, Nikita. Ek sou nie sê dis só vreeslik uitsonderlik nie.”

“O.” Met teleurstelling.

“Julle vermoed hier was ’n anestetikum toegedien?” vra Pagel.

“Hoe anders kry jy ’n man se pistool teen sy kop sonder dat hy baklei, prof?”

“Geldige punt. Inderdaad geen voorlopige tekens van verdedigingswonde nie.”

“Ons scheme dit moes in ’n drink gewees het,” sê Cupido, “’cause why, hulle sal nie wil hê jy moet ’n post mortem-gaatjie sien vir die injection nie.”

“Dit is nie so eenvoudig nie, Vaughn. As hulle hom rektaal of sublinguaal ingespuit het … Dit is feitlik onmoontlik om daar ’n wond te sien.”

“Wat’s daai laaste een in Cape Flats Afrikaans, prof?”

“Vergewe my, Vaughn. Sublinguaal is in die mond. Onder die tong, selfs ín die tong, of die verhemelte.”

“Maar prof, hoe spuit jy ’n ou daar agter by sy …” Griessel wil nie kras taal

voor Pagel gebruik nie, want hy't te veel respek vir die man. "By sy dinges … of in die mond in sonder dat hy stoei?" vra Griessel.

"Touché, Nikita. Ek sal in elk geval die bloed en urine toets vir so 'n breë spektrum van anestetikums as wat ek kan. Ons sal sien …"

"Wat sou jy in sy dop gegooi het, prof? Sê nou maar jy't hierdie scheme, jy wil 'n ou nail, ma' jy wil 'n suicide stage? En jy wil nie evidence agterlaat nie."

Pagel bêre die naald en bloedflessie in sy tas, begin dan die liggaam van Menzi Dikela versigtig ondersoek. "Dit sal natuurlik afhang van die middels tot my beskikking, Vaughn. Maar kan ons aanneem dat ons SSA-Leporello toegang het tot enigiets?"

"Ja, prof."

"Nou goed. Interessante vraag … Kyk, die heel maklikste is bloot 'n oordosis insulien, ingespuit. Vinnige koma, uiteindelik dodelik, en moeilik opspoorbaar in post mortem-analise as jy nie spesifiek vir tekens gaan soek nie. Jy bring drie, vier, ouens, jy gryp hom vinnig vas voor hy hom kan teësit, en jy spuit hom, sê nou maar, rektaal in. Bloedsuikertekort-koma, dan kan jy met hom maak wat jy wil. As jy hom net los, is hy ses uur later in elk geval dood soos 'n mossie …"

"Shit," sê Cupido. "Daai het ek nie aan gedink nie."

"Prof, as jy nie weet dis 'n insulien-oordosis nie … Sê nou maar só 'n ou beland op jou tafel, wat gaan jy dink was die oorsaak van dood?" vra Griessel.

"Gewoonlik pulmonêre of serebrale edema, afhangende van die spesifieke patologie wat jy sien. Eenvoudig gestel is dit water op die longe, of water op die brein. Wat deur natuurlike oorsake veroorsaak kon word. Veral by 'n bejaarde, soos ons oorledene hier. As ek nie gemene spel vermoed het nie, sou ek nie vir insulien-oordosis getoets het nie."

"Maar dis my punt, prof," sê Griessel. "Hierdie ouens wóú dit na selfmoord laat lyk. Nie 'n huisroof nie, nie natuurlike oorsake nie, maar selfmoord."

"Vreemde modus operandi," sê Pagel, "maar dan moet ons weer onthou die SSA is betrokke."

"Exactly," sê Cupido. "So, as suicide op die menu is, prof, wat sou jy vir hom gegee het in sy brandy en Coke?"

Pagel loer van agter die liggaam uit na hulle. "Dalk midazolam? Rohypnol? GHB? Daar is 'n hele spektrum van moontlikhede. Maar jy sou die smaak van al dié middels sterk moes verbloem. Iets soos 'n baie soet likeur. Nachtmusik, Amarula, so iets, meng 'n sterk dosis met 'n kwartbottel … Ek sal in elk geval vir alles laat toets, bloed en urine. As hulle so iets gebruik het, sal ons dit kry."

Griessel se selfoon lui. Dis weer Mbali Kaleni. "Forensics have arrived. Would you please come and brief them?"

* * *

Forensies en Gerber, die bloedspatselman, kom aan. En die videograaf. Asook die Geweldsmisdaad-versterkings, Vusumuzi Ndabeni, Mooiwillem Liebenberg en Frank Fillander. Ook hulle verander die atmosfeer van die selfmoordhuis in Nuttallstraat aansienlik. Meteens voel dit vir Griessel soos ’n normale misdaadtoneel en hy skud die gevoel van onheil eindelik af.

Hy verduur Dik en Dun se jongste trougrappe. (“Bennie, gehoor van die ou wat so happy was ná hy getrou het, want toe het hy amper elke dag seks met sy vrou gehad? Amper op ’n Maandag, amper op ’n Dinsdag, amper op ’n Woensdag …” En dan vul hul skaterlag die huis.) Hy wys vir hulle wat hy graag ondersoek wil hê. Hy sê vir Gerber om spesifiek na Dikela se hand te kyk, en gaan dan uit om vir Ndabeni, Liebenberg en Fillander al die inligting te gee wat hulle nodig het. Hy vra hulle om die voetwerk in die straat af te doen. Het enigiemand iets gesien of gehoor?

’n Ambulans hou stil terwyl hy nog buite is, die rooi ligte wat draai. Die eng straat is meteens vol voertuie. Nou, weet hy, gaan die nuuskieriges begin versamel. Hy loop na Mbali Kaleni toe. “We’re going to need traffic and crowd control, colonel.”

“I’ll do it,” sê sy.

“I’ll bring you some crime scene tape. It should keep them away.”

“Thank you, Bennie. Any news from inside?”

Hy was bang sy vra, want al hul teorieë is daarmee heen. “Nothing so far, colonel. Prof Pagel will have to test the blood and the urine. That’s our only hope.”

Sy knik bekommerd. “Find something, Bennie. Please.”

“I’m going to do my very best.”

* * *

Binne wag daar nog slegte nuus.

Bennie is terug in die kombuis. Hy kyk hoe Uli Gerber die hand van Menzi Dikela met ’n vergrootglas ondersoek. Soms verwys sy kollegas na die bloedspatselkenner as “Uil”, maar nooit in sy teenwoordigheid nie. Enersyds omdat die dik lense in ’n swaar swartraambril sy oë veel groter laat lyk, andersyds omdat dit so naby aan sy doopnaam is. Hy is ’n ernstige, seningrige man wat aan kanomarathons deelneem.

Hy trek sy skraal lyf orent en sê baie apologeties: “Kaptein, die patroon is

konsekwent met ’n selfmoordskoot.”

“Maar daar’s nie spatsels op sy vingers nie. Net op die duim.”

“Dit is só. Maar dit is konsekwent met ’n selfmoord waar ’n pistool gebruik is. Die wapen self, veral die kolf, keer dat die bloed op die vingers spat, die duim natuurlik uitgesluit. As jy met die vergrootglas kyk, sal jy sien daar is sekondêre spatsels op die eerste lit van die wys- en middelvingers. Dit is normaal; ek sien niks wat my laat dink daar was forsering van ’n ander hand betrokke nie.”

“Jy’s doodseker?”

“Ek sal in die lykshuis weer kyk, en die residutoetse ook doen. Maar ek sal verbaas wees.”

“Dankie, Uli.”

“Jammer, kaptein.”

* * *

Sersant Lithpel Davids daag op, klaend en kwetterend. “Is daar niemand in dié unit wat UEFA Cup quarter-finals kyk nie? Nothing is sacred any more …”

“Waaroor moan jy nou weer, Lithpel?” vra Cupido.

“Die soccer op TV, cappie. The beautiful game. Niks wat julle rugby barbarians sal verstaan nie. Waar’s die computers? I’d like to get to work voor my Woensdag ook in sy donder is.”

“Kom kyk eers na die lyk,” sê Cupido aspris, want Davids is bekend daarvoor dat hy hoegenaamd nie bloed en trauma kan hanteer nie. Hy word onmiddellik naar, en beweer dit gee hom die verskriklikste nagmerries, nog vir weke daarna.

“Cappie, ek sweer, I’ll resign right here and go work for Dial-a-Nerd. You’re an evil, evil man.”

“Lat jy nog nie aangekla is van insubordination nie, is een van die grootste miracles in the law enforcement universe,” sê Cupido.

“Dis oor my sunny disposition,” sê Davids. “Everybody loves me.”

“In your dreams. Kom, die study is hier onder in die passage. Body is in the kitchen.”

Lithpel hou sy hand bak teen sy kop in die verbyloop, om die toneel in die kombuis van sy oë af weg te weer. Hy volg Cupido tot in die studeerkamer, kyk dan na die rekenaar en die selfoon op die lessenaar. “So, which of my many and varied skills do you need tonight?”

“Right. We have reason to believe lat die forces of evil die umadala da’

binne se suicide gestage het. Ons soek motives vir murder, Lithpel. Ons soek friends and associates, ons soek hanky-panky, dark state secrets, world domination conspiracies. Anything. So, unlock the phone, get us the good stuff. Full hard drive analysis van die PC, including emails, browser history, social media …"

"Unlock the phone? Unlock the phone? Wag, lat ek net gou my Garrick Ollivander manufactured magic wand kry, die een met die phoenix feather core …"

"Garrick wie?"

"Jissis," sê Lithpel Davids. "No soccer, no Harry Potter. Jy's heavy gam, cappie. Jy's genuinely the least cultured cop wat ek ken. Wat doen jy met jou spare time?"

"'n Thoroughbred Hawk het nie spare time nie, Lithpel. We live for our work."

"Ja, ja, whatever." Lithpel sien die tegnologie-handleidings op die boekrak. Hy staan nader, laat sy vingers oor die boeke se rûe loop. "So, wie het saam met die umadala hier gebly?"

"Niemand nie. Dis sy goed daai. Hy was 'n bigwig in State Security se computer systems."

"A blood brother," sê Davids. "A fellow geek, a kindred spirit, an alter ego. Why didn't you say so? For him, I'm bringing my 'A' game …"

57

Griessel en Cupido sluit die enkelmotorhuis se opswaaideur oop met ’n sleutel wat hulle in ’n bossie aan die agterdeur kry.

Daar staan ’n wit Mercedes-Benz E200, dalk agt of nege jaar oud. Die kattebak is leeg.

Teen die agterste muur is goedkoop rakke aangebring. Op die rakke is sewe kartonbokse, almal ewe groot, almal met die boonste toevouflappe afgesny. Hulle gaan kyk na die inhoud. Dit is items en gereedskap vir huishoudelike onderhoud, in sinvolle versamelings.

“Benna, die umadala was netjies. All over.”

“Maar waar’s die tuingoed, vir die groentetuin?”

“That there is exactly why we pay you the big bucks …”

Hulle gaan uit, loop om die motorhuis. Daar is ’n buitekamer en -toilet agter die motorhuis. Hulle skyn flitse deur die kamervenster. ’n Ou, stowwerige, lendelam sitkamerbank en die gehawende opvangbak van ’n grassnyer is die enigste inhoud.

Cupido swaai sy flits oor die agtertuin. Groentebeddings, twee met rankstellasies, die grond gespit en gehark, maar niks wat nou daar groei nie.

“Kyk daar,” sê Cupido en belig ’n struktuur teen die vibracrete-muur heel agter. “Wendy house. There’s our garden shed, scheme ek.”

Hulle loop op die geplaveide paadjies tussen die groentebeddings deur, tot by die Wendy-huis. Dit is van die groter soort, met die klein stoepie voor. Die deur is gegrendel, met ’n stewige slot aan. Cupido hou sy flits terwyl Griessel verskillende sleutels aan die bossie probeer. Hy kry die regte een, sluit die slot oop, ontgrendel die deur.

Binne is tuingereedskap, kunsmis, houtpaaltjies vir die rankstellasies, baaltou in ’n rol, georden, gerangskik. Teen die agterste muur is ’n ou kombuis-speseryrak waarin tientalle pakkies saad gerangskik is. ’n Klein tafeltjie, ’n enkele ou kombuisstoel. Op die tafel lê nog ’n notablok en ’n pen. Die skryfblok is presies dieselfde soort as die een wat in die studeerkamer was. Griessel blaai daardeur. Hy sien sketse van die beddings, met aanduidings van wat Menzi Dikela waar wou geplant het – mielies, boontjies, wortels, beet, tamaties, komkommer, blomkool.

Dit is verdere voorbeelde van die oorledene se handskrif, daarom plaas Griessel die notablok ook in ’n sakkie. Dan gaan hulle uit, sluit weer die deur, loop terug na die huis.

Tevrede dat hulle alles gesien het.

* * *

Mooiwillem Liebenberg is baie vaardig met die ondervraging van vroue. Nie net omdat hy ’n aantreklike man is en bekendstaan as die George Clooney van die Valke nie. Nie net oor sy “million dollar, high wattage smile” nie, soos sy kollega Vaughn Cupido dit met net ’n bietjie afguns noem. Maar ook omdat hy altyd sy opregte, onverdeelde, warm, sjarmante fokus soos ’n soeklig op die vroue rig. Asof enigiets wat hulle sê vir hom ontsaglik waardevol is. Hulle reageer meestal baie positief daarop.

Daarom is dit goed dat hy die een is wat aan mevrou Mercia van der Merwe se deur gaan klop. Want Mercia gaan die eerste deurbraak in die Menzi Dikela-raaisel bewerkstellig.

Sy is aanvanklik ontstoke dat haar rus dié tyd van die nag – net so skuins anderkant middernag – versteur word. Sy maak met ’n frons en ’n afkeurende pruilmond die voordeur oop. In haar pienk japon en beige skaapvel-pantoffels. Een-en-sestig jaar oud, haar bruingekleurde hare deurmekaar.

Liebenberg sê met gevoelvolle deernis en apologie vir haar hoe jammer hy is om só laat te pla, dan vertel hy haar van haar buurman se dood en sê hoe baie dit vir hom sal beteken as hy met haar kan gesels. Dan omvorm haar mond tot skok en hartseer en sorgsaamheid, en sy nooi hom binne, vra hom om in die voorkamer te sit.

Sy wil weet wat gebeur het. Hy sê dit lyk na selfmoord, hulle is nog nie seker nie.

Sy sê dit is vreeslik tragies, want hy was ’n liewe omie. Sy vee ’n traan weg. Sy vat-vat aan haar kapsel om dit netjieser te maak.

Hy vra of sy hom goed geken het.

Darem redelik, sê sy. Darem goed genoeg dat hy in die somer vir haar groente oorgestuur het, en sy weer nou en dan ’n melktert gaan aflewer het om dankie te sê. “Jy weet hoe dit is, deesdae. Ons leef so by ons bure verby. Ons het nie oor en weer gekuier nie. Nie omdat hy swart was nie, dit moet jy mooi verstaan. Ek is nie een van daardie nie. Net omdat dit nou maar is hoe dit is, deesdae. Ons leef ons eie lewens. Hy was so ’n liewe omie. Altyd gegroet, so in die verbygaan.”

Mooiwillem sê hy verstaan heeltemal. En het sy vandag enigiets daar oorkant gesien, enigiets buite die gewone?

"Ja," sê sy. "Nogal. Noudat jy dit noem. Vanoggend. Ek het die Barberton daisies hier in die voortuin, en dis nou hulle tyd. Maar met die waterbeperkings, die munisipale wat vir ons so sleg gevang het, kon hulle dit nie sien kom nie? Al die mense wat Kaap toe trek, hulle moes die waternood darem regtig sien kom het. In elk geval, nou moet ek die daisies met die hand water gee, uit die gryswater uit die badkamer uit, en die daisies hou nie van die seperige water nie, maar wat kan 'n mens doen? En toe staan ek daar voor met die gieter en ek sien die vên wat daar by oom Menzi se huis stop, en die drie ouens wat uitklim …"

"Hoe laat vanoggend?"

"Jong, dit was hier by … nege-uur se kant. Of halftien? Iewers daar rond, dis net nadat ek gebad het, sodat daar gryswater vir die daisies kan wees. Ook maar 'n vlak bad getap, want nou spioeneer die stadsraad se meterlesers mos op 'n mens, wil sommer jou water afsny as jy nie mooi oppas nie. In elk geval, toe sien ek die vên, so 'n pikswart vên, en die drie ouens klim uit, nogal gesuit en getie, en hulle gaan daar by die oompie in."

"Hoe lank het hulle gebly?"

"Nee, dié sal ek nie vir jou kan sê nie. Ek is toe weer in."

"Kan u die 'vên' beskryf?"

"Ek ken nou nie so baie van karre nie, maar ek dink dit was 'n BMW vên. Jy weet, met die blou dingetjie op die neus."

"'n BMW-vên?"

"Ja, jy weet, daai wat lyk soos 'n stasiewaentjie."

"Net 'n oomblik …" sê Liebenberg, en hy haal sy selfoon uit, google BMW-voertuie, wys vir haar 'n foto van 'n X3. "So iets?"

"Ja, so iets. Net swart. En dalk 'n bietjie groter."

Hy werk weer op die foon, soek na 'n foto van 'n swart X5, en draai weer die skerm na haar toe.

"Ja! Dit lyk na die een," sê sy. "Net so."

"Kan u die mans beskryf?"

"Ek het nou nie so kwaai gekyk nie. Hulle was swart mense … Gecollar en getie, sulke donker suits …" Sy maak 'n apologetiese gebaar wat aandui dat dit al is wat sy kan sê.

"Het meneer Dikela dikwels besoekers ontvang?"

"Jong, jy moet weet, ek hang nou nie heeldag in my voortuin rond nie. So ek kan nie regtig sê nie. Daar het mense gekuier, elke dan en wan. Oompies soos hy. Maar darem nou nie met 'n suit en 'n tie nie, dis die eerste keer dat ek dit gesien het. Toe wonder ek nogal wie is dié mense. Hulle het só … so amptelik

gelyk. My suspisie was, dis die munisipale."

"Hoe so? Kon u die registrasienommer sien?"

"Nee, dit was nie dit nie."

"Wat was dit?"

"Jong, ek wil nie kwaadpraat van die dooies nie, dis net nie reg nie."

Mooiwillem gee haar sy sjarmantste, warmste fokus en sê: "Mevrou, dit sal vir my geweldig baie beteken as jy oop kaarte met my speel."

Mercia van der Merwe bloos effens, vat-vat weer aan haar haredos om dit netjieser te kry, slaan haar oë neer na die tapyt: "Ek dink hy't 'n bietjie water gesteel. Jy kry nie tamaties en komkommers só groot as jy nie kroek met die waterbeperkings nie. Ek dink hulle was van die munisipale, om vir hom te kom sê hulle gaan hom afsny."

* * *

Griessel en Liebenberg neem die nuus na Mbali Kaleni toe, waar sy op die neus van haar Valke-BMW sit. Die lang dag begin sy tol eis, want sy lyk afgemat.

"Thandi was right," sê sy met baie groot verligting voor sy met nuwe energie van die enjinkap afgly. "That is very good news. And good work, captain."

"Thank you, colonel," sê Liebenberg.

"What do you suggest we do now, Bennie?"

"I think we need to look at the street cameras, colonel," sê Griessel. "The N2 and the M5, maybe Voortrekker Road in Salt River, those are the only real exits from here, whether they came from the city or somewhere else. We have a time window for their arrival, and we suspect the victim was dead by two o'clock, so we know by what time they were gone. And we're fairly certain it's a black X5. They're not as common as the white ones. So that does narrow it down. We'll get a number plate, if we're lucky."

"We should look at black X3s too," sê Liebenberg. "I'm not all that sure she got it exactly right."

"It will have to wait until morning," sê Mbali Kaleni. "The metro police … We don't want to show our hand with too much urgency."

"I'll be there at nine," sê Liebenberg.

Twee ambulansmanne kom met 'n draagbaar verbygestap, met die liggaam van Menzi Dikela daarop. Professor Phil Pagel stap saam met hulle.

Pagel oorhandig 'n bewyssak met die slagoffer se skoene daarin plegtig aan Griessel. "Lady and gentlemen, I bid thee goodnight," sê die professor. "All tests to proceed as speedily as the clandestine nature of the case allows."

* * *

Die tweede, groter deurbraak in die saak is so ’n bietjie toevallig. Soos dit soms in misdaadondersoeke gebeur.

Sersant Lithpel Davids het Dikela se foon versigtig verseël en met sy handskoenbedekte vingers die tafelrekenaar se muis en sleutelbord bewerk om die kopieer van die hardeskyf aan die gang te kry. En terwyl dit gebeur, het hy vlugtig gesoek na die voor die hand liggendste inligting – onlangse webwerwe wat besoek is, e-posse met betekenisvolle onderwerpe, lêers wat deur wagwoorde beskerm is, rekeninge op sosiale media …

En niks gekry nie.

Nie eens die gewone tekens dat Menzi Dikela ’n leeftyd van rekenaarstelsels-werk agter die rug het nie. Soos die gebruik van ’n aweregse, alternatiewe webleser. Op dié rekenaar is net Microsoft Edge. Hy weet geen selfrespekterende loopbaan-techie sal dié abominasie duld nie. Veel eerder Tor, of Freenet, of I2P, of Yandex. Of dan minstens Firefox, Google Chrome of Waterfox.

Maar Microsoft Edge? Hy vind dit baie vreemd.

Hy ken tegnologie-mense en hul dampkring. Selfs dié wat oud en afgetree is. Hy loop hulle soms in digitale kletskamers raak. Hierdie uncle was duidelik nog online, en hy weet die strydkreet van bleeksiele wêreldwyd is “Old geeks never die, they just go offline”. Hy ken die maniere hoe hulle op die hoogte bly, watter vernuftige, obskure programmatuur hulle byderhand hou, en waar hulle gaan krap en soek en uithang op wat hy, tong-in-die-kies wanneer hy met die oningeligte speurders praat, die “interwebs” noem.

En Dikela se rekenaar wys geen tekens daarvan nie. Nie ’n enkele een nie.

Daar is e-pos – in goed geordende lêers – van en aan ’n paar vriende, die hoe-gaan-dit-met-die-kleinkinders-soort, korrespondensie met sy dogter, en met sy egskeidingsprokureur oor ’n versoek vir verhoogde onderhoud. Daar is digitale bank- en munisipale rekeningstate, ’n paar elektroniese vliegkaartjies, rekeninge vir sy internettoegang, en nie veel meer nie. Menzi Dikela het daagliks nuuswebwerwe besoek, Suid-Afrikaans en Brits, en Google en Google Maps nou en dan.

Dít alles het by Lithpel die kommer laat ontstaan dat hy iewers iets miskyk.

En dan sit hy met ’n geboë hoof, diep nadenkend, en wag vir die hardeskyf om klaar te kopieer. Hy sal by die werk al sy toerusting gebruik om uit te vind wat die ouballie vir hom wegsteek.

En so, koponderstebo, val sy oog toevallig op die ADSL-modem wat in die tweedeurkas se hoek staan, die deure oopgelos deur Griessel en Cupido. Dis ’n

doodgewone Netgear N300, twee of drie jaar oud, heeltemal toepaslik vir dié soort huishoudelike gebruik.

En hy sien daar is twee netwerkkabels agterin die modem geprop. Al twee verdwyn deur ’n netjies geboorde gaatjie agterin die kas.

Bietjie eienaardig. Twee? Hier’s net die een PC.

Hy staan op, kyk van nader. Die een kabel is weer sigbaar hier links, teen die vloerlys af vasgegom, hy’s op pad na die rekenaar op die lessenaar.

Maar die ander een het net verdwyn.

58

Lithpel Davids trek die toesluitkas van die muur af weg. Dit is swaar van al die lêers en dokumente en met sy tenger lyf moet hy deeglik vastrap en sterk beur … tot hy dit ver genoeg geskuif het om te sien wat agter die kas aangaan.

Die een netwerkkabel loop links teen die vloerlys af na die lessenaar toe. Die ander een verdwyn in die muur self.

Hy wonder wat sou die uncle se plan daarmee gewees het? Die huis is nie groot nie, dié Netgear-modem skep ’n sterk genoeg wifi-sein om oral op te vang. Sou daar iets anders gekoppel wees?

Hy trek die gordyne van die venster bo die toesluitkas oop, probeer sien of die netwerkkabel buite, anderkant die muur, weer verskyn. Maar die diefwering en die donker buite maak dit onmoontlik.

Lithpel gaan in die gang uit, kombuis se kant toe. Eers versigtig, want hy wil steeds nie die dood daar in die oë kyk nie. Dan besef hy die liggaam is reeds verwyder. Hy vra vir Arnold of hy ’n flits kan leen.

Arnold gee vir hom uit sy aluminiumtas ’n groot, sterk een aan (“altyd geweet ons is die lig in die Valke se lewe”), maar Lithpel is op ’n missie en sê skaars dankie, dan’s hy uit by die voordeur, verby Griessel en Cupido wat onder die suurlemoenboom staan en praat.

“Wa’ ga’ jy, Lithpel?” vra Vaughn.

Die sersant antwoord nie, loop links om die hoek van die huis, op die geplaveide paadjie wat teen die huis af strek. Hy gaan soek onder die studeerkamervenster. Hy rig die flits op die muur, onder. Hy sien ’n wit plastiekpyp wat daar uitkom, met ’n onmiddellike elmboog-koppeling na onder, waar dit in die plaveisel inloop. En dan onsigbaar is.

Dit moet die netwerkkabel bevat.

“Weird,” sê hy hardop. Want waarheen sou die uncle ’n netwerkkabel wou aanlê? Buite die huis?

Hy swaai die flits se straal heen en weer oor die agterplaas. Daar agter teen die betonheining staan ’n Wendy-huis. En die geplaveide paadjie wat hier teen die muur af loop, strek daarheen, met net een kinkel waar dit by die hoek van die huis ’n paar grade wegswaai om by die uitgelegde groentetuin se rooster aan te pas.

Hy stap na die Wendy-huis toe. Hy sien die deur is gesluit; daar is ’n groot slot aan. Hy skyn die flits onder, waar die huisie op ’n betonblad gemonteer is. Voor is daar geen wit pyp wat uit die plaveisel of die grond kom nie. Ook nie teen die linkerflank nie.

Hy stap om. Agter, reg in die middel, met ’n elmboog van negentig grade, kom die pyp uit die grond uit, en by die Wendy-huis in.

* * *

“Cappie, wie’t die sleutel vir die Wendy house?” gaan vra Lithpel vir Griessel.

Bennie haal die bossie uit sy broeksak uit, soek die regte sleutel. “Dis dié een,” sê hy en gee dit aan. “Wat wil jy daar gaan maak?”

“Something weird.”

“Wat is dit, Lithpel?” vra Cupido.

“Lyk my die uncle het ’n network cable al die pad na die Wendy house toe.”

“Is jy ernstig?” Want met Lithpel weet jy nooit.

“Dié tyd van ’n Tuesday night? Of course I’m serious, cappie. Let’s keep it real.”

“Jirre, Lithpel, dis laat. Moenie met ons neuk nie.”

“Cappie, kom saam, dan wys ek julle.”

Hulle stap agter hom aan tot by die studeerkamervenster. Lithpel wys vir hulle waar die kabel uitkom.

“That’s a LAN-cable inside the pipe there, coming from the inside. En ek dink dit gaan da’ agter by die Wendy house in. Kom kyk.”

Die prosessie loop die donkerte in; Forensies se sterk flits belig die paadjie. Tot agter die struktuur. “Check dit uit,” sê die sersant.

“Daai’s weird,” sê Cupido.

“That’s my point. Can we now please look inside?”

Hy gee die sleutel aan Griessel, wat die slot weer oopsluit, die grendel skuif, die deur oopmaak. Lithpel belig die agterste muur met sy speseryrak vol saadpakkies. Daar is geen teken van die kabel nie.

“Impossible,” sê hy.

“Now wait a minute,” sê Cupido. Hy loop in, tree die afstand tussen die deur en die muur af.

“I see what you’re doing there, cappie,” sê Lithpel.

Griessel sê niks; hy wag dat Cupido uitkom en buite dieselfde afstand meet.

“Ons het omtrent ’n meter and a half verloor daar binne,” sê hy. “That’s a false wall.”

* * *

Hulle sien eers die naat van die deur in die agterste houtmuur toe hulle fyn kyk. Want dit is netjies gedoen om byna onsigbaar by die patroon en tekstuur van die Wendy-panele in te pas.

Dan verg dit kopkrap en eksperimenteer voor hulle die speseryrak oplig, en die deur oopmaak.

Binne, in die smal vertrek, is ’n lang blad teen die muur af. Onder die blad flonker die liggies van ’n noodbatterystelsel. Bo-op lê kragkabels wat in minstens twee rekenaars geprop kan word, twee sleutelborde, twee muise. ’n Inkspuitdrukker staan eenkant. Die netwerkkabel kom van onder af, direk ingeprop by wat lyk na ’n klein LAN-verdeler. ’n Elektriese toevoer kom uit die vloer uit.

Onder die blad is ’n tweedeurkassie, soortgelyk aan die een binne, in die studeerkamer. Dit lyk of die deure oopgebreek is.

“That’s more like it,” sê Lithpel Davids.

“Hoe meen jy?” vra Cupido.

“Dis ’n techie geek se den dié, cappie. Check it out. Backup battery pack for power failures, so you don’t lose data. Two Logitech performance laser mice. Twee slabs van Das Keyboard, daai is serious stuff, real mechanical keyboards. Pro grade, nie vir amateurs nie. En daai, weet julle wat daai is?” Hy wys na die verdeler.

“Network cable splitter,” sê Cupido.

“Nee, cappie, daai is jou state of the art Ubiquiti UniFi Security Gateway. Jy configure hom met ’n command line interface. Again, for pro use only, dis ’n serious firewall, en jy kan nog jou eie VLAN ook create.”

Griessel en Cupido kyk net na hom, sonder enige begrip.

“Daai meen niemand kan op jou spy nie, cappie. Niemand gaan eers weet jy’s online, en wat jy daar doen nie. En niemand gaan in jou system in kan kom nie.”

Griessel wys na die langwerpige spookvorms op die blad waar die hout effens donkerder as die res van die oppervlak is. “Is dit twee rekenaars wat hier gestaan het?”

“Yebo, yes,” sê Lithpel. “Lyk of hulle nog baie recently hier was. But they’re gone now.”

Griessel buk, trek die gebreekte deure van die kassie oop.

“Net soos die inhoud hiervan,” sê hy. Want dit is dolleeg.

* * *

Griessel, Cupido, Kaleni en Lithpel Davids staan in die Wendy-huis en bespiegel oor die moontlikhede, probeer uitwerk wat Menzi Dikela in dié geheime kamertjie kon gedoen het. En hoe dit aanleiding gegee het tot die misdaadtoneel daar binne.

Davids sê die moontlikhede is so wyd soos die Heer se genade. Die uncle kon ’n bielie van ’n bediener daar gehou het, met ’n databasis van wie-weet-wat, of digitale valuta gemyn het. Hy kon die donkerweb benut het vir die aankoop van onheilige goed, dwelms of kredietkaartinligting. Of betrokke gewees het by kuberbedrog of kuberkrakery. “Or maybe he was just watching child porn.”

“Hayi!” sê Kaleni.

“Colonel, all I’m saying is that you don’t build a little secret room, with a heavy duty security gateway, and use weapons grade hardware to watch Netflix.”

“He was a decent man,” sê Kaleni beslis.

Griessel sê hy dink hulle kan aanneem die drie mans in die swart X5 was hierna op soek. Dis hulle wat die kassie daar onder die blad oopgebreek het, dis hulle wat die twee rekenaarkaste weggedra het. Hulle sal moet aanneem die rekenaars het inligting bevat wat die SSA baie graag wou hê. Sy beste raaiskoot, gebaseer op wat hulle van Dikela weet, is sensitiewe data oor staatskaping, oor korrupsie.

Toe vermoor hulle vir Dikela, en laat dit na selfmoord lyk.

“So they just came in here, shot him, and took the stuff? How did they know where to look?”

“Maybe they had a guy as smart as me,” sê Lithpel. “Following the breadcrumbs.”

“Wait,” sê Griessel, haal sy selfoon uit, skakel vir prof Phil Pagel.

“Ek hoop daar is ’n deurbraak, Nikita,” antwoord die patoloog, steeds joviaal, al is dit byna eenuur in die nag.

“Prof, die goed wat hulle ons slagoffer kon ingespuit het, of laat drink het … Kan dit mens laat praat? Kan dit jou goed laat sê wat jy nie normaalweg sou gesê het nie? As hulle inligting uit hom uit wou kry?”

Pagel dink lank voor hy antwoord. “Dis moontlik. Ek is nie ’n narkotiseur nie, ek gaan praat onder korreksie. Maar iets soos midazolam … Hulle praat van Guedel se klassifikasie, die vier stadia van anestesie. Daar is ’n farmako-kinetiese venster, Nikita, ’n sekere stadium ná toediening van ’n narkotikum, waartydens die pasiënt … Kom ons sê maar die inhibisies raak ’n bietjie los.

Daar’s baie chirurge wat stories vertel van die goed wat pasiënte onder narkose kwytraak, die vrae wat hulle sonder skroom beantwoord. Baie persoonlike, pynlik private goed … As jou verdagtes geweet het wat hulle doen, is dit sekerlik moontlik. My raad sou wees, gaan praat met ’n ekspert …”

59

Griessel ry met Philip Kgosanaweg huis toe, bo om die flank van Tafelberg. Dit is twintig oor drie in die oggend en hy is uitgeput, sy kop wil nie meer met dié saak spook nie.

Hy kyk na die stad. Dit lê wyd en flonkerend daar onder, magies en mooi soos die weerkaatsing van ’n speelse sterrehemel op ’n silwer meer. Daar is ’n skadeloosheid aan dié toneel, dink hy. Kaapstad in die nanag het ’n onskuld soos dié van ’n kind wat slaap. Onbewus van die onheile, die monsters wat sluip.

Hy dink aan daardie oomblikke op die verhoog vanaand – dit voel soos ’n leeftyd gelede – toe hy en Roes so naby aan nirwana was. Hy dink aan hoe hy gevoel het, binne-in die musiek. Verwyder. Veilig. Gelukkig. In volle balans, elke noot presies op sy plek.

Hy speel baskitaar omdat dit eenvoud en reëlmaat het. Voorspelbaarheid. Struktuur. Musiek is orde, perfekte orde. En sy werk is ’n onmoontlike, konstante, meestal frustrerende stryd teen die chaos. Elke misdaad, elke moord is ’n vals noot wat skril en skel teen sy grein en murg en been indring, ’n kakofonie, ’n verskriklike versteuring van die orde. Daarom dat hy so obsessief poliesman is, gewikkel in ’n oorlog wat hy nooit kan wen nie, maar hy kan ook nie ophou nie. Want hy smag na harmonie.

Daarom dat vanaand hom so pla.

Te veel vals note, en hy kan nie die regte akkoord of sleutel vir enige van hulle kry nie.

* * *

Hy neem sy vierminuutstort, gaan klim dan agter die warm, sagte lyf van Alexa in. Sy prewel iets, kwalik hoorbaar, maar dit klink na “Bly jy’s by die huis,” en dan slaap sy verder. Hy verstom hom aan dié vermoë; sy kan so maklik afskakel, so met oorgawe slaap.

Here, dis vir hom lekker by haar.

Sê nou maar net sy sê nee wanneer hy haar Sondagaand vra.

Dit gaan ’n gemors afgee.
Moet hy dit nie maar los nie?
Nog net vyf dae voor hy sy toesprakie moet maak.
Nee, dink hy, dis al Woensdag. Dis oor vier dae.
Sy ingewande trek saam.

Deel V

60

Woensdag, 30 Augustus. Daniel Darret. Amsterdam.

Sy eerste oggend in Amsterdam. Daar is geen e-pos van Vula nie. Geen nuus oor die President se program wat oor net twee dae in Parys afskop nie, geen aanduidings wat hom gaan help om die beste wapenbesluite te neem nie.

Dit maak nie saak nie.

Hy het in die sewe uur op pad gister vir die eerste keer tyd gehad om die hele operasie te deurdink. Om alles wat hy weet te meet teen moontlikhede en veranderlikes en strategieë. Om weer te tob oor sy motivering, om homself te vra of hy die sneller sal kan trek, op daardie oomblik dat die bekende gesig sy teleskoop vul.

Hy weet steeds nie.

Maar hy moet daarvoor beplan. Hy het in die motor tyd gehad om dit te doen. Om voor te berei vir die transaksie. Sy logika het vir hom gesê ’n wapenhandelaar soos Ditmir sal agterdogtig wees oor ’n onbekende, nuwe (swart!) klant wat sonder verwysing kom en net een geweer wil koop. ’n Lid van die Albanese mafia sal nie skroom om te probeer munt slaan uit só ’n situasie nie. Hy moet dus, en ook oor die algemeen, sy identiteit en sy blyplek en sy motor se registrasienommer bewaak. Teen Ditmir, en teen die mense wat steeds na hom soek.

Hy moet ook voorberei vir die terugtog, vir moontlike polisie-padblokkades, vir ’n verbode, groot en opsigtelike, ongelisensieerde wapen in sy motor. Daarom het hy gistermiddag eers aangedoen by Carl Denig, die buitelugwinkel in die Weteringschans. Om ’n versameling kampeertoerusting te koop.

Nou, ná ontbyt in die Ambassade Hotel, sy tydelike tuiste, stel hy die res van sy plan in werking. Hy gaan vra raad by ontvangs; hy is op soek na ’n spesiale tipe booteienaar wat ’n eiesoortige diens kan verskaf. Hy lieg so ’n bietjie om sy behoefte te laat sin maak.

Dit neem hulle amper vyftien minute om vir hom ’n kandidaat te bekom. Hy glimlag toe hy dit neergeskryf sien. Die voorgestelde bootman se naam is Pelle Baas.

Daniel skakel die nommer, verduidelik dan aan Baas wat hy benodig. Die

man klink aansienlik jonger en nugterder as die vorige skipper wat hy gehuur het. Hulle maak die afspraak en kom op ’n tarief ooreen.

Dan stap hy, net ná agt in die oggend, om sy bene te rek, om sy bloed te laat sirkuleer ná die lang sit in die Peugeot gister. En om die stad in te adem, weer ’n gevoel te kry vir die ritmes en menigtes, die eb en vloei, die gemoed daarvan.

Hy loop sonder bestemming, dwalend en impulsief, byna twee uur lank. Hy was ’n dekade gelede laas hier, maar dit voel vir hom of daar niks aan die siel van die plek verander het nie. Daar is meer aweregse museums, meer kaaswinkels, meer daggadampe, meer toeriste. Maar alles wat hom voorheen geboei en genoegdoening gegee het, is steeds teenwoordig. Hy probeer dit weer uitpluis en verstaan. Dit is deels die eiesoortige bekoring van die argitektuur en die waterweë, die smal stegies en breë pleine. Die eklektiese mengelmoes van ou kerke, kunshandelaars en sekswerkers, skouer aan skouer. Die frenetiek van fietse, trems, motors, strome voetgangers. Die gewig van eeue se handel en stryd en strewe, die libertynse geskiedenis. Alles speel ’n rol. Maar die kern daarvan lê vir hom in die gevoel, die atmosfeer. Daar is ’n ontasbare, subtiele gees van feestelikheid, ’n vrolikheid, ’n *bonhomie*, asof die vryheid en diversiteit en verdraagsaamheid steeds elke dag gevier word. Of is dit dalk net die Nederlanders se konstante verligting dat die see getem en die land drooggelê is?

Dit is wat sy geboorteland moes gewees het. Nou. Meer as twintig jaar ná die mirakel van 1994, ná al die opofferings en pyn en harde werk. Alles was so reg om ’n tweede Amsterdam te word, ’n land en ’n plek wat as monument staan vir die triomf van die goeie. Onderdrukking en diskriminasie hokgeslaan, soos ’n stormsee agter ’n dyk. Dalk is dit nog nie te laat nie. Hy troos homself dat hy die sneller kan trek om die vloed te keer, die skaal te help kantel, sodat Suid-Afrika miskien eendag feestelik sy ware vryheid kan vier.

Tienuur is hy by die roesemoes van die Albert Cuyp-mark. Hy weet hy moet begin aanstaltes maak, by sy beplande skedule hou en die wapentransaksie aan die gang kry, maar hy wil nog ’n rukkie die druk daarvan uitstel – en die spanning wat ’n militêre wapen in sy kattebak gaan meebring.

Hy draai daar, begin sy aantog in die rigting van die Oudezijds Achterburgwal, en dan is hy op Museumplein, en hy dink aan die mooi jong vrou in die geel rok wat hom vertel het van Christophle le More, die Middeleeuse lyfwag en boogskutter aan wie hy haar herinner het. *Min mense weet van hom. Hy hang in die Rijksmuseum.*

Hy koop op die ingewing van die oomblik ’n kaartjie, gaan soek die skildery.

Dit is nie groot nie, maar dit is indrukwekkend. In ’n goudkleurige raam, Le More se baadjie helderrooi, sy eienaardige hoed ’n sagter rooi. En die gelaat; sy

oë kyk na regs asof ingedagte. Met selfvertroue. Trots, asof hy tevrede is met sy stand, sy lang tog tot hier. Asof hy tuis is.

Daniel dink aan die skildery wat Élodie Lecompte van hom gemaak het. En al wat hy daarin kon sien, was sy eie verlange.

Hy draai haastig om, en hy loop.

* * *

Oudezijds Achterburgwal nommer 82D is ’n klokkie aan ’n deur, met ’n klein getikte strokie daaronder wat sê *Ditmir’s Trading*. Daar is ’n klein luidspreker teen die muur.

Hy druk die knoppie, maar hoor dit nie lui nie.

Hy wag, tot ’n vrouestem sê: “Second floor, please.” Die deur gons. Hy trek dit oop, loop in. ’n Stel houttrappe, geen hysbak nie. Hy klim met die trappe op. Op die eerste verdieping is daar ’n toe deur, swaar, geen naambord of aanduiding van wat daar agter gebeur nie. Op die tweede verdieping is ’n ondeursigtige glasdeur waarop *Ditmir’s Trading* gesandspuit is. En daaronder: *The Best from Albania*, met ’n groot vet uitroepteken om dié blye nuus mee af te sluit.

Daar is ’n klein kamera net bokant die deur. Hy maak die deur oop, gaan in.

Binne is ’n ruim vertrek. Daar is twee vroue agter ’n lang toonbank links, hul lang blonde hare in ’n identiese, reguit styl, die een helfte van die kapsel agter teen die rug af, die ander helfte voor oor die skouer. Daar is helderkleurige plakkate teen die muur agter hulle, op elkeen ’n groot logo wat sê *Made in Albania*. Op die plakkate is foto’s van tekstielware, tabak, vrugte en groente. Baie groente. Drie wit tweesitplekbanke, modern en stylvol, teen die vensters regs. Twee klein tafeltjies met pamflette en tydskrifte. Twee kameras. Een in die hoek, een agter die vroue.

Hulle groet hom vrolik. “Good morning, sir! Welcome to Ditmir’s Trading!” Nog uitroeptekens. Hulle lyk na susters. Ewe lank, ewe blond, ewe ingekleur, die grimering dalk ’n titsel aan die swaar kant, in hul grasgroen bloeses en blou denims wat die kleure van die *Made in Albania*-logo eggo. Vinkel en Koljander. Vinkel se voortande is ’n bietjie meer prominent. Koljander het ’n klein, blink edelsteentjie teen die linkerkant van haar neus.

Hy loop na die toonbank en groet terug. “I’d like to see Ditmir personally, please,” sê hy. Hy sien die blonde hare is gekleur.

Steeds glimlaggend sê Vinkel: “Oh, do you have an appointment?”

“I’m afraid I don’t, but I really don’t mind waiting.”

“I’m not sure that he’s free today. What is it about?”

“I’m interested in his special range of products.”

“Oh, perhaps *I* can help. Which specific products did you have in mind, or would you like to discuss the whole range of Albanian exports?”

“I’d rather speak to Ditmir in person, if you don’t mind.”

“Of course, sir. Won’t you please take a seat?”

“Sure.”

Hy gaan sit op die middelste bank, tel een van die pamflette op. Dit sê Albanië is nommer 131 in die wêreld wat uitvoere betref. Hy wonder of dit ’n apologie of ’n spogtery is.

Hy sien Koljander tel ’n telefoon se gehoorbuis op, praat daarin in ’n taal wat hy nie verstaan nie.

Sy praat hopelik met Ditmir of een van sy mense. Wat hom dophou op ’n TV-skerm iewers in die gebou.

In die pamflet lees hy oor Albanese handel. *The top exports of Albania are Leather Footwear ($310M), Crude Petroleum ($277M), Footwear Parts ($187M), Chromium Ore ($134M) and Non-Knit Men’s Suits ($129M).* Hy wonder wat behels dié “footwear parts”. Hy weet nie wat ’n “non-knit”-manspak is nie. Hy’t gedink omtrent alle manspakke is “non-knit”. Nie dat hy ’n kenner is nie; hy het dekades laas ’n pak besit.

Koljander sit die telefoon neer. “Sir?”

Hy staan op. “Yes?”

“I’m afraid mister Ditmir won’t be able to see you today.”

“When can I see him?”

“His diary is extremely full. Perhaps you can come back tomorrow?”

“I’m rather in a hurry …”

“I’m really sorry, sir. He is such a busy guy. Maybe tomorrow?”

“Thank you,” sê hy. “It will be difficult, but I’ll try.”

Hy groet. Hulle groet glimlaggend en vriendelik terug, wens hom ’n “nice day” toe.

Met ’n uitroepteken.

61

Toe hy weer op straat is, draai hy noord, loop al met die grag langs. Hy kan nie wag tot môre nie, besef hy. Hy moet verkieslik al môreaand terug wees in Parys. Maar eers moet hy vasstel of hy reg was.

Want hy verwag dat die ontwykende Ditmir ’n proses sal hê om potensiële nuwe klante te evalueer. Hy vermoed hy sal nou agtervolg word. Daarom gaan staan hy voor die Casa Rosso-klub en gee voor hy kyk na die plakkaat wat ’n seksvertoning adverteer, sodat hy sy agterhoede kan dek. Hy sien hulle. Twee mans van gemiddelde lengte, met dik skouers, kom by dieselfde Ditmir’s Trading-deur uit, so honderd meter agter hom.

Hy talm nog ’n oomblik, asof hy die Casa Rosso-vertoning ernstig oorweeg, soos ’n man wat skielik tyd tot sy beskikking het. Hy draai gemaak onwillig weg, stap dan verder, tot by die Molensteeg-bruggie. Hy draai daar regs, en nog ’n keer, in die rigting van die Waag.

Hulle kom, ongeveer honderd-en-vyftig meter agter hom. Sonder ’n ernstige poging om minder sigbaar te wees. Of dalk is hulle net nie vaardig nie. Die een loop effens bakbeen. Dit lyk of hulle neefs kan wees. Daar is ’n skimp van die komiese aan dié tweemanskap, soos iets uit die stilflieks van die negentien-dertigs. Laurel en Hardy. Hy wonder of alle Albanese in nuttige pakke van twee kom.

Op die Nieuwmarktplein gaan sit hy by ’n tafeltjie op die sypaadjie van die Cafe del Mondo, sodat hy ’n uitsig oor die plaza het. Hy neem alles in soos ’n bekoorde toeris. Hy sien hulle aan sy periferie, waar hulle besluiteloos voor die Albert Heijn-supermark gaan staan.

’n Kelner kom neem sy bestelling. Hy bestel koffie, leun terug, asof totaal ontspanne.

Hulle het langsaan gaan sit, by die Cafe Poco Loco. Een se rug na hom toe, die ander een kyk in sy rigting, probeer dit onopsigtelik doen.

Hy vermoed hulle is nie in dié kuns geskool nie.

Die koffie kom. Hy drink dit stadig, kyk na die kleurvolle blomstalletjies oorkant, na die lieflike ou Waag-gebou, seshonderd jaar oud, eens die plek waar handelaars goedere heen geneem het om te laat weeg.

Hy sit.

Hulle sit.

Hy bestel nog koffie, talm so veertig minute, sit dan geld op die tafel neer en staan haastig op, loop om die hoek, en dan wes. Hy rek sy treë. Hy wil weet hoe goed dié twee is, hoe ernstig hulle is om hom dop te hou.

In die Stoofsteeg sien hy hoe hulle weer binne trefafstand kom. Op die Damplein, tussen honderde toeriste, straatdansers en vuurblasers, skud hy hulle met verbasende gemak af, sodat hy moet gaan staan en wag dat hulle hom weer opspoor.

Nee, hulle is nie diep geskool in dié kuns nie. Of dalk stel Ditmir nie vreeslik belang in nuwe klante nie.

Dan loop hy rustig en geamuseerd met die kronkels van Raadhuisstraat langs, om te gaan eet by The Pancake House net duskant die Westerkerk.

* * *

Die twee Albanese kom by die restaurant in op die presiese oomblik toe Daniel se kos bedien word. Hulle loop reguit na sy tafel, trek stoele uit, gaan sit.

“I’m really curious,” sê Daniel, “what is a ‘non-knit suit’?” Hy kyk hoopvol van die een na die ander.

Hulle frons in totale verwarring. Al twee is in hul vroeë veertigs, skat hy. Donker baardskaduwees, hulle ruik sterk na duur naskeermiddel en vaagweg na knoffel. Die fris skouers is van harde werk, van swaar voorwerpe optel, nie van ’n gimnasium nie. Hare kort geskeer. Die een met die bakbene het ’n klein sekelvormige litteken onder sy linkeroog. Hulle lyk vir hom meer na groenteboere as lede van die Albanese mafia.

“What do you want with mister Ditmir?” vra die een met die sekellitteken, sy aksent swaar.

Die kelner bring nog spyskaarte, wat hulle met ’n geïrriteerde wuif van die hand wegwys.

“What everybody wants with mister Ditmir,” sê Daniel gemoedelik. “His special products.”

“What special products do you want?”

“I’ll tell Ditmir when I see him in person.”

“Who do you represent?”

“Myself.”

“Who referred you to mister Ditmir?”

“An African connection.”

“What is his name?”

“They prefer anonymity.”

“What is your name?”

“Doesn’t matter.”

“Where are you from?”

“Africa.”

Hulle staar na hom met groot intensiteit. Hy wonder of hulle verwag dat hy moet verwelk.

Eindelik haal Sekel ’n selfoon uit, bel iemand. ’n Lang gesprek in Albanees volg. Redelik ernstig. Die enigste woord wat Daniel van dit alles verstaan, is “Afrikan”.

Aan die einde van die oproep sê Sekel vir Daniel: “Finish your food. Then we will go to the toilet, you and I.”

“Sounds like fun,” sê Daniel. “I’ll show you my footwear parts, and you can show me yours.”

Daar is nie eens ’n vonkel in hul oë of die sweem van ’n glimlag nie.

* * *

Dit is vir al twee ’n ongemaklikheid, ’n verleentheid.

Daniel en Sekel staan in die toilet. Dit is ’n smal, klein vertrek, skaars genoeg ruimte vir Daniel om uit te trek, en vir die man om elke kledingstuk te vat en noukeurig deur te soek. Vir ’n meeluisterapparaat, of ’n wapen, dit maak sin vir ’n man in Ditmir se bedryf.

Sekel haal Daniel se selfoon en beursie uit sy broeksak, bekyk dit, plaas dit in die wasbak.

Dan, wanneer Daniel kaal is, maak die Albanees ’n apologetiese geluid, skakel sy foon se flits aan, beduie vir Daniel hy moet in die rondte draai sodat die man kan sien of daar nie ’n mikrofoon iewers geplak is nie. Daniel vloek in Xhosa, kort en stomp.

Sekel trek sy skouers op, ’n gebaar wat sê hy doen net sy werk.

Daniel draai in die rondte.

Nie een sê ’n woord voor hulle terug is by die tafel nie.

Sekel gee die foon en beursie terug. Hy sê: “You can leave your phone here with the waiter. Or you can throw it in the canal.”

“The canal is fine,” sê Daniel. Hy vermoed hulle is bang die foon kan gebruik word om ’n gesprek op te neem. Hy moet in elk geval ’n nuwe foon begin gebruik, en dit skep die regte indruk van professionaliteit by die wapenhandelaars.

Hulle wag dat hy sy rekening betaal.

Sekel sê: “Let’s go. Back to the office.”

Hulle loop weerskante van hom. By die brug oor die Herengracht haal hy sy selfoon uit sy sak, laat dit in die kanaal plons. Drie Chinese toeriste gaap hom in afgryse aan.

Sekel knik tevrede, beduie dan hy moet aanstaltes maak. Die Albanese loop nou twee treë agter hom, al die pad na Oudezijds Achterburgwal nommer 82D.

* * *

Dié keer spring die voordeur vanself oop, asof iemand hulle sien kom het. Hulle klim net die trappe tot op die eerste verdieping. Sekel haal sleutels uit sy sak, sluit dié swaar deur oop. Daniel loop in.

Binne is ’n ander wêreld.

Donker panele teen die mure, swaar gordyne wat die lig uithou. ’n Duisend klein liggies oor die plafon, en al met die lang rakke langs. Hier en daar ’n swaar, outydse lamp met gedempte, geel lig. Dit lyk soos ’n ouwêreldse mansklub, gloeiende, gepoleerde houtoppervlakke, groot gemakstoele van diepbruin leer, gerangskik om swaar koffietafels. Die kroeg beslaan die lengte van die agterste muur, drankbottels en kristalglase wat die liggies reflekteer. Drank se hemeltrans.

Dit ruik na sigare en sigarette, bier en leerpolitoer en tapytskoonmaakmiddel.

Vyf mans sit op hoë stoele by die kroegtoonbank. Vier is gewapen met wat lyk na Agram 2000-masjienpistole uit die voormalige Joegoslawië wat oor hul skouers hang. Hulle is jonger en leniger as die twee groenteboere, hul oë waaksaam. Daar is twee skootrekenaars, toegevou, op die blad voor hulle.

In die middel van dié groepie is ’n groter man met ’n kort, gestileerde baard. Ongewapen, omgeef deur ’n aura van belangrikheid.

Al vyf meet Daniel, van kop tot tone.

Die deur agter hom gaan toe.

Die een met die baard sê: “I am Ditmir. If you waste my time, you will be sorry.”

62

Ditmir is ’n prater.

Terwyl hy met sy rug teen die toonbank sit en sy arms voor hom vou, sê hy in skaflike Engels met ’n Oos-Europese aksent: “My guys asked you what is your name, who referred you, who do you represent? You give them funny answers. You want to come to me for business, you say who you are and who you represent. You don’t give funny answers. I do a lot of business in Africa. I have great respect for Africans; I respect their culture, I respect their ways. But you must come in here and respect *mine*. I give you my name; you give me yours. Maybe we take a drink, or we eat together. You say, you represent this general or that president, or whoever you represent. In business everything is about respect. Respect for the client, respect for the product, respect for the relationship. That’s why I make good business. So, because I respect you, I’m going to ask you again, what is your name?”

“Barnabas,” sê Daniel. Dit is die naam in sy Swazi-paspoort.

“Okay, Barnabas, thank you. Can I offer you something to drink? We have the world’s very best whisky. Or gin perhaps, would you like the best Dutch gin?”

“No, thank you. I don’t drink when I’m doing business. That’s my culture.”

“Okay, I can respect that. Now, who do you represent?”

“I represent myself.”

“Yourself? We all represent ourselves, Barnabas. I understand. But where are you from?”

“Swaziland.”

“Swaziland? Is that a place? A real place? A country?”

“Yes. As real as Albania.”

Ditmir talm, asof hy dié stelling eers moet ontleed vir ’n moontlike belediging. Maar dan knik hy. “Who referred you to me?”

“I’m not going to tell you that. Confidentiality agreement.”

Dit veroorsaak ’n lang stilte, kyke wat uitgeruil word.

Eindelik: “Are they from Africa?”

“Yes, they are from Sub-Saharan Africa. They are revolutionaries. I can’t tell you more.”

“Okay, I understand. You want to buy my products for your country? For mighty Swaziland?”

“There seems to be some misunderstanding,” sê Daniel. “I want to buy a rifle. Just one. For myself. For private use. A military grade sniper rifle, with an effective range of at least one thousand to one thousand five hundred metres. And a hundred rounds of ammunition. And a cleaning kit. I will pay in cash. Full price on delivery. That’s all.”

“That is all?”

“Yes.”

Ditmir swaai sy knieë weer na die kroeg se kant toe, asof hy belangstelling begin verloor. Hy ruil ’n kyk uit met twee van die waaksaames.

“I do business with countries, Barnabas. Not one-man shows.”

“Then I have been misinformed.” Daniel draai om en begin deur toe loop. Die twee groenteboere staan voor die deur, bewegingloos.

“But I like you,” sê Ditmir.

Daniel gaan staan.

“And I believe markets should be developed,” sê Ditmir. “Grown. I believe in networking, in making contacts. Maybe if you’re a satisfied customer, you will go to the president of Swaziland, and you will tell him Ditmir is a good man to do business with.”

“The King,” sê Daniel as hy terugdraai na die man toe.

“What?”

“Swaziland has a king, not a president.”

“Okay. But tell me, in Swaziland, do you and your king know about economies of scale?”

“Oh, yes, the clever white bwana taught us a lot back in the bad old days. We are forever grateful.”

Óf Ditmir steur hom nie aan die sarkasme nie, óf hy snap dit nie. “Okay, so you will understand, a rifle like that will be very expensive,” sê hy. “Because you buy only one. Economy of scale. Supply and demand. Good capitalism.”

Daniel knik. “I’m willing to pay a premium price for a premium product.”

Ditmir staan op uit sy stoel. “I like that, Barnabas. Premium price, premium product. I like that. We must talk. Come, sit down. Coffee? How about a good cup of coffee.”

* * *

Die koffie is uitstekend. Hulle sit by die kroegtoonbank voor die twee

skootrekenaars. Ditmir gebruik dit om sy produkte te vertoon.

Hy spog ’n bietjie: “Maybe, Barnabas, you were FBI, you were the Dutch General Intelligence and Security Service, or Interpol, and you came in here looking to arrest Ditmir, the great weapons trader. Maybe you come with your whole SWAT team, and what will you find, Barnabas? Nothing. Because there *is* nothing here. My catalogue is just bytes, floating around in the cyberspace. Just bytes. It’s like Amazon … You know Amazon? Where you buy everything on the internet? You know Jeff Bezos? Big Amazon billionaire?”

“Not personally, but one can dream,” sê Daniel.

“Well, my friend, you have now met the Jeff Bezos of the weapons trade,” sê Ditmir trots, nogeens onontvanklik vir ironie of sarkasme. “That is me. Look. You can search categories on my web shop, you can add quantities, it gives you the price straight away, all deep in the dark web …”

Terwyl een van die masjienpistool-trawante alles op die rekenaarskerm demonstreer.

Hulle soek onder “sniper rifles”. Sestien moontlikhede word op die Amazon-van-Wapens gelys. Daniel kyk na al die moontlikhede, wys dan met sy vinger na die skerm en sê: “That one.”

Hy wys na die Amerikaanse CheyTac M200.

“Four oh eight, or three seven five?” vra die een wat die rekenaar bewerk.

“Four oh eight.”

“Very good choice, Barnabas, you know your rifles,” sê Ditmir. “But that one is very expensive.”

“It says right there it’s thirteen thousand dollars,” sê Daniel.

“No, my friend. Economy of scale. If your king bought a hundred, then the price would come down. For *you* it is twenty-five thousand dollars. Hard cash. Ammo included.”

“Fifteen,” sê Daniel. “And I have euros.”

“Can’t do that. Economies of scale. A lot of trouble, a lot of hassle, for just one rifle. Not worth my while. And I don’t like euros as much as I like dollars. So the price is twenty-five thousand euros, take it or leave it.”

“I’ll have to take it,” sê Daniel. “So, what’s the next step?”

* * *

Dit is nou die tyd, volgens sy beplanning, dat hy skoon moet wegkom, sodat Ditmir nie sal weet waar hy bly of waar hy sy kontant hou nie. Want die Albanese is nou ingelig: Hy is manalleen, die eensame, onafhanklike operateur.

Hy wil kontant betaal. ’n Aansienlike bedrag. Hy hou vir hulle min risiko in, sou hulle besluit om die geld te bekom sonder om die geweer te lewer. Volg hom na waar hy bly, druk ’n wapen teen sy kop, vat die euro’s en sê: Gaan weg of jy sal baie spyt wees. Geen gevaar van *a lot of trouble, a lot of hassle* nie.

Hulle sal hom bes moontlik ook wil agtervolg omdat hulle in dié bedryf niemand vertrou nie. Kennis is mag, intelligensie is veiligheid. Daar is net te veel agterdog wanneer ’n onbekende koper sonder verwysings opdaag.

Daarom dat hy vanoggend vir Pelle Baas en sy motorboot gehuur het om vir hom te wag in die Geldersekade. Sy redenasie was, in Amsterdam se menigtes kan jy iemand maklik ongesiens agtervolg, as jy weet wat jy doen en jou prooi te voet, te fiets, of in ’n motor is. Maar as hy die waterkanale gebruik, raak dinge ingewikkeld.

Daarom het hy beplan. Voorberei.

Maar wat hy nie verwag het nie, is ’n glimp van die Rus.

Toe hy weer in die straat uitloop, die lig meeteens helder ná die skemer van Ditmir se verkoopslokaal, kyk hy instinktief op na die gebou by Oudezijds Achterburgwal 82D, omdat hy seker is daar sal oë op hom wees. Hy kyk na die vensters op die eerste verdieping, waar hy nou net sake gedoen het. ’n Refleks. Maar dit is die beweging in ’n venster op die tweede verdieping, daar waar Vinkel en Koljander werk, wat sy aandag trek.

Net ’n skimp, ’n sweem, ’n sekonde, selfs minder, waarin hy die man se gesig sien voor dit weer verdwyn. Die groot Rus, die beer wie se linkeroor vervorm is deur dik littekenweefsel, asof ’n stuk afgebyt is. So vinnig, so vlietend dat Daniel besef dit móét sy verbeelding wees. Dit is net nie moontlik nie.

63

Woensdag, 30 Augustus. Bennie Griessel. Bellville.

Luitenant-kolonel Mbali Kaleni se kantoor is anders.

Enersyds omdat sy vir haarself ’n klein oase wou skep in dié feitlik uitsluitlike mansomgewing. Andersyds omdat sy weet sy beskik nie oor die hartlikste persoonlikheid in die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke nie. Daarom dat sy probeer om ’n titsel verwelkomende warmte en vroulike sagtheid hier te skep.

Sy doen dit met ’n vaardige hand, net hier en daar. Soos die subtiele reuk van lugverfrisser en vars blomme. Vandag is daar drie perfekte wit aronskelke in ’n slanke fles. Soos die wit teebeker met die groen vlerke wat sy by ’n Pylones-winkel in Nederland gekoop het, ses jaar gelede. Daar is die kleurvolle, oorspronklike skildery van Lazarus Ramontseng oorkant haar, langs die deur; drie vrolike vroue in ’n township wat groot sakke Snowflake-meel op hul koppe dra, op pad huis toe. Die Zoeloe-liefdesbriefie wat aan haar rekenaarskerm geheg is, links onder; die kralewerk se kleure is hoofsaaklik wit en blou om haar maagdelikheid en getrouheid te bevestig, die driehoekie se punt dui aan dat sy ’n ongetroude vrou is. En die twee klein blokkies van glas wat sy laat maak het. Nie regtig vir ander mense nie, want hulle is só geposisioneer dat sý die woorde kan lees, nie haar besoekers nie. Die een teen ’n liggroen agtergrond is ’n aanhaling van die skrywer R.H. Sin. Dit sê: *Some women fear the fire. Some women simply become it*.

Die een daarnaas, in swierige swart letters teen ’n ligroos agtergrond, sê: *There is no force equal to a woman determined to rise*, en gee die sosioloog W.E.B. Du Bois krediet vir dié wysheid.

Dit alles is vanoggend sigbaar, soos altyd. Ook die netheid van gestapelde dossiere en die feitlik leë in-mandjie op die lessenaar, en die metaal-naamplaatjie met haar rang en naam op die punt van die blad.

Maar wanneer Griessel en Cupido vanoggend instap, terwyl die reën mistroostig buite neersif, is daar verskeie leidrade wat daarop dui dat dinge nie pluis is nie.

Kaleni se lyftaal is weemoedig. Haar oë is rooi weens die gebrek aan slaap

en sy lyk klein en weerloos agter die groot lessenaar.

En daar is ’n gaping in die galery foto’s agter haar teen die muur.

Hulle is al gewoond aan dié perfek gespasieerde geraamde kroniek van haar lewe en loopbaan: ’n Foto van haar as jong konstabel, vars uit die Polisiekollege, in haar blou uniform, met ernstige gesigsuitdrukking, vol verbete ambisie. Foto’s van haar drie gradeplegtighede, haar ouers twee keer trots saam met haar. Sy saam met Musad “Die Kameel” Manie by ’n spesiale toekenningsgeleentheid vir getroue diens. Sy saam met die destydse Nasionale Polisiekommissaris Bheki Cele. Maar nou is die *pièce de résistance*, die hart van die rangskikking, reg in die middel agter teen die muur, afwesig: Mbali Kaleni as plompe agttienjarige meisie, skaam en oorweldig, in ’n rok met te veel pers blommetjies, langs die huidige President. Twee-en-twintig jaar gelede, toe hy nog ’n provinsiale politikus was. By ’n ANC-viering in Pietermaritzburg waarheen haar ouers as onderwysvakbondlede genooi was.

Sy moes dit vanoggend verwyder het. Griessel weet dit moes vir haar ’n pynlike oomblik gewees het. Daarom dat hy nou huiwer voor hy haar die slegte nuus gee. Maar hy het nie ’n keuse nie.

“We have determined that the gun in mister Dikela’s hand was licensed to him,” sê Griessel.

Sy knik.

“We’ve also spoken to Uli Gerber at Forensics again.”

“Yes?” Gelate, want sy weet wat kom.

“He says the gunshot residue on his hand is consistent with Menzi Dikela pulling the trigger himself. There was no discernible interference from a third party. He says that also corroborates the blood spatter pattern, and he can give us absolutely no reason to believe it was staged. His conclusion is that it was suicide.”

“I don’t understand it,” sê Kaleni. “Then how did they kill him?”

“We’re trying to figure that out, colonel,” sê Cupido. “The drug screening may give us a few hints.”

“I hope you are right.” sê sy. Dan sug sy swaarmoedig. “Those people … They are so very clever. So very sly. They left no evidence.” Sy kyk na hulle, besef hulle het nog iets op die hart. “What else? Anything on the X5 yet?”

“Willem is still with the metro police,” se Griessel. “It’s going to take time.”

“And the neighbours?”

“Nothing, colonel,” sê Vaughn. “The problem is, it was a weekday afternoon. Only the lady across the street was home. Everybody else was at work.”

“There’s another issue, colonel …” sê Griessel apologeties.

“Yes?” Sag, gelate.

“Prof Pagel says he looked at all the options. There is no way he can get the blood screened and tested without a docket. The system just does not allow it. And even if we gave him a docket number and he called in every possible favour, it would take at least three weeks.”

Sy knik nadenkend. Bloedtoetse is oor die algemeen een van die Valke se grootste frustrasies. Anders as molekulêre diagnose wat deur die SAPD se forensiese laboratorium gedoen word, val toksikologiese analise onder die Departement van Gesondheid, wat landwyd net oor drie laboratoriums beskik wat dit kan hanteer. Dis ’n lompe burokrasie wat in normale omstandighede tydrowend en pynlik stadig is.

“However, he says under the circumstances we should consider using one of the private laboratories. He has a contact. He spoke to them this morning and they’re willing to rush it through, and give a big discount. But we will have to process the payment through unofficial channels.”

“How much will it cost?”

“Two or three thousand.”

“Ask him to do it right away. I’ll pay for it myself.”

“Colonel,” sê Griessel, “the professor is also a little uncomfortable with the … uh … general situation. He says he can keep the body for another day or so, as a John Doe, but he is a little worried about … the ethics …”

“We are all worried about the ethics, captain. Nobody more so than I. Tell the professor … Never mind, I will call him myself …”

* * *

Hulle ry Khayelitsha toe. Vusi Ndabeni gaan saam, omdat hy dié deel van die Kaapse Vlakte ken, en om taalverwarrings uit te skakel wanneer hulle met Menzi Dikela se huishulp praat.

Haar naam is Cebisa Jali en sy woon in ’n buitekamer in Mofale Crescent. Sy is nog nie dertig nie. Haar Engels is goed. Sy vra om verskoning dat sy hulle nie kan innooi nie, want die ruimte binne is eenvoudig te klein vir almal. Daarom staan hulle in ’n klein sirkel, weerskante van die draadheining en -hekkie. Die reën het weer gewyk, die lug is grys en somber. Buite in die straat stoot drie kinders ’n enjinlose bromponie tussen die reënwaterpoele deur. ’n Hond draf opgewonde saam.

Cebisa sê sy het uitsluitlik vir die umadala gewerk. Woensdae en Saterdae. Vir niemand anders nie. Haar lip bewe wanneer sy praat.

“Hoe het jy kop bo water gehou?” vra Vusi. “Met net twee dae se werk per

week?”

Sy begin saggies huil. Vusi probeer haar in Xhosa troos. Sy knik net haar kop in dankbaarheid en sê sy is jammer. Dan, met ’n stem op die rand van nog trane: “Hy het vir my gesorg …”

“Hoe bedoel jy, sisi, hy’t vir jou gesorg?” vra Vusi.

Sy kyk verwytend na hom. “Dis nie wat jy dink nie. Ek het matriek gehad, ek het gaan werk soek, maar dis so moeilik, daar’s so baie wat … Toe raak ek desperaat, ek het van deur tot deur in Observatory geloop, as ek net kon skoonmaakwerk kry, net om te kan eet. Hy was die enigste een wat vir my gesê het, kom in, kom sit, vertel vir my jou storie. Toe vra hy my, wat wil jy regtig doen? Wat is jou droom? Toe sê ek my droom is om ’n onderwyser te word. Toe sê hy dan is dít wat jy moet doen, en ek sal jou help. En hy het. Hy betaal my studies, my Unisa-gelde. Hy gee my sakgeld. Ek het vir hom ’n honderd keer gevra, umadala, wat wil jy hê, hoekom doen jy dit? Dan sê hy omdat hy kan. Sy kind is groot, hy’t nie meer ’n vrou nie, hy het die geld. En hy wil hê ek moet ’n toekoms hê. Hy wou nie gehad het ek moet daar kom huiswerk doen nie. Hy’t gesê hy doen al sy eie werkies, dit is vir hom lekker, dit hou hom besig. Toe sê ek nee, ek gaan dit doen, ek wil vir hom iets teruggee.”

“Van wanneer werk jy daar, sisi?”

“Dis nou al ’n jaar-en-’n-half. Julle kan kyk, al die geld wat hy vir my en die studies betaal het, is in daardie boek van hom, waar hy alles so mooi neerskryf. Elke sent is aangeteken.”

“En dit was altyd so netjies daar by hom?” vra Cupido.

“*Ewe*,” sê sy. “Altyd. So baie netjies. Daardie hele huis. Hy was só.”

“Wat het jy dan gedoen wanneer jy ingegaan het?”

“Wasgoed,” sê sy. “Hy het toe maar later die was en die stryk vir my gelos, want hy het gesien ek gaan nie ophou om in te kom nie. Ek soek nie ’n ushukela daddy nie.”

Hulle vra of sy geweet het van enige geheime kamertjie.

Hulle sien haar verwarde reaksie, die algehele onkunde. “Nee. Watter geheime kamertjie?”

Hulle laat dit daar. Hulle vra oor sy vriende, sy doen en late. Sy sê soms was daar vriende, soms het hy weer by hulle gaan kuier, op die dae wat sy gewerk het. Dan het hy ’n sleutel vir haar gelos, onder die suurlemoenboom. Sy vriende was maar almal ouerige mans. Menzi het haar altyd hoflik voorgestel. Vir sy vriende gesê sy studeer, hy is trots op haar.

Het sy ooit enigiets eienaardig waargeneem? Buitengewoon?

“Nee. Net nou Saterdag …”

“Wat, sisi?” vra Vusi.

Haar oë is weer vol trane. Sy sê toe Menzi se dogter Thandi vanoggend vir

haar bel om te sê die umadala is dood, het sy gedink miskien het hy gevoel dit kom.

“Hoe dan so?” vra Vusi.

“Hy was hartseer, Saterdag,” sê sy. “En toe sê hy …”

“Hoe kon jy sien hy was hartseer?”

“Hy was altyd net vol blydskap vir die lewe. En vir my. As daar nie ander mense was nie, het hy by my gesit waar ek die wasgoed was, of waar ek staan en stryk. En Saterdag, toe kon ek sien hy werk baie hard om die blydskap te wys. Om met my te praat soos hy altyd praat. Toe vra ek hom, umadala, wat is verkeerd? Toe sê hy ek moet nie bekommerd wees nie. Wanneer jy oud is, dan is daar sommer net dae wat jy dink die wêreld is nie so lekker nie.”

“Is dit al wat hy gesê het?”

“Nee. Hy’t ook gesê, alles gaan uitwerk vir jou, sisi, maak nie saak wat gebeur nie, jy sal sien, alles gaan uitwerk. Jy hoef nie oor geld te bekommer nie. Toe sê ek, umadala, wat praat jy nou? Toe sê hy, nee, hy sê maar net. En toe wil hy nie weer daaroor praat nie.”

64

Vusi Ndabeni bestuur die motor terug Bellville toe. Hy sê: “Guys, this really is a strange case.”

“Amen, brother,” sê Cupido.

“Why, Vusi?” vra Griessel. “What’s your view on this?”

“Well, the colonel really wants it to be a murder. But from everything I’ve heard, it looks exactly like suicide. I mean, what his char just said. The guy was depressed …”

“I’ve never seen Mbali like this,” sê Cupido. “Bending the rules. *Her*. That’s just crazy.”

“Exactly. And why now?” vra Vusi. “Why with this case? Did she know Menzi Dikela that well?”

“I think,” sê Bennie Griessel, “for her, the last straw was the Johnson Johnson case. That one broke the camel’s back. She’s just had enough of all the corruption. It’s … It’s in the way she sees herself. Those photos on her wall … She’s worked so hard, for so long, to build a career and a unit on honesty and integrity, and now … That must be tough.”

“Maybe you’re right,” sê Vusi.

“I’ll tell you what I’ve been scheming, maybe there’s …” begin Cupido sê, maar dan lui sy foon. Hy sien op die skerm dit is Arnold.

“Jis?” antwoord Cupido.

“Ek het vir jou goeie nuus, en ek het vir jou slegte nuus.”

“Shoot.”

“Jy weet hoe die meeste ouens altyd met die slegte nuus begin?”

“Ja …”

“Ek gaan dit nie doen nie. Ek moet eers vir jou die goeie nuus gee.”

“Go, Arnold. Go.”

“Geduld, my vriend, is bitter. Maar sy vrugte is soet.”

“Jissis, Arnold …”

“Okay, okay. Die goeie nuus is, julle selfmoordbrief is vervals. Definitief. Ons handskrifdeskundige sê dis sonder twyfel nie die oubaas se handskrif nie. En dis ook nie ’n baie goeie vervalsing nie. Hy sê dit lyk of hulle dit baie haastig gedoen het. Dit lyk of hulle darem ’n voorbeeld van sy handskrif

byderhand gehad het, maar dit was nie ’n ekspert wat dit gedoen het nie.”

“Okay. Cool. Great.” Want hy weet Mbali Kaleni smag na goeie nuus. “Wat’s die slegte nuus?”

“Ek is nog nie klaar met die goeie nuus nie.”

“Genuine?”

“Jip, my vriend, jou PCSI, jou elite Provinsiale Misdaadtoneel-ondersoekeenheid, is ’n konstante bron van opbeurende nuus, van blye tydings, gewaarborg om ’n lag in jou dag, lood in jou potlood, murg in jou py–”

“Jissis, Arnold!”

“Die brief, die selfmoordbrief op die tafel. Én die pen. Dis waar dinge interessant raak …”

“Ja?”

“Die oorlede oompie se vingerafdrukke is glad nie daarop nie. En soos julle weet, hy’t nie handskoene aangehad nie. Nou, dis al vreemd genoeg. Maar die ding is, dit lyk of die pen en die papier skoongevee is. Of iemand moeite gedoen het om afdrukke te verwyder.”

“So daar’s niks?” vra Cupido met teleurstelling.

“Wag, die goeie nuus hou nog lank nie op nie. Daar is een deel van die brief, agterop, wat die skoonvee gemis het. Klein hoekie, so langs die rand. In dié hoekie het ons ’n gedeeltelike afdruk gekry. Nie genoeg om ’n identifikasie mee te maak nie, maar dit is dalk nie ’n probleem nie. Want ons het die notablok ook getoets, die een wat in die laai van sy lessenaar was. Nou, hier kom die groot nuus, Vaughn: Ten eerste, ons is redelik seker die selfmoordbrief is van dié notablok afgeskeur. Die twee skeursome pas. Ten tweede, daar’s goeie vingerafdrukke op die notablok. Ten derde, een van dié afdrukke pas by die gedeeltelike een op die brief. En ten vierde, Vaughn, ta-da-da-da, dis nie die oorledene se vingerafdrukke nie.”

“Bliksem.”

“Inderdaad.”

“Wie se afdrukke is dit?”

“Okay, nou kom ons by die slegte nuus.”

Cupido se hart sink. “Wat?”

“Ons weet nie wie se afdrukke dit is nie. Die databasis gee geen positiewe resultate nie. Die ou wat die bladsy afgeskeur het en sekerlik die brief vervals het, het nie ’n kriminele rekord nie.”

“Wat van die bevolkingsregister, Arnold?”

“Dis Catch-22. As ons nie ’n docket het nie, kan ons nie by Binnelandse Sake se databasis inkom nie. Jy weet hulle soek ’n nommer.”

“Okay,” sê Cupido.

“Okay, wat?” vra Arnold. “Okay, jy gaan vir ons ’n docket-nommer gee, of

…”

“Okay, ons gaan moet dink. Ek kom terug na jou toe. Enigiets anders?”

“Daai grondmonsters …”

“Jis.”

“Ons het die tapyt in die sitkamer gestofsuig, en nog daarvan gekry. Nou, die dogter se skoene toets skoon, en die oubaas se skoene toets skoon. Moes ’n derde party gewees het. Lyk vir ons of dit deel was van ’n reeks voetspore, iemand wat van buite af ingekom het, tot in die kombuis. Hy moes ook by die kombuistafel gesit het.”

“Great,” sê Cupido.

“Ons het ’n voorlopige mikroskoop-vergelyking gedoen met die grond op die erf, veral in die groentetuin, en dis definitief nie dieselfde nie.”

“Okay …”

“Ons gaan dit in elk geval verder toets, die tuingrond. Digtheid en spektrometer. So ver het ons niks van die onbekende grond in die Wendy-huis gekry nie. Maar as hulle eers by die huis in was, en toe Wendy-huis toe, kon dit bloot al alles van hulle skoene afgeval en afgeskuur het … In elk geval, ons gaan nou met die detail-toetse begin. Ek sal bel as daar iets is.”

“Dankie, Arnold. Great job. Great job.”

“Ek weet,” sê hy en lui af.

Cupido deel die inligting stukkie vir stukkie met sy kollegas in die motor.

“Those SSA spooks won’t have their fingerprints in any database,” sê Vusi Ndabeni. “Not even at Home Affairs.”

“I agree,” sê Griessel. “We’ll waste our time if we put the query through, and we’ll show our hand.”

* * *

Die probleem met Kaapstad se CCTV-kameras is dat ’n SAPD-speurder nie sommer net by een sentrale plek kan gaan sit en vir die metropolisie sê “kom, dames en here, wys vir ons al die beeldmateriaal van Dinsdagoggend” nie.

Die stad het inderdaad ’n indrukwekkende totaal van eenduisend-vyfhonderd-vier-en-veertig kameras wat sy inwoners se doen en late dophou. Maar dit bestaan uit drie afsonderlike stelsels en word by drie verskillende plekke deur drie verskillende spanne gemonitor. Nommer Een: Die Snelweg-bestuurstelsel, onderhou deur die verkeersowerhede, met ’n stewige tweehonderd-nege-en-dertig kameras, is opgerig langs die Skiereiland se grootpaaie.

Nommer Twee: Die sogenaamde Integrated Rapid Transport-stelsel (IRT) se verstommende sewehonderd-en-elf kameras, als deel van die byna bankrot MyCiti-busdiens. ’n Span munisipale amptenare hou dit alles dop.

Nommer Drie: Die Kaapse metropolisie se trots – hul verbasend doeltreffende Strategiese Waarnemingseenheid wat dag en nag vyfhonderd-vier-en-negentig kameras bekyk. Dié netwerk is dwarsoor die stad opgerig en maak sedert die implementering daarvan ’n aansienlike positiewe verskil aan die misdaadstatistieke.

Mooiwillem Liebenberg het vroeg vanoggend by laasgenoemde begin, in die hoop om donker BMW-sportnutsvoertuie te identifiseer wat die vorige dag tussen 08:30 en 14:00 die toepaslike deel van die Observatory-buurt binnegekom en verlaat het.

Dit het hom langer as drie uur geneem om die een-en-sestig moontlike kandidate te identifiseer, en dan nog amper negentig minute om al dié voertuie se registrasienommers deur die onderskeie databasisse te sit, om die besonderhede van die eienaars te bekom. En om vas te stel dat die motors wel wettig geregistreer is.

Die logiese volgende stap was om eers net te fokus op die verdagte voertuie, veral dié waarvan die registrasienommers as vals uitgewys is. Want sy uitgangspunt was dat die SSA bewus sou wees van die kamerastelsels, en vals nommerplate sou gebruik om identifikasie te omseil.

Vier van die een-en-sestig donkerkleurige BMW’s wat op die regte tyd op die regte plek in Observatory was, se nommerplate is vervals, want die voertuigregister sê óf hulle bestaan nie, óf die betrokke nommers is aan ander motors toegeken.

Dié relatief lae syfer is nie moeilik om te verstaan nie. BMW’s is die elfde gewildste handelsmerk wanneer die Kaap se sportnutsdiewe hul kapings- en diefstalkeuses uitoefen. Ná Toyota, Land Rover, Nissan, Mahindra, Volkswagen, Jeep, Porsche, Renault, Ford en Daihatsu. BMW sou veel hoër op dié ranglys gewees het, sê die SAPD se motordiefstaleenheid dikwels, as daar goedkoper grys onderdele beskikbaar was en die nuwer modelle nie met uitstekende opsporingstegnologie gespog het nie.

Daarom is die meeste BMW X3’s en X5’s wat in die Skiereiland gesteel en met vals plate toegerus word, ouer modelle.

Soos drie van die vier wat Mooiwillem met soveel geduld en deeglikheid identifiseer. Hy kyk na beelde van al drie, sien daar is telkens net een mens in die motor, agter die stuur. Nie waarna hy soek nie.

Die vierde een op sy lys is minder as ’n jaar oud. ’n X5. Pikswart, met halfdonker-getinte vensters. En wanneer hy die heel beste kamerahoeke en -skote raadpleeg, teen die hoogste moontlike resolusie, wil dit lyk of die

insittendes drie mans was. Hulle het die vorige dag om 09:19 vanaf die N2 afgedraai na die M75, die “Liesbeek Parkway”, op pad in die rigting van Menzi Dikela se huis. En weer om 13:48 met dieselfde roete in die teenoorgestelde rigting die aftog geblaas.

Die regte voertuig, met die regte aantal manlike passasiers, met die mees verdagte jaarmodel-en-vals-plate-kombinasie, in die toepaslike tydgleuf. Daarom besluit Willem dit is sy sterkste kandidaat vir verdere ondersoek.

Die probleem is dat, wanneer hy aanskuif na die beheerkamer van die Snelweg-bestuurstelsel om die X5 se spoor uit die stad uit te bly volg, hy dit op die N7 verloor.

Hy kan duidelik sien die verdagtes het die N2 oos gevolg tot by die Swartrivier-wisselaar, daarna noord gery met die M5 tot by die Ysterplaat-wisselaar. Toe het hulle die N1 in die Paarl se rigting geneem, daarna weer die N7 noord. Die laaste kamera wat hulle vasgelê het, was die een by Dunoon.

Hulle was teen honderd-en-tien kilometer per uur, vroom binne die wet, in Malmesbury se rigting op pad.

65

Woensdag, 30 Augustus. Daniel Darret. Amsterdam.

Sy kop gons en sy fokus is oorlaai deur die moontlikheid – die ónmoontlikheid – dat die Russiese agent hier kan wees, én hy moet vasstel of Ditmir se mense hom wel agtervolg, én hy moet kophou om die kortste, vinnigste roete na die Geldersekade te volg. Die strate is besig en vol.

Hy gaan staan in Bloedstraat.

Een ding op ’n slag.

Laat Ditmir se span sien hy is waaksaam, want dit maak nie saak nie. Hulle sal dit van hom verwag.

Hy kyk terug. Mans, feitlik net mans in die rooiligstraat. Niemand wat duidelik op sy spoor is nie.

Hy talm. Hy kyk.

Niks.

Hy draai Waag se kant toe, draf tot op die hoek. Hy kom weer terug, let noukeurig op die ritme van die voetgangers, op enige belangstelling.

Niks.

Hy loop weer na die Waag toe, draai links, hardloop al langs die Geldersekade-kanaal op na die huisboot wat halfpad Bantammerbrug toe lê. Hy sien die klein vaartuig met sy kragtige enjin wat agter die huisboot lê en wag, die jong man daarin.

Hy roep: “Pelle Baas!”

Die jong man wuif vir hom, skakel die enjin aan, gaan lê teenaan die klein kaai agter die huisboot, soos hulle afgespreek het.

Daniel spring op die huisboot se loopplank, draf om die struktuur, en dan is hy in die bootjie.

“Let’s go,” sê hy en kyk terug in die rigting waaruit hy gekom het.

Niks.

* * *

Pelle Baas se boot is ’n klassieke oopdek-houtvaartuig, net vier meter lank, die hout en koper blink gepoleer. Agter is ’n Mariner F40-enjin, die drie silinders nou oopgetrek, hulle snel net regs van die Schreierstoren onder die Prins Hendrikkade-snelweg deur, al met die Oostertoegang langs, tot in die breedte van die IJ-rivier.

Hy kyk na die jong man, fiks en sportief, sy gelaat rosig van opwinding.

Vanoggend het Daniel oor die telefoon vir hom gesê hy soek na ’n vinnige boot en ’n vernuftige skipper met indieptekennis van Amsterdam se kanaalnetwerk.

“You’ve got the right guy,” het Pelle Baas gesê. “As long as we’re not doing anything illegal.”

“How about exceeding the canal’s speed limit?” het Daniel gevra.

“That can be arranged,” het hy met ’n glimlag in sy stem geantwoord. “What do you want to do?”

Daniel het gesê hy wil net seker maak hy kan nie agtervolg word nie. “I’m not going to tell you who might be following me, but I *can* tell you that I haven’t broken any country’s laws in the past five years, and that I won’t be breaking any laws while you’re with me. I want to hire you and the boat for the whole day. I’ll pay you whatever you charge, in cash. And I want you to cover up the name of your boat.”

“Three hundred euro, and you tell me the whole story.”

En toe maak hulle die afspraak, met die opdrag dat Pelle Baas in die Geldersekade vir hom sal wag. So lank as wat nodig is.

“Thank you!” roep Daniel nou, bokant die dreuning van die enjin.

“You’re welcome.”

Daniel kyk terug met die verwagting dat iemand agter hulle aan sal snel.

Daar is net ’n lang toeristeboot wat stadig agter hulle verbyvaar, ’n paar mense wat wuif.

“I think you’re safe,” sê Baas.

“Great job,” sê Daniel. “You can drop me off anywhere in the Prinsengracht. And there’s no hurry.” Al voel hy ’n haas, ’n drang om weg te kom.

Baas trek die versneller se hefboom terug en hul snelheid neem af.

Daniel haal sy beursie uit, gee die note vir die jong man aan.

“Thank you. But you still owe me the story.”

“I can tell you that I’m trying to bring a bit more liberty to my country. I’m on the side of the good guys. And the bad guys would like to stop me.”

“Cool! Where are you from?”

Hy wil sê hy is van ’n land waar die jong man se van ongemak kan veroorsaak. Hy skud sy kop, sê net: “Africa. It’s better that I don’t tell you more than that.”

* * *

Daniel stap deur die Jordaanbuurt se straatjies en oordink die aard van paranoia.

Hy ken dit. Dertig jaar gelede het hy daaraan gely, toe die KGB en Stasi hom die eerste keer in ’n bruikhuur-ooreenkoms met die ANC in Parys ontplooi het. Hy was alleen, onervare, in ’n vreemde stad en land en kultuur. Sy enigste kontak met hulle was die ingewikkelde kommunikasie van krytmerke op posbusse en klandestiene, gespanne ontmoetings met vreemdelinge in kafees, koeverte met gekodeerde boodskappe wat in koerante oorhandig is. Spioenasie in die era voor selfoontegnologie en die internet.

Die verskriklike eensaamheid daarvan, want enige menslike, persoonlike konneksies was verbode. En die vrees om uitgevang te word wat sonder ophou aan jou gevreet het, daardie verwagte gehamer aan die deur ná middernag, die skrik vir ’n sirene wat loei, die skerp, belangstellende blik van ’n poliesman. Dan voel jy oral die onsigbare oë op jou, jy sien spoke en gevaar waar dit nie bestaan nie, jy vertrou niemand nie. Konstante angs en stres, totdat jy besef dis by breekpunt, jy moet anders dink, óf jy moet ’n greep op die werklikheid kry, óf van jou sinne raak.

En hier is dit weer. Hy voel dit aan die drukking op sy bors, die geklop van sy hart, die waan van vervolging.

Hy stap, haal diep asem, dwing sy kop om nugter te dink. Hy soek na kalmte, na objektiwiteit, om te bly by die feite:

Niemand het hom agtervolg nadat hy by die Suid-Afrikaanse ambassade gaan navorsing doen het nie. Want niemand het geweet hy was in Parys nie.

Olivier Chérain het in sy dronkenskap die gasstoof aan vergeet.

Ditmir is ’n wapenhandelaar wat vet wins uit Barnabas-die-Swazi wil maak. Ditmir het as voorsorgmaatreël twee trawante gestuur om hom aanvanklik te agtervolg en te deursoek. Standaardprosedure vir ’n instapklant.

Ditmir het hom daarna nie agtervolg nie. Want hy was tevrede met die graad van risiko.

Die skim van die Rus in die venster was sy verbeelding, ’n vyf-en-vyftigjarige, verrinneweerde voormalige operateur wat ná net meer as ’n week se hoogspanning en stres weer terug is waar hy lank gelede was. Eensaam. Paranoïes. Die Russe is goed, maar hulle is nie só goed nie.

En om dit aan homself te bewys, hou hy nog veertig minute lank aan met stap, om seker te maak niemand is op sy spoor nie.

* * *

“I can deliver after five o’clock this afternoon,” het Ditmir gesê nadat hulle in daardie mangrot van hom op die prys ooreengekom het. “How do you want to do this?”

Daniel het die vorige dag op pad oor alles nagedink. Hy het geantwoord: “We’ll keep it simple. I want you to buy a four-man tent at one of the big camping stores. One that comes in a strong canvas bag. I want you to take out the tent poles and pegs. Wrap the rifle and ammo in the tent and put it back in the bag. Meet me at the National Monument on Dam Square at quarter past five. I’ll give you the cash; you give me the tent.”

Die Albanees het lank gedink voor hy geknik het. “You are clever. But you know we will kill you right there if you try monkey business.”

“You know I will find you and kill you if the rifle is not what I ordered.”

Die handlangers het gelag. Ditmir ook.

“Okay. We’ll see you at quarter past five.”

* * *

Om halfvyf tel hy die euro’s uit op sy hotelbed, draai dit toe in ’n T-hemp en plaas dit in Lonnie May se rugsak. Hy verplaas die ander kontant na sy tas, saam met die pistole. Hy boek by die hotel uit, rugsak oor sy skouer, en sleep sy tas na waar hy die vorige aand parkering gekry het op die Leidsegracht.

Agterin die Peugeot se bagasieruim is die ander kampeertoerusting wat hy gistermiddag gekoop het. ’n Slaapsak, ’n opblaasmatras, ’n batterylantern, ’n gasstofie, ’n pot en ketel, eetgerei, ’n Zeiss 20x60-verkyker, ’n kampstoel en opvoutafel. Met ’n seiltjie bo-oor. Amper vol. Net genoeg plek vir die tentsak.

Hy plaas die tas op die passasiersitplek, sluit die kar en begin stap na Damplein. Dit neem hom sestien minute.

Die son sit nog hoog; dit sal eers teen halfnege donker word. Dis warm, die lug skoon, net die lang, spierwit spuitstrale van vliegtuie van en na Schiphol wat ’n netwerk in die blou trek.

Lonnie het hier uitgevlieg. Op sy laaste reis.

Hy haal stadig asem, kyk na alles, na die mense, almal op pad, te voet, te fiets; hy wil los en kalm en gemaklik wees, waaksaam, die antitese van paranoia.

Hy is net voor vyf op die Damplein, ’n middeljarige fossiel tussen die jeugdige toeriste rondom die Nasionale Monument. Hy luister na die tale wat

hulle praat terwyl hulle selfies neem en in skrapse somersklere vir mekaar paradeer. Hy kyk na die pilaar van die monument, ’n vinger ten hemele ter nagedagtenis aan die gestorwenes in die Tweede Wêreldoorlog. Hy wonder hoeveel van dié jonges weet watter offer gebring is, watter verskriklike tol dit geëis het.

Hy dink terug aan sy eie veldslae. Hy was so oud soos baie van hulle toe hy vyande van die ANC se vriende moes elimineer, deel van die Koue Oorlog se skadukant. Geen monument sal ooit vir daardie gesneuweldes gebou word nie.

As hy maar weer só kan wees, nadat hy destyds die angs en paranoia oorwin het. So meedoënloos.

Hy sien hulle kom, kwart oor vyf. Die twee groenteboere, sekel-Laurel en bleskop-Hardy, voor die Krasnapolsky-hotel verby. Sekel, die segsman en leier van dié komedie-duo, dra die tentsak op sy skouer. Met gemak. Die twee maklik vervangbares, dink hy. Ditmir het hulle gestuur.

Hulle sien hom. Hy bly staan met sy rug teen die monument se muur, tot hulle by hom is. Dan haal hy die rugsak af, maak dit oop, vat die T-hemp met die geld. Hy gee dit vir die ander een. Hardy. Die man lig die T-hemp se materiaal net genoeg om seker te maak die geld is daarin. Onbeskroomd. Hy tel dit nie. Hy knik vir Sekel.

Sekel gee vir hom die tentsak. Daniel voel die gewig. Dit is swaar genoeg. Hy torring die bek van die sak oop. Die CheyTac se loop is sigbaar.

Hulle knik vir mekaar.

Die groenteboere draai om en loop.

Daniel lig die tentsak op sy skouer, kies koers tussen die menigtes deur, op pad na die Peugeot toe.

Dis te maklik, sê die stem in sy agterkop.

Dis te maklik.

66

Woensdag, 30 Augustus. Bennie Griessel. Bellville.

Op pad huis toe kry Bennie Griessel die groot insig. Die eindelike waarheid.

Dit is die dranklus wat dit bring. Hy weet die drie ure slaap het die smagting ontketen. Dít, die lang dag en die geworstel met die deurmekaar legkaart van die Menzi Dikela-saak. Uitputting soek na stimulasie, na verdowing, na ontsnapping, en die drank het nog altyd daarvoor gehelp. Daarom proe hy dit nou, sy senu-eindpunte is op soek na die tinteling van intoksikasie.

Dit maak hom bang, soos altyd die geval is. Want hy kan die gevolge sien, die een ná die ander, ná daardie eerste Jack Daniel's.

En die dranklus en die bangheid laat hom besef waarom Sondag soos 'n berg voor hom lê.

Sondag moet hy vir Alexa om haar hand vra.

En as sy nee sê, sal hy na die bottel wil vlug. Vir troos. Om die vernedering te ontsnap.

Want dit maak nie saak hoe sy dit vir hom gaan probeer verduidelik nie, hoe sy die slag gaan probeer versag nie, 'n "nee" sal beteken hy is nie goed genoeg nie. Hy is nie troumateriaal nie en sy sien nie kans om daardie pad saam met 'n gehawende, rehabiliterende, dikwels gevalle alkoholis, algemene fokop en polisiekapteintjie te stap nie. Boonop sal dit hul verhouding vir ewig skaad. Dit sal die breekbare vertroue knak.

En dit gaan hom laat suip. Dit gaan sy Dag Zero wees, sy drank-Armageddon.

Sondag. Sonder twyfel.

Hy ry 'n bietjie vinniger, sodat hy net by die huis kan kom.

* * *

Sy het kerrie gemaak. Die reuk in die kombuis is vol heerlike belofte. Hy soen haar, druk haar 'n oomblik lank styf vas. Dan kloek sy om hom. "Jy moet

doodmoeg wees. Jy het niks geslaap nie. Kom, Bennie, ek het die lekkerste butter chicken gemaak. Kan ek vir jou ’n Coke Zero ingooi?”

Hulle eet.

Daar is fout met die kerrie. Dis vaagweg bitter. Sy het dalk te veel borrie ingegooi.

“Proe dit okay? Dit proe nou vir my nie reg nie,” sê sy.

“Dis baie lekker.” Hy kyk na haar, na haar sorgsame gesig, na haar verweerde skoonheid. Hy voel groot emosie – die liefde wat in hom lê, en die veiligheid wat hy hier by haar ervaar. Hier.

Vier dae voor hy haar moet vra.

Vier dae voor Armageddon.

67

Donderdag, 31 Augustus.

Drie dae voor hy die President van sy geboorteland moet skiet, maak die voëlgesang Daniel teen dagbreek wakker in die houthuisie van Camping Le Grillon in die Belgiese Ardennewoude, op die walle van die smal Ourtherivier.

Hy neem eers die selfoon, aktiveer dan die Proton-applikasie en kyk of daar e-pos van Vula is.

Daar is nie.

Hy stuur een van sy eie:

From: inhlanhla@protonmail.com
Subject: Supplies bought
To: vula@protonmail.com

Dear Vula

Your recommended medical supplies dealer was interesting, and the transaction ultimately successful.

I'm on my way back.

Best wishes,

Dr Inhlanhla

Hy staan op, trek die gordyne oop. Sy huisie sit op die rivier en die uitsig is mooi. Dit was donker toe hy gisteraand hier aangekom het. Die oord is stil, want hoogseisoen het elf dae terug geëindig. Hy het die bespreking met die selfoon gedoen, toe hy brandstof in Maastricht ingeneem het. Doelbewus 'n oornagplek in dié gebied gekies waar die bosse dig is, om die geweerskote te demp.

Hy kyk nou na die woud anderkant die rivier. Dit is steeds soos hy dit onthou, toe hy destyds met die motorfiets hier deur is. Jy kan daarin verdwyn.

Hy smag na koffie, hy het nie geweet die restaurant van Camping Le Grillon se kombuis sou eers 12:00 oopmaak nie. Hy sal moet uithou.

Sy eerste prioriteit is blyplek in Parys. Hy wil nie met die groot tentsak in ’n hotel instap nie, en dit is eenvoudig te gevaarlik om dit in ’n motor te laat, oop en bloot geparkeer op ’n straat in Parys. Hy wil nie sy naam weer op ’n hotelregister hê nie, nie weer die aandag, onsekerheid en ongemak van die “my-kredietkaart-is-gesteel”-aanslag verduur nie. Hy soek ’n woonstel vir korttermyn-huur, van vanaand tot Sondag. Wat hy met kontant kan betaal. Hy kry dit op Paris Attitude se webwerf, ’n eenslaapkamerplek op die vyfde verdieping van ’n gebou op die Boulevard Morland. Dit neem hom veertig minute om die bespreking te doen en die e-posse te beantwoord. Hy sal die huur in kontant by ’n bank moet gaan inbetaal, op pad Parys toe.

Hy was, trek aan, maak die gordyne toe, toets weer dat die deur gesluit is. Dan rits hy die tentsak oop, haal die tent uit en rol dit oor die klein leefvertrek se vloer oop.

Die CheyTac se kolf is ingevou, die teleskoop los, die ammunisie in pakke, die skoonmaakstel in ’n seilsakkie. Hy streel met sy vingerpunte oor die geweer se slanke vakmanskap, die donkergrys metaal se wisselende teksture. Dit is ’n kunswerk, dink hy. Soos al die wapens waarmee hy gewerk het. Hy plaas die geweer op die tafel, begin die ritueel van voorbereiding.

Dit is die reuk van geweerolie wat die herinneringe losmaak, ’n smeermiddel vir sy verroeste geheue. Van sy opleiding dekades gelede, van die uitgestrekte skietbaanvlaktes en intense sluipskutskoling, van wiskundige afstandtabelle en stram, koue ure verskuil in Oos-Duitse bosse. Hy laat die herinneringe toe terwyl hy die geweer skoonmaak en elke onderdeel leer ken.

* * *

Hy draai die geweer in die tentsak toe, gaan bêre dit in sy motor. Gee die huisie se sleutel aan ontvangs terug, en ry. Hy het Google Earth gebruik om ’n area te kies. Hy ry met die N89 in die rigting van Samrée, soek ’n bosboupaadjie bo in die berg, draai regs af, trek die Peugeot diep tussen die bome in.

Hy kyk na die grondpad wat die woud in slinger. Geen vars spore nie.

Dit is stil en verlate, net die ligte wind deur die blare, onsigbare dierelewe wat roep.

Hy trek die tentsak uit, sit dit oor sy skouer en begin die ruigtes instap.

* * *

Lithpel Davids se e-pos wag vir Griessel en Cupido toe hulle net voor sewe – uitgerus en oorgehaal – by die kantoor aankom.

Cappies!
Find attached die uncle se call register, WhatsApps en SMS'e.
PS – It's not like we hit the jackpot. But hey, I'm not the detective.
PPS – Don't only thank me, thank Cellebrite too. Amazing technology!

Philip van Wyk en sy IMC het onlangs die Israeliese Cellebrite-programmatuur aangekoop om fone mee te ontsluit. Hulle is baie ingenome daarmee en nie skaam om dit te erken nie.

Die twee speurders kyk na die aangehegde lêers in sigblad-formaat. Die oproepregister het drie kolomme vir inkomende oproepe; die nommer, die tyd van die oproep en die tydsduur. Daar is ook 'n sigblad vir geskakelde nommers, onder dieselfde drie hofies. Dikela het die foon nie intens gebruik nie. Daar was net enkele oproepe, die meeste van sy dogter die afgelope week.

Die boodskappe is ook maar karig. 'n Paar aan vriende om afsprake vir ete of 'n drankie te maak of te bevestig, banktransaksie-bevestigings, enkele kort gesprekke met sy dogter wat hoofsaaklik sê hy verlang na haar.

"No smoking gun," sê Cupido.

Griessel staan op. "En dis te … Ek weet nie, dis min, Vaughn. Dis te … Hier is 'n ou met 'n geheime kamer in sy Wendy-huis, en sy SMS'e is …"

"So innocent?"

"En so … Ek weet nie, dit voel net nie reg nie. Kom ons gaan praat met Lithpel."

Hulle kry hom in sy werksruimte, besig om sy ontbyt van versuikerde kitsgraankos te eet.

"Not exactly your breakfast of champions," sê Cupido.

"Ma' dis lekker. And I'm thin, cappie. Ek kan eet wat ek wil."

Cupido prosesseer dié antwoord met agterdog. Wie weet dat hy op 'n dieet is? Wie praat uit?

Griessel sê vir Lithpel wat hul probleem is met die lêers wat hy aangestuur het.

"Ja, I feel your pain. My best guess is die uncle het nóg 'n foon gehad," sê Lithpel.

"Wat laat jou só dink?" vra Griessel.

"Cappie, computer geeks like van Android, 'cause why they can fool around with it, op baie verskillende maniere. Ma' dié uncle het 'n iPhone? Daai maak

my uncomfortable, to start with. Reason number two, hy was in daai secret kamertjie van hom met shenanigans besig; ek meen, what's the use of a secret kamertjie as jy nie shenanigans kan aanvang nie? En julle weet, waar jy shenanigans kry, is die odds altyd goed lat jy burner phones gaan kry …"

"Nie altyd nie," sê Griessel.

"Fair enough. There's a lot of very stupid criminals out there. Ma' ons praat hier van 'n geek, a very smart man, a guy who used to work for Intelligence. And one more thing. Agter daai work bench in sy secret kamertjie was 'n plug adapter met ses two-pin slots. En toe ons da' kom, toe is dit net die Ubiquiti Security Gateway wat ingeplug is. I find that a little strange. You don't waste a good adapter like that when they're always in short supply."

"Very circumstantial," sê Cupido.

"As hulle die rekenaars gevat het, sou hulle die ander fone ook gevat het," sê Griessel.

"It's possible," sê Lithpel voordat hy nog 'n mondvol graankos neem.

"Die probleem is net," sê Griessel, "ons kan nie die mense in sy oproepregister bel nie, want niemand weet nog hy's dood nie."

"En ons kan nie 'n two-oh-five kry nie, want ons het nie 'n docket nie," sê Cupido.

"Mexican standoff," sê Lithpel.

"Rock and a hard place," sê Vaughn Cupido.

"Fokop," sê Bennie Griessel.

Hulle loop terug kantoor toe. In die gang kry hulle vir Vusi Ndabeni. "Have you heard?" vra hy.

"What?"

"The colonel has been with The Kameel since seven o'clock. Morning Parade is cancelled."

* * *

Drie maande gelede het Daniel Darret die berig in die *Sud Ouest*-koerant met aandag en belangstelling gelees. Van die Britse SAS-sluipskutter wat in Mosoel, Irak, 'n Isis-terroris oor 'n afstand van twee komma vier kilometer doodgeskiet het. Met dié Amerikaans-vervaardigde CheyTac M200. Die rondte het 'n volle drie sekondes geneem om dié afstand af te lê voor dit deur die keel van die vyand geruk het.

Die geweer is akkuraat tot op drie komma twee kilometer. Daar is sewe van die lang rondtes, 408-kaliber, wat in die uittrekmagasyn pas.

Hy het sy kop geskud oor wapentegnologie se vooruitgang. In die jare tagtig het hy die Russiese Dragunov gebruik, sewe komma ses-twee, akkuraat tot op agthonderd meter. Jy moes ’n uitsonderlike skut gewees het om op langer afstande goeie groeperings te skiet.

Nou lê hy op die woud se vloer, op ’n bed van verrottende eike- en beukeblare, met die CheyTac voor hom uitgestrek. Hy stel dit in op eenduisend meter; hy skiet net dertien skote voor hy tevrede is, tot hy in die Zeiss-verkyker kan sien die groepering is binne tien sentimeter op dié afstand.

Soveel makliker as in die ou dae. En hy kry ná al die jare steeds die diepe bevrediging, die gevoel dat dít sy natuurlike toestand is, die wapen net ’n verlenging van sy lyf. Dis een ding wat hy kán doen.

Hy onthou hoe hulle hom ontdek het, op die stofverwaaide skietbaan in Kazakstan, die Russiese skietinstrukteur wat nie sy teleskoop wou glo nie, wat die vierhonderd meter na Tobela se teiken toe gestap het om te gaan seker maak dit is werklik só. En ’n vars teiken opgehang het, en gesê het: Doen dit weer.

Hy het. Hy het dit herhaal op langer en langer afstande, self heeltemal onkundig oor waarom hy dít kan doen, hierdie talent openbaar.

Toe haal hulle hom uit die Umkhonto-opleiding en stuur hom Oos-Duitsland toe.

Hy onthou die hand van Ewgeni Federowitsj Dragunov op sy skouer, die legendariese, nederige Russiese wapenontwerper. Hy het hom ontmoet in Oos-Duitsland toe hy en die ander studente van die Stasi-skerpskutterskool moes help met die toets van ’n eksperimentele SVDS-geweer.

Kameraad Dragunov was gefassineer deur die swart leerling met die onmoontlike groeperings, selfs met ’n dwarswind van sewentien kilometer per uur en die swak lig van ’n swaar bewolkte wintersdag. Die bonkige, bejaarde Rus het iets in sy moedertaal gesê, met sy arbeidershande sy dik swartraambril opgestoot, en toe aan die Xhosa se skouer gevat asof hy wou seker maak dat hy werklik is.

Hy dink aan dit alles toe hy die geweer versigtig in die tent oprol, in die sak sit, op sy skouer lig en begin terugstap na die Peugeot toe.

68

Twintig voor tien op die Donderdag.

Kolonel Mbali Kaleni kom haal hulle, vir Bennie en Vaughn, Vusi en Mooiwillem en uncle Frankie, vra dat hulle na haar kantoor toe moet kom.

Die Blom is vanoggend heeltemal verwelk, dink Cupido. Droë rangskikking. Hy het haar nog nooit só gesien nie. Hy voel vir die eerste keer vandat hy haar ken opreg en diep jammer vir haar. Sy is gedemp, verslae, verslaan.

Sy vra hulle om te sit, gaan druk die deur toe, neem stelling in agter haar lessenaar.

"Just past eleven o'clock last night, professor Phil Pagel called me," sê sy in 'n begrafnisstem. "He said he had received the results of the blood tests from the private laboratory. There is absolutely no indication of any anaesthetic agents in Menzi's blood. There is no trace of any substance in his stomach contents that might have been used to camouflage such agents in a drink or food. The professor also did a comprehensive autopsy late yesterday afternoon, spent a lot of time trying to find evidence of defensive wounds, or the symptoms of an insulin overdose. There were none. He told me he has absolutely no reason to believe that Menzi's death was anything but suicide. This corroborates the evidence gathered by Gerber, about the blood spatter and gunshot residue. So, I have made a big mistake. I have allowed a personal relationship to interfere with my good judgement, and I have involved all of you in this foolishness, for which I apologise unconditionally. My behaviour was absolutely unacceptable …"

"Colonel," sê Bennie Griessel, "I don't think …"

"No, Bennie, please. Let me speak. I have spent the morning with the brigadier. I have told him everything, and I have tendered my resignation. He refuses to accept it, but I have asked him to think it over. I have assured him that your involvement in the matter has been on my orders, and that none of you should be held accountable for the serious breaches in procedure and protocol. He agreed that this was indeed the case. I will open the appropriate docket, indicating that this was suicide, and I will take it to the Mowbray station commander right after this. I'll tell him that I will fully understand if he wishes to proceed with a formal complaint against me. I have already

telephonically apologised to professor Pagel for involving him. I will also personally apologise to Forensics. That is all, thank you. Please proceed with your other cases."

"Colonel, may I speak now?" vra Griessel.

"Bennie, there is nothing more to be said. Please."

Hy wil sê sy het op goeie trou vir hulle – en haarself – by die saak betrokke gemaak. Sy hoef nie skuldig te voel nie. Hy sou dieselfde gedoen het. Maar haar toon is pleitend. Hy sê niks.

Sy staan op. "I have a lot of things to do."

* * *

Cupido loop saam met Griessel in die gang af. Hulle kyk Mbali Kaleni agterna, trappe se kant toe. Toe sy verdwyn het, sê Vaughn: "Benna, ons kan nie dié ding los nie."

Griessel knik net ingedagte.

"Dis die state capture-maaifoedies, Benna. Ek weet nie hoe hulle dit gedoen het nie, ma' dis hulle. Ek meen, die missing koeëldoppie, die secret kamertjie, die forged suicide note, die mystery fingerprints, die X5 met die fake nommerplate, three official looking males who paid him a visit. Dis hulle. SSA se monkey business. Daai Okapi en die biltong, dit spook by my, al sê jy wat. Ek gaan nie dat daai mense dié keer ook met 'suicide' wegkom nie."

Bennie gaan staan. "Mbali gaan dit nie toelaat nie."

"Mbali hoef nie te weet nie. Tot ons iets het. As ons niks kry nie, no harm, no foul …"

"Daar's niks oor om te kry nie, Vaughn."

"Ons moet 'n way kry om daai prints te process, Benna. Ons moet teruggaan na die umadala se huis toe. Ons moet onse tyd vat. Jy moet da' gaan staan, and then you do that thing you do. And then I'll put it all together. Ek het hierdie gevoel ons het iets gemis. En jy weet my intuition … Just one more go at this. Asseblief."

"Vaughn, ek …"

"Komaan, partner. Ons moet minstens try."

"Vaughn, hulle gaan ons gatte fire. Ek kan nie Sondag vir Alexa vra om met my te trou as ek nie 'n jop het nie. Dis net nie … reg nie."

Cupido sug. "Fair enough. Ek het vergeet van daai een."

"As ons meer gehad het …"

"Dis okay, Benna. I'll go it alone on this one."

“Jy gaan dit nie los nie?”

“Hoe kan ek, Benna? Hoe kan ek as daai Donovan-laaitie vir my met sulke doubting eyes loer? Ek kan hom nie in die oë kyk en sê nee, ons is g’n gecapture nie. Jy ken daai ding van ‘the only thing necessary for the triumph of evil is for good men to do nothing’. As ek niks doen nie, dan is ek ook so goed as gecapture. Maybe nie op die three fat Indians se payroll nie, ma’ captured nonetheless. Ek gaan nog vir Donovan se mammie vra om te trou met my. Nie vandag nie, nie hierdie jaar nie, but somewhere down the line. Inspired by your senseless marital bravery. En dan wil ek vir Donovan kan sê sy stepdaddy did not do nothing. He stood up for what is right. He risked his career. He did the spirit of the Hawks proud. Al werk ek daai tyd as ’n mall cop in die Brackenfell in.”

“Fok,” sê Griessel.

“Fok wát?”

Bennie Griessel loop ’n ent weg in die gang, en gaan staan.

“Fok wát, Benna?”

Griessel dink, worstel, kom kopskuddend terug. “Fok, Vaughn, jy beter vir my ook ’n mall cop jop kry as hulle ons fire.”

“Jy’s in?”

“Ek’s in.”

“I love you, man.”

* * *

Daniel Darret betaal die huur van die Parys-woonstel in by ’n bank in Reims. Wanneer hy die bewys van betaling met e-pos aanstuur, sien hy daar is ’n boodskap van Vula.

From: vula@protonmail.com

Subject: Supplies bought

To: inhlanhla@protonmail.com

Dear Dr Inhlanhla

We are happy that you have the supplies. Let us know when you are safely in Paris.

Vula

Dis al? Geen nuus oor die President se aktiwiteite Sondag nie? Dis oor twee dae, want vandag is nutteloos, verby. Hy het minstens twee dae nodig vandat hy ’n skedule gekry het, om die omgewing te verken, om ’n plek te gaan kry om met die geweer te gaan lê, ingange, en wegkomroetes.

Hy wonder wie is aan die ander kant van die e-pos, watter een van Lonnie May se bejaarde oudstryder-kamerade. Weet hulle wat hulle doen?

Daniel skryf terug:

Dear Vula

I am concerned about the time available to prepare for the operation. It is an intricate procedure and needs careful planning. Please supply all available information at your earliest convenience.

Yours faithfully,

Dr Inhlanhla

Hy wag ’n halfuur. Hy kry geen antwoord nie.

Dan ry hy met streekspaaie, deur klein dorpies, om die A4 en moontlike polisieteenwoordigheid te vermy.

* * *

Daar is die moontlikheid dat Mbali al by Forensies was en die saak gevries het. Dit is waarom Griessel die een is wat vir dik Arnold van Forensies moet bel en vra om deel te wees van die nuwe sameswering. Want Cupido sê: “Hulle dink ek’s ’n windgat. Hulle like jou meer, Benna.”

En hulle dink ék is ’n dronkgat, vermoed Griessel, maar hy bel en hy vra: “Arnold, was Mbali al daar?”

“Nog nie. Wat wil sy hier kom maak?”

Griessel sê hulle bevelvoerder wil kom apologie aanteken en die hele ding stopsit.

“Vir wat? Ons het net begin pret hê. Daardie grondmonster van julle …”

“Ja?”

“Interessant. Dis nie jou gewone resultate nie.”

“Hoe bedoel jy?”

“Ons het nog nooit so iets gesien nie. Dis … Okay, ek moet onthou ek praat met ’n Valk, so ek moet dit baie eenvoudig hou …”

“Ja, ja …”

“So, hier’s die storie: Jy weet mos, die grondmonsters wat ons gewoonlik kry, kom van voetspore en buitebande af, daardie soort van ding …”

“Ja.”

“En voetspore en buitebande loop op teerpaaie en grondpaaie of bogrond, of dalk ’n geploegde land, of ’n bedding wat omgespit is. Dan wys die toetse jy’t jou grond, en jy’t jou sade en jou stuifmeel, miskien kunsmis, voëlmis, motorolie, al die gewone bogrond-moontlikhede …”

“Ja?”

“En ons toetse is gewoonlik vergelykend van aard, twee verskillende monsters. Om te bewys ’n verdagte was op ’n spesifieke plek, of die monster stem ooreen met grond wat aan ’n slagoffer se skoene was. Jy weet mos …”

“Ja.” Hy sal geduldig moet wees, want Arnold wil hom eers ’n bietjie beïndruk, soos altyd.

“In dié geval het ons niks om dit mee te vergelyk nie. Ons moet analiseer en probeer sê waar dit vandaan kom. Ons moet raai, op grond van drie dinge: sediment, kleur en struktuur. Is jy nog met my?”

“Ja.” Griessel het hulle al in die hof hoor getuig, so hy is bewus van die meeste van wat Arnold sê. Maar dis beter om hom te laat praat, want Bennie het ’n groot guns wat hy wil vra.

“Die kleur was van die begin af vir ons vreemd. Ongewoon. Ons het die monster onder die mikroskoop gesit, en ons het toe ’n digtheidstoets gedoen, in wat ons noem ’n digtheidsgraduentbuis. Jou digtheidstoets skei die verskillende lae en dit gee vir jou ’n grondprofiel. En toe is ons spektrometer toe om die minerale te kry. En om ’n lang storie kort te maak, ons het nog nie dié kombinasie van kleur en tekstuur en profiel en mineraalsamestelling in ons gewone toetse gesien nie. Ons dink dit kom uit ’n myn uit. Of iets.”

69

“’n Myn?”

“Dis reg.”

“Daar’s nie myne hier rond nie, is daar?”

“Ons het gecheck. Daar’s ’n hele klomp oopgroefmyne. Graniet, sandsteen, bouklip … Jy’t jou kleimyne vir bakstene, jou bousandmyne, jou kalkmyne, daar’s ouens wat swaarmetale uit die duine kry anderkant Saldanha, en Dwarskersbos se kant toe. Maar hierdie monster pas nie by oopgroef nie. Die tekstuur en oorsprong is definitief dieper ondergronds. Ek kan vir jou die wetenskaplike fondament vir ons argument gee …”

“Nee, ek glo jou. So dit help ons niks?”

“Kyk, jou PCSI, jou elite Provinsiale Misdaadtoneel-ondersoekeenheid, se lede is oor die algemeen bogemiddeld geniaal. Dis algemene kennis. Óns weet dit, júlle weet dit …”

“Natuurlik.”

“… maar selfs ons, Bennie, weet nie álles nie. Moeilik om te glo, raar maar waar. As jy sê Mbali wil die ding kom stopsit, sal julle self die data moet vat en met ’n geoloog gaan praat. Daar’s ’n ou by die varsity op Stellenbosch. ’n Professor Ian Ford. As iemand kan uitwerk wat hier aangaan, is dit hý.”

“Dankie, Arnold. Stuur solank die data aan. En asseblief, moet niks vir enigiemand sê nie. Veral nie vir Mbali nie. Sy weet nie ek en Vaughn gaan aan met die saak nie …”

“Dit gaan jou kos, Bennie, no such thing as a free lunch …”

“Ek weet, ons skuld julle groot. En ek het eintlik nóg ’n guns om te vra …”

“Aha. Gewonder hoekom jy so nice is met my.”

“Die vingerafdrukke,” sê Griessel. “Die notablok se afdrukke. Nou … Ek hoop jy verstaan wat ek nou gaan sê. Ons het rede om te glo dit hou verband met die uitsmytersaak. Jy weet, daardie docket waaraan ons so ’n maand gelede gewerk het?”

Arnold is ’n hele ruk lank stil terwyl hy alles verwerk. Griessel wag geduldig.

“Ek dink ek verstaan wat jy sê, Bennie.” Sy toon is nou versigtig, ernstig.

“Daar kan implikasies wees, Arnold. As daar enigsins resultate is. En as die

resultate is wat ons dink dit gaan wees. As hulle toegang tot die bevolkingsregister monitor. Julle moet mooi dink. Ons sal verstaan as julle dit nie wil doen nie."

"Ek dink nie hulle het die vermoë om daai stelsel dop te hou nie. En in elk geval, Binnelandse Sake is 'n gemors, Bennie. Daar is so baie chaos in daai databasis, in al Binnelandse Sake se stelsels, een query van ons af gaan net in die groot gat verdwyn."

"Is jy seker? Julle kan altyd sê dit was óns versoek. Ons fout, ons wat met al die dockets deurmekaar geraak het."

"Nee, dis okay. Maar ons sal dit nie vandag kan doen nie. As ek nou vir prioriteit vra, gaan die ouens hier lont ruik."

"Wanneer julle kan, Arnold. Ons sal dit opreg waardeer."

"Só opreg dat ons 'n uitnodiging na die Groot Bruilof kan verwag?"

"Ek moet haar nog eers vra, Arnold."

"Hoe kan sy nee sê vir 'n skatlike Valk soos jy?"

* * *

Binne net 'n halfuur verander alles vir Daniel Darret.

Eers is hy ontspanne, want Parys is net oor die veertig kilometer ver. Hy weet hy gaan die middag se spitsverkeer moet trotseer, maar hy's amper daar, die tog met die inkriminerende vrag feitlik voltooi. En dan, op die D934 net voor Disneyland Parys, is daar 'n padblokkade. Nasionale Polisie en soldate, die lang tou motors voor hom, elkeen wat by die kontrolepunt moet stilhou.

Eers swets hy hardop oor sy keuse van roete. Hy moes geweet het. Hy moes die A1 gevat het.

Dan oorweeg hy die moontlikhede.

'n U-draai sal groot aandag trek – van die soort wat hy nie kan bekostig nie. Kalmte is al uitweg; speel sy rol en hoop vir die beste. Hy haal die motor se dokumente uit die paneelkissie, sit sy Namibiese paspoort reg, kry sy storie agtermekaar oor waar hy was en wat hy doen. Hy konsentreer op sy aanslag – wees vriendelik, so 'n bietjie onderdanig, so 'n bietjie verlore-Afrikaan-in-Europa.

Hy dink aan die bagasieruim. Die tent met die geweer daarin is heel onder.

Sal hulle hom alles laat uitpak? Ooprol?

Wanneer hy naby genoeg kom, sien hy die soldate deursoek sommige motors.

Hy haal asem. Stadig in, stadig uit.

Tot dit sy beurt is. Hy probeer ’n Afrika-aksent in sy spraak laat inkruip; hy groet en wys sy dokumente.

“Jou Frans is goed,” sê die poliesman wat na sy paspoort kyk. Daar is ’n soldaat, gewapen, wat langs hom staan. Nog vier daar naby, waaksaam.

“Merci. Dis waarom hulle my hierheen gestuur het,” sê Daniel.

“Om wat te doen, meneer?” vra die polisieman en loer eers voor, dan agter, in die bagasieruim.

“Ek bemark Namibië se natuurreservate en wildtuine – beste in die wêreld – onder Franse toeroperateurs.”

“Ek sien. En wat is agterin?”

“Kampeertoerusting. Kyk gerus …” Hy hou die sleutel uit.

“Hoekom kampeertoerusting?”

“Ek was in die Ardenne. Ek moet darem ons geriewe kan vergelyk met die beste in Europa …”

Die polisieman neem die sleutel, gee dit aan vir die soldaat om te gaan oopsluit.

Daniel dwing homself om nie die truspieël dop te hou nie. Net geduldig te sit, die verte in te staar, noudat die polisieman na die volgende motor beweeg het.

“Meneer, kan jy uit die motor klim, asseblief?” vra die soldaat.

“Natuurlik,” sê hy terwyl sy ingewande saamtrek. Eindig dit hier, by Disney World? Hy, die Mickey Mouse van sluipmoordenaars? Hy klim uit, loop om.

Die soldaat staan by die oop bagasieruim en wys met sy geweer na die inhoud. “Kan jy vir ons daardie oopmaak?”

Die geweer beduie in die rigting van die opgerolde slaapsak.

Daniel neem dit, maak die toutjie los wat die omhulsel toehou, trek die slaapsak uit, gooi dit oop op die teer.

Die soldaat knik. “En daardie?”

Hy voel die spanning, hoe sy hartklop versnel. Hy trek nog ’n seilsak uit. Dit is die kampeerstoel. Hy maak dit oop, skuif die opgevoude stoel uit, plaas dit teen die Peugeot.

“En daardie?”

Dis die boks met die kook- en eetgerei. Hy tel dit uit tot op die teer, maak die flappe oop, begin uitpak.

“Toemaar. Jy kan dit maar terugsit, dankie, meneer.”

Hy plaas die boks met groot verligting terug, begin die slaapsak weer oprol.

“Nee, meneer, jy kan dit by die huis gaan doen. Jy hou ons op.”

“Ekskuus,” sê hy en bêre alles haastig.

“Kan ek toemaak?”

“Ja, ja, meneer, jy kan ry.”

Hy sê dankie, groet, klim in, skakel die enjin aan, en ry. Hy kyk eers ná ’n kilometer terug, sien geen militêre voertuig agter hom aan nie. Hy sug diep en lank. Hy kyk na sy hande. Dit bewe nie.

Nie te sleg vir ’n middeljarige ou spioen nie. Hy het goed gedoen. Hy moet gaan brandstof inneem, ’n Coke koop vir die suiker en die skielike dors, ’n blaaskans vat, net tot verhaal kom. Hy hou stil by die Total Access net oos van Lagny-sur-Marne se middedorp.

Dit is waar hy die mikroskyfie ontdek.

Dit is net ’n bestiering, sal hy later dink. Dat dit hier gebeur het. Met die uitklim, dat die noodlot saamsweer, die geluksgodin vir die tweede keer binne ’n halfuur vir hom glimlag.

Hy maak die deur oop, swaai sy bene uit, en dit is in dié beweging dat die denim se onderste soom teen sy enkel krap. Hy besef dit is nie die eerste keer vandag dat dáár ’n irritasie teen sy vel is nie, dis nou net growwer en skerper. Hy reik na die broekspyp met die vermoede dat hy ’n etiket se kram gemis het toe hy dit so haastig in Arcachon in sy tas gedruk het. Sy vingers soek vlugtig … en dan voel hy dit, die vreemde voorwerp, ’n plat blokkie, ’n klein plaatjie. Hy vroetel, kan nie daar sien nie, kry die soom eindelik omgeslaan.

Dit sit daar, net ’n paar sentimeter lank, matswart.

Hy trek dit af, sien die klein stekels wat dit aan die materiaal laat klou het, die goud van vier elektroniese kontakpuntjies.

Hy weet feitlik onmiddellik hoe dit daar gekom het.

Die groenteboer. Sekel. The Pancake House se toilet, waar hy deursoek is vir meeluisterapparate, toe elke kledingstuk deeglik betas is. Terwyl Daniel uit ongemak vir sy naaktheid weggedraai was.

Laurel en Hardy. Dalk nie so dom en vervangbaar as wat hy gedink het nie.

Nou weet hy waarom hulle hom nie agtervolg het nie. Want hy vermoed baie sterk dié stukkie tegnologie is ’n GPS-opspoorder.

Hy aktiveer sy selfoon, google “small GPS tracking device”. Hy kry vinnig iets wat baie lyk na die skyfie in sy hande – ’n CATS-i, die kleinste van sy soort. *The combination of GPS, RF and GSM technologies in the one device is designed to provide the best possible chance of recovering your ‘tracked’ asset regardless of its current location*, volgens die webwerf.

The inclusion of an RF beacon allows for accurate locating when hidden inside buildings, and a new GSM location technology provides almost GPS-like accuracy in mapped areas. The GSM technology relies on a GSM sim chip instead of a GSM sim card …

Dié een lyk anders, effens meer handgemaak en grof, maar dit is sekerlik dieselfde ding.

Hulle weet presies waar hy was. En waar hy nóú is.

70

Daniel se eerste reaksie is om van die skyfie ontslae te wil raak, om dit in die straat te gaan smyt.

Hy onderdruk dié impuls, draai die skyfie stadig in sy vingers. Eindelik klim hy uit die motor en steek die skyfie in sy sak.

Hy maak die Peugeot se tenk vol, sy kop soekend na antwoorde. Waarom wil Ditmir en sy mense weet waar hy is? Omdat hulle steeds vermoed Daniel verteenwoordig die een of ander vorm van wetstoepassing? En hulle wil voorsorg tref, gereed wees sou daar optrede kom? Dalk verdwyn?

Steeds die sterkste, eenvoudigste verduideliking. Ditmir is ’n internasionale swartmark-wapenhandelaar, deel van ’n uitgebreide georganiseerde misdaadnetwerk, met baie om te verloor. Wantrouig. Waaksaam. Slu.

Of het dit te doene met die skim van die Rus wat hy in die venster gesien het? Of nié gesien het nie.

Hy betaal vir die brandstof, gaan koop ’n koeldrank, kom terug na die motor, klim in.

Hy sit ’n oomblik.

Versigtig vir die paranoia. Veral nou, ná die spanning van die blokkade, die skok van die skyfie.

Hy sit nog ’n rukkie en oorweeg sy opsies. Hy klim weer uit, loop na die kassier toe, verneem of daar ’n goeie hotel naby is.

* * *

Cupido en Griessel kyk na die grondmonster se mikroskoopfoto’s en navorsingstabelle wat deur Forensies aangestuur is. Hulle verstaan niks daarvan nie.

Vaughn skakel die nommer van professor Ian Ford by die Universiteit Stellenbosch se Departement Aardwetenskap, wat deur Arnold verskaf is. Dit lui lank.

“No answer,” sê Cupido.

Griessel kyk na sy horlosie. Dit is ná vyf. “Hulle is al huis toe. Ons sal môre

moet probeer.”

“Jy’t nog die sleutels van die umadala se huis, partner?”

“Ja.”

“Benna, ek scheme ons gaan nou na Menzi Dikela se huis toe. Voor Mbali die sleutels terugvra. En ons sit leave in. Vir môre en die naweek. Give this thing our best shot. Mbali sal in die omstandighede nie kan nee sê nie.”

Hy’s in dié ding, hy kan nie nou kop uittrek nie. “Okay.”

Hulle vul die verlofvorms in, gaan plaas dit op die kolonel se lessenaar, ry dan met afsonderlike motors, sodat Griessel nie weer hoef terug te ry Bellville toe nie.

Op pad probeer Bennie analiseer waarom hy nie veel geesdrif vir Cupido se laaste groot poging het nie.

Dis nie dat hy nie ook wil bydra om die gekaapte SSA te ontbloot vir wat hulle is nie. Dis nie die patologiese en forensiese bewyse dat dit selfmoord was nie. Dit ís deels dat hy bang is vir die implikasies daarvan, vir sy loopbaan en sy werksekerheid.

Maar bowenal is dit die gevoel wat hy gehad het. Daar in die huis. Van … ’n tragedie.

Hy skud dit af. Voorgevoel bring jou ook net só ver. Hy moet kyk na die feite, soos Cupido sê. Die vraagstukke, die dinge wat nie pas nie.

Hy bel vir Alexa om te sê hy sal nie vanaand kan saamgaan Alkoholiste Anoniem toe nie. Hy moet werk.

* * *

Daniel Darret ry na die Hôtel Restaurant Le Quincangrogne op die oewer van die Marnerivier, veertig kilometer van Parys. Hy hou stil en loop na die ontvangstoonbank, die mikroskyfie in sy sak.

Hy sê vir die jong man aan diens hy moet iemand hier vir ete ontmoet. “Ek sal daar wag,” sê hy en wys na buite, waar die sitarea deur die groot glasdeure sigbaar is. Langs die water. Tafels en stoele, ’n paar rusbanke.

Die jong man glimlag instemmend en Daniel loop uit. Hy gaan sit op die driesitplek-rusbank, leun gemaklik terug, kyk na die netjiese grasperke, die koel water van die rivier.

Hy steek sy hand in sy broeksak, haal die skyfie uit, druk dit onder die rusbank se kussing in, met die hakies na bo, sodat dit in die materiaal sal vassit.

Hy sit nog so tien minute. Dan staan hy op, loop ontvangs toe om te sê dit lyk nie of sy afspraak gaan opdaag nie.

Hy sal iewers net buite die dorp ’n plek kry om stil te hou en die tent se materiaal uit te rol. Sodat hy seker kan wees daar is nie ’n opspoorskyfie daaraan ook vasgeheg nie.

* * *

Cupido en Griessel vat Menzi Dikela se huis van ’n kant af. Tydsaam en deeglik. Hulle begin by die motorhuis, daarna die voorkamer, die kombuis, die slaapkamers, en heel laaste die studeerkamer.

Net voor sewe bel Kaleni vir Griessel. Sy sê sy het die verlofvorms onderteken. Sy verstaan dat hulle ’n blaaskans nodig het. Hy bedank haar. Net daarna bel sy vir Cupido met dieselfde boodskap.

“Nou voel ek skuldig,” sê Griessel.

“We’ll have to suck it up,” sê Cupido.

Dit is eers in die kombuis dat Cupido vir hom vra: “Benna, hoekom het jy vir my ja gesê? To partake in die investigation. Why take the risk? At this time?”

Cupido wag geduldig vir die antwoord om te kom, want Griessel oorweeg eers sy woorde. Eindelik sê hy: “Onthou jy verlede jaar, Desember, toe ek dronk in Caledonplein se selle gelê het? Terwyl ons met die moord op Ernst Richter besig was.”

“Yebo, yes. Alibi dot co dot za se baas. We nailed that sucker.”

“Dis reg. Toe het jy jou loopbaan op die spel geplaas. Jy’t my beskerm; jy’t gelieg om my gat te red.”

“Nee, Benna, ek het vir jou gecover, ma’ Mbali like jou te veel. Sy sou geraas het, ma’ sy sou nie vir my gefire het nie.”

“Miskien. Maar dis nie al nie …”

“Shoot. Ma’ nie met jou gun nie.”

“Toe ek … In die ou dae, die vorige bedeling … Dit was ook maar rof. Daar was baie dinge wat … Ek was te bang om iets te sê, om iets te doen. En my beste verskoning was dat ek jonk getroud was, Anna was swanger, sy’t nie gewerk nie. Ek was bang, Vaughn, daardie tyd was ek bang ek verloor my werk. En jy weet hoe die stelsel gewerk het. As jy eers gebrandmerk was … En dit pla my nog steeds. Dat ek nie die guts gehad het nie …”

“Partner, jy kan nie …”

“Nee, wag, Vaughn, daar’s nog ’n ding. Jy. Jy kom uit Mitchells Plain. Jy’t jou gat afgewerk om kaptein te maak. In moeilike omstandighede. Eers was jy nie wit genoeg nie, nou is jy nie swart genoeg nie. Jy’t die geleentheid gehad om omkoopgeld te vat, meer as een keer. Maar jy hét nie, want jy was … jy is

te trots op die Valke, op wat ons doen. Ek weet wat dit vir jou beteken. So, as jy bereid is om al die jare en al die trots op die spel te plaas, dan is die minste wat ek kan doen om by jou te staan."

Cupido, vir al sy bravade, is nooit gemaklik met te veel emosie nie. Daarom sê hy nou: "Soppy, partner. Jy raak nou soppy in jou middle age. Ouderdom is 'n bliksem."

Maar Griessel kan sien sy kollega hou van wat hy gesê het.

* * *

Daniel het langs die pad deeglik gesoek deur al die klere wat hy gister aangehad het tydens die groenteboer se betasting. Daar was nie nog sensors nie. Ook nie in die tent, die pakkies ammunisie of die skoonmaakstel nie.

Toe ry hy, Parys toe. Met sy oë op die truspieël.

Hy het die geweer eerste na die woonstel gedra, nadat hy die sleutels in ontvangs geneem en aandag gegee het aan die vrou se verduideliking oor hoe die stoof, die wasmasjien en die wifi werk.

Die ander kampeertoerusting het hy in die motor gelos. Net sy tas ook opgevat. Hy het gestort, skoon aangetrek, toe na die Rue des Rosiers gestap om te gaan eet by L'As du Fallafel, een van sy gunstelingplekke in dié stad.

Steeds vreet die twyfel aan hom. Oor die Rus in die venster. *Ditmir* se venster. Oor die Albanees se motiewe vir die opspoortegnologie op hom plant.

Want as die Rus wel daar was, hoe het hy geweet Daniel sal na Ditmir toe gaan?

Dit is die ding wat hom die meeste bekommer.

Dit kan net beteken dat een van Lonnie se trawante hulle uitverkoop het.

Kan hy die e-posse vertrou?

* * *

Die speurders kry eers in die studeerkamer iets van belang. Toe hulle al die boeke op die boekrak uitgeskud het en weer teruggeplaas het, en heel laaste na die dokumente in die tweedeurkas onder die venster gekyk het, die kas waarin Lithpel Davids die netwerkkabels raakgesien het.

Hulle verdeel die papierwerk; die motorregistrasie, die bewyse van betaling vir lisensies, die akte van die huis, die ou huisverband en kort- en langtermynversekeringskontrakte. Lees elkeen noukeurig.

Toe hulle klaar is en byna alles weer gebêre het, lê daar op die lessenaar se blad vier dokumente wat ’n storie vertel.

En Griessel en Cupido hou nie van dié storie nie.

71

Vrydag, 1 September.

Daniel word net ná sewe wakker van die verkeer se gedruis in die Voie Georges-Pompidou, met die besef dat hy redelik goed geslaap het. Vir die eerste keer sedert Lonnie May soos ’n doodsengel in Bordeaux verskyn het.

Omdat hy so moeg geworstel was met die vraagstukke. Eindelik besluit het om alles te ignoreer en met die taak aan te gaan. Dit is sy enigste uitweg.

Hy kyk heel eerste of daar e-pos is. Op ’n nuwe selfoon, want hy het gister op pad na die woonstel die vorige een op die sypaadjie stukkend getrap, dit in ’n asblik gegooi.

Daar was nie gisteraand nuus van Vula nie. Ook nie nou nie.

Hy maak koffie met die voorsiene drupmasjien, drink dit op die klein balkon wat uitkyk op die gebou se smal agtertuin. Dit is koel en bewolk, asof herfs dié datum vir ’n verandering respekteer. Hy lees die nuus uit sy geboorteland. Daar is ’n berig oor die President wat in Frankryk aangekom het. Hy is hier, in dieselfde stad, vandag. Hul trajekte gerig vir ’n ontmoeting.

Daniel voel die sametrekking van sy ingewande. Die spanning. Die twyfel.

Hy lees die berigte oor die rugstekery en vermeende korrupsie by die Inkomstediens, die nuwe aantygings oor die Indiese sakemanne se tentakels in die nasionale spooragentskap. Hy probeer motivering daaruit put.

Die hotelle het hom die afgelope week met oggendetes bederf. Daarom berei hy ontbyt uit die kruideniersware wat hy gisteraand by die Franprix op die Rue Jules-Cousin gekoop het: spek en eiers, kaas en geroosterde baguette waarin die botter wegsmelt, en lemoensap. Nog koffie agterna.

Eers wanneer hy klaar skottelgoed gewas het, raadpleeg hy weer die foon. Hy sien die boodskap, voel ’n beklemming, sowel as verligting:

From: vula@protonmail.com
Subject: We have news
To: inhlanhla@protonmail.com

Dear Dr Inhlanhla

We can confirm that your target will be at the South African ambassador's residence on the Rue Cimarosa on Sunday afternoon, from 16:00 to 18:00. From there he will travel to the Hotel Raphael, 17 Avenue Kléber. We have firm intelligence that this will happen between 18:00 and 18:30. He will stay at the hotel until it is time to leave for the airport.

Good luck,

Vula

* * *

Griessel gaan ry die Vrydagoggend eers ná agt fiets om die "vakansiedag" darem so effens te benut. Teen Kloofnek se steil opdraande is die spitsverkeer swaar, maar dan swenk hy oudergewoonte links, teen Tafelberg se flank af.

Hy oordink die moontlikhede van wat hulle gisteraand ontdek het.

Dit is net moontlikhede. Potensieel 'n nuwe teorie. Dunnerig, maar dis daar. Cupido het sag deur sy tande gefluit terwyl hy na die dokumente gestaar het, langs mekaar uitgestal op Menzi Dikela se lessenaar soos die hoofstukke van 'n storie. Griessel het geswyg; hy was nog nie reg om daaroor te praat nie. Cupido het sy kommentaar tot die treurige deuntjie beperk. Hulle het al twee geweet van die implikasies, en die voordeel om dit nou net daar te laat: As jy dit nie bespreek nie, bestaan dit nog nie regtig nie.

Bennie het eindelik die bewysstukke op 'n stapeltjie gepak en in sy moordtas gesit.

"Ons sal maar wag vir die fingerprints," was Cupido se gelate afskeidswoorde voor hulle huis toe gery het. Want die vingerafdrukke op die notablok – die een waaruit die bladsy vir die selfmoordbrief geskeur is – sal die nuwe vermoede bevestig. Of hul teorie heeltemal weerlê.

Hy hoop op laasgenoemde.

Sy foon lui net anderkant die kabelkarstasie. Hy hou stil met die fiets, en antwoord. Dis Cupido. Hy sê hulle het om elfuur 'n afspraak met die geologieprofessor op Stellenbosch. Die forensiese grondmonsterverslae en foto's is reeds aangestuur.

Griessel sê hy sal daar wees.

"Benna, jy sal my bel as jy van Forensics hoor?" sê Cupido, steeds met die gedempte toon van gisteraand.

"Dadelik."

Hy trap hard met die laaste kronkels van die kontoerpaadjie teen

Duiwelspiek op, gaan staan dan uitasem by die Koningsblokhuis, meer as tweehonderd jaar oud. Hy het al maande tevore op die internet gaan soek na dié struktuur se geskiedenis, omdat dit dikwels sy draai- en ruspunt is. Die Britte het dit gebou om ’n uitkykpunt te wees wat Tafelbaai én Valsbaai dek. Ná die Engelse inval van 1795. Sodat geen ander mag dieselfde maklike oorwinning kon behaal nie.

Bennie kyk uit oor die kristalhelder dag, die koue front lank reeds gewyk, die Kaap uitgestrek tot by Helderberg en die stygende oggendson.

Dié mooie plek, dink hy. So ’n lang geskiedenis van konflik en verraad en gierigheid.

Wanneer gaan dit ophou?

* * *

Daniel koop ’n swart kappie-baadjie by een van die baie sportwinkels by Les Halles, dankbaar dat die koeler weer die dra daarvan moontlik maak. Dit bly een van die beste metodes om jou gesig vir kameras te verberg.

Hy vat die RER A-trein na die stasie by Charles de Gaulle-Étoile, kom uit net langs die Arc de Triomphe in die Champs-Élysées, kruis die boulevards tot in Avenue Kléber. Hy slaan die kappie oor sy kop, trek dit laag. Hy het met sy foon se kaartprogrammatuur voorberei, hy weet waar die Raphael is, die mooi, byna eeu oue Art Deco-hotel waar mense soos Katharine Hepburn en Marlon Brando dikwels oornag het.

En nou die rampokker-President van sy geboorteland.

Hy loop aan die westekant van die breë straat oorkant die gebou verby. Hy sien daar is ’n spesiale voertuigtoegangsbaan net vir die hotel. As die President met ’n motor afgelaai word, sal Daniel letterlik net twintig of dertig sekondes hê om die teleskoop se kruishaartjies op hom te rig, en die skoot af te trek. Op ’n bewegende teiken, waarskynlik. Maar as hy ’n goeie skuilplek kan kry, sal hy genoeg tyd hê om voor dié oomblik die afstandtabelle en die wind te verreken.

Die tegniese aspekte sal maklik wees. Hy was al in moeiliker omstandighede operasioneel, in die ou dae. Met sukses.

Die emosionele kant is die groot struikelblok.

Hy weet steeds nie of hy die sneller sal kan trek wanneer daardie bekende kop van die man wat hy so lank bewonder het, sy skoop vul nie.

Laat hy eers gaan kyk na die ambassadeurswoning, die alternatiewe lokvalplek, waar die President in die motor sal klim.

* * *

Professor Ian Ford se kantoor is vol klippe, net soos die gange van die Geologiegebou op die Stellenbosch-kampus.

Hy is ’n lang, asketiese man met ’n wilde grys baard en ’n sterk Australiese aksent. Hy sê vir Griessel en Cupido dis ’n eerste vir hom. “Never had the honour to speak to Soggies before,” sê hy en glimlag. “That’s what we Aussies call our own Police Special Operations Group. Which is more or less the equivalent of the Hawks, I suppose.”

“But not nearly as good,” sê Cupido.

“I’m sure,” sê die professor.

Hy nooi hulle om te sit, sê hy het na alles gekyk; dit is ’n baie interessante geval. Maar kan hy net eers ’n paar vrae vra?

“Sure,” sê Cupido.

“Where did this sample come from?”

“Presumably from a footprint, on the floor of a crime scene.”

“Interior? Exterior?”

“From inside a house.”

“Okay. Was there any drilling done outside the house, or nearby?”

“What sort of drilling?” vra Griessel.

“Drilling for water. You know, a borehole …”

“Not that we know of …”

“And when do you think the footprint was made? What day?”

“Tuesday. Why, prof?”

“One moment, please …” Ford draai na sy rekenaar, bewerk die muis en die sleutelbord, bekyk iets wat hulle nie kan sien nie. Dan sit hy sy elmboë op die blad:

“Right. If you’ll indulge me, I’d like to explain this like … What’s that wonderful expression you have, about how to eat an elephant?”

“Bite by bite,” sê Cupido.

“That’s the one, mate. First of all, there is the texture of the sample …” Hy trek van die mikroskoopfoto’s nader wat hy uitgedruk het. “Look here. These are chips of a very distinct shape. Not granules, not normal flaking. That’s very typical of the form created by drilling. Your forensic report identifies it correctly as limestone, a common layer beneath this part of the Western Cape. And then, look at the colour. Bluish-grey, typical of the unexposed De Hoek limestone unit, which is so distinctive in appearance. Especially subterranean. Moreover, they regularly target this layer for drilling, because when fractured, it often holds water. The other interesting aspect is that the limestone chips are

mixed in with lesser quantities of various other commonly found rocks, which is another pointer to a borehole going through the various layers. There's also the complete absence of the sand granules you'll find closer to the coast. And, lastly, this stuff will only stick to your shoes when it's fairly wet. Now, I won't say this in a court of law, but if you'll allow me a Jack Irish moment, I'd venture to say …"

"Jack who, prof?" vra Cupido.

"Jack Irish? The character from the late, great Aussie crime fiction author Peter Temple's books?"

Hulle skud net hulle koppe. "We don't read crime fiction, prof," sê Cupido. "It's just too … airy-fairy."

"Right," sê die professor, effens afgehaal.

"What were you going to say, prof?" vra Griessel.

"Well, it's just a deduction, based on the sample analysis, and what you told me now. And I might be wrong, but I think this guy walked in the effluent of a borehole being drilled, or just after it was drilled, less than two hours before he left that footprint."

"Why?" vra Cupido.

"The effluent needed to be wet to stick to the sole of a shoe. And I don't think it would take much longer than an hour to dry, maybe ninety minutes. I asked you on what day it happened, so that I could check if it rained. Rain would obviously make a difference in terms of the moisture and stickiness of the sample. But it only rained on Wednesday, after almost a week of no precipitation. So …"

"That Johnnie Irish would have been proud of you," sê Cupido.

"Jack," sê Ford met 'n groot glimlag. "Jack Irish. I rather think so too."

72

Daniel kan dadelik die ambassadeurswoning in die Rue Cimarosa identifiseer, want die Suid-Afrikaanse vlag hang daar, lui in die ligte, koel windjie.

Die kamera wat prominent by die voordeur aangebring is, is die enigste teken van sekuriteit. Omdat die President in dié land is, het Daniel meer verwag; dalk ’n klein polisieteenwoordigheid. Maar daar is niks. Net die metaalversperrings wat parkeerplek voor die woning reserveer, en die Argentynse ambassade reg oorkant, sekerlik permanent, en vir amptelike voertuie.

Hy onthou die jong dramaturg in die geel rok se inligting, dat die President vandag by Versailles is. En môre heeldag in vergadering by die ambassade, ’n paar kilometer weg. Is dit hoekom hier nou geen oë of beskerming is nie?

Dit maak nie werklik saak nie. Dié straat bied nie ’n moontlikheid nie. Dit is te eng, die aangrensende geboue te laag om ’n goeie uitkykpunt en skiethoek te bied, tensy hy bereid is om homself op een van die dakke bloot te stel. In Argentinië se ambassade sal daar boonop intelligensie-operateurs wees, en ’n stelsel wat die Rue Cimarosa sal monitor.

Daarom trek hy die kappie nog so ’n bietjie laer en stap net verby. ’n Oomblik lank wonder hy hoe dit daar binne lyk, in die ambassadeur se huis. Is dit ’n gesellige plek waar sy landgenote kan kom gesels, waar die inheemse tale soms gehoor word, die politiek druk bespreek word? Is daar skilderye en foto’s van Suid-Afrika, om die verlange te stil?

* * *

Griessel vra vir professor Ian Ford of dit moontlik is om deur middel van die grondmonsteranalise te sê waar die boorgat gesink is.

“I thought you’d ask that. The answer is probably not what you want to hear …” sê hy en neem ’n groot silinder wat agter hom op ’n kas staan, rol dit oop en vou dit plat op die lessenaar se blad. Dit is ’n kaart wat die Skiereiland en aangrensende gebiede toon. Ford wys met sy hand oor ’n area wat van die Weskus af strek tot naby Malmesbury. “Your De Hoek limestone unit covers a

lot of subterranean territory, and emerges above ground about here …" Sy vinger druk naby Riebeek-Kasteel. "So, my best bet would be that the drilling took place west and south of this point. Perhaps this area *here* …" Hy wys na 'n gebied tussen Moorreesburg en Durbanville. "But I understand that it doesn't help you a lot. It's a big area to cover …"

"Yes," sê Griessel. Want dis net hy en Cupido, hulle het geen ander hulp nie. En hulle het nog net vandag, Saterdag en Sondag voor hulle moet terug werk toe. Dit is 'n baie groot area.

"And your problem does not end there. The WWF estimates that in the Western Cape somewhere between fifty and a hundred boreholes are being drilled every day, because of the drought. That's a potential of some seventy-two thousand boreholes in the last eighteen months, which scares me a lot as a geologist when I think about the water table. This morning I also had a quick look at the various drilling companies offering their services now, and I identified twenty-nine. There might be more, mom-and-pop operations … But you will need to find out who was drilling in this area on Tuesday, and you'll probably only have to investigate about a hundred different drilling sites. But that shouldn't be a problem, right? I'm sure you guys have the manpower to cover them all."

* * *

Die enigste plek vir 'n sluipmoordenaar om te skuil, sou hy die President wou skiet wanneer hy by die Hotel Raphael uit 'n motor klim, is net een blok van die Arc de Triomphe af. Heel bo in die breë boulevard, diagonaal op die oorkantste, verste hoek, is 'n gebou wat gerestoureer word: Avenue Kléber nommer 6.

Daar is steierwerk, seile wat vensters verberg, lere wat na bo lei. Daar is 'n mengsel van metaalplaat- en staalnetheining 'n meter-en-'n-half hoog wat die bouwerf op die sypaadjie afsper, 'n staalhek wat toegang verleen. Wat Sondag sekerlik dig gesluit sal wees. Maar as Daniel deur die hek of oor die heining kan kom – nie 'n onoorkomelike probleem nie – gaan dit maklik wees om 'n uitkykpunt heel bo te kry.

Hy moet net nie gesien word nie.

Sondag sal die terrein verlate wees. Dalk 'n opsigter. Wat met 'n paar duisend euro oortuig kan word om anderpad te kyk, as dit nie anders kan nie.

Dit sal 'n skoot van sowat honderd-en-twintig meter wees. 'n Baie kort afstand vir die CheyTac. 'n Maklike taak, sou die trajek skoon en onbelemmerd

wees.

Maar dit is nie. Soos met al die boulevards in Parys, is daar bome aan weerskante van die straat. Meestal olmbome. Wat dié tyd van die jaar in volle blaredos staan. En hulle is hoog genoeg om sy sig te belemmer, die koeël se vlug te beïnvloed.

Daniel is by die Hotel Raphael. Hy loop tot by die trappies van die ingang, staan ’n oomblik lank en kyk na die dak van die gebou by nommer 6. Hy meet met die oog.

Te veel takke en blare.

Hy loop op met die trappies, tot net voor die deur.

Minstens sal hy van hier ’n skoon lyn hê.

Dit beteken hy gaan twee, drie sekondes hê om te mik, en te skiet. Terwyl die President die twee treë gaan gee tussen die laaste trappie en die deur.

Min tyd. Baie min tyd.

Hy loop weer af, stap aan, steek die straat oor.

Hy sal moet gaan kyk hoe hy op die bouterrein kan kom.

* * *

In die parkeerterrein van die Universiteit Stellenbosch, onder groot, kaal akkerbome, sit die twee speurders in Cupido se motor. Hul gesprek is ernstig en hulle is skaars bewus van die studente wat in die helder laatwinterson verbystroom op pad na middagete.

Hulle het die nege-en-twintig boormaatskappye tussen hulle verdeel, volgens die lys wat die professor vir hulle gegee het.

En nou bespreek hulle die uitdagings van die soektog. Elkeen van die ondernemings sal dalk oor vier of meer boormasjiene en boormanne beskik, aan wie elkeen die vraag gestel moet word: Het jy tussen verlede Saterdag en Dinsdag ’n gat geboor by ’n huis of ’n hoewe of op ’n plaas waar daar ’n swart X5 teenwoordig was?

Die moontlikheid is dat die mense nooit die voertuig gesien het nie, maar dit is al inligting wat hulle het. Dit gaan nie help om te vra of hulle by ’n staatseiendom gewerk het nie, want die Staatsekerheidsagentskap is bekend daarvoor dat hulle frontmaatskappytjies en trusts en vals persoonlike besonderhede gebruik – alles in die naam van staatsveiligheid – om transaksies te beklink en eiendomme te huur of te koop.

Dit sal help om eers te fokus op boorgate wat noord van Dunoon gesink is, want dit is waar die X5 laas gesien is, op pad in Malmesbury se rigting. Steeds

baie werk vir net twee mense binne die bestek van twee-en-’n-half dae.

“Ek het ’n gig vanaand,” sê Griessel. “Met die orkes.”

“Maak nie saak nie, meeste van dié companies gaan nie ’n foon antwoord buite office hours nie. Ek is worried oor môre ook. Jy ken die Kaap. Mense like nie van Saterdag werk nie.”

Hulle kom ooreen dat elkeen van sy huis af sal werk, en die ander een laat weet as daar nuus is. Om teen sesuur vanmiddag net weer telefonies kajuitraad toe hou. Cupido sal vir Mavis, die Valke se ontvangs- en skakelbordpersoon, vra om alle moontlike inkomende oproepe na hul selfone te herlei, of na hul nommers te verwys.

“Dis ’n shot in the dark, Benna,” sê Cupido. “Ma’ ons moet darem try.” En dan, met ’n skewe glimlag wanneer Griessel uitklim: “Who would have thought, partner, lat ons docket gaan depend on rocky science.”

* * *

Daniel gaan eers in by die EXKi Kléber, ’n gesondheidskos-wegneemplek reg langs die bouperseel, want hy sien daar is van die arbeiders in hul neonoranje werksbaadjies besig om drinkgoed te bestel.

Hy slaan die kappie af, vra vir een van hulle of daar dalk ’n werksgeleentheid op die terrein is.

Die man kyk hom op en af, glimlag dan simpatiek. “Gewone arbeiderswerk? Daar’s ’n waglys, my vriend.”

“Sal dit help as ek die voorman gaan sien?” Want hy sal baie graag deur die hek wil kom om die opset en uitleg te sien.

“Hy gaan jou net na die webwerf verwys. Dis waar hulle poste adverteer. Maar ek kan jou nou al sê, as jy nie die een of ander vakman is nie, kan jy maar vergeet.”

Daniel bestudeer die werksbaadjie. Dit het ’n logo van Dumez Île-de-France, die betrokke konstruksiemaatskappy, daarop. Maar dit lyk andersins soos die gewone soort wat jy by die regte werksdrag-winkels kan gaan koop. Hy kyk na die man se broek en skoene, die geel hardehoed.

Hy bedank hom en gaan uit.

Hy loop stadig om die rand van die perseel, bestudeer die motorhek, die staalnetheining, die metaalplaat-gedeelte. Hy sien die blou-en-wit teken wat teen die heining aangebring is, met die ikoon van ’n kamera daarop en die woorde *Site sous vidéo surveillance*. Sy oë soek na die kameras. Hy sien net een voor by die hek, op die boulevard – ’n draaihek met ’n klein

interkomkassie en ’n kaartleser.

Eers toe hy anderkant is, aan die Arc de Triomphe se kant, sien hy die beste plek om oor die heining te kom.

Hy sal baie blatant – en rats – moet wees. En hoop vir die beste.

Die grootste enkele probleem is dat die enigste ingang ook die enigste uitgang gaan wees.

* * *

Teen vieruur vermoed Bennie Griessel dat die vingerafdrukke niks gaan oplewer nie, want Arnold het nog steeds nie gebel nie. Dít sal baie goeie nuus wees. Dit sal beteken die afdrukke behoort aan ’n SSA-spook. Dit sal beteken hul kommer oor gisteraand se ontdekkings was verniet.

Teen vyfuur is hy siek en sat vir die twee rympies wat hy oor en oor herhaal.

Die eerste is: “Hallo, ek is kaptein Bennie Griessel van die Suid-Afrikaanse Polisiediens se Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke, die Valke. Ek moet met al jou boormanne praat wat tussen Sondag en Dinsdag in die Wes-Kaap geboor het. Nee, ek kan ongelukkig nie vir jou sê waaroor die ondersoek gaan nie, maar dit is ’n prioriteitsmisdaad. Ja, hulle kan my enige tyd terugbel. Ek kan vir jou die nommer gee, of jy kan dit in die boek of op die internet opsoek as jy wil seker maak ek is wie ek sê ek is.”

Die tweede, wanneer die boormanne begin terugskakel, is: “Ons het forensiese inligting ontvang wat ons laat vermoed dat ’n misdaadtoneel verbind kan word met ’n boorgat wat Sondag, Maandag of Dinsdag geboor is. Ons glo daar was ’n swart BMW X5 ook op die toneel. Kan jy help?”

Teen sesuur is hy klaar met sy deel van die boormaatskappy-lys. Nou moet hy net wag, hoop dat ’n boorman iets gesien het en hom sal terugbel. Hy skakel Cupido om te hoor of sy kollega enige nuus het.

“Amper klaar met my allocation, ma’ niks nuus nie, partner.”

Teen sewe-uur staan Griessel op die verhoog saam met die ander lede van Roes; hy raak ’n rukkie lank verlore in die genot van die musiek en die gehoor se duidelike waardering daarvan.

Teen agtuur, wanneer hulle ’n blaaskans neem, sien hy daar was ’n oproep van Arnold af gewees. Hy skakel dadelik terug.

Arnold sê: “Jip, ons het ’n hit gekry in die bevolkingsregister.”

Hy gee vir Griessel die naam.

Bennie bel vir Cupido en sê: “Dis waarvoor ons bang was.”

73

Saterdag, 2 September.

Bennie het nie goed geslaap nie, want hy het getob en rondgerol oor die nuus van die vingerafdrukke, die ongemaklike implikasies daarvan.

Hy en Cupido het gisteraand ooreengekom: Bennie moet vir Mbali bel en sê hulle wil kom praat. En dan moet Griessel ook die bekentenis doen oor hul voortgesette ondersoek, teen haar bevele. Want volgens Vaughn sal sy nie op Griessel "afkom soos 'n ton of bricks nie, sy like jou meer, partner". Hy weet die heuningkwas is soms sy kollega se voorkeur-manipuleringswapen.

Mbali gaan ontplof. Hy is seker. Sy gaan ontplof oor alles.

Hy bel haar net ná agt om die bykomende gramskap van 'n wakkermaak-oproep vry te spring.

"Can we come see you, colonel?"

Sy is sekondes lank stil. "I thought you were taking a break, Bennie." Haar stem is stug, asof sy weet hier is iets aan die broei.

"Colonel, something has come up."

Weer 'n stilte. "Meet me at the office. In an hour."

* * *

Gisteraand het Daniel Darret 'n e-pos aan Vula gestuur. Hy het gesê hulle aanbevole operasieteater is nie perfek nie, maar hy kan dit laat werk.

Vanoggend het hulle geantwoord:

That is very good news. Go ahead. You are in our thoughts.

Wanneer hy die woonstel verlaat met die rugsak wat Lonnie gebring het – 'n groot deel van die oorblywende kontant en een pistool daarin – maak hy twee ure lank doodseker dat hy nie dopgehou word nie. Hy gebruik al sy herroepte kennis, eers deur die strate en stegies van Le Marais, dan op die Métrostelsel, en eindelik in die Château Rouge-woonbuurt in die skadu van die Sacré-Coeur, waar 'n moontlike Russiese agent se bleek gelaat makliker herkenbaar sal

wees.

Daar is geen sweem van agtervolging nie. Vir die eerste keer voel hy ontspanne, die onsekerheid en paranoia stewig onder beheer.

By die Gare du Nord plaas hy die rugsak in ’n sluitkas. Dan, wanneer die stad se winkeldeure oopmaak, laai hy in ’n internetkafee naby die stasie ’n logo van die konstruksiemaatskappy Dumez Île-de-France af. Hy vra dat die bestuurder dit vir hom in volkleur uitdruk.

Hy roep ’n taxi, en gaan besoek ’n kantoorwarewinkel naby die Quartier de l’Horloge, waar hy die logo in ’n lapelwapen van plastiek laat monteer.

Net oos van Bastille se moltreinstasie, in die elfde arrondissement, kry hy ’n winkel wat konstruksiewerkersklere verkoop. Dit is waar hy die oranje baadjie, stewige stewels, blou werkersbroek, werkershandskoene en ’n hardehoed aanskaf.

Hy gaan te voet terug woonstel toe, bêre alles wat in die groot inkopiesak was. Daarna ry hy met die Peugeot na die Avenue Kléber.

Hy het gister gesien die enigste moontlike parkeerplek om die bouwerf dop te hou is voor of naby die EXKi-restaurant. Hy moet sewe keer geduldig om die blok ry voor hy ’n geskikte plek kry waar hy kan stilhou, om in die kant- en truspieël die perseel te bekyk.

Hy sit drie uur lank daar, tot sy nek styf en sy lyf ongemaklik raak.

Hy het genoeg gesien om te weet dat dít wat hy beplan, moeilik gaan wees. Maar nie onmoontlik nie.

Hy voel hoe die vae spanning van afwagting – vir die finale fase – weer in sy lyf kom lê.

Môre sal dit erger wees.

Hy word oud.

* * *

Mbali Kaleni ontplof nie.

Bennie vertel haar net van die vingerafdrukke. Nie van die boorgat-moontlikheid nie. Hy en Cupido het gedink dit is dalk nou onnodig.

Die kolonel luister na hom, na die redes waarom hulle haar bevele verontagsaam het, na wat hulle wederregtelik gedoen het om die afdrukke in die bevolkingsregister te toets. En eergisteraand se besoek aan die huis.

Sy knip nie ’n oog nie. Geen protes, geen verontwaardiging, geen teregwysing nie. Sy kyk nie eens na die dokumente wat Cupido op haar lessenaar uitpak terwyl Bennie praat nie. Dit is net asof sy nog verder inkrimp

in haar groot lessenaarstoel onder die fotopanorama met die gat in die middel.

Dit laat die speurders nog meer skuldig en ongemaklik voel.

Toe Griessel klaar is, sê sy: “I will go with you.” Sy trek haar lessenaarlaai oop, haal iets uit, druk dit in haar sak.

Die rit na Parklands, anderkant Table View, neem langer as ’n halfuur. Mbali sit agter. Sy praat net een keer, wanneer hulle van die N7 afdraai. “I would like you to do the talking,” sê sy aan Cupido.

“Yes, colonel.”

By die Olive Park-meenthuiskompleks in Folkestonestraat moet Kaleni ’n oproep maak sodat die hek oopgemaak kan word. Dit is ’n baie kort gesprek; die kolonel praat kortaf in Xhosa.

Thandi Dikela maak haar voordeur oop. Hulle kan aan die vrees in haar oë sien dat sy weet waarom hulle hier is, al sê sy met té groot geesdrif: “Tell me you caught them.”

* * *

Griessel het die dokumente in sy moordtas ingedra. Toe hulle in haar oopplan-leefvertrek om die koffietafel sit, knip hy die tas oop en haal dit uit. Hy hou dit eers op sy skoot.

Sy kyk na die dokumente, skud haar kop senuagtig. Die bos lang, dun Afrika-vlegsels sidder.

“Thandi,” sê Cupido, “it must have been terrible for you to find your father like that, Tuesday afternoon. We can just imagine, you must have been in shock, and there would have been the grief and everything. In that condition, anyone will do things they later regret. So we want to say that we understand. We absolutely understand. But today, we need you to be very honest with us.”

Griessel kan hoor sy kollega probeer hard om met deernis te praat, sekerlik vir Kaleni se onthalwe.

“I *have* been totally honest,” sê sy en sit doodstil, asof die spanning haar verlam. Sy kyk nie na Cupido nie, net na Kaleni.

“We think you made a mistake on Tuesday. You forgot to wipe the notepad. The one in his desk drawer, the one from which you tore the page for the suicide note.”

“I never did that,” sê sy sonder oortuiging, net ’n instinktiewe refleks van ontkenning.

“We have your fingerprints on the pad,” sê Cupido.

“No, no,” sê Thandi, “I must have touched it some other time.”

“We don’t think so. We also have a partial print that matches yours, on the suicide note itself. You missed that when you wiped the note and the pen, after forging your father’s handwriting.”

“It wasn’t me,” sê sy met ’n stygende stemtoon. “Mbali, you know me. Tell them it wasn’t me. Why would I do that?”

Kaleni kyk swygend na haar, met ’n groot moegheid.

“We will get to that,” sê Cupido, knik dan vir Bennie.

Griessel plaas die eerste dokument op die koffietafel. “That is your father’s will. It was drawn up in April of last year. It indicates that your mother will inherit the house in Nuttall Street, as well as the investments he had at the Allan Gray company.”

Sy staar net na die testament.

Bennie sit die volgende drie dokumente die een ná die ander op die blad.

“But he did make provision for you,” sê Cupido. “He had taken out three life policies. One for Cebisa Jali, who cleaned for him, and whose studies he paid for. And these two for you, as the sole beneficiary. You would have received a total of four-and-a-half million rand …”

Thandi begin huil. “I never knew that. I swear, I never knew that. Mbali, please, you have to believe me. I never knew that …”

Kaleni haal ’n paar snesies uit haar sak; sy het dit uit haar lessenaarlaai geneem net voor hulle gery het. Sy staan op, hou dit uit na Thandi. Die vrou kyk smekend na haar. Mbali staan geduldig en wag tot Thandi die snesies neem, dan draai sy om en gaan sit weer.

“The problem,” sê Cupido, “is that all three these policies were taken out just after your father drew up his testament. That means they are just sixteen months old, and all three have a twenty-four month suicide clause, as well as a contestability clause. So they won’t be paid out. We think you knew that …”

“No, no, no, you have it all wrong, you are making a very big mistake …”

“Thandi,” sê Cupido, “we’ve seen this before. There are a lot of people who have a terminal illness, and then want to make provision before taking their own life, but they don’t read the fine …”

“No!” Dit is ’n uitroep van wanhoop en van smart, luid en skril in die vertrek. Asof dit haar breek, sodat sy ruk, en dan snikkend inmekaar sit, haar kop in haar hande, die vlegsels wat haar gesig bedek. “You know me, Mbali …” kry sy tussendeur die sidderings uit. “You, of all people, know me …”

Hulle laat haar huil. Minute tik verby. Eindelik kalmeer sy effens.

“We think,” gaan Cupido voort, “you hoped that we would quickly spot the bad forgery of his handwriting. And that we would believe you when you said someone killed him and staged the suicide. The problem is, there is absolutely no evidence that it was staged. Nothing at all.”

“They killed him.”

“Every bit of evidence shows that he killed himself. I’m sorry, but those are the facts. Did you pick up the shell casing, Thandi?”

Sy kom van agter die hare weer te voorskyn. Haar stem is nou sterker, asof sy hulle met haar wilskrag wil oortuig. “No! They killed him. I *know* they did.”

“Thandi, he killed himself,” sê Mbali nou vir die eerste keer, met groot emosie.

“No,” sê Thandi. Sy maak ’n gebaar met haar hande, frustrasie en wanhoop. “He didn’t!”

“We understand …”

“You don’t. You don’t know anything. You …” Tot almal se verbasing spring sy op, storm na die venster toe, vuiste gebal, soos iemand wat wil ontplof. Sy draai om. “I did it,” sê sy. “I forged the note. I did it. It was horrible, it was so horrible. You will never know how difficult it was. But I did it.”

“Hayi, Thandi,” sê Kaleni.

“No, you don’t understand …”

“Then help us to.”

“Yes. I’ll tell you the truth.”

“I would really appreciate that,” sê Kaleni.

Thandi kom nader, staan voor hulle. “The truth is, I never picked up anything, I never saw a shell casing. Yes, I forged that letter. I wrote it. I put it on the table, right there, next to my dead father. I’ll never forget that moment. *Never*. I wiped the paper and the pen. I was shaking. But I did it, because I needed you to investigate it as a murder. That is what it was. They killed him. I walked into that house, into that kitchen, and I saw him. Sitting like that. That’s not normal. People fall when they shoot themselves. They propped him up like that. They killed him, and then they did that. They are disgusting, evil people.”

“Who?” vra Bennie Griessel.

“And why?” vra Cupido, veel meer skepties.

“I’ll tell you,” sê Thandi. “I will tell you everything.”

74

Thandi sê sy het haar pa verlede Saterdag gebel, net soos wat sy hulle die eerste keer vertel het.

Sy kon hoor hy was terneergedruk. Hartseer. Soos hy destyds was toe sy oudkamerade hom so aangeval en probeer verdag maak het oor sy ondertekening van die verklaring teen korrupsie en staatskaping. Toe vra sy hom wat verkeerd is. Hy't gesê nee, niks makeer nie. Sy het hom gevra wat hy doen, en hy het gesê hy woeker maar in sy groentetuin. Hy werk kompos in. En toe verander hy die onderwerp, vra vir haar of sy al 'n kêrel het. En hoe gaan dit met haar ma? Hoe gaan dit met haar werk? Steeds kon sy hoor hy is nie sy ou self nie.

En toe, aan die einde van die gesprek, het hy uit die bloute vir haar gesê as hy iets oorkom, moet sy vir Mbali Kaleni bel. Hy vertrou vir Mbali.

Dit het haar geruk, haar diep ontstel. Sy het hom gevra waarom hy dit sê. Wat gaan aan? Hy kon hoor hoe angsbevange sy was. Hy het dit probeer afmaak, gesê dis net 'n grappie. Keer op keer het sy geprotesteer dat hy vir haar jok. Hy het gesê hy is jammer, dit was 'n swak grap, hy wou net sien of sy nog lief is vir hom. Sy het met hom geraas, gesê hy kan dit nie aan haar doen nie.

Ná die oproep het sy dit oordink. Sy het die terneergedrukte stemtoon en die verwysing na Mbali bymekaargesit, haarself oortuig dat daar fout was. Toe bel sy weer. Hulle kan maar na haar selfoon se oproepregister kyk, hulle sal sien dit is alles waar.

Hy het 'n bietjie beter geklink tydens daardie oproep, gesê dit is die waterbeperkings wat hom onderkry. Hoe gaan hy sy groente kweek, want hy kan nie eens 'n reënwatertenk in die hande kry nie? As sy hom wil help, is dít wat sy kan doen. 'n Tenk iewers bekom.

"I wasn't convinced," sê sy. "It just kept bothering me. So I got into my car and I drove to his house …"

"This was Saturday afternoon?" vra Cupido.

"Yes."

"Please proceed," sê hy.

Toe haar pa die deur oopmaak, het hy vir haar gebroke gelyk, en sy het geweet dit was goed dat sy gekom het. Maar toe hy haar omhels, aanhou klou

soos ’n drenkeling, toe besef sy daar het iets baie groot gebeur.

Menzi Dikela het daar, in die deur, al begin huil.

“Do you know what it is like to see your father, this wonderful, strong man, this hero, to see him break down and cry? Do you know what it is like? It kills you a little bit, *right here*.” Thandi druk haar vinger teen haar hart, huil dan self eers weer. “And it kills you even more when he tells you horrible, horrible things.”

Sy veg vir beheer oor haar emosie, sê dan hulle het op sy rusbank gaan sit, waar sy haar pa se hande vasgehou het. Hy het gesê: “They are coming to kill me, Thandi. They killed Lonnie, and they will be coming for me. Very soon.”

Sy kan sien hulle wil haar vra wie Lonnie is, maar sy wil nie onderbreek word nie. Sy sê Lonnie May was een van haar pa se oudkamerade, een van sy beste vriende. Hulle het in die nuwe bestel saamgewerk, eers in die Geheime Diens, later in die SSA, voor hulle afgetree het. Sy het Lonnie goed geken. Hy was so ’n lieflike mens, altyd ondeund, altyd met iets besig, sy bynaam was Ubu, die afkorting van *ububhibhi*. Die Meerkat.

“How did Lonnie May die?” vra Griessel.

“He died at the airport, last Friday. The official version was that he died of a heart attack. But my father said they killed him. They had the Russians kill him …”

“The Russians?” vra Cupido, nou baie skepties. “You must be kidding me.”

Sy kyk verstar na hom. ’n Traan loop weer oor haar wang en haar stem is terug by breekpunt. Sy loop stadig terug na die stoel, gaan sit weer.

“My father said it was a sort of blind justice. Because Lonnie probably deserved it, and he, my father, deserved it even more. Because they were murderers. They had killed a man. A good man. A family man. On a train, in August. My father killed a man.”

“On the Rovos Rail?” vra Cupido verstom.

“Yes. The Rovos Rail. And they killed him to protect something even more terrible.”

Die trane vloei en haar lyf ruk onbeheerbaar.

Mbali Kaleni kom uit haar stoel uit op, gaan druk met haar hand op Thandi Dikela se skouer. “I’m so sorry,” sê sy.

Thandi knik net tussen die snikke deur.

“Perhaps,” sê Kaleni, “I should fix us some tea.”

* * *

Hulle drink die tee in stilte, die twee speurders net uit hoflikheid, want hulle sou verkies het dat daar nie nou ’n onderbreking is nie. Hulle wag geduldig tot Thandi reg is om haar storie te hervat.

Ná die Openbare Beskermer se verslag oor staatskaping twee jaar gelede aan die media gelek is, sê sy, het haar pa deel geword van die groep van sestien prominente oudstryders wat op ’n nuuskonferensie ’n beroep op die President en sy meelopers gedoen het om te bedank.

Die reaksie daarop was vinnig en baie fel. Hulle is deur die korrupte netwerk van kabinetslede, partylede, sekerheidsagentskappe en selfs die polisie geteister, geïsoleer, beskuldig, gedreig, uitgedryf en beswadder. Dit was vir Menzi en die ander vyftien ’n bitter moeilike tyd.

Maar daar was een positiewe gevolg. Nóg oudkamerade wat ontnugter en diep bekommerd was oor die gedyende kleptokrasie – en die verwoestende invloed daarvan op die Mandela-visie – het na hulle uitgereik. Stelselmatig, oor ’n tydperk van byna ’n jaar, het ’n geheime organisasie ontstaan. MK43. Drie-en-veertig voormalige senior lede van Umkhonto we Sizwe. Sommige was oudministers uit Mbeki se kabinet, ’n paar was steeds parlementslede. Die meeste was net ringkoppe, afgetree ná ’n leeftyd van diens.

Hulle het na elke moontlike uitweg gekyk om die verval van hul land en hul stryd om te keer. Eindelik besef daar is net een oplossing.

Menzi Dikela en Lonnie May was al twee nou betrokke by dié plan. Die drie-en-veertig het maande lank voorberei. Hulle het geheime ontmoetings en vergaderings gehad, soms op vreemde plekke: obskure private wildreservate, ’n klein vakansieoord in die Sederberge, ’n afgesonderde, derderangse hotel aan die Wildekus. Nooit al drie-en-veertig saam nie, altyd in kleiner organiserende komitees. Menzi Dikela het hul geheime kommunikasie digitaal bestuur en beheer. Hulle het onder meer vals identiteite geskep, met die gepaste gepaardgaande dokumente, om veral die SSA se wakende oog te ontglip. Want die risiko was so groot dat hulle ontdek sou word. En dit sou sekerlik hul dood tot gevolg hê.

Dit was die spanning van geheimhouding, van die doodsgevaar indien hulle verraai sou word, wat Menzi en Lonnie laat besluit het om ’n kardinale beplanningsvergadering met ’n kort, luukse vakansie te kombineer. ’n Klein bederf ná al die stres, hulle planne feitlik agtermekaar. Hulle moes in elk geval na Pretoria reis, en die Rovos-trein was ongewoon, iets wat die SSA nie sou dophou nie. Boonop sou dit maklik wees om in die privaatheid van hul kompartemente die finale voorbereiding te bespreek.

En toe maak hulle ’n fout.

“My dad saw a man in the train’s restaurant that looked familiar, but he couldn’t place him. Because the man was young, and he was with this little old

lady, Dad did not consider him a risk. He said he and Lonnie had a few glasses of wine, and for the first time in months they were relaxed, not as vigilant as they should have been. They walked together to their compartments, my father went into his, and Lonnie stood in the doorway. They were talking, they were sure there was no one else because they had been alone in the passage. They got careless, just for a moment. They were talking about their big solution to the state capture problem, and then my dad moved, and saw the man from the restaurant carriage standing behind Lonnie, listening. And he could see the man had heard them, because of the look on his face. The man introduced himself, pretending that he hadn't heard anything. He said he was Johnson, and that he had met both of them a few years ago when he was still with the police VIP protection unit, when he was the Minister of Security's bodyguard. He just wanted to come pay his respects. And he asked how they were. But it was an uncomfortable conversation, my father said. Because despite his best efforts to be nonchalant, it was obvious that Johnson had overheard them.

"Johnson left, and my father and Lonnie had to make a decision very quickly. It wasn't just the operation that was at stake, it was the lives of all forty-three comrades. Their *lives*. Their *everything*. So, Dad took his knife, his biltong knife, it was the only weapon they had between them. And they followed Johnson, saw him enter his compartment and close the door. They didn't know if he had locked it. So they stood outside. Other passengers were coming from the dining car, so they pretended to walk away. And then they returned, tried the door, and it was open. Johnson was standing with his back to the door, talking on the phone, very intense, reporting what he had heard. Then they realised they had to act very fast, and my father stabbed him with the knife. He said he panicked, he was desperate, he just … he just …" Sy snik weer, verberg haar gesig.

"Do you want to take a moment?" vra Kaleni.

Sy skud haar kop. "He stabbed him with all his might. The blade broke off, and Lonnie shut the door, and jumped on Johnson too."

* * *

Thandi sê Johnson het oor die bed geval, met Menzi en Lonnie wat bo-op hom was. Hulle het nie gedink die enkele steek agter in sy kop was noodlottig nie, hulle wou seker maak, hulle was reg om te stoei, om hom te verwurg indien dit nodig sou wees. Maar dit was nie. Johnson het net daar gelê, doodstil. Menzi het eerste tot verhaal gekom, seker gemaak die oproep waarmee Johnson besig

was, word beëindig.

Hulle het opgestaan. Die twee ou mans het gebewe, hulle was in skok, oorweldig deur die skielike geweld en dodelike gevolg. Johnson se foon het gelui. Menzi het koorsagtig die battery uitgehaal. Hy het die foon én battery in Johnson se baadjiesak gesit. Lonnie het die deur gaan sluit. Toe gaan sit hulle op die bed, langs die lyk. Stadigaan het hulle tot verhaal gekom, in fluisterstemme hul situasie bespreek. ’n Plan gemaak. Hulle sou later, wanneer die treinspoor van die N1 af wegwyk en die kanse dat die liggaam ontdek sou word, aansienlik skraler was, vir Johnson uit die trein gooi. Intussen sou Lonnie agterbly, want hulle moes seker wees die deur is van binne gesluit.

Menzi het die hef van sy Okapi uitgegooi. Hy het ’n skootrekenaar op die bedkassie gesien. Hy het dit saamgeneem, sodat hy kon sien of Johnson op enige manier by die SSA betrokke was. Want ’n mens weet nooit, dalk was hy geplant.

In die vroeë oggendure het hulle met ’n groot gespartel die lyk by die venster uitgekry. Want Johnson was nie ’n klein man nie.

Toe maak hulle die bed weer op, en stoot sy tas diep onder dit in.

“They completed the journey with intense fear, because they didn’t know how much information Johnson had given the people he called. They were filled with trepidation when they arrived, because by then the Rovos people knew that Johnson had disappeared. But nothing happened. And my father thought they had gotten away with it … until Lonnie was killed.”

Sy haal diep asem, asof ’n groot vrag afgelaai is.

“Thandi, how could your father be so sure that Lonnie May was killed?” vra Griessel. “That it wasn’t just a heart attack, from all the stress?”

“Because they told him.”

“Who?”

“A man by the name of Zungu. A big man, my father said. Very big. A very dangerous man. He was at my father’s house on Friday night. And two other men. All from the State Security Agency. They told him they had Lonnie killed. With a Russian drug. And that they would do something unimaginably terrible to him, unless he told them everything.”

75

Menzi Dikela het hulle niks vertel nie. Hy het alles ontken. Hulle het gesê, dink daaroor, dink baie mooi daaroor, want hulle gaan terugkom.

Mbali vra vir haar wat die komplot was waarby haar pa betrokke was.

Sy sê sy kan nie vir hulle sê nie.

Omdat sy nie weet nie?

Nee, omdat haar pa vir haar gesê het dat, indien sy vir enigiemand vertel, sy sekerlik ook doodgemaak sal word.

"But he told you that you can trust me," sê Mbali Kaleni.

"He told me that, with *that* information, I couldn't trust anybody. I swore to him, I promised him. I will not betray him now."

"So, you faked the suicide note because you wanted us to believe it was murder?" vra Cupido. "So that we'll catch these guys?"

"Yes. Because I *know* it was murder. I think my father told them what they wanted to know, when they came back. And then they killed him. With another Russian drug. My father told me the Russians have drugs that leave no trace in the body. That's why Lonnie's death was seen as a heart attack."

"But you never picked up a shell casing?"

"I swear to you I did not."

"And you never knew about the life policies?"

"I knew about the policies, because my father told me when he drew up his will. But I did not know that they won't pay out if it was suicide. I never knew that."

* * *

Hulle ry terug kantoor toe. Mbali Kaleni sit weer agter. Toe hulle op die N7 afdraai, sê sy: "I don't know what to do."

Hulle weet nie wat om vir haar te sê nie.

"I am subjective. I cannot trust my own judgement on this," sê sy.

Steeds antwoord Griessel en Cupido haar nie.

"She interfered with a crime scene. And she obstructed justice," sê Mbali.

“Whether we believe her about her motive, or not.”

“Colonel,” sê Cupido, “a good advocate would plead that she was under huge stress. These state capture people have stolen so much money, I don’t think we should waste any more on a case where a woman wrote a suicide note for a father who probably committed suicide.”

“You don’t believe the Russian drug theory?” vra Mbali.

“No, colonel.”

“Me neither,” sê Griessel. “Because prof Pagel would have found something. He’s a very smart guy.”

“So we do nothing?”

“There is nothing we can do. For now,” sê Cupido, die laaste sin met nadruk. En hy kyk na Griessel.

Bennie snap. Vaughn wil nie hê hy moet iets oor die boorgat sê nie.

“I think there is something else you are not telling me,” sê Mbali.

“If we find anything else, colonel, we will tell you,” sê Griessel.

Cupido sien in die truspieël hoe die kolonel haar arms oor haar bors vou. Dit beteken sy is nie gelukkig nie.

Maar sy sê niks.

* * *

Griessel gaan haal die ring uit sy lessenaarlaai, wat hy toegesluit hou.

Hy maak die dosie oop, kyk na die inhoud.

Môreaand moet hy vir Alexa vra. En hierdie ring vir haar wys. Dit lyk nou so klein, so goedkoop.

Dis al wat hy kon bekostig.

Hy druk dit in sy sak, dan loop hy uit.

Cupido hoor hom in die gang verbystap. “Wag Benna, ek loop saam,” sê hy. Vra dan: “Hoe was die gig gisteraand?”

Griessel sê dit was lekker, tot hy vir Arnold teruggebel het. Daarna het hy gesukkel om te konsentreer.

In die kelder-parkeerarea sê Vaughn in ’n gedempte stem: “Partner, ons kyk maar of die boorgat-ding iets produce. Let the universe show the way.”

“Okay.”

Toe hy in sy kar klim, wonder Griessel wat hulle gaan doen as dit iets oplewer. Wat kán hulle doen?

Al die pad terug na hul huis teen die flank van Leeukop wonder hy waar hy vanaand die ring gaan bêre. Want die laaste ding wat hy wil hê, is dat sy dit

voor môre sal ontdek. Hy is nog nie seker dat hy die moed gaan hê om haar te vra nie. Hy voel die beklemming hier in sy binneste. Dis soos ’n ultimatum vir alles in sy lewe. Die afdwing van ’n finale spertyd. Maak of breek.

Moet hy dit nie maar los nie?

* * *

Daniel staan op die Pont de la Tournelle terwyl die son oor die Notre-Dame-katedraal sak, die westerkim rooi soos bloed.

Iewers in hierdie stad is sy prooi. Dalk nou besig met ’n gesellige skemerkelk, besig om hartlik te lag en te gesels met Franse regeringslui, landsgenote en ambassadepersoneel. Die President se laaste sonsondergang, sy laaste aand. Want môre word hy deur ’n ou kameraad doodgemaak.

In die naam van die Stryd.

Hy het byna al sy voorbereidings afgehandel. Hy het die weervoorspelling bestudeer, sodat hy kan weet hoe hard en in watter rigting die wind môremiddag sal waai. Hy het so goed as wat hy kan die afstand gemeet. Hy het vanmiddag ’n ligte aluminiumleer en ’n versameling skoonmaakmiddels gaan koop.

Vanaand sal hy in die BigLove Caffé, bo in Rue Debelleyme, gaan eet. Dit het vir hom lekker gelyk toe hy vanoggend daar verbygestap het, die ham en wors wat so in die venster hang. Gesellig en vriendelik en gemeensaam. Dis wat hy vanaand nodig het. Om tussen mense te wees wat lag en gesels en vrolik is.

Dalk is dit sy laaste avondmaal.

En daarna sal hy die geweer nog een keer gaan skoonmaak.

Hy staan op die brug tot die son verdwyn.

76

Sondag, 3 September.

Dag Zero.

Vir Bennie Griessel.

En vir Daniel Darret.

Daniel is die oggend voor vier wakker. Die vooruitsig van wat hy moet doen is die enjin van sy slapeloosheid.

Hy moet die impuls onderdruk om op te staan en langs die Seine te gaan stap. Dit was wat hy gedoen het, destyds, in die ure voor ’n natwerk-operasie. Geloop om te kalmeer, sy kop skoon te kry, te fokus. Kop omlaag, kilometer ná kilometer. Om die sluipmoord in die konteks van ’n oorlog te sien, deel van die Stryd. Om ’n soort woede op te bou, maar bowenal om sy plan te visualiseer, elke stap, elke moontlike risiko. Elke ding wat verkeerd kan gaan, met ’n strategie daarvoor. En eindelik, sy ontsnaproetes.

Maar nou staan hy nie op nie, want hy weet dit is ’n lang dag wat voorlê en hy is nie meer die jong man van meer as drie dekades gelede nie. Hy moet sy kragte spaar.

Daarom doen hy nou net die geestesoog-oefening: Die voorbereiding, die stap met die leer en die geweer, oor die muur, op met die tydelike trappe langs die steierwerk, die uitkies van die beste uitkykpunt. Die wag. Die aanlê, die volg van die President wanneer hy uit die motor klim, tussen die blare deur, wag, wag, geduldig wag, tot daardie oomblik, die twee skoon meters tussen die laaste trappie en die hotel se voordeur, twee sekondes, dalk drie, as die ou man nie meer so rats is nie. Om die sneller te trek. Dan, die wegkom. Dieselfde roete; daar is net een roete in, een roete uit.

Keer op keer op keer speel hy dit in sy kop, tot hy die gedruis van die verkeer hoor, Parys wat ontwaak, en hy eindelik opstaan om te gaan koffie maak.

* * *

Donovan kom maak hulle wakker.

Dit is vir Cupido steeds ongemaklik. Langs Desiree Coetzee in die bed op ’n Sondagoggend en die kind kom in. Dis elke naweek só, die kind wat vroeg karring asof hy steeds jaloers is op sy ma se aandag. Of liefs sy bloedpa daar wil hê. Of net nie vir hóm daar wil hê nie.

Nou is dit: “Mommy, kan ons crumpets maak?” En Desiree wat kreun, want sy wou nog slaap, en Cupido wat niks sê nie, net daar lê en vir Donovan kyk. En wonder wat hy nóg kan doen om alles te normaliseer.

“Ja, lovey.”

“Dan moet jy opstaan, Mommy.”

“Mommy kom nou. Gaan sit solank die ingredients reg.”

Donovan is traag om uit te gaan, maar loop eindelik.

Desiree skuif haar mooi, warm lyf onder die winterkomberse tot teen Cupido s’n, soen hom in die nek. “Nog net so ’n bietjie snuggle met my boyfriend …”

Hy skuif sy arm sodat dit agter haar rug inkom, druk haar vas.

“Dis lekker, nè?” sê sy.

“Baie lekker.”

“Jy’s lekker.”

“Jy’s nóg lekkerder.”

“Jy’s die lekkerste.”

“True, that.”

Sy giggel. Soen hom weer, agter sy oor.

“Lê jy. Ek sal die crumpets gaan maak,” sê hy. “Bietjie bond met Donnie.”

“Jy kan nie crumpets maak om jou lewe te red nie.”

“How hard can it be?”

Hy staan op, loop badkamer toe om te urineer. En hom skelm te weeg op Desiree se skaal.

Hy is een kilogram af. Hy pomp sy vuis. ’n Klein oorwinning.

* * *

Sondae luister hulle na musiek, Alexa Barnard en Bennie Griessel.

Hy gaan koop eers vir haar die koerante en ’n vars brood. Wanneer hy terugkom, sal sy Aretha Franklin, Shirley Bassey, Joan Baez of Janis Joplin op die hoëtrou hê.

Nou, in die koue van die vroeë lente, sal hy die kaggelvuur weer aan die gang kry, seker maak dit brand sterk.

Hulle sal in die kombuis roosterbrood maak, koffie vir hom en rooibos-chai

vir haar. Kaas rasper, konfyt en botter uithaal, borde en messegoed op die tafel sit.

Hulle sal eet terwyl sy die koerante een vir een vat, soms vir hom hardop stukkies en brokkies lees – veral wanneer sy naam of iets oor die Valke soms genoem word – maar hy wil nie regtig weet van al die moord en doodslag en politiekery en staatskaping nie. Hy wil net dié warmte geniet.

Sy sal dalk saam met die musiek in die voorkamer sing, met haar fluweelstem. Haar gunstelingrefreine met oorgawe. Dan glimlag hy met genoegdoening, want sy is so vrek goed.

"Ek sien so uit na vanaand," sê sy toe sy die laaste koerant toemaak.

"Ek ook," lieg Bennie Griessel.

Hy het die ring in sy baadjiesak gelos. Hy het, heel eerste ding vanoggend, aan die baadjie in die kas gaan druk-druk om seker te maak dit is nog daar.

Here.

Dag Zero.

* * *

From: vula@protonmail.com
Subject: Ready?
To: inhlanhla@protonmail.com

Dear Inhlanhla
Please confirm you are good to go.
Vula

Die e-pos kom net voor nege.

Hy skryf terug: *Yes. Good to go.*

Hul kommunikasie is nou veel minder speels. Die spanning by hulle is seker net so ondraaglik. Dit laat hom beter voel.

Tot ná tien probeer hy net ontspan in die woonstel. Dan kan hy dit nie meer hou nie. Hy loop rivier toe, stap met die regteroewer langs, stadig, doelbewus stadig. Hy kyk na die mense, die stappers en drawwers en fietsryers, die sitters, die rokers, die hengelaars, die skeepsverkeer.

Maar sy kop keer maar altyd weer terug. Na daardie twee of drie sekondes tussen die trappies en die hoteldeur.

* * *

Die oproep kom om 16:09.

Griessel is saam met Alexa in die Waterfront se Pick n Pay. Sy loop met haar lysie in die gange af. Hy stoot die trollie. Sy koop alles wat sy nodig het om saans vir hom te kook in die komende week: hoender-en-broccolisop, spaghetti bolognese, viskoekies, ertjies, kapokaartappels en Vrydagaand se kerrie. Niks vir Donderdag nie, wanneer hulle Alkoholiste Anoniem toe gaan, net ’n klaargemaakte Woolies-mikrogolfgereg om agterna op te warm.

In die pasta-gang lui sy selfoon.

Hy ken nie die nommer nie. “Bennie,” antwoord hy.

“Ek soek die kapteintjie van die Valke,” sê die growwe manstem, die aksent Namakwalands.

“Dis ek. Bennie Griessel.”

“Dis Herman hier. Van Swartland Drilling. Julle soek die plek met die swart X5.” ’n Stelling.

“Dis reg.”

“Ja, kyk, ons het dié week geboor hier anderkant Clanwilliam, daar was nie sel nie, toe kry ek die boodskap eers nou.”

“Ek verstaan.”

Alexa kom aangestap met ’n pak spaghetti. Griessel staan in die middel van die gang, sy volle aandag by die oproep.

“Nou, ons het Dinsdagaand laat klaargemaak daar anderkant Philadelphia, op die ou Malmesburypad. So ’n klein plasie, of ’n groot plot, dis moeilik om te sê, ek het maar snuf in die neus gehad, jy moet my mooi verstaan, dis nou nie rassisties nie, maar ek het maar snuf in die neus gehad. Ek meen, as dit nou net een man was wat gelyk het of hy boer, maar daar’s drie van hulle, sulke stuurse kêrels, wou nie eintlik praat nie, jy verstaan?”

“Ek verstaan.”

“Swart kêrels.”

“Ek sien.”

“En die BMW. Swart BMW. Nou, moenie vir my sê jý sou nie ook snuf in die neus gehad het nie. Die plek is maar so-so, dis nie mooi onderhou nie, daar’s niks wat eintlik daar aangaan nie. Maar die grênd kar, en die drie stuurse kêrels, wou nie eens hê ons moet ’n ketel in hulle kombuis kook nie. Heeldag in die huis, dan ry hulle, dan is hulle terug in die huis, gordyne toe. Sê my jý sou nie ook snuf in die neus gekry het nie. Seker hierdie transitorower-kêrels, is ek reg, sê my, is ek reg?”

77

Toe Griessel bel, vra Cupido vir hom: “Gaan jy saam, partner?”

“Ja.”

’n Kort stilte registreer Cupido se verbasing. Maar dan: “Let’s go nail some state capture mofos,” sê hy harder as wat nodig is, sodat Bennie besef die kind, Donovan, is seker daar naby. Dis Vaughn se dryfveer vir hierdie stap.

Hulle spreek af om voor die kerk op Philadelphia te ontmoet, en van daar af saam te ry. So naby moontlik aan vyfuur.

* * *

We can confirm that your target will be at the South African ambassador’s residence on the Rue Cimarosa on Sunday afternoon, from 16:00 to 18:00. From there he will travel to the Hotel Raphael, 17 Avenue Kléber. We have firm intelligence that this will happen between 18:00 and 18:30. He will stay at the hotel until it is time to leave for the airport.

Daniel het die inhoud van dié e-pos gememoriseer, want tydsberekening is een van die belangrikste faktore vir sy sukses. Gaan hy te vroeg, is daar die gevaar dat ’n opsigter op sy rondtes hom kan ontdek. Gaan hy te laat, sal hy oorhaastig wees, oordeelsfoute begaan. Of kan hy sy prooi heeltemal misloop.

Daarom het hy ingepak en reggepak, alles voorberei, en om vieruur gestort. Nou trek hy die arbeidersklere aan. Dra eers sy tas af na die Peugeot toe. Dan kom haal hy die tent met die geweer in.

Net voor halfvyf ry hy na die Éléphant Bleu in die Avenue de la Porte de Clichy, ’n vulstasie en motorwasplek onder die ring-snelweg wat Parys omsoom.

Hy sal alles binne die motor uitpak, en die voertuig se bekleedsel en matte deeglik stofsuig. Hy sal die binnekant baie sorgvuldig met sy skoonmaakmiddels reinig. Hy wil sover moontlik DNS-bewyse en vingerafdrukke verwyder.

Dan sal hy weer die kamptoerustig, die leer en die tentsak met die geweer in teruglaai. Hy sal die arbeidershandskoene aantrek, om nie nog afdrukke te laat

nie. En ry.

Na die Avenue Kléber.

* * *

Toe Griessel by die kerk aankom, leun Cupido aan teen die voorkant van sy kar, sy arms gevou. Hy het sy winterjas aan, die lang een wat tot by sy knieë hang, die een wat hom so ’n bietjie soos Batman laat lyk wanneer dit wapper terwyl hy stap. Hy weet dit maak van hom ’n indrukwekkende figuur. “The Hawk in Winter” noem hy dié uitrusting.

Griessel klim uit, loop na sy kollega. Hy vra die vraag wat hy die afgelope uur reeds sukkel om te beantwoord: “Hoekom is ons hier, Vaughn?”

“Well, Benna,” sê hy terwyl hy van die enjinkap af opstaan, “we are captains of the Hawks. Elite law enforcement officers. So, ons gaan die law so ’n bietjie enforce. In a very elite manner. Da’s die stolen property. We have reason to believe lat hulle Menzi Dikela se computer equipment gevat het, vanaf ’n crime scene nogal. En hulle sal sê hulle is government officials, en dan sê ons daai is cool, cats, ma’ wa’ was julle search warrant? Da’s die interference with a crime scene. Da’s die obstruction of justice. Da’s die operating a vehicle on national and provincial roads with forged number plates. En pappie, da’s die very strong evidence lat hulle collectively and individually ’n klomp dose is. Shall I go on?”

“En ons strategie?”

“Partner, ék weet en jý weet we’re not going to make anything stick met wat ons het. Ma’ ek het al genoeg van hierdie arseholes gesien om te weet hulle voel entitled, hulle is arrogant en hulle is a law unto themselves. So, ek scheme ons gaan pis hulle af. Ek gaan jou die Big V wys wat jy nog altyd wou gesien het. Ek gaan hulle tart, ek gaan hulle tease en provoke. I’m going to out-arsehole these arseholes. En dan, wanneer hulle react – and they *will* react, I guarantee you – dan gaan ek hulle gatte arrest for attempted assault van ’n member of the Hawks. And we see where it goes. Miskien involve ons die media, maak ’n stir, a dent in the armour of the state capture brigade. Want ons is good men, and we did not do nothing. Daai is al wat ek het, en as jy nou vir my sê, Vaughnie, jy’s mal in jou kop, kom ons gaan huis toe, then this court will seriously consider your motion.”

“Vaughnie?”

Cupido glimlag. “Use it, don’t use it. Just a thought. To show the world I can be self-deprecating and humble too.”

“Die media, sodat Desiree se Donovan kan lees sy aanstaande stiefpa het ’n slag geslaan teen staatskaping.”

“Something like that.”

Griessel kyk na die koringlande, daar ver. Hy skud sy kop asof hy nie kan glo wat hy gaan sê nie: “Kom, Vaughnie. Kom ons gaan pis ons collective and individual loopbane weg.”

“That’s my boy,” sê Cupido.

En dan, met ’n swaaiende wysvinger in Griessel se rigting, sê hy: “Moenie dink ek weet nie hoekom jy nou reg is vir career suicide nie. Jy soek ’n excuse. Banggat Bennie, the reluctant bridegroom.”

* * *

Om 17:23 ry hulle by die plaas se ingang in.

Daar is ’n verweerde naambord, byna onleesbaar. *Kleingeluk*.

Dit is ’n slegte grondpaadjie verby verlate veekampe. Draadheinings wat hang en plek-plek stukkend is, ’n windpomp met vier verlore vlerke. Tot by die opstal, ’n oninspirerende sinkdakgebou uit die sestigs.

Die X5 staan daar, onder ’n afdak. Steeds met die vals nommerplaat.

Die boorgat se toegebinde pyp, met die modder van De Hoek-kalksteen en ander rots-boorsels wat in ’n opgedroogde stroompie tussen die huis en die BMW lê.

“Ek vat die voordeur, jy vat die agterdeur?” vra Cupido toe hulle ’n paar meter van die gebou af stilhou.

“Okay,” sê Griessel.

Hy trek sy Z88-dienspistool uit die leerskede aan sy gordel. Hy klim uit, begin draf, sy oë op die huis se vensters. As die swart X5 hier staan, is hulle daar binne.

Cupido hou sy Glock in sy hand en loop na die voordeur toe.

Griessel verdwyn om die hoek.

* * *

Om 17:26 is Daniel Darret gelukkig genoeg om ’n parkeerplek in die Rue Lauriston te kry.

Dit beteken hy is tien minute te vroeg, maar hy kan die tyd gebruik om weer na e-pos te kyk. Hy trek die handskoene uit om die instrument te bewerk.

Daar is geen nuus van Vula nie. Dit dui daarop dat daar geen verandering in die President se skedule is nie.

Hy sit die selfoon af, haal die simkaart uit. Hy vee al twee met ’n lap en skoonmaakmiddel skoon. Dan trek hy weer die handskoene aan, klim uit, loop oor na ’n asblik en plaas dit alles daarin. Hy gaan terug na die Peugeot, skakel die laaste selfoon aan, plaas dit in die bosak van sy werkersbaadjie.

Dan sit hy en wag vir die horlosie op die instrumentpaneel om na 17:40 aan te beweeg.

* * *

Cupido moet vier keer hard aan die voordeur hamer.

“Go away,” roep ’n stem eindelik van binne, diep en gesaghebbend.

“I am captain Vaughn Cupido of the Hawks. I am investigating a murder case and I am ordering you to open this door.” Hy staan langs die deur, sy pistool voor hom.

“Fuck off.”

“Then I’ll have to kick it in, sir.”

’n Swets van binne, die deur gaan oop. Cupido tree voor die deur in, rig sy pistool op die man se kop.

Hy is massief. Net onder die twee meter, en vetsugtig, die maag wat oor sy broek hang, die duur ligblou knoophemp gapend sodat sy naeltjie sigbaar is. Die gesig is vol smaad en minagting.

A man by the name of Zungu. A big man, my father said. Very big. A very dangerous man.

“Hallo, Zungu, you sexy thing, you,” sê Cupido.

“Fuck off,” sê Zungu, maar lyk verbaas dat Vaughn sy naam ken.

Cupido druk die pistool in die aansienlike maag en beur by die deur in. “Not going to happen, butterball.”

Zungu retireer, dan kom die spoegspattende, woedende uitroep: “Who the fuck do you think you are?”

“Are you stupid or are you deaf? I said I am captain Vaughn Cupido of the Hawks.”

Zungu staan met sy rug teen die voorportaal se muur. Hy skree: “I am a deputy director of the State Security Agency. I order you to put down the weapon *now*. You are interfering with official state business.”

“I don’t care if you are the deputy fairy godmother, you fat fuck. Where are your two friends? Tell them to come in here, with their hands on their heads.”

’n Stem kom van Cupido se linkerkant af. “Put down the gun, you idiot, or I’ll blow your head off.”

Cupido kyk. Nog ’n agent wat daar staan, pistool in die hand, op Cupido gerig. Dis ’n atletiese man, in teenstelling met sy gesette kollega.

* * *

Daniel druk die pistool in sy gordel, onder die werkersbaadjie. Dan laat hy die sleutels in die aansitter, klim uit, loop om na die bagasieruim se deur, maak dit oop.

Hy sit sy geel hardehoed op. Hy het die tentsak aan die leer vasgemaak, sodat hy dit as ’n eenheid kan dra. Hy trek dié pakket nou uit, lig dit op na sy skouer, druk die deur toe, begin loop. Hy laat die Peugeot doelbewus ongesluit, dalk is hy gelukkig en iemand steel dit vinnig. Hy stap in die rigting van die Arc de Triomphe.

Op die hoek van die Rue de Presbourg draai hy regs.

Sy hart klop vinnig in sy bors.

Die grootste risiko is nou, hier, wanneer hy weer moet regs draai, in die Avenue Kléber. Dit is net tien meter voor hy by die metaalplaatheining kom, waar dit aansluit by die muur van die gerestoureerde gebou. Die enigste plek waar die veiligheidskameras nie kyk nie. Die enigste plek waar hy die leer kan laat staan, en oorklim.

As hy dan gesien word, as iemand alarm maak, is alles verby.

Hy maak die draai.

Daar staan tieners, argeloos aangeleun teen die heining.

78

Cupido laat die Glock sak, en dan klap Zungu hom teen die oor, ’n verskriklike hou wat sy kop laat sing, wat hom laat steier, wat hom sy humeur heeltemal laat verloor, al die frustrasie en woede en weersin in hom loslaat, sodat hy terugkom van die muur af, sy pistool soos ’n knuppel, wat hy met mening swaai. Hy tref Zungu onder die oog, breek die vel dat die bloed spat. Maar die massiewe man roer skaars. Hy gryp na Cupido met al twee groot hande, sy oë nou wild. Hy is lomp en stadig. Vaughn tree weg van die aanval, skop Zungu so hard as wat hy kan tussen die bene. Die man maak ’n verbasend hoë geluid en slaan neer, ’n indrukwekkend snelle proses vir iemand van sy omvang.

Die atletiese, lenige een skree iets ter waarskuwing, sy pistool wat Cupido volg. Vaughn duik op Zungu af, kry sy linkerarm om die groot man se nek.

’n Skoot dawer in die engte; die koeël slaan teen ’n muur vas. Cupido rol onder Zungu in om hom as skild te gebruik. Hy wurg met sy linkerarm, rig met sy regterhand die Glock op Lenig. Hy sien die man is jonger, gefokus, vol vuur.

“You motherfuckers are soft and slow,” sê Vaughn. “Now, put down the gun, or I’ll shoot this cunt in his stupid little head.”

“I’m going to kill you,” sê Lenig met diepe erns. Hy kom nader, om ’n beter skoot te kan kry.

* * *

“Julle het niks hier uit te waai nie,” sê Daniel. “Gaan speel op ’n ander plek.” Hy hoop dat die werkersklere, die logo teen sy bors en die gesag in sy stem die tieners sal laat gehoorsaam.

Hulle kyk na hom met uitdagende oë. Maar hulle is bewus van sy grootte.

Een skiet ’n sigaret oor die heining. “Kom,” sê hy vir die ander.

Hulle drentel, kyk weer na hom.

Een sê sag: “Va te faire enculer.”

Hy laat dit begaan, kan nie tyd verloor nie.

Hy kyk hulle agterna tot hulle om die hoek verdwyn.

Hy maak die tent los van die leer, bespied een keer sy omgewing.

Nou of nooit.

Hy plaas die leer teen die heining, klim op, laat die tent anderkant sak. Saggies. Hy wil nie die teleskoop binne-in stamp nie.

Klim op, spring oor. Reik na die leer, trek dit oor die heining. Plaas dit plat op die betonvloer.

Buk af, probeer sy asemhaling en sy hartklop onder beheer kry terwyl hy sy ore spits, wag vir iemand om alarm te maak.

* * *

Griessel het die installasie langs die agterdeur gesien – die satellietskottel en die kabels wat deur ’n venster na ’n vertrek in die huis lei.

Die agterdeur was nie gesluit nie. Hy het die derde SSA-agent, die een met die fyn gestileerde bokbaardjie, in die kombuis gekry, besig om drie bekers koffie te maak, sy rug na die buitedeur toe. Bennie het dit saggies probeer oopmaak, sy Z88 gereed, maar die deur het geskuur en gekraak en Bokbaard het verras omgekyk.

En op daardie oomblik, die gebulder van iewers binne die huis: “Who the fuck do you think you are?”

Griessel het die pistool op Bokbaard gerig, sy vinger voor sy lippe gesit.

Die man het sy hande stadig gelig.

Griessel het die boeie uit sy baadjiesak getrek.

Die dosie met die ring het uitgeval.

Hulle het al twee daarna gekyk.

“I am a deputy director of the State Security Agency,” het hulle nog ’n uitroep van voor in die huis gehoor. “I order you to put down the weapon *now*. You are interfering with official state business.”

Griessel het die pistool agter teen die man se kop gedruk. “Put your hands behind your back. You are under arrest.”

Bokbaard het gehoorsaam, sy hande na agter gebring. Om sy balans te behou, het hy agtertoe getree. En op die ringdosie getrap.

“Fok,” het Bennie gesê. Hy het teen die man gestaan, hom van balans gehou met sy skouer, sy linkerpols eers geboei, toe die regterhand. Hy het gebuk om die dosie op te tel. Dit was beskadig, maar die ring was nog ongeskonde daarin.

Dis ’n voorteken, het hy gedink.

Toe ruk hy die man vies en hardhandig, sodat hulle na voor kon stap.

Daar binne het ’n skoot geklap.

* * *

Daniel wag. Twee minute. Drie.

Geen uitroepe, geen alarms nie.

Hy staan regop, neem die tent, swaai dit op na sy skouer.

Die opsigter is aan die ander kant van die steierwerk, by die swaaihek-ingang na die bouperseel. Die verkeer om die Arc de Triomphe druis, maar Daniel sal wil seker maak sy swaar stewels raas nie op die metaaltrappe nie. En hy sal vinnig moet wees. Hy is nou agter skedule.

Hy neem die trappies twee-twee. Op en op. Elke keer wanneer hy ’n stel voltooi het, kyk hy in die rigting van die boukantoor. Hy bestudeer elke nuwe vlak vir ’n kamera.

Hy hou aan met klim tot hy bo is, op die dak. Hy kyk instinktief in die rigting van die Hotel Raphael.

Hy sal die noordelike hoek moet gebruik, agter die borswering moet skuil, ’n baksteenmuurtjie van net dertig sentimeter hoog. Anders is hy te blootgestel, sigbaar. Maar die trajek van daar af na die hotel se ingang is dalk nie perfek nie.

* * *

Griessel stoot die man voor hom uit, tref hulle daar in die noute van die voorportaal aan. ’n Lenige een met sy vuurwapen op Cupido gerig, sy kollega onder ’n baie groot man ingeskuif. Zungu, dit is sekerlik die groot, gevaarlike Zungu.

Hy hoef niks te sê nie, mik bloot na die lenige een. Die man sug en laat sy pistool sak.

Lenig sê: “You are interfering with a very, very important operation of the State Security Agency. You will die in jail …”

“No,” sê die dikke wat bo-op Cupido lê, “I’m going to kill them. Slowly.”

“You’re going to kill me slowly with your fucking weight,” sê Cupido en wurm homself onder Zungu uit.

“Put the gun on the floor,” sê Griessel vir Lenig.

Lenig gehoorsaam, sê dan: “I am telling you for the last time. We are senior SSA agents. We are involved in an operation of vital national security. This is a crucial junction in that operation. If you don’t release us *right now*, you will sabotage it completely. That is high treason, for which you will go to jail. My jacket is in the bedroom, my ID card is in the inside pocket. Before you

proceed, I implore you to take a look. *Now*." Sy stem is dringend, amper pleitend.

Cupido sit boeie aan Zungu se polse, kom dan orent. Hy hou sy Glock op die vet man gerig: "You are under arrest for assaulting a police officer and for operating a motor vehicle with a false registration number. That provides us with probable cause to search these premises."

"For what?" vra Lenig.

"Stolen goods," sê Cupido. "Menzi Dikela's computers, for instance. And if we find them, we will have evidence of murder. So, don't try and bullshit me with this high treason stuff."

Dit kry al drie die SSA-agente stil.

Tot Lenig sê: "We are running out of time."

En Zungu: "There was no murder. Menzi shot himself. The fucking traitor."

* * *

Sesuur.

Daniel lê op die dak, agter die borswering, verkyker voor sy oë.

Die CheyTac langs hom, buite sig. Dit is te gevaarlik om dit nou op te stel bo-op die borswering, want daar is geboue oorkant die straat wat een verdieping hoër is. Dis kantore en dis Sondag, maar hy kan nie waag om met die geweer gewaar te word nie.

Hy sal moet wag tot hy die Presidensiële motor sien, wanneer dit van die suide af opry in die Avenue Kléber.

Hy visualiseer sy bewegings – die neersit van die verkyker, die opraap van die CheyTac, die plasing van die twee stabiliseringspote. Die aanlê, die wag vir die skoot. Die sagte druk van die sneller. Met hande wat nou so 'n bietjie bewe.

Dan opstaan, los die geweer net daar, loop na die trappe, draf af, gaan tel die leer op, klim oor die muur. Raak ontslae van die baadjie en die hardehoed en die selfoon. Af by die Métrostelsel in.

Die sekondes draal, die tyd staan stil.

79

Zungu se gesig lyk sleg. Die bloed hou nie op met loop oor sy wang en sy ken nie. Dit drup op die duur hemp se ligblou materiaal. Hy sit regop in die voorportaal, sy hande agter hom geboei. “Menzi sat right in front of us, and he shot himself,” sê hy.

“Why?” wil Griessel weet.

“What time is it?” vra Lenig.

“Why did Menzi kill himself?”

“What is the fucking time? Tell me now!”

“Seven minutes past six.”

“Jesus. Listen to me. You are going to ruin months of work. You are going to wilfully sabotage an operation to prevent an assassination attempt on …”

“Don’t tell them,” sê Zungu.

“We have no choice. We have no time.”

“Why did Menzi kill himself?” vra Griessel weer.

“Because he has a daughter,” sê Zungu.

“You threatened him with his daughter?”

“Something like that.”

“What did you tell him?’ vra Cupido. “What do you tell a man about his daughter that will make him shoot himself? You pervert. You piece of shit.”

Zungu snuif net bloed op in sy neus.

“We had to get him to divulge his conspiracy secrets,” sê Lenig verdedigend. “Now please, we have to resolve this very quickly.”

“The secrets that Johnson Johnson overheard on the train?” vra Cupido.

Die drie agente kyk na mekaar, maar steek hul verbasing goed weg.

“Yes,” sê Lenig.

“What was it about? We’re not going to release you unless you tell us.”

“Time is running out,” sê Lenig vir Zungu, die groot man klaarblyklik die leier van dié driemanskap. “Tell them. They know half of it anyway. You have to tell them *right now*. We can’t waste a second.”

Die druk, die dringendheid, die stryd tussen frustrasie en noodwendigheid dam agter Zungu se gesig op sodat dit lyk of hy nog groter swel.

“Jesus, chief, please!” roep Lenig. “Tell them. *Now*.”

* * *

Zungu praat in kort, blaffende sinne, kripties, opsommend, bloed en speeksel wat spat, driftig en haastig, en bowenal met hoon vir hulle, en vir die samesweerders. Terwyl die lenige agent kort-kort vir hom sê, maak gou, maak gou.

Zungu sê Johnson Johnson het op die trein gehoor die verraaier Lonnie May en iemand anders sweer saam om die agbare, die edele President van hierdie land, die held van die struggle en die liefling van die nasie, te laat vermoor. In koelen bloede. En Johnson het genoeg tyd gehad om ’n deel van die inligting aan sy kollega by die BBP-Beskermingseenheid oor te dra, voor hy op skokkende wyse vermoor is. Die probleem was, Johnson het nie die tweede man se naam gesê voor hy dood is nie. Die BBP-eenheid het die SSA gekontak, en die SSA het na Lonnie May begin soek. En hom maklik gekry. In sy huis in Rondebosch, net ’n dag later, toe Lonnie na die treinrit teruggekom het. En toe begin die agtervolging, die meeluistering. Hulle het by sy huis ingebreek, dit deeglik deursoek. Meeluistertoerusting geplant. Dit het niks opgelewer nie, want Lonnie was slim. En versigtig. Hy het nooit sy geregistreerde selfoon of sy skootrekenaar inkriminerend gebruik nie.

Hulle kon hom arresteer, hom ondervra, maar dan sou die ander – en die SSA het geweet daar moes ander ook wees – maatreëls kon tref om hul konkelwerk te verbloem of te verwoes.

Toe kom 22 Augustus, die dag toe Lonnie May sy eerste fout maak.

’n Oproep na ’n reisagent, om ’n vlug te bespreek na Londen. Met ’n vals paspoort. Lonnie het buite gestaan, op sy agterstoep. Hy het ’n weggooi-selfoon gebruik, maar hy was net-net binne hoorafstand van ’n SSA-mikrofoon.

Hulle het die kredietkaartbesonderhede by die redery gekry, en hul goeie kamerade die Russiese SVR om hulp gevra. Want die Russe het die Britse en Europese teenwoordigheid, die vermoë, die mannekrag, die tegnologie én die wil om Lonnie in Londen te begin agtervolg, en sodoende ’n dierbare vriend van Poetin te beskerm.

Die SVR het Lonnie gevolg tot in Bordeaux, Frankryk, en ’n swart Afrikaan genaamd Daniel Darret geïdentifiseer as die persoon wat hy gaan sien het. Darret is ’n skadufiguur met ’n vals naam, ’n man sonder vriende of geskiedenis. Sonder twyfel ’n huurmoordenaar, ’n agent met opleiding, want hy het by geleentheid die SVR-agente tydelik oorrompel. Hulle het Darret se spoor gevolg tot by ’n bootkaptein in ’n Franse hawestad, en toe verdwyn hy. Lonnie ook. Maar toe is die SSA en die SVR redelik seker: Die President gaan tydens sy Franse besoek geteiken word. Om die besoek te kanselleer, of om die Franse

vir bykomende beskerming te vra, sou vernederend wees vir ’n staatshoof van sy statuur.

Die Russe het Lonnie weer opgespoor, op beeldmateriaal van Schiphol, en hulle kon hom volg tot waar hy op ’n KLM-vliegtuig klim. Toe Lonnie in Kaapstad aankom, was die plan om hom met ’n middel in te spuit. ’n Middel wat hulle by hul “goeie vriende” gekry het, ’n middel wat veronderstel was om Lonnie net inmekaar te laat sak. Die SSA het ’n ambulans gereed gehad. Agente wat voorgegee het om paramedici te wees. Hulle wou hom wegneem vir ondervraging, want die tyd was besig om min te raak, die dringendheid was groot. Maar toe gee Lonnie se hart in. Dalk ’n bloedklont ná die lang vlug, dalk die middel se dosis wat te veel was vir die ou man.

Die redding vir die SSA was die foon in Lonnie se baadjiesak, waarmee ’n enkele oproep gemaak is enkele minute ná sy vliegtuig geland het.

Dié nommer het hulle gelei na ’n adres. Nuttallstraat in Observatory. Tuiste van die verraderlike Menzi Dikela.

Hulle het Menzi Vrydag gaan sien. Vir hom gesê hulle weet alles. Hulle het sy huis deurgesoek vir die selfoon, vir bewyse. Hulle kon niks kry nie. En Menzi het aangehou om alles te ontken.

Hy wat Zungu is was daar. Hy het gesien Menzi Dikela ervaar baie hoë stres. Menzi is naby aan breekpunt. Net ’n kwessie van tyd. Maar dan ook die risiko van nog ’n ontydige hartaanval. Toe onttrek hulle. Tydelik. Om alles met die Direkteur-Generaal van die SSA self te bespreek. Met ’n span wat Menzi se huis dophou. En die Direkteur-Generaal het gesê, stadig nou. Ons het vir Menzi. Ons het ’n beginpunt, ’n hefboom. Ons het ’n paar dae waarin ons kan maneuvreer. Ons wil ’n groot slag slaan, ons wil hierdie hele nes oopkrap. Menzi is nou ’n benoude kat, hy sal benoude spronge maak. Kom, laat ons hom vir ’n dag of wat baie fyn dophou. Laat ons dink hoe om dié dinge ten beste te benut.

Menzi se dogter was by hom, dié middag. Dit is waar die idee vandaan gekom het. Dit is waar hulle Menzi se achilleshiel gekry het. Dinsdagoggend het hulle toegeslaan. Met foto’s van Thandi, by haar werk, by haar huis. Bínne haar huis. Dit het Menzi geruk. Toe sê hulle wat hulle met haar gaan doen.

Toe praat Menzi. Toe vertel hy hulle alles: Van Daniel Darret, die huurmoordenaar, van die e-pos-kommuniksie, van die selfone wat Darret gaan gebruik. En toe hulle dit alles in die Wendy-huis kry, toe hulle seker is Menzi het alles vertel, toe sê hulle vir hom: Jy kan jouself skiet, of jy kan kyk hoe ons vir Thandi hier voor jou kom straf.

Menzi het die edele uitweg gevolg. Daar voor hulle oë. Dit was iets om te aanskou.

“Why did you pick up the shell casing, you dimwit?” vra Cupido.

“We did not pick it up. I discovered it in the pocket of my jacket. It was just coincidence. It must have shot in there.”

“And then?”

Die SVR, sê Zungu, het goeie bande gehad met Ditmir, ’n Amsterdamse wapenhandelaar waar Darret ’n geweer moes gaan koop. Hulle het hul span agente gestuur, ’n sensor op Darret geplant. Toe ontdek hy dit, maar toe het hulle steeds die selfoonnommers wat Menzi verskaf het. Hulle kon elke beweging van hom volg. Dit is hoe hulle weet daardie man, daardie moordenaar, daardie gevaar vir die Suid-Afrikaanse President en die demokrasie, lê nou op hierdie oomblik op ’n dak in Parys, reg om onse President te skiet. Die Russe het ’n man op ’n gebou reg oorkant, wat hom op hierdie oomblik kan sien. Dit is alles sigbaar vanuit die opskamer, hier agter in die huis.

En dit is die operasie waarmee hulle nou besig is. Hulle het ’n lokval gestel, hulle gaan vir Darret kry. Die Russe staan reg. Die President se lyfwagte staan reg. Almal wag nou net vir Zungu om die bevel te gee, dat die President van die ambassadeurswoning kan ry na die hotel toe. Tydsberekening is van kardinale belang. Die Russe moet vir Darret skiet net voor die President by die hotel aankom. Sodat daar duidelike bewyse is van die sameswering en die bose plan. Sodat die wêreld en die mense van Suid-Afrika dit kan sien.

Cupido frons. “What must the people of South Africa see?” vra hy. “That this corrupt, captured president was almost shot? What the fuck, dude?”

“Oh, no,” sê Zungu, “our President is not corrupt or captured. That is fake news, blatant lies spread by White Monopoly Capital. The South African people will see that the vice-president was part of the conspiracy. The vice-president is the captured one, in cahoots with White Monopoly Capital. The vice-president is the leader of this conspiracy …”

“Bullshit,” sê Cupido. “The vice-president is just about the only honest man left in government.”

“No, we will expose him. He is the man behind Menzi Dikela and his cronies. He is behind the assassination. Because he knows he can’t win the leadership election in December …”

“Fuck,” sê Cupido, “you’re going to frame the vice-president.”

“No, my friend. He’s guilty. The people will realise our President must serve another term, at all costs. To stabilise this country, to root out the enemies of the struggle. That’s why you have to release us *right now*. To help us save South Africa.”

* * *

Die spanning in Daniel Darret bereik breekpunt om 18:30, toe daar nog geen teken is van die presidensiële motor nie.

Hy trek onwillig sy handskoene uit, haal die selfoon uit sy sak en kyk of daar e-pos is.

Niks.

Hy tik koorsagtig ’n boodskap aan Vula. *Any news? Is he late?*

Hy kyk elke dertig sekondes of daar ’n antwoord is. Hy weet hy is nou al te lank hier, iemand gaan óf die leer daar onder sien, óf vir hom hier op die dak.

Maar hierdie President is berug daarvoor dat hy altyd laat is.

Hy sal nog moet wag. Hy sal eenvoudig nog moet wag.

80

“Look, we would love to save South Africa as much as the next guy, but I don’t believe you. Can you prove all this?” vra Cupido vol opregtheid en medelye.

“Yes. Take me to the ops room,” sê Lenig, begin in die gang af beur.

“Benna, ek is nou terug,” sê Cupido. Hy volg vir Lenig.

Griessel hou sy wapen op Zungu en Bokbaard gerig. Hulle wag.

Griessel se foon lui. Hy haal dit met sy linkerhand uit sy binnesak.

Alexa. Hy weet waarom sy bel. Dis al halfsewe.

“Alexa, ek bel jou netnou terug …” antwoord hy sonder om sy oë van die twee agente weg te neem.

“Bennie, ek is so jammer, ek weet jy werk. Maar ek wil net hoor, gaan jy betyds wees? Ek sien só uit …”

Daar is groot hoop in haar stem. Vermoed sy iets? Het sy die ring in sy baadjiesak gekry? Sy lol nooit met sy klere nie.

“Ek … Ek hoop … Ek sal betyds wees.”

“Dankie, my liefling, sien jou nou …”

* * *

Die “opskamer” is een van die opstal se slaapkamers, ingeruim met twee lang tafels teen die muur waarop vier rekenaars, nog twee monitors, dokumente en ’n paar selfone lê. Kabels slinger soos dik slange by die venster uit.

“There, see, *there* he is …” Lenig wys na ’n monitor. Dit toon die greinerige beeld van ’n Europese gebou se dak, die klein figuur van iemand wat daar lê.

“That could be anybody, dude. Where’s the proof?”

“There, look at that screen. He’s just sent an email. Look, it says ‘Any news? Is he late?’ That’s him; he’s worried. You have to let us go now!”

“Not enough proof.”

“What do you want from me?”

“Where are those cellular numbers? The ones this guy was using.”

“There, that list. The ones with a line through them are the phones he’s already used.”

“So this is the one he’s using now?”

“Why?”

Cupido haal sy selfoon uit sy sak. “Let’s give him a call.”

“No! Are you crazy?”

“Hang on, let’s just see if the guy on that monitor answers the phone. Then I can be sure I’ll be saving our honourable President, and the whole country, and that you’re not bullshitting me …”

“You can’t do that, you can’t …” Lenig sien hoe Cupido die nommer skakel. Hy storm vorentoe, na een van die sleutelborde. Hy verwring en draai sy lyf om sy geboeide hande van agter sy rug tot langs sy heup te kry, druk dan met koorsagtige haas ’n sleutel, nog een.

Terwyl die internasionale oproep in Cupido se oor ’n ewigheid vat om deur te gaan.

“I’ve activated the Russians, you fucking idiot, you moron,” sê Lenig. “They’re going to kill him *right now*.”

* * *

Die foon lui in Daniel Darret se hand. Hy sien dit is ’n Suid-Afrikaanse nommer en sy hart ruk. Dis nuus, die President is laat, of hy kom nie meer nie. “Vula?” antwoord hy.

“You won’t know me, my brother. My name is Vaughn Cupido. I’m on your side. It’s a trap, get out of there. Now!”

Hy hoor ’n ander stem wat hard op die agtergrond skree: “Moron, moron …”

Hy kyk op, skielik soekend na onraad, sien ’n klein figuur oorkant op die kantoorgebou verskyn. Hy sien die bewegings, die aksie, herken dit, ’n skerpskutter wat met ’n geweer aanlê.

Die tyd staan stil.

Hy laat val die foon, gryp die CheyTac, lig dit op. Hy besef dit gaan te laat wees, die skutter daar oorkant het ’n voorsprong. Hy rol agter die borswering in. Die skoot klap hier agter hom teen die kleiteëls vas.

Hy rol en rol na sy regterkant, spring op, hardloop na agter, na die trappe toe, swenk links, regs. Nog ’n skoot. Die koeël pluk aan sy werksbaadjie se mou, klap in die metaal van die trappe. Dan is hy by die trappe, spring, hy moet buite sig kom. Hy spring teen ’n hele stel trappe af, tref die reling, sy asem uit, skerp pyn in sy ribbes, sy geel hardehoed kletter teen die trappe af.

Hy hoor die voeteval op die trappe, van onder af. Hy sit regop, trek die handskoene van sy hande af, pluk die pistool uit sy gordel, kom orent. Hy kyk

in die dun gaping tussen die trappe wat na benede spiraal. Twee van hulle.

Hy wag gehurk, gereed.

Die eerste een verskyn, sien vir Daniel, lig ’n kort masjienpistool.

Daniel skiet hom in die bors. Die man val terug, gly, lê dan stil.

Die tweede een koes weg. Net ’n hand met ’n pistool wat om die hoek van die trappe verskyn. Wilde skoot, tref die steierwerk hier agter.

Daniel staan, lig sy eie vuurwapen, wag, sy asem wat jaag, sy ribbekas pyn, die dringendheid in hom om nou hier weg te kom is byna oorweldigend.

Hy wag. Die hand verskyn weer.

Daniel mik, skiet. Rooi bloedmis, die pistool kletter op die trappe. Daniel storm na benede, kry die man wat daar lê en sy stukkende hand vashou, vloekend.

Daniel skop hom teen die nek, hardloop dan teen die trappies af, sy stewels wat kletter. Nog ’n stel, nog ’n stel, en dan is hy byna onder en hy vat met sy linkerhand aan die stutpaal sodat hy sy momentum kan gebruik om homself te swaai in die rigting van die heining en die leer.

En dan is die blok van ’n man daar, in volle vaart op pad na die trappe. Hulle tref mekaar, twee groot lywe in botsing. Daniel val op die beton, wil keer, die pistool spat uit sy hand. Hy skarrel orent.

Dit is die groot Russiese beer van wie Mamadou Ali gepraat het, die een wie se linkeroor vervorm is deur dik littekenweefsel, asof ’n stuk afgebyt is. Die een wat hy voor Élodie Lecompte se woonstel gesien het, en toe weer in Ditmir se venster in Amsterdam. Beer kom ook orent, lig ’n kort, bonkige wapen van onder af op. Daniel herken dit, die RMB-93, ’n pompaksie-haelgeweer, geliefd onder Russiese spesmagte, ses twaalfboor-rondtes in die magasyn. Gewoonlik gelaai met dubbel-nul hael, een skoot op dié afstand sal Daniel se hart uitruk.

Daniel duik vir Beer se middellyf, tref hom met die skouer. Hard. Die skoot donder in die smal spasie tussen die steierwerk en die metaalheining, die hael klingel en klap bo hulle. Hulle val. Daniel se hande is op die wapen, hy draai en trek met al sy krag om dit uit die man se hande te dwing.

Beer is sterk, hy klou, skop met sy knie, tref Daniel teen sy seer ribbes. Sy greep verslap, hy vervat, Beer skop weer, die pyn skerp. Daniel ruk sy kop na bo, tref die Rus teen die neus, kraakbeen breek. Hulle al twee bulk nou, brul, stoei om besit van die wapen. Hy probeer weer ’n sweepslag met sy kop. Die Rus is daarop bedag, dis mis.

Beer stu en stoot en rol, heen en weer, om Daniel van hom af te kry. Elke keer met meer sukses.

Daniel weet die Rus is jonger. Groter, sterker. Die een of ander tyd sal hy die wapen losruk. En skiet.

Daarom veg hy verbete, probeer die man se aksies met al sy krag

neutraliseer, maar Daniel se fokus en sy vinger soek na die snellerbeuel, hy kry dit, sy vinger oor dié van die Rus, en hy trek die sneller. Die skote klap, een na die ander, die hael ruk aan Daniel se linkerskouer, die Rus se regterskouer. Daniel weet dit is sy enigste kans, hou aan om die sneller te trek, tel die skote tot die laaste een op sy nou dowe ore val. Dan los hy die man, stoot hom met geweld weg, bewus dat sy skouer bloei, gebruik die momentum om orent te kom. Hy sien sy pistool lê, net te ver. Die leer is nader, die aluminiumleer wat hy daar gelos het. Hy tel dit op. Beer staan op, bloed oor sy gesig, bloed aan sy skouer, hy laat die haelgeweer val. Hy storm. Daniel stamp die leer se voorpunt in die man se gesig in. Die Rus keer, gryp met sy massiewe hande die leer vas. Daniel skop hom met verskriklike geweld, die werkerstewels se staalpunt klap teen die man se knie.

Beer bulk, sy been swik. Daniel stamp die leer weer vorentoe, die Rus verloor sy balans, val agteroor.

Daniel los die leer, hardloop die vyf treë na sy pistool toe, tel dit op, draai om. Die Rus het die leer van hom afgegooi, wil opstaan, maar sy knie is onvas.

“This is for Élodie Lecompte,” sê Daniel en skiet hom tussen die oë.

Hy druk die pistool in sy gordel, vat die leer.

Hy hoor sirenes. Hy plaas die leer teen die muur, klim op.

Anderkant staan mense, burgerlikes, groot oë, verskrikte uitdrukkings vir die oorlog agter die muur.

Daniel spring oor.

Hy hardloop.

Die sirenes kom ál nader. Hy hardloop oor die straat, maak hom gereed vir die skoot van die skerpskutter daar bo, dit gaan nóú sy rug tref, vir dié tien meter is hy blootgestel, hy swenk tussen die mense deur, as hy net by die ingang van die Métrostasie kan kom, as hy net daar kan af. Hy wurm hom uit die baadjie uit, gooi dit neer, hy is amper daar, amper daar.

Epiloog

81

Griessel wil wag tot ná die hoofgereg.

Hulle sit binne, langs die gesellige kaggelvuur. Hulle drink vonkelwater, eet ’n voorgereg van gesmoorde wildebees met orecchiette-pasta, wildesampioene, kappertjiesaad en parmesaan.

“Bennie, dis hemels,” sê Alexa, “dis so ’n wonderlike aand.”

“Ek is bly,” sê hy.

“Moeilike dag, my baasspeurder?” vra sy. “Ek kan sien jy’s nie lekker nie …”

Dan weet hy hy sal nie kan wag nie. Want hy kan nie die aand bederf met sy kommer en sy senuwees nie, en hy kan nie nou, hier, vir haar lieg nie.

Hy haal diep asem. “Alexa,” sê hy, “jy is die liefde van my lewe …”

“Bennie …” Hy sien haar oë raak al klaar vogtig.

“Asseblief, jy moet my nou net laat sê wat ek wil sê.” Hy reik oor die tafel na haar hand.

Daar is kommer op haar gesig. Sy hou Bennie se hand styf vas.

“Ek en Vaughn het vandag die Staatsekerheidsagentskap aangevat. Ons het ’n operasie van hulle verongeluk, omdat ons geglo het dis die regte ding om te doen. Want hulle is ’n klomp korrupte bliksems. Ons het drie van hulle agente voor ’n plaashuis gelos, vasgeboei aan ’n BMW X5 se deurhandvatsels. Ons hoop hulle vrek vanaand van die koue. Wanneer ek môreoggend by die werk kom, gaan hulle my fire. Ek is doodseker daarvan. Want Vaughn het ’n foto geneem van die drie wat so aan die BMW hang. Hy het dit vir die koerante gestuur, sodat hy vir sy meisie se seun kan wys hy’s nie gekaap nie. En sodat Mbali Kaleni ’n foto het vir ’n gat teen haar muur. Ek het vir hom gesê ek steun dit alles. Alexa, ek sal ’n ander jop kry. Daar’s geleenthede in die private sektor. Ek belowe nou vir jou, ek sal ’n ander jop …”

“Bennie,” sê sy en druk sy hand. “Jy weet mos …”

“Wag, Alexa, ek is nog nie klaar nie. Ek belowe jou ek sal werk kry. Die ding is …” Nou moet hy net weer Vaughn Cupido se voorgestelde toesprakie in sy gedagtes regkry. “Jy is die liefde van my lewe, en ek wil vir altyd saam met jou wees …”

Hy steek sy hand in sy sak, haal die dosie uit. Hy het dit met ’n stukkie

kleefband uit sy moordtas probeer herstel.

Hy los Alexa se hand, maak die boksie oop. Die ringetjie sit daar, sprankelend in die sagte lig van die Overture-restaurant.

“Ek sal baie geëerd wees as jy met my sal trou, Alexa.” En dan, omdat die boksie skeef en die ring klein is, en haar gesig stadigaan smelt, en hy weet wat sy gaan sê, want dis sy droom, dis soos hy dit gedroom het, voeg hy by: “Asseblief.”

Die trane rol oor haar wange. Sy vat weer Bennie se hand, en met verterende deernis sê sy: “Ek sal, Bennie, ek sal …”

* * *

Daniel Darret loop by die werkswinkel in. *Le génie* sit by sy werksbank, krom en gefokus oor ’n lieflike ou stoel.

“Bonjour, monsieur,” sê Daniel.

Die ou man groet hom nie, kyk net na die verband wat onder die T-hemp se mou op sy skouer uitsteek.

Dan beduie hy met die beitel na waar planke en skaafsels en saagsels opgehoop lê. En hy sê: “Vite, vite.”

Lefèvre se kop sak weer om hom by sy werk te bepaal.

Daniel glimlag, loop om die besem te gaan haal.

Dan sien hy die plaastafel. Monsieur het die finale afwerking vir hom gedoen.

En dit is mooi.

Erkennings

Prooi sou nooit geskryf kon word sonder die raad, ondersteuning, ruimhartigheid, kennis, tyd, insig, verbeelding, vriendskap en liefde van ’n groot aantal wonderlike mense nie. Die foute en leemtes (en digterlike vryhede!) in hierdie boek is net myne. Die res is danksy hul onbaatsugtigheid. Baie, baie dankie aan:

My agent Isobel Dixon, redakteur Etienne Bloemhof en Hester Carstens van NB-Uitgewers. Ek is ontsaglik bevoorreg om saam met julle te kan werk.

Commissaire Divisionnaire Jean Paul Faivre en Commandant Brigitte Volle van die Franse Nasionale Polisie in Bordeaux. Jean Paul, baie dankie dat ons jou aftreegeselligheid kon bywoon. Dit het weer eens bewys misdaadbestryders is ’n internasionale broeder- en susterskap. Bennie en Vaughn sou heeltemal tuis daar gewees het.

My liewe vriende Henry Lefèvre, Stephanie en Stephane Doublait van Bordeaux. Dankie, Henry, dat ek jou en Sandrine se name kon leen, en vir jou ongelooflike bystand, ondersteuning en geesdrif, en vir ons “huis” in Bordeaux. Stephanie, dankie dat jy my groot Franse taalleemtes help vul het, en Bordeaux se geskiedenis gedeel het. Stephane Doublait, baie dankie vir die gemaklike skryfstoel sodat ek daar kon aanhou werk.

Uitstekende misdaadfiksiekollega en joernalis Olivier Truc, en *Le Monde*-joernalis Jacques Follorou, vir groot insigte in die Franse intelligensiewêreld.

Kerneels Breytenbach, wat my voorgestel het aan die legendariese diplomaat wyle Leo Conradie, en sy vrou, Renée. Renée, dankie vir jou en Leo se gasvryheid en groot hulp. Dit was ’n voorreg om hom te kon leer ken, al was dit net vir ’n klein rukkie. Jy bly in ons gedagtes.

Joy Strydom, Brenda Vos en al die lieflike mense van Rovos Rail, vir die onvergeetlike rit tussen Kaapstad en Pretoria, en die eindelose vrae wat julle beantwoord het. Julle (en die wêreld se luuksste trein) is ongelooflik.

Catherine du Toit wat my Frans so sekuur gekorrigeer het, Schalk Joubert (my én Bennie se baskitaarheld), my buurman en narkotiseur dr. Johann Steytler, geoloog prof. Ian Buick, en Sy Eksellensie monsieur Christophe Farnaud, Franse Ambassadeur, vir die kuiken-storie. Die formidabele en briljante monsieur Dominique de Villepin vir sy insigte oor internasionale politiek. Dankie, Ronnie Kasrils, vir jou vriendskap en insigte. Jy bly ’n

inspirasie. Ook die personeel van die Suid-Afrikaanse Ambassade in Parys, veral Marion Caill.

Die Valke se eenheid vir Ernstige en Geweldsmisdade in Bellville, en kaptein Elmarie Myburgh van die SAPD se Ondersoekende Sielkunde-eenheid, en patoloog dr. Hestelle Nel.

Laura Seegers en al my ander vertalers, buitelandse redakteurs en uitgewers, wat elkeen op hul eie manier ’n bydrae tot my boeke lewer, asook al die proeflesers, vir hul arendsoë.

Baie dankie ook vir jul eindelose liefde, geduld en ondersteuning, Marianne Vorster, Lida Meyer, Johan Meyer, Mart-Marié Serfontein, Marette Vorster, Hannes Vorster en Bekker Vorster.

Dankie ook aan al die mense wie se name tussen aantekeninge, digitale notas en afgesnyde foonoproepe verlore geraak het.

Opsomming

Griessel en Cupido wil nie die dossier hê nie. Die een van Johnson Johnson, die oudpoliesman wie se lyk langs die treinspoor anderkant Drie Susters gekry is.

Want die saak is weke oud. Yskoud. Opgeneuk deur die plaaslike SAPD, afgedwing op die Valke.

En daar's sommer vroeg al tekens van aapstreke: Twee van die passasiers op die wêreld se luuksste trein is spoke. Hulle bestaan nie. Die arrogante offisiere by die BBP-Beskermingseenheid in Pretoria lieg soos tannetrekkers. Oor kardinale inligting. En daar's groot druk van bo af om dit selfmoord te noem.

Dit lyk al hoe meer of dié ding oor landsgrense strek.

Dit lyk al hoe meer na die groot S-woord. Staatskaping.

Dit lyk al hoe meer na moeilikheid.

Al weer.

Oor die skrywer

Deon Meyer is voltyds skrywer en woon op Stellenbosch. Sy publikasies sluit in twaalf romans (*Wie met vuur speel*, 1994, *Feniks*, 1996, *Orion*, 2000, *Proteus*, 2002*, Infanta*, 2004, *Onsigbaar*, 2007, *13 Uur*, 2008*, Spoor*, 2010*, 7 Dae*, 2011, *Kobra*, 2013*, Ikarus*, 2015 en *Koors*, 2016). *Orion*, *Proteus* en *Infanta* is met die ATKV-prosaprys bekroon.

Ander boeke deur Deon Meyer, steeds in druk:

Wie met vuur speel (1994)
Feniks (1996)
Orion (2000)
Proteus (2002)
Infanta (2004)
Onsigbaar (2007)
13 Uur (2008)
Karoonag en ander verhale (2009)
Spoor (2010)
7 Dae (2011)
*Kobra (*2013)
Die ballade van Robbie de Wee en ander verhale (2015)
Ikarus (2015)
Koors (2016)
Die vrou in die blou mantel (2017)

Ander boeke deur Deon Meyer, ook beskikbaar as e-boeke

Wie met vuur speel (1994)
Feniks (1996)
Orion (2000)
Proteus (2002)
Infanta (2004)
Onsigbaar (2007)
13 Uur (2008)
Karoonag en ander verhale (2009)
Spoor (2010)
7 Dae (2011)
Kobra (2013)
Die ballade van Robbie de Wee en ander verhale (2015)
Ikarus (2015)
Koors (2016)
Die vrou in die blou mantel (2017)

Human & Rousseau,
’n druknaam van NB-Uitgewers,
’n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.,
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
www.humanrousseau.com

Kopiereg © deur Deon Meyer 2018

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Omslagontwerp: Mike Cruywagen
Omslagfoto: Deon Meyer
E-boekontwerp: Wouter Reinders

Ook beskikbaar in druk:
Eerste uitgawe in 2018
ISBN: 978-0-7981-7775-7

Epub-uitgawe:
Eerste uitgawe in 2018
ISBN: 978-0-7981-7776-4 (epub)

Mobi-uitgawe:
Eerste uitgawe in 2018
ISBN: 978-0-7981-7777-1 (mobi)

Web-pdf-uitgawe:
Eerste uitgawe in 2018
ISBN: 978-0-7981-7828-0 (web-pdf)

Inhoudsopgawe

1. Titelblad
2. Opdrag
3. Motto
4. Deel I
    1. 1
    2. 2
    3. 3
    4. 4
    5. 5
    6. 6
    7. 7
    8. 8
    9. 9
    10. 10
    11. 11
    12. 12
    13. 13
    14. 14
    15. 15
    16. 16
    17. 17
5. Deel II
    1. 18
    2. 19
    3. 20
    4. 21
    5. 22
    6. 23
    7. 24
    8. 25
    9. 26
    10. 27
    11. 28
    12. 29
    13. 30
    14. 31
6. Deel III
    1. 32

2. 33
3. 34
4. 35
5. 36
6. 37
7. 38
8. 39
9. 40
10. 41
11. 42
12. 43
13. 44
14. 45
15. 46
16. 47
17. 48
18. 49
19. 50

7. Deel IV
    1. 51
    2. 52
    3. 53
    4. 54
    5. 55
    6. 56
    7. 57
    8. 58
    9. 59
8. Deel V
    1. 60
    2. 61
    3. 62
    4. 63
    5. 64
    6. 65
    7. 66
    8. 67
    9. 68
    10. 69
    11. 70

12. 71
13. 72
14. 73
15. 74
16. 75
17. 76
18. 77
19. 78
20. 79
21. 80
9. Epiloog
    1. 81
0. Erkennings
1. Oor die boek
    1. Opsomming
    2. Oor die skrywer
2. Ander boeke deur Deon Meyer
3. Ander e-boeke deur Deon Meyer
4. Kolofonbladsy

Table of Contents

Titelblad
Opdrag
Motto
Deel I
- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10
- 11
- 12
- 13
- 14
- 15
- 16
- 17

Deel II
- 18
- 19
- 20
- 21
- 22
- 23
- 24
- 25
- 26
- 27
- 28
- 29
- 30
- 31

Deel III

32
33
34
35
36
37
38
39
40
41
42
43
44
45
46
47
48
49
50
Deel IV
51
52
53
54
55
56
57
58
59
Deel V
60
61
62
63
64
65
66
67
68
69

70
71
72
73
74
75
76
77
78
79
80
Epiloog
81
Erkennings
Oor die boek
Opsomming
Oor die skrywer
Ander boeke deur Deon Meyer
Ander e-boeke deur Deon Meyer
Kolofonbladsy